Verslag MM-115 1986

A

*RGN- Voorligtingsreeks VR-5*

# Universiteitsopleiding en beroepsgeleenthede 1985

Caroline Geggus



001.3072068 HSRC
MM 115

RGN·HSRC

BIBLIOTEEK
LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

RGN·HSRC

070353

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN
IN'GTINGSDIENSTE

001.3072068 HSRC MM 115

*134464*

Universiteitsopleiding en
beroepsgeleenthede 1985

Verslag MM-115

*RGN-Voorligtingsreeks VR-5*

# Universiteitsopleiding en beroepsgeleenthede 1985

Caroline Geggus

Hersiene uitgawe

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1986

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

1987 -01- 30

STANDKODE REGISTERNOMMER
001.3072068
C 115
BESTELNOMMER 070353
R10

Caroline Geggus, B.A., S.O.D.

Instituut vir Mannekragnavorsing
Uitvoerende Direkteur: Dr. S.S. Terblanche

ISBN 0 7969 0402 2

Word elke drie jaar hersien
Vyfde uitgawe

Also available in English

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1986
Buitebladontwerp deur L. Hearne
Uitgegee deur die RGN
Gedruk deur Kitskopié

# VOORWOORD

Hierdie publikasie is 'n hersiene uitgawe van Universiteitsopleiding en beroepsgeleenthede wat in 1982 verskyn het. Dit is bedoel om veral aan sekondêre skoolleerlinge op sistematiese en samevattende wyse noodsaaklike basiese inligting ten opsigte van universiteitstudie en moontlike loopbane te verskaf. Met hierdie publikasie tesame met Tersiêre opleiding buite die universiteit en beroepsgeleenthede (VR-4), en Opleiding en beroepsgeleenthede vir skoolverlaters voor standerd tien (VR-3), word daar deur die RGN se Voorligtingsreeks oor 'n baie breë terrein inligting oor opleiding en beroepsgeleenthede verskaf.

Die inligting oor kursusse soos hier weergegee, is op die 1985-jaarboeke van die universiteite gebaseer en het op studente uit al die bevolkingsgroepe betrekking. In die besonder word die aandag van voornemende studente op die toelatingsvoorwaardes van universiteite gevestig. Tydige aansoek om toelating tot 'n bepaalde kursus aan 'n bepaalde universiteit blyk beslis nodig te wees. Insgelyks is dit wenslik en ook goeie praktyk, om vooraf met moontlike werkgewers te skakel ten einde vas te stel wat die moontlikheid van 'n loopbaan in 'n bepaalde beroepsrigting is.

Dank word betuig aan alle instansies wat welwillend meegewerk het om inligting te verskaf. Besondere erkenning word betuig teenoor die universiteite wat inligtingstukke asook van hul eie publikasies beskikbaar gestel het; die Departement van Mannekrag en die redaksie van die tydskrif My Loopbaan, waaruit waardevolle inligting oor beroepsmoontlikhede verkry is; die Kantoor van die Kommissie vir Administrasie en ander openbare en private instansies.

Die RGN vertrou dat skole, universiteite en ander instansies en indiwidue wat met die voorligting van leerlinge en studente te doen het, hierdie boek 'n nuttige inligtingsbron sal vind.

UITVOERENDE DIREKTEUR

INHOUD

BLADSY


| | |
|---|---|
| ABSTRACT | xi |
| SAMEVATTING | xii |
| HOOFSTUK 1: UNIVERSITEITSOPLEIDING | 1 |
| Doel van universiteitsopleiding | 1 |
| Keuse van 'n studierigting | 1 |
| Beroepsdiens | 3 |
| Die finansiering van studies | 4 |
| Navorsing | 5 |
| HOOFSTUK 2: FAKULTEITE EN DEPARTEMENTE VAN DIE UNIVERSITEITE, 1985 | 7 |
| Universiteit van Durban-Westville | 7 |
| Universiteit van Fort Hare | 7 |
| Universiteit van Kaapstad | 8 |
| Die Mediese Universiteit van Suider-Afrika - Medunsa | 10 |
| Universiteit van Natal | 10 |
| Universiteit van die Noorde | 11 |
| Universiteit van die Oranje-Vrystaat | 12 |
| Universiteit van Port Elizabeth | 13 |
| Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys | 14 |
| Universiteit van Pretoria | 15 |
| Randse Afrikaanse Universiteit | 16 |
| Rhodes-universiteit | 17 |
| Universiteit van Stellenbosch | 18 |
| Universiteit van Suid-Afrika | 19 |
| Vista-universiteit | 20 |
| Universiteit van Wes-Kaapland | 20 |
| Universiteit van die Witwatersrand | 21 |
| Universiteit van Zululand | 22 |
| HOOFSTUK 3: UNIVERSITEITSTOELATING, STUDIERIGTINGS, KWALIFIKASIES EN BEROEPSDIENS | 24 |
| Universiteitstoelating | 24 |
| Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad | 24 |
| Uitreiking van Matrikulasiesertifikaat | 25 |

Nagraadse grade .................................... 27
Honneursgrade .................................... 27
Magistersgrade .................................... 28
Doktorsgrade .................................... 29
Verduidelikende aantekeninge .................................... 29
Studierigtings, Grade/Diplomas en Beroepsdiens .................... 30
Administrasie/Publieke Administrasie .................... 31
Arbeidsterapie .................................... 36
Argitektuur .................................... 38
Bedryfsadministrasie/Besigheidsbestuur en -administrasie ... 40
Bedryfsleiding .................................... 42
Bedryfswetenskap .................................... 43
Beeldende Kunste .................................... 43
Bemarkingsbestuur .................................... 47
Biblioteekkunde .................................... 47
Biofisika .................................... 50
Biomediese Ingenieurswese/Biomediese Wetenskappe ........... 51
Bodemkunde .................................... 52
Bosbou .................................... 52
Boukunde/Boubestuur .................................... 53
Bourekenkunde .................................... 56
B.Sc. met Tegniese Vakke .................................... 57
Chemiese Tegnologie .................................... 58
Dataverwerking .................................... 58
Dieetkunde .................................... 59
Diereverpleegkunde .................................... 61
Drama .................................... 62
Ekonomie .................................... 65
Farmasie/Apteekwese .................................... 67
Fisioterapie .................................... 69
Geneeskunde .................................... 71
Geohidrologie .................................... 76
Geotegnologie .................................... 76
Handel .................................... 77
Houtkunde .................................... 85
Huishoudkunde .................................... 86
Ingenieurswese .................................... 88
Kliniese Sielkunde .................................... 95

Kommunikasiekunde/Joernalistiek .......................... 96
Krygskunde ................................... 100
Landbou ...................................... 101
Landmeetkunde ................................ 109
Landskapargitektuur .......................... 110
Leerwetenskap ................................ 111
Lettere en Wysbegeeerte ...................... 111
Liggaamlike Opvoedkunde/Opvoeding........................ 130
Maatskaplike Werk ............................ 132
Mediese Laboratorium-wetenskappe ............. 137
Mediese Wetenskappe .......................... 137
Mineraalekonomie ............................. 139
Mondgesondheid/Mondhigiëne ................... 139
Museumkunde .................................. 140
Musiek ....................................... 141
Mynbou-geologie .............................. 150
Natuurbewaring ............................... 150
Natuurlewebestuur ............................ 151
Nywerheidsverhoudinge ........................ 152
Onderwys ..................................... 153
Universiteit van Durban-Westville ............. 153
Universiteit van Fort Hare ................... 154
Universiteit van Kaapstad .................... 155
Universiteit van Natal ....................... 157
Universiteit van die Noorde .................. 159
Universiteit van die Oranje-Vrystaat ......... 160
Universiteit van Port Elizabeth .............. 162
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 164
Universiteit van Pretoria .................... 166
Randse Afrikaanse Universiteit ............... 167
Rhodes-universiteit .......................... 168
Universiteit van Stellenbosch ................ 170
Universiteit van Suid-Afrika ................. 173
Vista-universiteit ........................... 176
Universiteit van Wes-Kaapland ................ 177
Universiteit van die Witwatersrand ........... 179
Universiteit van Zululand .................... 181
Nagraadse Grade .............................. 181

Ontwikkelingstudies/Bantoeïstiek 182
Operasionale Navorsing .................................... 183
Optometrie ................................................ 184
Parke- en Ontspanningsadministrasie 185
Personeelbestuur/Personeelleiding 186
Polisiekunde .............................................. 187
Radiografie ............................................... 188
Regsgeleerdheid ........................................... 190
Rekeningkunde 195
Sekretariële Praktyk 202
Sosiale Wetenskappe ....................................... 202
Spraakheelkunde en Oudiologie/Logopedie ................... 203
Stads- en Streekbeplanning 205
Suiwer Natuurwetenskappe .................................. 207
Tandheelkunde ............................................. 220
Tandheelkundige Terapie 222
Tekstielwetenskap 223
Teologie 224
Toegepaste Linguistiek/Taalwetenskap 228
Veeartsenykunde 228
Verpleegkunde 230
Vertaling 237
Vissery-wetenskap . ....................................... 238
Voeding ................................................... 239
Voedselwetenskap 240
Voorligtingsielkunde 241
Weerkunde 242

INDEKS VAN BEROEPE EN/OF STUDIERIGTINGS 244

BYLAES 251

BYLAE A: Vakke wat nie in die GMR se lys van vakke vir die matrikulasie-eksamen verskyn nie, maar wat vir vrystellings-doeleindes erken word .................................... 251
BYLAE B: Hoofvakke vir B.A. (Algemeen) in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aangebied 253

BYLAE C: Voorgraadse vakke vir B.Com. in die Fakulteite Handel en Ekonomiese Wetenskappe aangebied ................ 255
BYLAE D: Hoofvakke vir B.Sc. in die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied ........................................ 257
BYLAE E: Vakke waarin die B.A.(Hons.)-graad toegeken kan word ......................................................... 258
BYLAE F: Vakke waarin die B.Com.(Hons.)-graad toegeken kan word ......................................................... 261
BYLAE G: Vakke waarin die B.Sc.(Hons.) graad toegeken kan word ......................................................... 262
BYLAE H: Nuttige Adresse ................................ 263
1. Universiteite ................................ 263
2. Technikons ................................ 264
3. Staatsdepartemente ................................ 265
4. Streekkantore van die Kommissie vir Administrasie ...... 267
5. Voorligting- en indiensplasingsentra vir beroepsvoorligting ........................................ 268
6. Onderwysdepartemente ................................ 269
7 Provinsiale Administrasies ............................ 270
8. Ander Liggame en Organisasies ......................... 270

LYS VAN AFKORTINGS ........................................ 272

BRONNELYS ........................................ 272

# ABSTRACT

The aim of this report is to provide secondary school pupils and guidance teachers with a summary of information on university training and occupational possibilities.

The 1985 yearbooks of all the universities in the RSA were used to collect data on the degrees, diplomas and certificates that are offered; the entrance requirements of the various universities; the length of the courses and the major subjects required for each, particularly for B.A., B.Com. and B.Sc. degrees.

A short description of possible occupations is given for most of the study fields. Institutions that generally employ persons with the qualifications concerned are also indicated briefly.

The publication contains an index of occupations and/or study fields - this facilitates reference to details, as well as address lists of the various universities, technikons, government departments and other institutions that could provide the user with more information on training or job opportunities.

This report is a useful reference work for all school guidance teachers or prospective university students who require an overview of the large variety of qualifications that can be obtained and the possible job opportunities that are available.

SAMEVATTING

Die doel van hierdie verslag is om samevattende inligting oor universitêre opleiding en beroepsmoontlikhede aan sekondêre skoolleerlinge en voorligters te verskaf.

Die 1985-jaarboeke van al die universiteite in die RSA is gebruik om besonderhede te sistematiseer oor die grade, diplomas en sertifikate wat aangebied word; die toelatingsvereistes wat die betrokke universiteit vereis; die tydsduur van die kursusse, en die hoofvakke wat geneem kan word, veral vir die B.A.-, B.Comm.- en B.Sc.-graad.

Vir die meeste studierigtings word 'n kort beskrywing gegee van moontlike beroepe wat gevolg kan word. Instansies wat persone met die betrokke kwalifikasies moontlik in diens sal neem, word ook kortliks aangedui.

Die publikasie word afgerond deur 'n indeks van beroepe en/of studierigtings wat die naslaan van besonderhede vergemaklik en adreslyste van universiteite, technikons, staatsdepartemente en ander instansies waar die gebruiker verdere inligting oor die opleiding of werkgeleenthede kan bekom.

Die verslag is 'n nuttige naslaanwerk vir alle voornemende universiteitstudente en skoolvoorligters wat 'n oorsig wil bekom van die groot verskeidenheid van kwalifikasies wat verwerf kan word en die moontlike beroepsgeleenthede wat beskikbaar is.

# HOOFSTUK 1

# U N I V E R S I T E I T S O P L E I D I N G

## DOEL VAN UNIVERSITEITSOPLEIDING

Studente in die algemeen en voornemende universiteitstudente in die besonder, behoort vertroud te wees met die wese en strekking van universiteitstudie. Hulle behoort bewus te wees van die verskil tussen universiteitsopleiding en ander opleiding op tersiêre vlak. 'n Volledige uiteensetting hiervan kan ongelukkig nie hier onderneem word nie en gevolglik word by enkele riglyne volstaan.

Daar bestaan verskeie opleidingsinrigtings op tersiêre vlak, soos die universiteite, die technikons, onderwysersopleidingskolleges en ander. Al hierdie inrigtings het 'n gesamentlike, nie-mededingende funksie met die hoofdoel om studente tot hul volle potensiaal op te lei. Die inrigtings funksioneer op die hele gebied van tersiêre onderwys en elkeen het 'n bepaalde funksie om te vervul. Die onderskeid tussen die universiteite en die ander tersiêre onderwysinrigtings word bepaal deur die verskil in funksies wat elkeen op die gebied van die tersiêre onderwys vervul.

Die uitgangspunt is dat dit nie die funksie van 'n universiteit is om vir 'n beroep af te rig nie maar wel om die kandidaat op te lei en te vorm vir uiteindelike beroepsbeoefening. Die student word geleer om krities te dink, die vermoë te ontwikkel om verdere kennis self te kan bybring, om leiding te kan neem en probleme op te los. Die universiteit is dus nie 'n beroepskool nie. Hierteenoor konsentreer byvoorbeeld die technikons om by die student 'n gesindheid en uitkyk te ontwikkel wat van hom by uitstek 'n praktiese mens sal maak wat sy kennis ten volle kan toepas. In dié geval word dus meer op die toepassing van kennis as op die kennis self gekonsentreer.

Alhoewel universiteite simpatiek staan teenoor die wense van gegradueerdes en werkgewers, naamlik dat studente meer funksioneel vir beroepsbeoefening opgelei behoort te word, sal sodanige opleiding afwyk van die wese, doel en funksie van die universiteit. Werkgewers behoort in die verband bereid te wees om in indiensopleiding van hul personeel te belê ten einde spesifieke kennis en vaardighede vir 'n besondere professionele funksie by te bring. Vir die universiteite sal dit net in die geval van beroepsgerigte studierigtings moontlik wees om die student in hoë mate professioneel toe te rus.

Universiteitstudie stel hoë eise, en studente wat nie bereid of daartoe in staat is om aan hierdie eise te voldoen nie, behoort nie na 'n universiteit te gaan nie. Vir hulle is die ander opleidingsinrigting daar wat, hoewel andersoortig, geensins minderwaardige opleiding aanbied nie. Daarom is tydige voorligting en veral kennis van die noodwendige interaksie van beroep, studierigting en opleidingsinrigting, uiters noodsaaklik.

Diegene wat nie na 'n universiteit kan of wil of behoort te gaan nie, kan uit die RGN-publikasie Tersiêre opleiding buite die universiteit en beroepsgeleenthede, volle besonderhede oor nie-universitêre opleiding verkry.

## KEUSE VAN 'N STUDIERIGTING

Die keuse van 'n studierigting behoort die gevolg te wees van die keuse van 'n beroep en nie andersom nie. Om sonder meer 'n universiteitskursus te volg met

die hoop dat 'n beroep op grond daarvan beoefen sal kan word, kan maklik tot ontnugtering lei. Dikwels bestaan daar nie toepaslike werkgeleenthede nie. Die beroep behoort dus die studierigting te bepaal en op sy beurt sal die studierigting die opleidingsinrigting bepaal.

Die gewigtigste keuse sentreer dus rondom die beroep wat uiteindelik beoefen gaan word. Dit gebeur egter dikwels dat 'n student 'n beroepskeuse maak ten spyte daarvan dat die beroep nie sy volle belangstelling geniet nie of 'n rigting is waarin hy nie redelike aanleg het nie. Daar word ook nie altyd rekening gehou met die vakke wat geneem sal moet word nie. In die meeste gevalle is die vakke vir hom net name terwyl daar aan die nuttigste vakkombinasie dikwels nie eens gedink word nie.

Persone wat 'n beroepsgerigte kursus gevolg het, het gewoonlik min probleme om 'n betrekking te bekom waarin die opleiding benut kan word. Dit is hoofsaaklik diegene met nie-beroepsgerigte opleiding en veral dié met 'n gewone B.A.-graad sonder 'n professionele kwalifikasie, wat geen spesifieke arbeidsmark het waarin hulle kan meeding nie. Selfs in hul studiejare het talle studente nog nie sekerheid oor die beroep wat hulle gaan beoefen nie. Alhoewel daar oor die vormende waarde van universiteitstudie geen twyfel is nie, kan die beroepslewe vir hierdie studente probleme oplewer. Hulle kan werk vind wat indirek, ver langs of glad nie aan hul studie verwant is nie. Dikwels bevind sulke persone hulle sy aan sy met nie-gegradueerdes in dieselfde werksituasie.

Aan die gewigtigheid van 'n keuse kan nie getwyfel word nie, aangesien 'n loopbaan nie net bepaal wat iemand eendag gaan doen nie, maar ook met watter mense hy sal moet saamwerk, sy woon- en werkplek, sy inkomstepeil, maar veral of blywende bevrediging uit die werk sy deel in die lewe sal wees. Daar is hedendaags ook net nie tyd en plek vir mislukkings nie. Die prys wat vir mislukking betaal moet word, is veels te hoog, want die persoon wat homself nie toerus vir hoër dinge nie, sal tevrede moet wees om op sosiale en ekonomiese gebied onder te bly. Een groot oorsaak van mislukking is gebrekkige of selfs verkeerde opleiding.

Die beplanning vir 'n beroep noodsaak 'n evaluering van die indiwidu se belangstelling en vermoë sowel as van die eise van 'n besondere beroep of beroepsrigting en die studierigting wat gevolg sal moet word. 'n Hoë mate van belangstelling in 'n beroepsrigting, hoewel belangrik, is op sigself egter nie voldoende om 'n beroepskeuse te regverdig nie. Aanleg en bekwaamheid is ook nodig. Die omgekeerde is natuurlik ook waar: 'n persoon kan al die nodige bekwaamheid en aanleg vir 'n beroep hê, en tog nie daarin belangstel nie. Wat wel nodig is, is dus 'n keuse wat gekenmerk word deur die hoogste korrelasie tussen aanleg en bekwaamheid vir 'n bepaalde beroep aan die een kant; aan die ander kant belangstelling in asook deeglike kennis van die eise van die beroep, werkgeleentheid en die moontlikhede vir bevordering.

Afgesien van deskundige voorligting wat kandidate reeds op skool behoort te kan kry, is die Departement van Mannekrag, deur middel van die Afdeling Beroepsvoorligting, enige jeugdige of volwassene behulpsaam met die keuse van 'n geskikte beroep of studierigting. Waar groot onsekerheid bestaan, word van sielkundige toetse gebruik gemaak om rigtings van belangstelling en aanleg te bepaal. Opgeleide beroepsraadgewers is in al die groter sentrums in die land gestasioneer. Hierbenewens publiseer die Departement 'n kwartaalblad, My Loopbaan, wat gratis aan skole voorsien word en waarin 'n groot verskeidenheid van beroepe beskryf en wye kennis van die beroepswêreld verskaf word. Verskeie ander instansies verskaf voorligting oor beroepe maar dan slegs in eie verband.

Ook die RGN onderneem toetsing en onderhoudvoering in gevalle waar beroepsleiding nodig is.

Die reuse-diens wat op hierdie gebied deur die universiteite self onderneem word, verdien spesiale vermelding. Afgesien van kort oriënteringsprogramme aan die begin van die jaar waarin beginners bekend gestel word met verskillende vakke en studierigtings, die werking van die universiteitsmasjinerie, ens., word massas voorligtingsmateriaal oor kursusse en beroepe beskikbaar gestel. Aspirant-studente en studente moet dus nie skroom om van hierdie fasiliteite van die universiteite gebruik te maak nie. Alhoewel daar van 'n aspirant-student seker verwag kan word om by sy inskrywing aan 'n universiteit reeds te weet watter leergang hy wil volg en watter vakke hy wil kies, is die studentevoorligtingsburo van die universiteit steeds bereid om hulp te verleen. Aan feitlik alle fasette van die nuweling se lewe aan die universiteit word aandag geskenk. Gou sal die eerstejaars dan ook besef dat die universiteit nie net 'n akademiese masjien is nie, maar 'n inrigting waar daar geleentheid is om gedurende sy vormingsjare tot 'n volwaardige en gebalanseerd opgevoede mens te ontwikkel.

BEROEPSDIENS

Daar sal opgemerk word dat die afdelings BEROEPSDIENS in hierdie boek hoofsaaklik leiding gee aan studente in hul beplanning ná die verwerwing van 'n eerste graad. Daar moet egter onthou word dat ons in 'n tyd van spesialisasie lewe en dat die B.-graad in die meeste gevalle slegs die weg open tot 'n beroepsrigting wat ná verdere opleiding gevolg kan word. Telkens word die aandag dan ook gevestig op die noodsaaklikheid van nagraadse studie en/of addisionele professionele opleiding. Die hoogste kwalifikasie wat behaal is of die hoofvakke vir 'n graad, korreleer normaalweg met die beroep wat uiteindelik beoefen gaan word, maar dit beteken geensins dat die kandidaat, nadat hy 'n graad of diploma of selfs 'n graad en 'n diploma behaal het, volleerd in 'n betrekking kan instap nie. Met Ekonomie byvoorbeeld as hoofvak vir 'n graad is iemand nog glad nie 'n ekonoom in die volste sin van die woord nie, en Sielkunde as hoofvak beteken nie dat so 'n persoon 'n volleerde sielkundige is nie. Om byvoorbeeld 'n ekonoom of sielkundige te word, is ruim ervaring en gevorderde nagraadse studie nodig. Dit is ook waar vir haas alle ander beroepsrigtings, selfs dié waarvoor spesifiek afgebakende kursusse gevolg word. Die vroeë stadiums in enige loopbaan is maar 'n voortsetting van die persoon se opleiding.

Studente moet hulself so goed moontlik vergewis van die vraag na werknemers wat daar in bepaalde beroepsrigtings bestaan. Dit kan gebeur dat persone grade verwerf met sekere hoofvakke terwyl die beroepsmoontlikhede in hierdie rigtings gering is. Kandidate word dus baie sterk aangeraai om wanneer hulle na die universiteit gaan, nie alleen op die hoogte te kom met watter studierigtings hulle die beste sal pas nie, maar ook watter loopbaanvelde 'n besondere studierigting moontlik vir hulle sal oopstel.

Die primêre oogmerk met die boek is die bekendstelling van universiteitsopleiding. Die inligting oor werkmoontlikhede oftewel beroepsdiens, is bykomend en sekondêr en kan ongelukkig nie ook in diepte bespreek word nie. Aangesien die boek nie 'n kommersiële publikasie is nie, moes die bekendstelling van werkgewers uit die private sektor tot 'n minimum beperk word. Ook moet in gedagte gehou word dat afgestudeerdes nie sonder meer van indiensname deur werkgewers wat in die beroepsdiens genoem word, verseker kan word nie.

DIE FINANSIERING VAN STUDIES

Die begrip finansiering van studies impliseer die bestryding van die totale uitgawes verbonde aan die opleiding van 'n student aan 'n universiteit, en dit ontsluit veel meer as net die bedrag wat dit die student sal kos en die bestryding daarvan. Om die saak in perspektief te sien, moet die koste van universiteitsopleiding minstens van twee kante benader word, naamlik van die kant van die universiteit en tweedens van die kant van die student. Met so 'n benadering sal byvoorbeeld die belangrike vraag van waarom klasgelde aan die universiteit so hoog is en telkens verhoog word, ook in 'n mate toegelig word.

Van die kant van die universiteit: Van die jaarlikse lopende uitgawes van residensiële universiteite dra die student self gemiddeld ongeveer 12 % by, die universiteit, met die bystand van die gemeenskap, sowat 4 %, en die staat, dit wil sê die belastingbetaler, sowat 84 %. Dit beteken dat die Staat en die gemeenskap sowat 88 % van die regstreekse koste betaal om studente op te lei. Studente het gevolglik nie juis rede om te kla oor hul aandeel aan die lopende uitgawe van universiteite nie. Met reg kan dan ook na mense wat hulself studente noem maar nie hul werk doen en in hul studies vorder nie, verwys word as "gesubsidieerde leeglêers" wat aan die universiteit "die lewe geniet" op die koste van andere wat wel werk.

Om student te wees, en hierdie lewensfase word aan alle ware studente gegun, is dus nie net 'n groot voorreg nie, maar bring ook groot verantwoordelikheid mee.

Van die kant van die student: Dit is haas onmoontlik om 'n presiese antwoord te gee op die vraag hoeveel geld per jaar voldoende sal wees vir die behoeftes van elke individuele student. Die bedrag wod onder andere bepaal deur die aard van 'n kursus, die vakke wat bestudeer word, die student se persoonlike behoeftes, koshuisinwoning, ens. 'n Universiteit is nie 'n skool waar al die leerlinggroepe dieselfde klasse bywoon nie. Studente maak 'n vrye keuse uit universiteite, studierigtings en vakke. Aan sommige universiteite is die studie, die lewe en die losies duurder as aan ander; sommige kursusse aan dieselfde universiteit is duurder as ander; gelde vir die eerste jaar verskil soms van dié vir ander studiejare en studente verskil onder mekaar oor wat hulle as noodsaaklik vir hul behoeftes beskou. 'n Voornemende student kan egter baie maklik in samewerking met die universiteit van sy keuse, 'n begroting vir sy voorgenome studie uitwerk.

Bronne van finansiële hulp: Daar bestaan 'n landswye behoefte aan hoëvlakse mannekrag en om hierin te probeer voorsien word beurse, lenings, merietebeurse ens. aan studente gebied deur byvoorbeeld die Staat, die provinsiale administrasies, munisipaliteite, groot sakeondernemings en universiteite self. Daar moet egter onthou word dat finansiële hulp geredeliker beskikbaar is vir voortreflike akademiese prestasie op skool en daarna. Hoe beter die vordering, hoe beter is die kanse op toekennings. Dit beteken egter nie dat slegs die briljante leerlinge en studente vir beurse in aanmerking kom nie. Die gemiddelde student met 'n goeie vorderingsrekord kan eweneens staat maak op hulp.

Beurse en beurslenings: Hierdie twee begrippe is eintlik maar dieselfde en kom neer op toekennings wat nie in kontant nie maar in die vorm van diens terugbetaalbaar is. (In uitsonderlike gevalle is geen terugbetaling ter sprake nie.) Diens beteken gewoonlik een jaar diens vir elke jaar van toekenning.

Studielenings moet, soos die naam aandui, terugbetaal word sodra die student begin werk. Van daardie datum af word die rente ook in berekening gebring.

Merietebeurse, ook genoem prestasiebeurse, word toegeken op grond van akademiese prestasie en is gewoonlik nie terugbetaalbaar nie. Sommige universiteite ken ook pryse en medaljes toe op grond van voortreflike werk.

Inligting oor beurse en lenings kan verkry word van:

- Beursbrosjures van die verskillende universiteite wat op aanvraag beskikbaar is.

- Die publikasie van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Finansiële steun vir voorgraadse studie in die RSA. Die boek bevat inligting soos verkry van universiteite, instansies en organisasies wat toekennings beskikbaar stel, en inligting uit persaankondigings en ander bronne.

- Talle studente voorsien in hul finansiële behoeftes deur deeltyds te werk.

Opmerkings: 'n Paar algemene opmerkings wat kan bydra om die finansiering van 'n studiebegroting te vergemaklik, is die volgende:

- Hoe beter 'n student/leerling akademies presteer, hoe makliker is dit om finansiële hulp te verkry.

- Vir die eerste studiejaar is dit gewoonlik die moeilikste om geld uit die gewone finansieringsbronne te bekom. Ná een jaar se studie en bewyse van bevoegdheid en prestasie is die kanse beter. Dit beteken dat 'n student normaalweg self vir die eerste jaar voorsiening moet maak.

- Baie studente verdien heelwat geld deur deeltyds te werk. Daar word egter aanbeveel dat aan die studie prioriteit verleen word en dat deeltydse werk byvoorbeeld nie gedurende die tweede semester behoort aangepak te word nie.

- Voltydse vakansiewerk word deur universiteite sterk aanbeveel.

- Kortsigtigheid, deur byvoorbeeld slegs te soek na beurse waaraan geen diensbepaling verbonde is nie, behoort vermy te word.

- Dit is 'n goeie beleid om moontlike werkgewers op wie 'n studierigting betrekking het, regstreeks oor finansiële hulp te raadpleeg.

- Versamel alle inligting oor die kosteaspek, sodat betyds aansoek om finansiële hulp gedoen kan word.

NAVORSING

Grootskaalse wetenskaplike navorsing op haas elke denkbare gebied het in die moderne tyd vir elke vooruitstrewende land onontbeerlik geword, nie net vir die uitbreiding en verryking van kennis nie, maar vir doeltreffende beplanning op elke gebied van die staatshuishouding. Ook in Suid-Afrika is daar talle navorsingsfasiliteite en -instansies wat die breë terrein van geestes- en natuurwetenskaplike werksaamhede dek.

Van die vernaamste navorsingsinstansies op die natuurwetenskaplike gebied is

- verskillende staatsdepartemente en die vier provinsiale administrasies;

statutêre liggame soos die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR), wat verskillende institute en departemente beheer en navorsing aan universiteite en ander liggame ondersteun; die Raad vir Mineraaltegnologie, die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke, Nasionale Verkeersveiligheidsraad, die SABS, die SA Instituut vir Mediese Navorsing, die SA Mediese Navorsingsraad (verskeie institute en eenhede), die Waternavorsingskommissie;

al die universiteite (die universiteite self of hul navorsingsinstitute en -eenhede op eie inisiatief of in samewerking met ander organisasies);

die verskillende technikons;

verskeie museums, observatoria, botaniese en soölogiese tuine;

openbare korporasies waaronder Evkom, Foskor, Sasol, Yskor, Soekor, Visseryontwikkelingskorporasies van SA, die SA Ontwikkelingskorporasie vir Uitvindings, die Uraanverrykingskorporasie van SA en Kernkor;

'n aantal nywerheidnavorsingsinstitute wat deur die WNNR of die Staat ondersteun word of onafhanklik funksioneer, asook etlike nywerheidsmaatskappye met afsonderlike navorsingsdepartemente.

Geesteswetenskaplike navorsing word onderneem deur

verskeie Staatsdepartemente en die vier provinsiale administrasies;

statutêre liggame soos die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), wat 'n aantal navorsingsinstitute beheer en origens op uitgebreide skaal navorsing deur universiteite, ander instansies en selfs private persone ondersteun; die Afrika-Instituut van SA; die Produktiwiteitsadviesraad; die SA Reserwebank;

die universiteite (die universiteite self of hul navorsingsinstitute en -eenhede op eie inisiatief of in samewerking met ander organisasies);

enkele munisipaliteite.

Jong gegradueerdes wat streef om erkenning vir oorspronklike bydraes kan die geleentheid benut om, onder leiding van ervare persone van wie sommige wêreldaansien geniet, op eie inisiatief navorsingswerk te doen. Talle geleenthede en feitlik onbeperkte moontlikhede bestaan in die natuur- sowel as die geesteswetenskaplike rigtings. Goed toegeruste kantore, laboratoria en biblioteke asook moderne uitrusting soos rekenoutomate, is tot die beskikking van navorsers.

Navorsingservaring is van onskatbare waarde op enige terrein van die lewe en dit is ook dikwels 'n nuttige beginpunt vir 'n loopbaan in die Staatsdiens, aan 'n universiteit of in die talle afdelings van die private sektor. Die minimum opvoedkundige vereiste vir jong navorsers is gewoonlik 'n baccalaureusgraad maar, na gelang van die navorsingsrigting, soms 'n honneurs- of meestersgraad. Nagraadse studie bly belangrik en is dikwels 'n vereiste vir bevordering tot die senior range.

# HOOFSTUK 2

# FAKULTEITE EN DEPARTEMENTE VAN DIE UNIVERSITEITE, 1985

## UNIVERSITEIT VAN DURBAN-WESTVILLE (Engelsmedium)

### FAKULTEIT VAN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Anatomie; Arbeidsterapie; Farmakologie; Farmasie; Fisioterapie; Huishoudkunde; Optometrie; Spraakterapie en Oudiologie; Tandheelkunde; Voeding.

### FAKULTEIT VAN HANDEL EN ADMINISTRASIE

Bedryfsadministrasie; Bedryfsekonomie; Bedryfsielkunde; Ekonomie; Publieke Administrasie; Rekeningkunde; Statistiek.

### FAKULTEIT VAN INGENIEURSWESE

Chemiese Ingenieurswese; Elektrotegniese Ingenieurswese; Meganiese Ingenieurswese; Siviele Ingenieurswese.

### FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

Afrikaans en Nederlands; Arabies, Urdu en Persies; Beeldende Kunste; Biblioteek- en Inligtingkunde; Duits; Engels; Fonetiek en Linguistiek; Frans; Geskiedenis; Godsdienswetenskap; Hindi, Telegu en Gujerati; Hindu-studies; Islamitiese Studies; Klassieke Tale; Kriminologie; Kunsgeskiedenis; Maatskaplike Werk; Musiek; Oosterse Studies; Sanskrit; Sielkunde; Sosiologie; Spraak en Drama; Volkekunde; Wysbegeerte en Staatsleer; Zulu.

### FAKULTEIT VAN NATUURWETENSKAPPE

Biochemie; Chemie; Dierkunde; Fisika; Geografie; Geologie; Menslike Fisiologie en Fisiologiese Chemie; Mikrobiologie; Plantkunde; Rekenaarwetenskap; Wiskunde en Toegepaste Wiskunde.

### FAKULTEIT VAN OPVOEDKUNDE

Algemene Didaktiek; Grondslae van die Opvoedkunde; Liggaamlike Opvoedkunde; Opvoedkundige Sielkunde; Toegepaste Didaktiek.

### FAKULTEIT VAN REGSGELEERDHEID

Handelsreg; Privaatreg; Publieke Reg.

### FAKULTEIT VAN TEOLOGIE

Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap; Nuwe Testament en Bybelkunde; Ou Testament; Praktiese Teologie, Sistematiese Teologie en Etiek.

## UNIVERSITEIT VAN FORT HARE (Engelsmedium)

### FAKULTEIT VAN EKONOMIESE WETENSKAPPE

Bedryfsekonomie en Koöperatiewe Werk; Bedryfsielkunde; Ekonomie; Rekeningkunde.

FAKULTEIT VAN LANDBOU

Agronomie (Subdepartemente: Akkerbou, Weidingsleer en Tuinbou); Veekunde (Subdepartemente: Anatomie en Fisiologie/Dieregesondheid, Kleinvee en Diereproduksie, Skaap- en Wolkunde); Genetika en Plantbeskerming; Grondkunde; Landbou-ekonomie; Landbou-ingenieurswese; Landbouvoorligting en Landelike Ontwikkeling.

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

Afrikaans-Nederlands; Afrika-studies (Volkekunde, Argeologie en Ontwikkelingstudies); Beeldende Kunste; Biblioteek- en Inligtingkunde; Bybelkunde; Engels; Geskiedenis; Klassieke Tale; Kommunikasiekunde; Kriminologie; Maatskaplike Werk; Sielkunde; Sosiologie; Staatsleer en Publieke Administrasie; Wysbegeerte; Xhosa en Sotho.

FAKULTEIT VAN NATUURWETENSKAPPE

Biochemie en Mikrobiologie; Chemie; Dierkunde; Fisika; Geografie; Geologie; Gesondheidswetenskappe; Landmeetkunde; Plantkunde; Statistiek; Toegepaste Rekenaarwetenskap; Toegepaste Wiskunde; Wiskunde.

FAKULTEIT VAN OPVOEDKUNDE

Didaktiek en Onderwyswetenskap; Empiriese Opvoedkunde en Ortopedagogiek; Fundamentele Pedagogiek; Historiese en Vergelykende Opvoedkunde; Liggaamlike Opvoedkunde; Musiek; Pedagogiese Navorsing en Metodologie.

FAKULTEIT VAN REGSGELEERDHEID

Afrika- en Vergelykende Reg; Handelsreg; Privaatreg; Staats- en Volkereg; Straf- en Prosesreg.

FAKULTEIT VAN TEOLOGIE

Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap; Nuwe Testamentiese Studies en Pastorale Teologie; Ou Testamentiese Studies en Hebreeus; Sistematiese Teologie.

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD (Engelsmedium)

FAKULTEIT VAN GENEESKUNDE

Anatomie; Anestesiologie; Arbeidsterapie; Biomediese Ingenieurswese; Chemiese Patologie; Chirurgie; Dermatologie; Farmakologie; Fisiologie; Fisioterapie; Gemeenskapsgesondheid; Geneeskunde; Geregtelike Geneeskunde en Toksikologie; Hematologie; Kardiotorakschirurgie; Kerngeneeskunde; Kliniese Wetenskap en Immunologie; Logopedika; Mediese Biochemie; Mediese Fisika; Mediese Mikrobiologie; Neurochirurgie; Neurologie; Obstetrie en Ginekologie; Oogheelkunde; Oor-, Neus- en Keelkunde; Ortopediese Chirurgie; Patologie; Pediatrie en Kindergesondheid; Pediatriese Chirurgie; Plastiese Chirurgie; Psigiatrie; Radiologie; Radioterapie; Urologie; Verpleegkunde.

FAKULTEIT VAN HANDEL

Bedryfswetenskap; Rekeningkunde; Nagraadse Bedryfskool; Skool van Ekonomie: Afdeling van Ekonomie.

FAKULTEIT VAN INGENIEURSWESE

Chemiese Ingenieurswese; Elektrotegniese en Elektroniese Ingenieurswese; Landmeetkunde; Materiaalingenieurswese; Meganiese Ingenieurswese; Siviele Ingenieurswese (met inbegrip van Waterhulpbronne en Openbare Gesondheidsingenieurswese).

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

Afrikaans en Nederlands; Afrikatale; Argeologie; Drama; Duitse Taal en Letterkunde; Ekonomiese Geskiedenis; Engelse Taal en Letterkunde; Geskiedenis; Hebreeuse Studies; Klassieke Tale; Kultuurgeskiedenis van Wes-Europa; Linguistiek; Romaanse Studies: Franse Taal en Letterkunde; Italiaanse Taal en Letterkunde.

FAKULTEIT VAN MUSIEK

Balletskool; Kollege van Musiek; Operaskool.

FAKULTEIT VAN NATUURWETENSKAPPE

Skool van Aardwetenskappe: Geochemie, Mineralogie en Geologie, Omgewings- en Geografiese Wetenskap;

Skool van Chemiese Wetenskappe: Analitiese Wetenskap, Anorganiese Chemie, Fisiese Chemie, Organiese Chemie;

Skool van Fisiese Wetenskappe: Fisika, Oseanografie, Sterrekunde;

Skool van Lewenswetenskappe: Biochemie, Botanie, Dierkunde, Mikrobiologie;

Skool van Wiskundige Wetenskappe: Rekenaarwetenskap, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

FAKULTEIT VAN OPVOEDKUNDE

Opvoedkunde; Skool van Biblioteekkunde.

FAKULTEIT VAN REGSGELEERDHEID

Kommersiële Reg; Publieke Reg; Romeinse en Vergelykende Reg; Romeins-Hollandse en Privaatreg; Straf- en Prosesreg.

FAKULTEIT VAN SKONE KUNSTE EN ARGITEKTUUR

Argitektuurskool; Boubestuur; Bourekenkunde; Stads- en Streekbeplanning; Michaelis-skool van Skone Kunste.

FAKULTEIT VAN SOSIALE WETENSKAPPE EN HUMANIORA

Ekonomie; Godsdiensstudies; Publieke Administrasie; Sielkunde; Skool van Maatskaplike Werk; Sosiologie; Staatkundige Studies; Volkekunde; Wysbegeerte.

DIE MEDIESE UNIVERSITEIT VAN SUIDER AFRIKA - MEDUNSA (Engelsmedium)

FAKULTEIT VAN GENEESKUNDE

Algemene Chirurgie; Anestesiologie; Arbeidsterapie; Dermatologie; Diagnostiese Radiologie; Farmaseutika; Fisioterapie; Gemeenskapsgesondheid; Geregtelike Geneeskunde; Huisartskunde; Interne Geneeskunde; Kardiologie; Kindergeneeskunde en Kindergesondheid; Kliniese Sielkunde; Mensevoeding; Nefrologie; Neurochirurgie; Neurologie; Obstetrie en Ginekologie; Oogheelkunde; Oor-, Neus- en Keelkunde; Ortopedie; Plastiese Chirurgie; Psigiatrie; Radiografie; Torakschirurgie; Urologie; Verpleegkunde.

FAKULTEIT VAN TANDHEELKUNDE

Diagnostiese Radiologie; Gemeenskapstandheelkunde; Konserverende Tandheelkunde; Mondchirurgie; Mondpatologie en Mondbiologie; Ortodonsie; Periodontologie en Mondgeneeskunde; Prostetika; Stomatologiese Studies.

FAKULTEIT VAN VEEARTSENYKUNDE

Anatomie; Anestesiologie; Chirurgie; Dieregesondheid en Produksie; Farmakologie; Geneeskunde; Infeksiesiektes en Volksgesondheid; Patologie; Teriogenologie (geslagskunde).

INTERFAKULTêRE DEPARTEMENTE

Anatomie; Anatomiese Patologie; Chemiese Patologie; Farmakologie en Terapeutika; Fisiologie; Geneeskundige Fisika; Hematologiese Patologie; Mikrobiologiese Patologie (sluit in subdepartement van Virologie).

UNIVERSITEIT VAN NATAL (Engelsmedium)

FAKULTEIT VAN ARGITEKTUUR EN VERWANTE STUDIERIGTINGS

Argitektuur; Boubestuur; Bourekenkunde en Bou-ekonomie; Stads- en Streekbeplanning.

FAKULTEIT VAN GENEESKUNDE

(Hierdie fakulteit maak slegs vir Nie-Blankes voorsiening.)

Anatomie; Anatomiese Patologie; Anestesiologie; Chemiese Patologie; Chirurgie: Kaakgesigschirurgie, Pediatriese Chirurgie, Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie;
Eksperimentele en Kliniese Farmakologie; Fisiologie, Gemeenskapsgesondheid; Geneeskunde: Dermatologie, Kardiologie; Geregtelike Geneeskunde; Ginekologie en Obstetrie; Hematologie; Kindergeneeskunde en Kindergesondheid; Mikrobiologie; Neurochirurgie; Oogheelkunde; Oor-, Neus- en Keelkunde; Ortopediese Chirurgie; Psigiatrie; Radiologie, Radioterapie en Onkologie; Torakschirurgie; Urologie; Virologie.

FAKULTEIT VAN HANDEL

Bedryfsadministrasie; Rekeningkunde.

FAKULTEIT VAN INGENIEURSWESE

Chemiese Ingenieurswese; Elektroniese Ingenieurswese; Elektrotegniese Ingenieurswese; Landbou-ingenieurswese; Landmeetkunde en Kartografie; Meganiese Ingenieurswese; Siviele Ingenieurswese.

FAKULTEIT VAN LANDBOU

Akkerbou; Biochemie; Dieetkunde en Huishoudkunde; Entomologie; Genetika; Grasveldkunde; Grondkunde en Landbouweerkunde; Landbou-ekonomie; Landbou-ingenieurswese; Mikrobiologie en Plantpatologie; Statistiek en Biometrie; Tuinboukunde; Veekunde en Pluimveekunde.

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

Afrikaans en Nederlands; Algemene Taalwetenskap en Kommunikasiekunde; Beeldende Kunste en Kunsgeskiedenis; Biblioteekkunde; Duits; Ekonomie; Ekonomiese Geskiedenis; Engels; Filosofie; Frans; Geskiedenis; Geskiedkundige Studies; Godsdiensstudies; Hebreeuse en Joodse Studies; Klassieke Tale; Musiek; Spaans; Spraakleer en Drama; Staatkundige Studies; Staatsleer; Zulu-taal en -letterkunde.

FAKULTEIT VAN NATUURWETENSKAPPE

Biochemie; Biologiese Wetenskappe; Chemie en Chemiese Tegnologie; Chemie (Suiwer en Toegepas); Dierkunde; Entomologie; Fisika; Geografie; Geologie en Mineralogie; Geologie en Toegepaste Geologie; Plantkunde; Rekenaarwetenskap; Sielkunde, Statistiek en Biometrie; Wiskunde en Toegepaste Wiskunde; Wiskundige Statistiek.

FAKULTEIT VAN OPVOEDKUNDE

Opvoedkunde, Opvoedkundige Sielkunde.

FAKULTEIT VAN REGSGELEERDHEID

Formele en Kliniese Reg; Kommersiële Reg; Privaatreg; Publieke Reg; Regskool.

FAKULTEIT VAN SOSIALE WETENSKAPPE

Afrika-studies: Sosiale Antropologie, Vergelykende Afrika-regering; Geografie; Maatskaplike Werk; Eenheid vir Ontwikkelingstudies; Sentrum vir Toegepaste Sosiale Wetenskappe; Sielkunde; Sosiologie; Verpleegkunde; Universiteitsdiploma in Verplegingsonderwys.

UNIVERSITEIT VAN DIE NOORDE (Engelsmedium)

FAKULTEIT EKONOMIE EN ADMINISTRASIE

Bedryfsekonomie; Bedryfsielkunde; Ekonomie; Landbou-ekonomie; Publieke Administrasie; Rekeningkunde en Ouditkunde; Staatsleer; Wiskundige Statistiek.

FAKULTEIT LANDBOU

Chemie; Diereproduksie; Grondkunde; Landbou-ekonomie; Plantkunde; Plantproduksie.

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Afrikaans en Kommunikasiemedia; Algemene Taalwetenskap en Algemene Literatuurwetenskap; Biblioteek- en Inligtingkunde; Bybelkunde; Duits; Ekonomie; Engels; Geografie; Geskiedenis; Klassieke Tale; Kriminologie; Liggaamlike Opvoeding; Maatskaplike Werk; Noord-Sotho; Publieke Administrasie; Sielkunde; Sosiologie; Simitiese Tale; Staatsleer; Suid-Sotho; Tswana; Venda; Volkekunde; Wiskunde; Wysbegeerte; Xitsonga.

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Didaktiek; Empiriese Opvoedkunde; fundamentele Opvoedkunde; Historiese Opvoedkunde; Onderwyspraktyk; Taalmetodologie, Vergelykende Opvoedkunde.

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Handelsreg; Privaatreg; Reg en Regeringsvorme van Afrika; Regsfilosofie, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking; Straf- en Prosesreg; Volkereg, Staatsreg en Administratiefreg.

FAKULTEIT TEOLOGIE

Teologiese Afdelings

FAKULTEIT WISKUNDE EN NATUURWETENSKAPPE

Chemie; Diereproduksie; Dierkunde en Biologie; Farmakologie; Farmaseutiese Chemie; Farmaseutika (Subdepartement: Mikrobiologie); Fisika; Fisiologie; Geografie; Geologie; Mediese Laboratoriumwetenskappe; Optometrie (Professionele afdeling); Plantkunde; Rekenaarwetenskap; Sielkunde; Toegepaste Wiskunde; Verpleegkunde; Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT (Afrikaansmedium)

FAKULTEIT EKONOMIESE EN ADMINISTRATIEWE WETENSKAPPE

Bedryfsekonomie; Bedryfsielkunde; Ekonomie; Geld- en Bankwese; Rekeningkunde, Staats- en Munisipale Administrasie; Tik- en Snelskrif; Vervoerekonomie.

FAKULTEIT GENEESKUNDE

Anatomie; Anatomiese Patologie; Anestesiologie; Arbeidsterapie; Biofisika; Subdepartement: Bio-ingenieurswese; Chemiese Patologie; Chirurgie; Dermatologie; Diagnostiese Radiologie; Dieetkunde; Farmakologie; Fisiologie; Fisioterapie; Gemeenskapsgesondheid; Geregtelike Geneeskunde; Hematologie; Huisartskunde; Interne Geneeskunde; Kardiologie; Kardiotorakschirurgie; Kerngeneeskunde; Kritieke Sorg; Mikrobiologie (Medies); Neurochirurgie; Neurologie; Obstetrie en Ginekologie; Oftalmologie; Onkoterapie; Ortopedie; Otorinolaringologie; Pediatrie en Kindergesondheid; Plastiese Chirurgie; Psigiatrie; Urologie.

FAKULTEIT LANDBOU

Agronomie/Tuinbou; Biometrie; Genetika; Grondkunde; Kleinveekunde; Landbou-ekonomie; Landbou-ingenieurswese; Landbouweerkunde; Plantpatologie; Suiwelkunde; Veekunde/Diere-anatomie en -fisiologie; Weidingsleer.

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Aardrykskunde; Afrikaans en Nederlands; Algemene Literatuurwetenskap; Algemene Taalwetenskap; Bantoetale; Beeldende Kunste; Biblioteek- en Inligtingkunde; Dramakunde en Toneelkunde; Duits; Engels; Geskiedenis; Grieks; Kommunikasiekunde; Kunsgeskiedenis; Latyn; Liggaamlike Opvoeding; Musiek; Romaanse Tale; Semitiese Tale; Staatsleer; Volkekunde en Toegepaste Volkekunde; Wysbegeerte.

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Argitektuur; Biochemie; Bourekenkunde/Boubestuur; Chemie; Dierkunde/Entomologie; Fisika; Geologie, Geochemie, Geohidrologie en Hidrologie; Huishoudkunde; Mikrobiologie; Plantkunde; Rekenaarwetenskap en Bedryfsdataverwerking; Stads- en Streekbeplanning; Sterrekunde; Toegepaste Wiskunde; Wiskunde; Wiskundige Statistiek en Statistiek.

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Bedryfskennis; Didaktiek; Grafika (Onderwys); Historiese en Vergelykende Opvoedkunde; Psigopedagogiek; Wysgerige Pedagogiek en Andragogiek.

ONDERWYSKOLLEGE

Aardrykskunde en Geskiedenis; Afrikaans; Algemene Natuurwetenskap; Engels; Godsdiensonderwys; Houtwerk; Junior Primêre Werk; Kuns; Liggaamlike Opvoeding; Naaldwerk; Onderwysmiddele; Opvoedkunde; Ortopedagogiek; Pre-primêre Onderwys; Psigopedagogiek; Sang en Musiek; Spraakleer, Toneel- en Voordragkuns; Suid-Sotho; Wiskunde.

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Handelsreg; Privaatreg; Prosesreg; Romeinse Reg en Regsgeskiedenis; Staatsreg en Regsfilosofie; Strafreg.

FAKULTEIT SOSIALE WETENSKAPPE

Bedryfsosiologie; Kriminologie; Maatskaplike Werk; Sielkunde; Sosiologie; Verpleegkunde.

FAKULTEIT TEOLOGIE

Bybelkunde; Diakoniologie; Dogmatologie; Ekklesiologie; Nuwe Testamentiese Eksegese en Teologie; Ou Testamentiese Eksegese en Teologie; Sendingwetenskap.

UNIVERSITEIT VAN PORT ELIZABETH (Dubbelmedium)

FAKULTEIT VAN DIE EKONOMIESE WETENSKAPPE

Argitektoniese vakke; Bedryfsekonomie; Bedryf- en Organisasiesielkunde; Boubestuursvakke; Bourekenkundige vakke; Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis; Rekeningkundige vakke.

FAKULTEIT VAN DIE LETTERE EN WYSBEGEERTE

Aardrykskunde; Afrikaans/Nederlands; Bybelkunde; Duits; Engels; Filosofie; Frans; Geskiedenis; Grieks; Latyn; Maatskaplike Werk; Musiek; Nguni- en

Sothotale; Psigologie; Publieke Administrasie; Semitistiek; Sosiologie; Staatsleer; Verpleegkunde; Volkekunde.

FAKULTEIT VAN DIE NATUURWETENSKAPPE

Biochemie; Botanie; Chemie; Farmasie; Fisika; Geologie; Rekenaarwetenskap; Soölogie; Tekstielwetenskap; Toegepaste Wiskunde; Wiskunde; Wiskundige Statistiek.

FAKULTEIT VAN DIE OPVOEDKUNDE

Didaktiek van Tersiêre Onderwys; Didaktiese Pedagogiek; Fundamentele Pedagogiek; Liggaamlike Opvoedkunde; Interdepartement Pedagogiek; Professionele Opleiding van Onderwysers; Psigologiese Pedagogiek.

FAKULTEIT VAN DIE REGSGELEERDHEID

Bedryfsreg; Formele Reg; Privaatreg; Publieke Reg.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS (Afrikaansmedium)

FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE

Bedryfsadministrasie; Bedryfsekonomie; Bedryf- en Personeelsielkunde; Bedryfsosiologie; Bedyfsrekeningkunde; Ekonomie; Rekeningkunde en Ouditkunde; Tik- en Snelskrif; Wetenskapsleer.

FAKULTEIT FARMASIE

Farmakologie; Farmaseutiese Chemie; Farmaseutika.

FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Chemiese Ingenieurswese; Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese; Meganiese Ingenieurswese; Metallurgiese Ingenieurswese; Wetenskapsleer.

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Afrikaans-Nederlands; Algemene Taal- en Literatuurwetenskap; Bantoetale; Beeldende Kunste; Biblioteek- en Inligtingkunde; Bybelkunde; Duits; Engels; Filosofie; Frans; Geografie; Geskiedenis; Grieks; Internasionale Politiek; Kommunikasiekunde; Kriminologie; Kunsgeskiedenis; Latyn; Liggaamlike Opvoedkunde; Maatskaplike Werk; Musiek; Ontwikkelingsadministrasie; Psigologie; Semitiese Tale; Sosiologie; Spraakleer en Drama; Staatsleer; Stads- en Streekbeplanning; Verpleegkunde; Volkekunde; Wetenskapsleer.

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Anatomie; Biochemie; Bodemkunde; Chemie; Dierkunde; Fisika; Fisiologie; Geologie; Huishoudkunde en Dieetkunde; Mikrobiologie en Higiëne; Plantkunde; Rekenaarwetenskap; Statistiek en Operasionele Navorsing; Tegniese vakke; Wetenskapsleer; Wiskunde en Toegepaste Wiskunde.

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Didaktiese Opvoedkunde; Fundamentele Opvoedkunde; Onderwysbestuurskunde en Onderwyskunde; Psigo-opvoedkunde; Vergelykende en Temporele Opvoedkunde; Voorligting en Ortopedagogiek; Wetenskapsleer.

FAKULTEIT REGTE

Handelsreg; Privaatreg; Proses- en Bewysreg; Publiekreg; Regsfilosofie; Romeinse Reg; Strafreg.

FAKULTEIT TEOLOGIE

Diakoniologie; Dogmatologiese Groep van Vakke; Ekklesiologiese Groep van Vakke; Nuwe Testament; Ou Testament; Sendingwetenskap.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA (Afrikaansmedium)

FAKULTEIT EKONOMIESE STAATSWETENSKAPPE

Bedryfsekonomie; Bestuurswese; Ekonomie; Handels- en Arbeidsreg; Publieke Administrasie; Rekening- en Ouditkunde; Sielkunde; Staatsleer en Internasionale Politiek; Statistiek.

FAKULTEIT GENEESKUNDE

Anatomie; Anatomiese Patologie; Anestesiologie; Chemiese Patologie; Chirurgie (Afdelings: Neurochirurgie; Plastiese Chirurgie; Torakschirurgie; Algemeen); Farmakologie; Fisiologie; Gemeenskapsgesondheid; Geneeskundige Mikrobiologie; Geneeskundige Virologie; Geregtelike Geneeskunde; Hematologie; Huisartskunde; Interne Geneeskunde (Afdelings: Fisiese Geneeskunde; Dermatologie; Neurologie; Arbeidsterapie; Fisioterapie); Kankerchemoterapie; Kerngeneeskunde; Kindergeneeskunde; Obstetrie en Ginekologie; Oogheelkunde; Oor-, Neus- en Keelheelkunde; Ortopedie; Psigiatrie; Radiodiagnostiek; Radioterapie; Urologie, Verpleegkunde.
Aptekerskollege

FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Bedryfsingenieurswese; Chemiese Ingenieurswese; Elektriese Ingenieurswese; Elektroniese Ingenieurswese; Landbou-ingenieurswese; Meganiese Ingenieurswese; Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurwese; Mynbou-ingenieurswese; Opmeetkunde en Stads- en Streekbeplanning; Siviele Ingenieurswese.

FAKULTEIT LANDBOUWETENSKAPPE

Agrariese Voorligting; Biochemie; Entomologie; Genetika; Grondkunde en Plantvoeding; Landbou-ekonomie; Mikrobiologie en Plantpatologie; Plantproduksie; Tuinboukunde; Veekunde; Voedselwetenskap.

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Afrikaans; Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis; Argeologie; Bantoetale; Beeldende Kunste; Biblioteek- en Inligtingkunde; Drama; Duits; Ekonomie; Engels; Geografie; Geskiedenis; Grieks; Inheemse Reg; Kriminologie; Kunsgeskiedenis; Latyn; Liggaamlike Opvoedkunde; Maatskaplike Werk; Musiek; Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie; Romaanse Tale; Romeins-Hollandse Reg en Internasionale Privaatreg; Semitiese Tale; Sielkunde; Sosiologie; Spraakheelkunde en Oudiologie; Staatsleer en Internasionale Politiek; Publieke Administrasie; Statistiek; Volkekunde; Wiskunde; Wysbegeerte.

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke; Fundamentele Pedagogiek; Historiese en Vergelykende Pedagogiek; Liggaamlike Opvoedkunde; Ortopedagogiek; Psigo- en Sosiopedagogiek; Skoolvoorligting.

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Handels- en Arbeidsreg; Inheemse Reg; Prosesreg en Bewysleer; Publiek Reg; Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie; Romeins-Hollandse Reg en Internasionale Privaatreg; Strafreg.

FAKULTEIT TANDHEELKUNDE

Diagnostiek en Röntgenologie; Gemeenskapstandheelkunde; Herstellende Tandheelkunde; Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie; Mondpatologie en Mondbiologie; Ortodonsie; Periodonsie en Mondgeneeskunde; Prostetika en Tandtegnika.

FAKULTEIT TEOLOGIE (AFDELING A)

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika:
Dogmatiek en Christelike Etiek; Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap; Kerkgeskiedenis; Nuwe-Testamentiese Wetenskap; Ou-Testamentiese Wetenskap; Praktiese Teologie.

FAKULTEIT TEOLOGIE (AFDELING B)

Nederduitse Gereformeerde Kerk:
Dogmatiek en Christelike Etiek; Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap; Kerkgeskiedenis; Nuwe-Testamentiese Eksegese en Teologie; Ou-Testamentiese Eksegese en Teologie; Praktiese Teologie.

FAKULTEIT VEEARTSENYKUNDE

Anatomie; Chirurgie; Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie; Geneeskunde; Geslagskunde; Infeksiesiektes; Parasitologie; Patologie; Soötegnologie; Veterinêre Volksgesondheid.

FAKULTEIT WIS- EN NATUURKUNDE

Anatomie; Argitektuur; Biochemie; Boubestuur; Bourekenkunde; Chemie; Dierkunde; Entomologie; Fisika; Fisiologie; Genetika; Geografie; Geologie; Huishoudkunde en Dieetkunde; Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese; Mikrobiologie en Plantpatologie; Plantkunde; Rekenaarwetenskap; Statistiek; Toegepaste Wiskunde; Wiskunde

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT (Afrikaansmedium)

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Bedryfsekonomie; Bedryfsielkunde; Ekonomie; Mannekragstrategie; Mineraalekonomie; Rekeningkunde; Statistiek; Vervoerekonomie.

FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Laboratorium vir Energie; Laboratorium vir Kibernetika; Laboratorium vir Materiale; Laboratorium vir Stelsels.

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Afrikaans-Nederlands; Algemene en Toegepaste Linguistiek; Antropologie; Bantoetale; Biblioteek- en Inligtingkunde; Bybelkunde; Duits; Engels; Geskiedenis; Geografie; Klassieke Tale; Kommunikasieleer; Kunsgeskiedenis; Maatskaplike Werk; Nasionale Strategie; Ontwikkelingstudies; Romaanse Tale; Semitiese Tale; Sielkunde; Sosiologie; Staatsleer; Wysbegeerte.

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Biochemie; Chemie; Dierkunde; Eksperimentele en Teoretiese Fisika; Geografie; Geologie; Optometrie; Plantkunde; Rekenaarwetenskap; Statistiek; Wiskunde.

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Opvoedkunde; Onderwyskunde; Vakdidaktieke en vaardigheidsrigtings; Verpleegkunde.

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Handelsreg; Inheemse Reg; Privaatreg; Publiekreg.

RHODES-UNIVERSITEIT (Engelsmedium)

FAKULTEIT VAN FARMASIE

Skool vir Farmaseutiese Wetenskappe

FAKULTEIT VAN HANDEL

Bedryfsadministrasie; Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis; Rekeningkunde.

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

Afrikaans en Nederlands; Afrika-tale; Beeldende Kunste; Biblioteekkunde; Duits; Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis; Engels; Frans en Italiaans; Geografie; Geskiedenis; Joernalistiek en Mediakunde; Klassieke Tale; Liggaamlike Opvoedkunde; Linguistiek en Engelse Taal; Musiek en Musiekwetenskap; Sielkunde; Sosiologie en Bedryfsosiologie; Spraakleer en Drama; Staatkundige Studies; Volkekunde; Wysbegeerte.

FAKULTEIT VAN NATUURWETENSKAPPE

Chemie en Biochemie; Dierkunde en Entomologie; Fisika en Elektronika; Geografie; Geologie; Igtiologie en Visseryewetenskap; Mikrobiologie; Plantkunde; Rekenaarwetenskap; Sielkunde; Wiskunde (Suiwer en Toegepaste); Wiskundige Statistiek.

FAKULTEIT VAN OPVOEDKUNDE

Opvoedkunde.

FAKULTEIT VAN REGSGELEERDHEID

Regsgeleerdheid.

FAKULTEIT VAN SOSIALE WETENSKAPPE

Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis; Maatskaplike Werk; Sosiologie en Bedryfsosiologie; Staatkundige Studies; Volkekunde.

FAKULTEIT VAN TEOLOGIE

Teologie.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH (Afrikaansmedium)

FAKULTEIT BOSBOU

Boskunde; Houtkunde; Natuurbewaring.

FAKULTEIT GENEESKUNDE

Anatomie en Histologie; Anatomiese Patologie; Anestesiologie; Chemiese Patologie; Chirurgie (algemeen); Dermatologie; Farmakologie; Gemeenskapsgesondheid; Geneeskundige Fisiologie en Biochemie; Geneeskundige Mikrobiologie; Geregtelike Geneeskunde; Huisartskunde; Interne Geneeskunde; Kardio-Torakale Chirurgie; Neurochirurgie; Oogheelkunde; Oor-, Neus- en Keelkunde; Ortopedie; Pediatrie; Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie; Psigiatrie; Radiodiagnose; Radioterapie; Urologie; Verloskunde en Ginekologie; Virologie;

Arbeidsterapie; Fisioterapie; Hospitaaldieetkunde, Verpleegkunde.

FAKULTEIT HANDEL EN ADMINISTRASIE

Bedryfsekonomie; Bedryfsielkunde; Besigheidsbestuur en -administrasie; Ekonomie; Rekeningkunde; Snel- en Tikskrif; Vervoerekonomie.

FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Bedryfsingenieurswese; Chemiese Ingenieurswese; Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese; Meganiese Ingenieurswese; Metallurgiese Ingenieurswese; Siviele Ingenieurswese; Toegepaste Wiskunde.

FAKULTEIT KRYGSKUNDE

Bedryfsekonomie (Mil.); Bedryfsielkunde (Mil.); Ekonomie (Mil.); Fisika (Mil.); Handelsreg (Mil.) en Strafreg (Mil.); Krygsgeskiedenis; Lugvaartkunde; Militêre Geografie; Rekeningkunde (Mil.) en Ouditkunde (Mil.); Rekenaarstelsels (Mil.); Seevaartkunde; Staatsleer (Mil.) en Publieke Administrasie (Mil.); Wiskunde (Mil.).

FAKULTEIT LANDBOUWETENSKAPPE

Akkerbou en Weiding; Biochemie; Biometrie; Entomologie; Genetika; Grond- en Landbouwaterkunde; Hortologie; Landbou-ekonomie; Mens- en Dierfisiologie; Mikrobiologie en Virologie; Plantpatologie; Pluimveekunde; Skaap- en Wolkunde; Veekunde; Voedselwetenskap; Wingerdkunde; Wynkunde.

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Afrikaanse Kultuurgeskiedenis; Afrikaans en Nederlands; Afrika-studie; Algemene Taalwetenskap; Argeologie; Bantoetale; Beeldende Kunste; Biblioteek- en Inligtingkunde; Bybelkunde; Drama; Duits; Engels; Filosofie; Frans; Geografie; Geskiedenis; Grieks; Italiaans; Joernalistiek; Latyn; Maatskaplike Werk; Musiek; Ontwikkelingsadministrasie; Politieke Filosofie; Semitiese Tale; Sielkunde; Sosiologie; Staatsleer en Publieke Administrasie; Stads- en Streekbeplanning; Volkekunde.

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Biochemie; Botanie; Chemie; Fisika; Geologie; Huishoudkunde; Mens- en Dierfisiologie; Rekenaarwetenskap; Soölogie; Wiskunde.

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Afrikaans; Didaktiek; Engels; Fundamentele en Historiese Opvoedkunde; Liggaamlike Opvoedkunde; Onderwysadministrasie, Vergelykende Opvoedkunde en Geskiedenis van die Onderwys in Suid-Afrika; Opvoedkundige Sielkunde; Skoolkuns; Skoolmusiek; Afdeling Ortopedagogiek en Buitengewone Onderwys.

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Handelsreg; Privaatreg en Romeinse Reg; Publiekreg.

FAKULTEIT TANDHEELKUNDE

Gemeenskapstandheelkunde; Herstellende Tandheelkunde; Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie; Maksillo-fasiale Radiologie; Mondbiologie; Mondgeneeskunde en Periodonsie; Mondpatologie; Ortodonsie; Tandheelkundige Prostetiek.

FAKULTEIT TEOLOGIE

Diakoniologiese Vakke; Dogmatologiese Vakke; Ekklesiologiese Vakke; Nieu-Testamentiese Vakke; Ou-Testamentiese Vakke; Sendingwetenskap.

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA (Afrikaans- en Engelsmedium)

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Bedryfsekonomie; Bedryfsielkunde; Ekonomie; Kwantitatiewe Bestuur; Ouditkunde; Rekeningkunde; Toegepaste Rekenmeesterskap; Vervoerekonomie; Skool vir Bedryfsleiding.

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Aardrykskunde; Afrikaans en Nederlands; Afrikatale; Biblioteek- en Inligtingkunde; Duits; Engels; Geskiedenis; Klassieke; Kommunikasiekunde; Kriminologie; Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste; Linguistiek; Maatskaplike Werk; Musiekwetenskap; Ontwikkelingsadministrasie en -politiek; Politieke Wetenskappe; Romaanse Tale; Russies; Semitistiek; Sielkunde; Sosiologie; Verpleegkunde; Volkekunde en Inheemse Reg; Wysbegeerte.

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Chemie; Fisika; Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels; Statistiek; Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Sterrekunde.

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Didaktiek en Vergelykende Opvoedkunde; Empiriese Opvoedkunde; Fundamentele Pedagogiek; Historiese Opvoedkunde; Ortopedagogiek.

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Handelsreg; Privaatreg; Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie; Staats- en Volkereg; Straf- en Prosesreg.

FAKULTEIT TEOLOGIE

Kerkgeskiedenis; Nuwe Testament; Ou Testament; Praktiese Teologie; Sending- en Godsdienswetenskap; Sistematiese Teologie en Teologiese Etiek.

VISTA-UNIVERSITEIT (Engelsmedium)

FAKULTEITE: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Lettere en Wysbegeerte, Opvoedkunde

DEPARTEMENTE

Afrikaans; Afrika-tale; Bedryfsekonomie; Ekonomie; Engels; Geografie; Geskiedenis; Handelsreg; Opvoedkunde; Rekeningkunde; Sielkunde; Sosiologie; Wiskunde.

KAMPUS VIR VERDERE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS

Afrikaans; Biologie; Bybelkunde; Engels; Geografie; Geskiedenis, Huishoudkunde; Natuur- en Skeikunde; Opvoedkunde; Rekeningkunde; Wiskunde.

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND (Afrikaans- en Engelsmedium)

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

Bedryfsekonomie (sluit in Tikskrif, Snelskrif en Shorthand); Bedryfpsigologie; Ekonomie; Publieke Administrasie; Rekeningkunde; Staatsleer; Statistiek.

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Afrikaans en Nederlands; Antropologie; Arabies; Bedryfpsigologie; Biblioteek-, en Inligtingkunde; Bybelkunde; Duits; Ekonomie; Engels; Filosofie; Frans; Geografie en Omgewingstudies; Geskiedenis; Hellenistiese Grieks; Latyn; Liggaamlike Opvoedkunde; Linguistiek; Maatskaplike Werk; Menslike Ekologie; Musiek; Publieke Administrasie; Semitistiek; Sielkunde; Sosiologie; Staatsleer; Verpleegkunde; Wiskunde; Xhosa.

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Biochemie; Chemie; Farmakologie; Farmaseutiese Chemie; Farmaseutika; Fisika; Fisiologie; Geografie en Omgewingstudies; Geologie; Plantkunde; Plantpatologie; Rekenaarwetenskap; Soölogie; Statistiek; Toegepaste Wiskunde; Wiskunde.

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Buitengewone Onderwys; Didaktiek en Onderwyspraktyk; Filosofie en Geskiedenis van die Opvoeding; Kinderleiding en Remediërende Onderwys; Opvoedkundige Siel-

kunde en Sosiologie van die Opvoeding; Taaldidaktiek (ingesluit by Departement Didaktiek en Onderwyspraktyk); Vergelykende Opvoedkunde.

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Handelsreg; Privaatreg; Publieke Reg en Formele Reg; Vergelykende Reg en Volkereg.

FAKULTEIT TANDHEELKUNDE

Anatomie; Arbeidsterapie; Fisiologiese Wetenskappe; Fisioterapie; Gemeenskapstandheelkunde; Geneeskundige Mikrobiologie; Kaak-, Gesig- en Mondchirurgie en Röntgenologie; Konserverende Tandheelkunde; Mondgeneeskunde en Periodonsie; Ortodonsie; Patologiese Anatomie en Mondpatologie; Tandheelkundige Prostetiek.

FAKULTEIT TEOLOGIE

Diakoniologie; Dogmatologie; Ekklesiologie; Missiologie; Nuwe Testament; Ou Testament.

UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND (Engelsmedium)

FAKULTEIT ARGITEKTUUR

Argitektuur; Boukunde; Bourekenkunde; Stads- en Streekbeplanning.

FAKULTEIT BEDRYFSADMINISTRASIE

Nagraadse Skool vir Bedryfsadministrasie.

FAKULTEIT GENEESKUNDE

Anatomie; Anatomiese Patologie; Anestesiologie; Arbeidsterapie; Chemiese Patologie; Chirurgie; Eksperimentele en Kliniese Farmakologie; Fisiologie; Fisioterapie; Skool vir Gemeenskapsgesondheid; Geneeskunde; Geneeskundige Biochemie; Geneeskundige Fisika; Geneeskundige Mikrobiologie; Geregtelike Geneeskunde; Hematologie; Immunologie; Kerngeneeskunde; Menslike Genetika; Obstetrie en Ginekologie; Oogheelkunde; Ortopediese Chirurgie; Skool vir Patologie; Pediatrie en Kindergesondheid; Psigiatrie en Geestesgesondheid; Radiologie (Diagnosties); Radiologie (Terapeuties); Tropiese Siektes; Verplegingsonderwys; Virologie.

FAKULTEIT HANDEL

Bedryfsekonomie; Ekonomie; Rekeningkunde.

FAKULTEIT INGENIEURSWESE

Chemiese Ingenieurswese; Elektrotegniese Ingenieurswese; Landmeetkunde; Skool vir Meganiese Ingenieurswese; Metallurgie; Mynbou-ingenieurwese; Siviele Ingenieurswese.

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Afrikaans en Nederlands; Afrika-tale; Argeologie; Beeldende Kunste; Biblioteek- en Inligtingkunde; Dramaskool; Duits; Ekonomie; Engels; Frans; Geografie en

Omgewingstudies; Geskiedenis; Godgeleerdheid; Hebreeus; Internasionale Verhoudings; Italiaans; Klassieke Tale; Kunsgeskiedenis; Linguistiek; Skool vir Maatskaplike Werk; Musiekskool; Opvoedkunde; Portugees; Russies; Skool vir Sielkunde (Bedryfsielkunde, Eksperimentele Sielkunde, Toegepaste Sielkunde); Sosiale Antropologie; Sosiologie; Spraakpatologie en Oudiologie; Staatkundige Studies; Vergelykende Letterkunde; Wiskunde; Wysbegeerte;
Nagraadse Skool vir Vertalers en Tolke.

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Algemene Anatomie; Algemene Fisiologie; Anatomie; Argeologie; Biochemie; Chemie; Dierkunde; Fisika; Fisiologie; Genetika; Geofisika; Geografie en Omgewingstudies; Geologie, Geofisika; Mikrobiologie; Paleontologie en Paleo-omgewingstudies; Plantkunde; Rekenaarwetenskap; Skool vir Sielkunde; Toegepaste Wiskunde; Wiskunde.

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Opvoedkunde.

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Regskool.

FAKULTEIT TANDHEELKUNDE

Algemene Anatomie; Algemene Fisiologie; Chirurgie; Eksperimentele Odontologie; Gemeenskapstandheelkunde; Konserverende Tandheelkunde; Mondgeneeskunde en Periodontologie; Mondpatologie; Ortodonsie, Prostetika.

UNIVERSITEIT VAN ZULULAND (Engelsmedium)

FAKULTEIT EKONOMIESE EN STAATKUNDIGE WETENSKAPPE

Bedryfsekonomie; Bedryfsielkunde; Ekonomie; Rekeningkunde en Ouditkunde; Staatsleer en Publieke Administrasie.

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

Afrikaans; Bantoetale; Biblioteekkunde; Bybelkunde; Duits; Engels; Frans; Geografie; Geskiedenis; Klassieke Tale; Kommunikasiekunde; Kriminologie; Maatskaplike Werk; Musiek; Sielkunde; Sosiologie; Spraakleer en Drama; Verpleegkunde; Volkekunde en Ontwikkelingstudies; Wysbegeerte.

FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

Biochemie; Chemie; Dierkunde; Fisika; Geografie; Geologie; Hidrologie; Huishoudkunde; Plantkunde; Toegepaste Wiskunde; Wiskunde; Wiskundige Statistiek.

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Didaktiek; Filosofie van Opvoedkunde; Historiese en Vergelykende Opvoedkunde; Onderwysbeplanning en -administrasie; Opvoedkundige Sielkunde.

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Handelsreg; Privaatreg; Staatsreg; Straf- en Prosesreg; Zulu Reg.

FAKULTEIT TEOLOGIE

Bybelkunde; Diakoniologiese en Ekklesiologiese Vakke; Dogmatiek en Etiek; Kerkgeskiedenis; Nuwe Testament; Ou Testament; Sending- en Godsdienswetenskap.

INSTITUUT VIR STAATSDIENS EN BEROEPSLEIDING

Organisasie- en Metodestudie; Publieke Administrasie; Regsgeleerdheid; Staatsfinansies en Ouditkunde.

HOOFSTUK 3

# U N I V E R S I T E I T S T O E L A T I N G, S T U D I E R I G T I N G S, K W A L I F I K A S I E S EN B E R O E P S D I E N S

## UNIVERSITEITSTOELATING

### Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad

Elke onderwysdepartement het sy eie stelsel van eksterne seniorsertifikaat-eksamens, maar universiteitstoelating word deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (GMR) beheer. Hierdie statutêre liggaam is ingestel om die matrikulasie-eksamens van die universiteite in die RSA se beheer en af te neem, en bestaan onder andere uit verteenwoordigers van die universiteite en die onderwysdepartemente.

'n Volledige en amptelike opgawe van die matrikulasievereistes van die Suid-Afrikaanse universiteite is in die Matrikulasie-eksamen Handboek vervat en wat jaarliks deur die GMR gepubliseer word (kyk lys van adresse). Dis belangrik om daarop te let dat die voorskrifte in hierdie Handboek van tyd tot tyd en selfs van jaar tot jaar gewysig word. Ten einde 'n beeld daar te stel, word die besonderhede vir 1985 kortliks in hierdie afdeling bespreek.

Die toelatingsvereiste tot die studie vir 'n eerste graad aan enige universiteit in Suid-Afrika is 'n Matrikulasiesertifikaat van die GMR, of 'n vrystellingsertifikaat soos deur die Raad uitgereik. Die verskillende onderwysdepartemente neem egter eksamens vir die Senior Sertifikaat af wat op sillabusse gebaseer is wat deur die Raad goedgekeur is. Hierdie eksamens word deur die Raad, onderhewig aan voorwaardes soos deur die Raad voorgeskryf, vir vrystelling van sy eie matrikulasie-eksamen erken.

Aan 'n kandidaat wat in die matrikulasie-eksamen van die GMR suksesvol was, kan óf 'n Skooleindsertifikaat óf 'n Matrikulasie-sertifikaat toegeken word, na gelang van die geslaagde vakke, standaarde in bepaalde vakke behaal en die groottotaal punte. Insgelyks kan aan kandidate wat die seniorsertifikaateksamens van die verskillende onderwysdepartemente afgelê het, óf 'n Senior Sertifikaat óf 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) toegeken word. Die voorwaardes vir die verwerwing van 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) is vir albei dieselfde.

### VAKKE

Die groepe van goedgekeurde vakke vir die Matrikulasiesertifikaat en die Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling), verskil van dié vir die Skooleindsertifikaat en die Senior Sertifikaat en is die volgende (H = Hoër Graad; S = Standaardgraad):

A. Afrikaans Eerste Taal H; Afrikaans Tweede Taal H; Engels Eerste Taal H; Engels Tweede Taal H

B. Wiskunde H of S

C. Biologie H of S; Natuur- en Skeikunde H of S

D. Afrikaans Tweede Taal S (mag slegs deur immigrante en Swart kandidate aangebied word); 'n Bantoetaal Eerste Taal H gekies uit Noord-Sotho,

Suid-Sotho, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa en Zoeloe, 'n Bantoetaal S gekies uit Noord-Sotho, Suid-Sotho, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa en Zoeloe; Duits H (Moedertaal); Duits H (Derde Taal); Engels Tweede Taal S (mag slegs deur immigrante en Swart kandidate aangebied word); Frans H; Grieks S; Hebreeus H; Italiaans S; Latyn H; Portugees S; Spaans S

E. Aardrykskunde H of S (indien nie onder Groep F aangebied nie); Bybelkunde H of S; Ekonomie H of S; Geskiedenis H of S

F. Aardrykskunde H of S (indien nie onder Groep E aangebied nie); Addisionele Wiskunde H (mag nie sonder Wiskunde H aangebied word nie en mag slegs deur kandidate wat 7 vakke neem, aangebied word); Bedryfsekonomie S; Handelswiskunde S (mag nie tesame met Wiskunde H of S aangebied word nie); *Huishoudkunde H of S; *Kuns H of S; Landboukunde H of S; *Musiek H of S; Rekeningkunde H of S; Shorthand S; Snelskrif S; Spraak en Drama S; Tegniese Tekene H; Tik S

*Mag nie deur privaatkandidate aangebied word nie.

<u>Let wel :</u> ADDISIONELE VAKKE

Kyk bylae A vir vakke wat nie in die Raad se lys van vakke vir die Matrikulasiesertifikaat ingesluit is nie, en wat vir vrystellingsdoeleindes erken word indien in ander eksamens geslaag.

UITREIKING VAN MATRIKULASIESERTIFIKAAT

'n Matrikulasiesertifikaat word aan 'n kandidaat uitgereik wat by een en dieselfde eksamensitting -

a. minstens ses en hoogstens sewe vakke gekies uit Groep A tot F, en wat minstens een vak uit elk van vier verskillende groepe insluit, vir die eksamen aangebied het;

b. in minstens vyf vakke geslaag het (H = 40 %; S en tweede taal H = 33 1/3 %);

c. die minimum groottotaal van 950 punte behaal het;

d. behoudens voorbehoudsbepalinge (iv), (v) en (viii) hieronder geslaag het -

   . in een amptelike Eerste Taal H en
   . in die ander amptelike Eerste of Tweede Taal H;

e. by die vyf vakke waarin geslaag is, minstens een vak uit elk van vier verskillende groepe of twee vakke uit Groep C of Groep E en een vak uit elk van twee ander groepe ingesluit het;

f. geslaag het in minstens drie vakke op die Hoër Graad waarvan, behoudens voorbehoudsbepalings (iv) en (v), een 'n amptelike Eerste Taal H moet wees en die ander twee, behoudens voorbehoudsbepalings (vi) tot (ix) uit twee van Groepe B, C, D, E en F gekies is;

g. minstens 20 % behaal het in die sesde vak:

Met dien verstande dat

(i) 'n kandidaat wat ses vakke aanbied, hoogstens vier tale mag aanbied en 'n kandidaat wat sewe vakke aanbied, hoogstens vyf tale mag aanbied;

(ii) 'n kandidaat geen vak op sowel die Hoër Graad as die Standaardgraad mag aanbied nie;

(iii) wat betref die groepe -

(aa) Xhosa en Zoeloe; en
(bb) Noord-Sotho, Suid-Sotho en Tswana; hoogstens een taal uit dieselfde groep aangebied kan word;

(iv) slegs 'n kandidaat wie se huistaal 'n Bantoetaal is, 'n Bantoetaal as Eerste Taal op Hoërgraadvlak mag aanbied as 'n vak uit Groep A, mits hy ook ten minste een van die amptelike tale uit Groep A aanbied op minstens die Tweede Taal Hoër Graadvlak en daarin slaag;

indien die kandidaat sy huistaal aanbied en slaag, asook beide die amptelike tale op minstens Tweede Taal Hoërgraadvak, kan enige een van die amptelike tale as 'n vak uit Groep D geag word;

indien die kandidaat sy huistaal aanbied en slaag, asook beide die amptelike tale op minstens die Tweede Taal Hoërgraadvlak en minstens 40 % in een van die amptelike tale behaal, kan dié amptelike taal waarin 40 % of meer behaal is, as 'n erkende Hoërgraadvak uit Groep D vir doeleindes van paragraaf f. geag word;

indien die kandidaat beide die amptelike tale benewens sy huistaal aanbied, mag hy een van die amptelike tale op die Tweede Taal Standaardgraadvlak as 'n erkende vak uit Groep D aanbied vir doeleindes van paragraaf a. en indien hy minstens 40 % daarin behaal, sal hy geag word te geslaag het in 'n erkende Matrikulasievak vir doeleindes van paragraaf b. en e.;

(v) slegs 'n kandidaat wie se huistaal Duits is, wat 'n skool in Suidwes-Afrika bywoon, en wie se ouers in Suidwes-Afrika gedomisilieer is of was, Duits H (Moedertaal) as 'n Groep A-vak kan aanbied, mits hy ook beide Afrikaans en Engels, waarvan een Eerste Taal H moet wees, aanbied, en in beide Afrikaans en Engels op minstens Tweede Taal H slaag: Met dien verstande voorts dat so 'n kandidaat enigeen van die amptelike tale in Groep A as 'n vak onder Groep D mag aanbied;

(vi) 'n kandidaat wat Landboukunde H, Rekeningkunde H of Tegniese Tekene H vir doeleindes van paragraaf f. aanbied, in Wiskunde op minstens die Standaardgraad slaag;

(vii) 'n kandidaat wat Huishoudkunde H vir doeleindes van paragraaf f. aanbied, in Wiskunde of 'n natuurwetenskap gekies uit Groep C op minstens die Standaardgraad slaag;

(viii) behalwe, soos bepaal by voorbehoudsbepaling (iv) ten opsigte van kandidate wie se huistaal 'n Bantoetaal is, Tweede Amptelike Taal H nie as 'n vak op die Hoër Graad vir doeleindes van paragraaf f. erken word nie;

(ix) Addisionele Wiskunde H onder geen omstandighede vir doeleindes van paragraaf f. erken word nie; en

(x) wat die vak Aardrykskunde betref, mag sodanige vak wat onder meer as een groep ingesluit is, nie onder meer as een groep erken word vir die doeleindes van paragraaf a., e. en f. nie.

Let wel

1. 'n Reeks voorskrifte van die GMR maak onder andere voorsiening vir

- voltooiing van vereistes vir die Matrikulasiesertifikaat;
- algehele vrystelling van die Matrikulasiesertifikaat op grond van ander sertifikate wat verwerf is, en die omskepping van sertifikate van gedeeltelike en voorwaardelike vrystelling in algehele vrystelling;
- uitreiking van 'n Matrikulasiesertifikaat aan bona fide deeltydse kandidate en aan immigrante;
- gedeeltelike vrystelling op grond van ander eksamens wat afgelê is;
- voorwaardelike vrystelling op grond van ander eksamens wat afgelê is en gevorderde ouderdom asook vrystelling op grond van mediese of liggaamlike ongeskiktheid.

2. Alhoewel die Matrikulasiesertifikaat of 'n sertifikaat van vrystelling die normale toelatingsvereiste tot 'n graadkursus is, word sekere vakke en slaagpunte deur universiteite as voorvereistes vir toelating tot sommige departemente of fakulteite gestel.

NAGRAADSE GRADE

Honneursgrade

In die groep Honneursgrade wat die universiteite aanbied, kan twee groepe duidelik onderskei word, naamlik

- Honneursgrade vir akademiese verdieping

  Nadat 'n student 'n Baccalaureusgraad verwerf het, kan 'n Honneursgraad na een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie in een van die hoofvakke vir die Baccalaureusgraad aan hom toegeken word.

- Honneursgrade toegespits op beroepsvoorbereiding

  In die geval behels die leergang vakke wat nie in die voorvereiste graad bestudeer is nie, bv. Hons. B. Joernalistiek waarvoor die toelatingsvereiste 'n Baccalaureusgraad uit enige fakulteit is, en die Hons.-B.Sc. in Natuurbewaring.

  Die Honneurseksamen behels skriftelike vraestelle asook praktiese, mondelinge en ander toetse wat voorgeskryf kan word.

In sekere studierigtings waar die Baccalaureusgraadkursus vier of vyf jaar duur, of in die geval van 'n tweede of gevorderde Baccalaureusgraad soos die B.Ed.- en B.Th.-graad, word geen Honneursgraadstudie aangebied nie, omdat hierdie grade beskou word as gelykstaande aan 'n Honneursgraad. Studente wat die grade het, kan direk voortgaan met Magistergraadstudie.

Magistergrade

Normaalweg word slegs studente wat oor 'n Honneursgraad beskik, as kandidate vir Magistergrade aanvaar. Studente wat net oor 'n Baccalaureusgraad beskik, word slegs in buitengewone gevalle aanvaar.

Die Magistergrade kan in drie groepe ingedeel word.

- Die akademiese Magistergraad kan beskryf word as grade wat toegeken word vir gevorderde studie in 'n vakgebied wat reeds tot op 'n vlak gelykstaande aan die Honneursvlak bestudeer is.

  'n Kandidaat vir 'n Magistergraad moet vir ten minste een jaar 'n ingeskrewe student wees. Gedurende die tyd moet hy gevorderde studie en/of gevorderde navorsing onderneem onder die toesig van 'n studieleier wat deur die Senaat van die betrokke universiteit aangestel is.

  Die eksamen behels gewoonlik 'n verhandeling wat bewys lewer dat die student met die navorsingsmetodes vertroud is, of skriftelike vraestelle of albei soos deur die Senaat voorgeskryf. In sommige studierigtings byvoorbeeld Beeldende Kunste, Argitektuur en Musiek, kan die bepalings vir die Magistergraad vir ander vorme van eksaminering voorsiening maak.

  'n Subgroep van die akademiese Magistergrade lei gewoonlik tot registrasie by 'n professionele raad, byvoorbeeld die grade M.A. (Kliniese Sielkunde) en die M.A. (Voorligtingsielkunde). Die leergange behels klaswerk, praktykervaring en -opleiding onder toesig van gekwalifiseerde en geregistreerde professionele persone by 'n erkende instelling.

  'n Verdere subgroep is die Magistergrade in Geneeskunde, naamlik M.Med. wat die spesialistekwalifikasie is wat deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad erken word. Die opleiding bestaan uit teoretiese, kliniese en praktiese onderrig terwyl kandidate 'n pos aan 'n hospitaal beklee. 'n Kandidaat moet 'n navorsingsverslag indien en skriftelike en/of mondelinge eksamens aflê.

- Professionele Magistergrade word toegeken vir studie wat nagraads onderneem word in vakgebiede wat nie noodwendig in die voorvereiste studieprogram bestudeer is nie, bv. M.B.A., M.A. (Vertaling), M.C.R.P., M.T.R.P., M. in Personeelbestuur.

  Enige gegradueerde en in sommige gevalle ongegradueerdes met professionele kwalifikasies kan toegelaat word om vir die grade te registreer.

- Die M.Phil.-graad (Magister Philosophiae) wat deur UK en RAU aangebied word, word normaalweg toegeken vir 'n verhandeling oor interfakultêre onderwerpe of vir werk in departemente waar die gewone Magistergraad nie toepaslik is nie of waar dit professionele status verleen.

Doktorsgrade

Doktor in die Wysbegeerte - Ph.D.: 'n Kandidaat moet 'n gegradueerde en 'n geregistreerde student vir minstens twee jaar wees. Hy moet onder die leiding van 'n toesighouer 'n goedgekeurde kursus van spesiale studie of navorsing voortsit oor 'n onderwerp binne die perke van die studierigtings wat die betrokke universiteit aanbied. 'n Kandidaat moet 'n proefskrif wat die resultate van sy studie of navorsing bevat, voorlê. 'n Proefskrif moet 'n besliste bydrae tot die kennis van en insig in die vak wees en moet bewys van oorspronklikheid lewer, hetsy deur die vind van nuwe feite of deur die beoefening van 'n onafhanklike kritiese vermoë.

Ander Doktorsgrade: 'n Kandidaat wat oor 'n Magister- of Ph.D.-graad beskik, moet gevorderde oorspronklike navorsing onderneem en moet oorspronklike werk in 'n goedgekeurde studierigting aan die Senaat vir goedkeuring voorlê. Die werk wat gepubliseer moet wees, moet 'n voortreflike bydrae tot die bevordering van kennis in die betrokke rigting lewer.

VERDUIDELIKENDE AANTEKENINGE

Kursus: Gewoonlik een akademiese jaar van studie in 'n vak.

Leergang: 'n Bepaalde aantal kursusse wat vir 'n graad of diploma gevolg moet word.

Departement: 'n Akademiese departement is verantwoordelik vir die onderrig van en navorsing in 'n enkele vak, byvoorbeeld Engels, Geskiedenis, Chemie, ens., of vir 'n groep verwante vakke, byvoorbeeld Afrikaans en Nederlands, Mikrobiologie en Higiëne ens.

Fakulteit: 'n Universiteitsliggaam wat toesig hou oor 'n bepaalde studierigting en wat in 'n aantal departemente onderverdeel is.

Hoofvak: 'n Vak wat 'n student as 'n kernvak in sy/haar leergang kies en wat vir drie (in sommige gevalle twee) opeenvolgende jare bestudeer moet word. Meeste grade vereis twee hoofvakke.

Registrasie: Alle nuwe studente wie se toelating aanvaar is, en terugkerende studente moet vir 'n bepaalde fakulteit elke jaar registreer. Die week wat die akademiese jaar voorafgaan, word gewoonlik vir registrasie afgestaan. Gedurende dié week moet elke student se leergang deur die Dekaan van die Fakulteit goedgekeur word.

Semester: 'n Halwe studiejaar.

Voorgraadse student: 'n Student wat vir sy eerste Baccalaureusgraad of diploma studeer.

STUDIERIGTINGS, GRADE/DIPLOMAS EN BEROEPSDIENS

Let wel: (a) In hierdie afdeling word al die grade, diplomas en sertifikate genoem, maar in die meeste gevalle word net die eerste grade, diplomas en sertifikate bespreek.

(b) Raadpleeg bylae B tot G vir hoofvakke vir die B.A.- en B.Sc.-graad en vakke vir die B.Com.-graad, asook Honneursrigtings vir B.A., B.Com. en B.Sc.

Die universiteite wat die graad, diploma of sertifikaat aanbied word tussen hakies in alfabetiese volgorde aangedui.

Afkortings vir die universiteite gebruik:

UDW - Universiteit van Durban-Westville
UFH - Universiteit van Fort Hare
UK - Universiteit van Kaapstad
MEDUNSA - Mediese Universiteit van Suider-Afrika
UN - Universiteit van Natal
UNOORDE - Universiteit van die Noorde
UOVS - Universiteit van die Oranje-Vrystaat
UPE - Universiteit van Port Elizabeth
PU vir CHO - Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
UP - Universiteit van Pretoria
RAU - Randse Afrikaanse Universiteit
RU - Rhodes-universiteit
US - Universiteit van Stellenbosch
UNISA - Universiteit van Suid-Afrika
VISTA - VISTA-universiteit
UWK - Universiteit van Wes-Kaapland
UW - Universiteit van die Witwatersrand
UZ - Universiteit van Zululand

ADMINISTRASIE/PUBLIEKE ADMINISTRASIE (Kyk ook Bedryfsadministrasie.)

Universiteite: UDW, UFH, UK, UNOORDE, UOVS, UPE, UP, US, UNISA, UWK, UZ

Let wel: UPE bied Publieke Administrasie aan as 'n keuserigting vir die B.Com.-graad, en UNOORDE en UZ bied Administrasie aan as 'n keuserigting vir B.Com. Kyk HANDEL.

'n Aantal universiteite bied Publieke Administrasie aan as 'n hoofvak vir die B.A.-graad. Kyk bylae B.

EERSTE GRADE

Administrasie

Baccalaureus Administrationis: B. Admin. (UDW, UFH, UNOORDE, UWK, UZ)

Addisionele toelatingsvereistes:

UFH : 'n Slaagsyfer in Wiskunde en 'n puntetelling van 28. Kyk ook SUIWER NATUURWETENSKAPPE.

UWK: 'n Slaagsyfer in Wiskunde.

UZ: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG of 50 % in Wiskunde SG.

Duur: Drie jaar voltydse studie. UFH bied twee keuserigtings aan, naamlik Openbare Sake en Personeelbestuur.

Baccalaureus Administrationis: B. Admin. (UOVS)

Baccalaureus in Administrasie: B. Admin. (US)

Addisionele toelatingsvereistes:

US: 'n Gemiddeld van minstens 'n D-simbool in die Matrikulasie- of gelykstaande eksamen.

Duur: Drie jaar voltydse studie of vier jaar deeltydse studie.

Baccalaureus Administrationis (Openbare Finansies): B. Admin. (Openbare Finansies) (UDW)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 'n D-simbool (50 % - 59 %) in Wiskunde SG.

Duur: Drie jaar.

Baccalaureus in Administrasie: B. Admin. (UP)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde.

Duur: Drie jaar. Die graad word aangebied in drie bepaalde studierigtings, naamlik Staatsadministrasie, Munisipale Administrasie en Internasionale Verhoudings.

Baccalaureus Administrationis: B. Admin. (UNISA)

Duur: Minstens drie jaar.

Publieke Administrasie

Magister in Publieke Administrasie: M.Pub.Ad (UK)

Toelatingsvereistes: 'n Honneursgraad in die Fakulteit Sosiale Wetenskappe en Humaniora van die Universiteit of 'n gelykwaardige Honneursgraad van enige universiteit.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

Magister in Publieke Administrasie: M.P.A. (UDW, UOVS, UPE)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad en voldoende administratiewe ervaring.

Duur: Twee jaar. Minstens drie jaar aan UPE.

Magister in Publieke Administrasie: M.P.A. (UP)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad en toepaslike administratiewe ervaring verkieslik in die openbare sektor.

Duur: Minstens twee jaar.

Honneurs-Baccalaureus in Publieke Administrasie: Hons.-B. in Publieke Administrasie (US)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad en voldoende praktiese ervaring in openbare administrasie.

Duur: Twee jaar buitemuurse studie.

Magister in Publieke Administrasie: M.P.A. (UNISA)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad; minstens drie jaar toepaslike praktiese ervaring, verkieslik in die openbare sektor; en geslaag het in Publieke Administrasie III en in minstens twee kursusse in een of meer van die volgende vakke: Ekonomie, Bedryfsielkunde, Ontwikkelingsadministrasie, Staatsleer.

Duur: Die leergang bestaan uit drie dele. Deel III behels 'n verhandeling van beperkte omvang oor 'n goedgekeurde onderwerp uit enige van die vraestelle in Publieke Administrasie wat in dele I en II geneem is.

NAGRAADSE GRADE

Honoris Baccalaureus Administrationis: B. Admin. (Hons.) (UDW)
Baccalaureus in Administrasie (Honneurs): B. Admin. (Hons.) (UFH)
Baccalaureus Administrationis cum Honoribus: B. Admin. Hons. (UNOORDE)
Honneursbaccalaureus Administrationis: B. Admin. Hons. (UOVS)
Baccalaureus Honores in Administrasie: B. Admin. (Hons.) (UP)

Honneurs-Baccalaureus in Administrasie: Hons.-B. Admin. (US, UZ)
Honneurs-Baccalaureus Administrationis: Hons.-B. Admin. (UWK)

Magister Administrationis: M. Admin. (UDW, UNOORDE, UOVS, UNISA, UWK)
Magister in Administrasie: M. Admin. (UFH, UP, US, UZ)
Magister in Publieke Administrasie: M.P.A. (UDW, UOVS, UPE, UP, US, UNISA) of M.Pub.Ad. (UK)
Magister Philosophiae: M.Phil. (UK)

Philosophiae Doctor: Ph.D. (UK)
Doctor Administrationis: D. Admin, (UDW, UNOORDE, UOVS, UNISA, UWK)
Doktor in Administrasie: D. Admin. (UFH, UP, US, UZ)
Doktor in Publieke Administrasie: D.P.A. (UDW, US, UNISA)

DIPLOMAS

Gevorderde Diploma in Publieke Administrasie (UDW)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat en administratiewe ondervinding; <u>of</u> die Diploma in Publieke Administrasie soos voorheen deur die Universiteit aangebied.

<u>Duur</u>: Een of twee jaar deeltydse studie.

Diploma in Publieke Administrasie (UFH)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit van 'n Senior Sertifikaat en in diens van die openbare sektor wees.

<u>Duur</u>: Drie jaar. Die Diploma kan in een van die volgende keuserigtings verwerf word: Staatsfinansies, Personeelbestuur, Organisasie- en Metodestudie, Plaaslike Owerheidsadministrasie.

UNOORDE:

Diploma in Munisipale Administrasie: Dipl.Mun.Admin.

Diploma in Munisipale Finansies: Dipl.Mun.Fin.

Diploma in Openbare Administrasie: Dipl. Openbare Admin.

Diploma in Staatsfinansies: Dipl.S.Fin.

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat. Keuring in oorleg met regeringsdienste.

<u>Duur:</u> Drie jaar. Studente woon net vir 'n semester elke jaar voltyds klasse by.

Bevoegdheidsertifikaat in Openbare Administrasie (UNOORDE)

Toelatingsvereistes: Persone bo die rang van administratiewe beampte wat oor akademiese kwalifikasies beskik wat vir die Universiteit aanvaarbaar is.

<u>Duur:</u> Een jaar deeltydse studie. Bywoning van twee simposia, spesifiek vir die kursus gereël, is 'n voorvereiste.

Diploma in Staats- en Munisipale Administrasie: Dipl.S.M.A. (UOVS)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Drie jaar voltydse studie of vier jaar deeltydse studie.

Gevorderde Diploma in Staats- en Munisipale Administrasie: Gev.Dipl.S.M.A. (UOVS)

Toelatingsvereistes: Diploma in Staats- en Munisipale Administrasie of uitgebreide ervaring wat as voldoende geag word om die studie met vrug te onderneem.

Duur: Twee jaar.

Diploma in Gevorderde Publieke Administrasie: Dip.P.A. (UPE)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie en voldoende administratiewe ervaring.

Duur: Minstens twee jaar.

Diploma in Publieke Administrasie: Dip.Admin. (UP)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie en ervaring van voldoende gehalte.

Duur: Twee jaar.

Gevorderde Diploma in Publieke Administrasie (US)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat en praktiese ervaring in publieke administrasie.

Duur: Twee jaar buitemuurse studie.

Diploma in Gevorderde Publieke Administrasie (UNISA)

Toelatingsvereistes: 'n Student moet 'n senior leidinggewende amptenaar wees; minstens drie jaar toepaslike praktiese ervaring in die openbare sektor opgedoen het; oor 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) beskik; en 'n vraelys voltooi vir voorlegging aan en goedkeuring deur die Senaat. Die vraelys is op aanvraag van die Registrateur (Akademies) verkrygbaar.

Duur: Minstens twee jaar.

Let wel: Die volgende diplomas en sertifikaat word deur die Universiteit van Zululand se Instituut vir Staatsdiens en Beroepsopleiding aangebied:

Diploma in Organisasie- en Metodestudie

Diploma in Plaaslike Owerheid en Administrasie

Diploma in Publieke Administrasie

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Drie jaar.

Diploma in Gevorderde Publieke Administrasie

Toelatingsvereistes: Enigeen van die bogenoemde diplomas of 'n diploma in staatsfinansies en ouditkunde of enige gelykwaardige diploma. 'n Student moet geslaag het in Publieke Administrasie III of Publieke Administrasie II en Organisasie- en Metodestudie III of Publieke Administrasie II en Staatsfinansies III.

Duur: Twee jaar deeltydse studie. Die bywoning van twee werkwinkels per jaar, spesifiek gereël vir die kursus, is 'n voorvereiste.

Bekwaamheidsertifikaat in Leierskap in Publieke Administrasie

Toelatingsvereistes: 'n Student moet 'n amptenaar in diens van 'n regeringsinstansie wees, met die rang van hoofklerk of gelykwaardig en hoër.

Duur: Minstens een akademiese jaar deeltydse studie. Bywoning van drie werkwinkels is verpligtend.

Diploma in Staatsfinansies en Ouditkunde

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Drie jaar. Daar is twee leergange, naamlik Algemeen en Plaaslike Regering.

Diploma in Ko-operatiewe Bestuur en Administrasie

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Twee jaar.

BEROEPSDIENS: Die breë klassifikasie van enige owerheid se funksies is wetgewend (politieke liggaam), uitvoerend (administratiewe) liggaam) en regsprekend (die howe). Breedweg gesien is hier drie vakgebiede betrokke, naamlik Staatsleer vir die politieke aspek, Publieke Administrasie vir die uitvoerende aspek en Regte vir die Staatsregtelike aspek. Die student in die Publieke Administrasie word onder meer geleer hoe die staatswerksaamhede geadministreer of bestuur word. Dit behels die samestelling en funksionering van al die owerheidsinstellings wat gemoeid is met uitvoering van openbare beleid soos dié van staatsdepartemente, munisipaliteite, rade, kommissies en korporasies.

Vir studiedoeleindes word ses kategorieë van administratiewe funksies onderskei, te wete

die prosesse vir die bepaling van die beleid van openbare instellings;

die stappe wat die owerheid volg om geld vir die uitvoering van sy beleid in te samel en aan die onderskeie instellings toe te wys;

- organisasie van die instellings;

- die werwing, keuring, aanstelling en benutting van die personeel; en

- die bepaling van werkmetodes en -prosedures;

- en die bepaling van beheermaatreëls om vas te stel of die dienste gelewer is.

Vir die B.Admin.-graad kombineer Publieke Administrasie baie goed met vakke soos Ekonomie, Bedryfsielkunde, Staatsleer, Rekeningkunde, Vervoerekonomie en Volkekunde.

Grade en diplomas in hierdie rigting maak in die besonder voorsiening vir die opleiding van organiserende en administratiewe amptenare wat in diens geneem word deur byvoorbeeld alle staatsdepartemente, die munisipaliteite en ander openbare instellings soos die landbou-, produkte- en navorsingsrade, Vervoerdienste, die Poswese, die SAUK, die NOK en Yskor. Dit is ook 'n besonder nuttige aanvullende vak vir 'n loopbaan in die joernalistiek of in die regte.

Nagraadse kwalifikasies is noodsaaklik om te voorsien in die behoefte aan vakkundige amptenare soos ingenieurs, argitekte, medici en ander wat benewens vakkundige werk ook administratiewe en toesighoudende funksies moet vervul soos dié van hoofingenieur, hoofargitek, hospitaalsuperintendent en so meer.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma (Staatsadministrasie).

ARBEIDSTERAPIE

Universiteite: UDW, UK, MEDUNSA, UOVS, UP, US, UWK, UW

EERSTE GRADE
Baccalaureus in Arbeidsterapie (UDW)

Baccalaureus Scientiae (Arbeidsterapie): B.Sc. (Arbeidsterapie) (UK)

Baccalaureus in Arbeidsterapie: B.Arbeidsterapie (MEDUNSA, UOVS, US)

Baccalaureus in Arbeidsterapie: B.Arb. (UP)

Baccalaureus Scientiae in Arbeidsterapie: B.Sc. (Arbeids.) (UWK)

Baccalaureus Scientiae in Arbeidsterapie: B.Sc. (Arbeidsterapie) (UW)

Addisionele toelatingsvereistes:

UDW: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of in 'n wetenskapvak HG of minstens 50 % in Wiskunde SG of in 'n wetenskapvak SG.

UK: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG of minstens 50 % SG in hierdie vakke.

MEDUNSA: 'n Slaagsyfer in Wiskunde of in Natuur- en Skeikunde.

UP: 'n Slaagsyfer in óf Natuur- en Skeikunde HG óf in Biologie HG of minstens 50 % SG in genoemde vakke.

US: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of SG. Studente word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde en/of Biologie en/of Fisiologie vir die st. 10-eksamen te neem. Inskrywing aan die Universiteit van Stellenbosch is beperk en studente word gedurende September van die voorafgaande jaar gekeur. Aansoeke om toelating tot die kursus moet die Registrateur voor 30 Junie bereik.

UW: Soos vir die M.B., B.Ch.-graad. Kyk GENEESKUNDE.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus in Arbeidsterapie (Honneurs): B.Arbeidsterapie (Honneurs) (MEDUNSA)
Baccalaureus Honores in Arbeidsterapie: B.Arb.(Hons.) (UP)

Magister in Arbeidsterapie (UDW)
Magister Scientiae (Arbeidsterapie): M.Sc. (Arbeidsterapie) (UK)
Magister in Arbeidsterapie: M.Arbeidsterapie (MEDUNSA) of M.Arb. (UOVS, UP)
Magister Scientiae in Arbeidsterapie: M.Sc. (Arbeidsterapie) (UW)

Doktor in Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UW)
Doktor in Arbeidsterapie: Ph.D. (MEDUNSA)
Philosophiae Doctor: Ph.D. (UOVS)
Doktor in Arbeidsterapie: D.Arb. (UP)

DIPLOMAS

Diploma in Gevorderde Arbeidsterapie (UW)

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc (Arbeidsterapie)-graad of 'n gelykwaardige graad; registrasie by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad; en minstens een jaar ervaring as 'n arbeidsterapeut. In 'n uitsonderlike geval, kan 'n persoon wat by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad as 'n arbeidsterapeut geregistreer is, toegelaat word kragtens die feit dat hy in besit is van 'n erkende diploma in arbeidsterapie en minstens twee jaar ervaring in 'n erkende inrigting as 'n arbeidsterapeut.

Duur: Twee jaar deeltydse studie.

Diploma in Arbeidsterapie-onderwys (US)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling); 'n kwalifikasie in Arbeidsterapie wat by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad geregistreer is en deur die Suid-Afrikaanse Vereniging van Arbeidsterapeute goedgekeur is; en minstens twee jaar ononderbroke praktiese ondervinding as 'n arbeidsterapeut in 'n goedgekeurde hospitaal.

Duur: Twee jaar voltydse studie.

BEROEPSDIENS: Arbeidsterapie is een van die paramediese beroepe wat deur dames sowel as mans beoefen kan word. Hulle word opgelei om liggaamlik en geestelik gestremde persone te behandel en/of op te lei, om onvermoë te voorkom, aanpassing by onvermoë te bevorder en om funksie te verhoog of te behou. Die behandeling is dus gerig op die pasiënt se lewe buite die hospitaal en op sy toekoms, op die herwinning van sy onafhanklikheid, skeppende vermoë en veral sy werkvermoë. As lid van die mediese span strewe die arbeidsterapeut daarna om onder leiding van 'n geneesheer en in samewerking met ander spanlede die pasiënt geestelik en liggaamlik te rehabiliteer.

Arbeidsterapeute het 'n keuse van werk by byvoorbeeld algemene, psigiatriese, ortopediese en kinderhospitale, rehabilitasiesentra, spesiale skole, tehuise vir bejaardes, plastiese chirurgiese afdelings en private verpleeginrigtings. In Suid-Afrika word nog nie veel van private praktyke gebruik gemaak nie, hoewel dit ook lonende moontlikhede bied. Met die addisionele kwalifikasie (die onderwysdiploma in arbeidsterapie) is arbeidsterapeute ook in staat om voltydse of deeltydse onderrigwerk in die professie te behartig.

Arbeidsterapeute word onder andere deur die Departemente van Gesondheidsdienste en Welsyn, en Nasionale Opvoeding in diens geneem.

Alle arbeidsterapeute moet registreer by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad. Die Suid-Afrikaanse kwalifikasies word internasionaal erken en ervaring in die buiteland is gevolglik 'n moontlikheid.

ARGITEKTUUR

Universiteite: UK, UN (Durban), UOVS, UPE, UP, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus in Argitektuurstudies: B.A.S. (UK)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG en 'n slaagsyfer in 'n wetenskapvak SG. Daar kan van die vereiste afgesien word op grond van bewys van besondere talente wat as bydraend tot die suksesvolle studie van ontwerp geag kan word.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Baccalaureus Architecturae: B.Arch. (UK)

Toelatingsvereiste: Die Baccalaureus in Argitektuurstudies of 'n erkende gelykwaardige driejarige baccalaureusgraad of die voltooiing van drie jaar studie van 'n vyf- of sesjarige baccalaureusgraad in Argitektuur wat deur die Senaat vir die doel erken is.

Duur: Drie jaar. Die eerste jaar behels praktiese ervaring buite die universiteit.

Baccalaureus in Argitektuur: B.Arch. (UN, UPE, UP, UW)

Addisionele toelatingsvereistes:

UN: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG of 60 % in Wiskunde SG.

UPE: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde SG. Daar mag van 'n kandidaat vereis word om 'n spesiale toelatingseksamen te slaag.

UP: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % (E-simbool) in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG of minstens 50 % (D-simbool) in Wiskunde SG en 40 % in Natuur- en Skeikunde SG.

UW: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 60 % in Wiskunde SG.

Duur: Vyf jaar voltydse studie en een jaar praktiese ondervinding onder die toesig van die universiteit.

Baccalaureus Architecturae: B.Arch. (UOVS)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG en verkieslik ook in Natuur- en Skeikunde SG.

Duur: Vier en 'n halfjaar voltydse studie. 'n Student moet vir twee maande van elke jaar werksaam wees in die kantoor van 'n argitek of 'n ander goedgekeurde opleidingsinstansie.

NAGRAADSE GRADE

Magister in Argitektuur: M.Arch. (UN, UPE, UP, UW)
Magister Architecturae: M.Arch. (UK, UOVS)
Magister Philosophiae: M.Phil. (UK)

Doktor in Argitektuur: D.Arch. (UN, UPE, UP, UW)
Doctor Architecturae: D.Arch. (UOVS)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, UW)
Doktor in die Natuurwetenskappe in Argitektuur: D.Sc. (Arch.) (UW)

BEROEPSDIENS: Die argitek sorg vir die ontwerp, beplanning en verfraaiing van geboue met die oog op bruikbaarheid, duursaamheid, skoonheid en gerief. Sy sukses hang ten nouste saam met 'n aangebore aanleg en belangstelling in sowel praktiese as artistieke werk. Sy basiese rol is skeppend van aard. Aanvullend tot sy ontwerpsvermoë moet hy oor 'n uitgebreide kennis van uiteenlopende onderwerpe beskik soos onder andere Geskiedenis van Argitektuur, Boukonstruksie, Ontwerp, Omgewingsgeskiedenis, Beroepspraktyk en Struktuurleer (toegepaste wiskunde).

'n Argitek begin gewoonlik werk by 'n gevestigde firma totdat hy oor voldoende kapitaal en ervaring beskik om in vennootskap met ander argitekte te tree of om 'n eie praktyk te open. Openbare en private liggame neem argitekte in diens vir take wat wissel van breë beplanning tot uitbreiding en nuwe geboue of onderhoudsdienste. Voorbeelde hiervan is die Staatsdepartemente van Openbare Werke en Grondsake, Ontwikkelingshulp en Onderwys en Opleiding, munisipaliteite, Yskor, Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, asook nywerheidsmaatskappye. Met nagraadse opleiding kan 'n aanstelling as dosent aan 'n

universiteit bekom word. Baie argitekte werk as stadsbeplanners aan die uitleg van nuwe dorpe en stede of die herskepping van sentrums in bestaande dorpe en stede.

Daar is ook vroue-argitekte. Die bekwaamhede wat deur argitektuur vereis word, is geensins tot mans beperk nie. As 'n dame tot die beroep aangetrokke voel, is daar hoegenaamd geen rede waarom sy nie 'n suksesvolle argitek kan wees nie.
Kyk ook Landskapargitektuur.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Argitekstegnici.

BEDRYFSADMINISTRASIE/BESIGHEIDSBESTUUR EN -ADMINISTRASIE

Let wel: Bedryfsadministrasie is 'n driejarige hoofvak vir die B.Com.-graad aan Rhodes-universiteit en die Universiteit van Natal. Kyk HANDEL.

Universiteite: UDW, UK, PU vir CHO, UP, US, UW

EERSTE GRADE

Magister in Besigheidsadministrasie: M.B.A. (UDW, UK)

Magister Bedryfsadministrasie: M.B.A. (PU vir CHO)

Magister in Bedryfsadministrasie: M.B.A. (UP, UW)

Toelatingsvereistes:

UDW: 'n Student moet

- in besit wees van 'n Baccalaureusgraad of 'n kwalifikasie goedgekeur deur die Senaat;

- beskik oor besigheidservaring en/of 'n peil van volwassenheid toon wat genoegsaam is om by die kursus te baat; en

- 'n toelatingstoets aflê.

UK: 'n Gegradueerde of 'n geoktrooieerde rekenmeester; of 'n persoon wat toegelaat is as 'n Assessorlid of Volwaardige Lid van die Instituut van Koste- en Bestuursrekenmeesters; of 'n persoon wat die Senaat deur middel van 'n voorgeskrewe toets oortuig dat hy 'n toereikende standaard van bekwaamheid bereik het om nagraadse studies of navorsing uit te voer.

PU vir CHO: 'n Baccalaureusgraad en minstens twee jaar goedgekeurde praktiese besigheidservaring of tydens die studieperiode sodanige ervaring opdoen.

UP: 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n Baccalaureusgraad, 'n slaagsyfer in Wiskunde op die standerd 10-peil en voldoende praktiese ervaring.

Kandidate wat die kursusse in Konstruksiebestuur wil volg, moet in besit van 'n Baccalaureusgraad in Siviele of Bedryfsingenieurswese of 'n vergelykbare rigting wees.

UW: Enige van die volgende kan as 'n student toegelaat word:

- 'n gegradueerde in enige fakulteit
- 'n persoon wat nie 'n gegradueerde is nie, maar in besit is van 'n professionele kwalifikasie
- in 'n uitsonderlike geval kan die Senaat 'n persoon toelaat wat die Senaat oortuig het dat sy toelating as 'n kandidaat geregverdig is op grond van sy ervaring, kwalifikasies en bekwaamhede.

Duur:

UK: Een jaar voltyds of twee jaar deeltydse studie.

UDW: Minstens drie jaar deeltydse studie. Die kursus moet binne 'n maksimum tydperk van vyf jaar voltooi word. Die Senaat kan die maksimum tydperk in buitengewone omstandighede verleng.

PU vir CHO: Minstens drie jaar deeltydse studie. Die kursus word op Potchefstroom en aan die Vaaldriehoekkampus aangebied.

UP: Die voltydse leergang word oor een jaar aangebied terwyl die skripsie gedurende die tweede jaar voltooi word. Die deeltydse studie strek oor minstens drie jaar van 36 weke elk, maar moet binne vier jaar voltooi word.

UW: Een en 'n halfjaar voltydse studie (64 weke) of drie jaar deeltydse studie (128 weke).

Honneurs-Baccalaureus in Besigheidsbestuur en -administrasie: Hons.-B. (B. en A.) (US)

Toelatingsvereistes: Studente moet in besit wees van 'n Baccalaureusgraad; moet skriftelik aansoek doen; en moet praktiese ervaring opgedoen het wat, na die oordeel van die Senaat, voldoende voorbereiding vir die kursus vorm.

Duur: Minstens een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

Magister in Besigheidsbestuur en -administrasie: M.B.A. (US)

Toelatingsvereistes: 'n Student moet in besit wees van

(i) die Hons.-B. (B. en A.)-graad of ander gelykstaande kwalifikasie; of

(ii) 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad; of die student moes op 'n ander wyse 'n toereikende standaard van bekwaamheid in sy bepaalde studierigting bereik het, en praktiese ervaring opgedoen het.

Duur van (i): Een jaar voltyds of deeltyds of twee jaar deeltyds in die geval van studente wat die modulêre program volg.

Duur van (ii): Twee jaar voltyds of drie jaar deeltyds of vier jaar in die geval van studente wat die modulêre program volg.

DOKTORSGRADE

Philosophiae Doctor: Ph.D. (UK, UW)
Doktor in Bedryfsadministrasie: D.B.A. (UDW, UP)

Doktor Bedryfsadministrasie: D.B.A. (PU vir CHO)
Doktor in Besigheidsbestuur en -administrasie: D.B.A. (US)
Doktor in die Ekonomiese Wetenskappe: D.Econ.Sc. (UK)

BEROEPSDIENS: Persone met hierdie kwalifikasie voorsien in die behoefte aan opgeleide bestuurders. 'n Persoon vind hom in 'n posisie waar dit van hom verwag word om die verantwoordelikheid van 'n bestuurstaak op homself te neem. Gewoonlik is dit dan ook so dat alhoewel hy reeds opgelei is om sy professie of beroep te beoefen, hy geen bestuursopleiding het nie. Die bestuursprofessie omsluit nie slegs algemene bestuurders nie, maar ook spesialiste in die groot aantal bestuursfunksies wat so kenmerkend van die handel en nywerheid is. Vir die vervulling van hierdie funksies is deeglike opleiding in moderne beginsels en praktyk absoluut noodsaaklik.

Die groot verskeidenheid van bestuursrigtings stel persone in die geleentheid om volgens hul aanleg en persoonlikheidseienskappe 'n gepaste rigting te kies. 'n Paar van hierdie rigtings is byvoorbeeld dié van personeelbestuurder, verkoopsbestuurder, bedryfsbestuurder, produksie- of werksbestuurder, bemarkingsbestuurder, finansiële bestuurder, kredietbestuurder en so meer.

BEDRYFSLEIDING

Universiteit: UNISA

EERSTE GRAAD

Magister in Bedryfsleiding: M.B.L.

Toelatingsvereistes: 'n Student moet

(i) in besit wees van 'n Baccalaureusgraad; <u>of</u> die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde behaal het en die C.A. (S.A.) besit of daarvoor kwalifiseer; en

(ii) minstens drie jaar toepaslike praktiese ervaring in 'n goedgekeurde onderneming behad het; met dien verstande dat 'n korter tydperk met die spesiale toestemming van die Direkteur van die Skool vir Bedryfsleiding aanvaar kan word;

(iii) by 'n studiegroep van 'n minimum van 5 persone aansluit. Groepe van minder as 5 persone kan met spesiale toestemming van die Direkteur van die Skool vir Bedryfsleiding in uitsonderlike gevalle toegelaat word. Indien daar nie 'n plaaslike studiegroep gevorm kan word nie, moet 'n student elders by 'n bestaande groep aansluit. 'n Student se inskrywing word op hierdie voorwaardes aanvaar.

Duur: Vier jaar.

DOKTORSGRAAD

Doktor in Bedryfsleiding: D.B.L.

BEROEPSDIENS: Kyk Bedryfsadministrasie.

BEDRYFSWETENSKAP

Universiteit: UK

EERSTE GRAAD

Baccalaureus in Bedryfswetenskap: B.Bus.Sc. (UK)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG. Kyk ook HANDEL.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Elke student moet een van die volgende rigtings kies: Aktuariële Wetenskap, Bankbedryfsleer, Bedryfsfinansiering, Bemarking, Ekonomie (Algemeen), Personeelbestuur, Publieke Administrasie, Regsgeleerheid, Rekenaar- en Dataverwerking, Sielkunde, Sosiologie, Statistiek en Operasionele Navorsing, Versekeringswese, Wiskundige Ekonomie.

NAGRAADSE GRADE

Magister in Bedryfswetenskap: M.Bus.Sc.
Magister Philosophiae: M.Phil.

Philosophiae Doctor: Ph.D.

BEROEPSDIENS: Die graad is bedoel vir studente wat 'n loopbaan in 'n sake-onderneming of ander organisasie beplan. Die graadkursus is nie 'n plaasvervanger vir praktiese besigheidsondervinding nie maar eerder die geleentheid vir

- 'n studie van die struktuur en werking van die sakewêreld, insluitende die ekonomiese en menslike probleme wat in sake-ondernemings en ander organisasies ontstaan;

- 'n interdissiplinêre studie van die ekonomie, rekeningkunde, wiskunde, sosiologie en sielkunde wat konsentreer op die toepassing van geskikte konsepte en tegnieke ten einde probleme in bedryfsleiding te begryp, te ontleed en op te los;

- 'n studie van die wetenskaplike benadering tot bestuursprobleme en die gebruik van bestaande kwantitatiewe en rekenaartegnieke op daardie gebiede in bedryfsleiding wat voorheen grootliks as sake van mening en oordeel beskou is.

BEELDENDE KUNSTE

Universiteite: UDW, UFH, UK, UN, UOVS, PU vir CHO, UP, RU, US, UNISA, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus Artium in Beeldende Kunste: B.A. (B.K.) (UDW, UFH, UNISA)

Baccalaureus Artium in Skone Kunste: B.A. (Skone Kunste) (UK)

Baccalaureus Artium in Beeldende Kunste: B.A. Beeldende Kunste (UN, UW)

Baccalaureus Artium (Beeldende Kunste): B.A. (Beeldende Kunste) (UOVS) of B.A. (B.K.) (PU vir CHO)

Baccalaureus in Beeldende Kunste: B.A. (B.K.) (UP)

of B. Beeldende Kunste (RU)

B.A. in Beeldende Kunste (US)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad. Sommige universiteite vereis dat kandidate bewys moet lewer van praktiese aanleg.

US vereis 'n slaagsyfer in Wiskunde of Natuur- en Skeikunde vir die rigting Juweliersware- en Metaalnywerheidsontwerp.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Drie jaar voltydse studie aan UFH.

Die hoofstudierigtings is soos volg:

Afdrukkuns: UDW, UK, UN

Beeldende Kuns: UNISA

Beeldhoukuns: UDW, UFH, UK, UN, UOVS, PU vir CHO, RU, UW

Beeldhoukuns en Grafiese Kuns: UP

Fotografie: UK, UN

Fotografiese Kunste: RU

Grafiese Kuns: UFH, UOVS, PU vir CHO, RU, UNISA, UW

Illustrasie: UK

Inligtingsontwerp: UP

Juweliersware-ontwerp: UDW

Juweliersware- en Metaalnywerheidsontwerp: US

Keramiekkuns: UOVS, UN

Onderwys (Sekondêr): US

Ontwerpkuns: PU vir CHO

Ontwerpkuns en Tekenkuns: UW

Skilderkuns: UDW, UFH, UK, UN, UOVS, PU vir CHO, RU, UW

Skilderkuns en Grafiese Kuns: UP

Skone Kunste: US

Tekenkuns: UN, UOVS

Toegepaste Grafiek (sluit in Fotografie en Grafiese Ontwerp): US

Meeste van die universiteite bied Kunsgeskiedenis aan as 'n hoofvak vir die gewone B.A.-graad. UDW bied Kuns en UN Beeldende Kuns aan as 'n hoofvak vir die gewone B.A.-graad. RU bied Beeldende Kunste Studies as 'n hoofvak vir die B.A.-graad en twee kursusse in Beeldende Kunste Praktyk aan.

Baccalaureus Artium in Kuns: B.A. (Kuns) (UK)

Addisionele toelatingsvereistes: Kandidate moet bewys lewer van praktiese kunsaanleg.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Na graduering word kandidate tot die kursus vir die Hoër Onderwysdiploma (Nagraads): Sekondêr toegelaat. Kyk ONDERWYS.

Kyk ONDERWYS vir graad- en diplomakursusse vir onderwysersopleiding in Kuns.

NAGRAADSE GRADE

Honoris Baccalaureus Artium in Beeldende Kunste: B.A. (B.K.) Hons. (UDW)
Honneurs Baccalaureus Artium in Beeldende Kunste: B.A. (B.K.) (Hons.) (UFH)
Honneurs-Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte in Beeldende Kunste: Hons.-B.A. in Beeldende Kunste (US)

Magister Artium in Beeldende Kunste: M.A.(B.K.) (UDW, UFH, UN) of M.A. (Beeldende Kunste) (UW)
Magister in Skone Kunste (UK)
Magister Artium in Skone Kunste (UK)
Magister Artium (Beeldende Kunste): M.A.(B.K.) (PU vir CHO) of M.A. (Beeldende Kunste) (UOVS)
Magister in Beeldende Kunste: M.A.(B.K.) (UP) of M. Beeldende Kunste (RU)
Magister in die Lettere en Wysbegeerte in Beeldende Kunste: M.A. in Beeldende Kunste (US)
Magister Artium in die Beeldende Kunste: M.A.(B.K.) (UNISA)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, RU, UW)
Doctor Philosophiae in Beeldende Kunste: D.Phil. (Beeldende Kunste) (UOVS)
Doctor Philosophiae: D.Phil. (PU vir CHO), US)
Doktor in Wysbegeerte: D.Phil. (UP)
Doctor Litterarum: D.Litt. (UN)
Doktor in die Lettere: D.Litt. (UW)
Doctor Litterarum et Philosophiae: D.Litt. et Phil. (UNISA)

DIPLOMAS

Diploma in Beeldende Kunste (UFH)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat met 'n gemiddelde prestasie van minstens 'n E-simbool.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Studente kies óf Skilderkuns óf Beeldhoukuns as hoofrigting plus een van die volgende: Grafiese Kuns, Pottebakkerskuns of Tekstielontwerp.

Diploma in Skone Kunste (UK)

Diploma in Beeldende Kunste (RU)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Die kursusse bevat dieselfde inhoud as dié vir die Baccalaureusgraad in Beeldende Kunste.

Diploma in Grafiese Ontwerp (UK)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Kandidate wat in besit is van 'n Senior Sertifikaat of bewys van praktiese aanleg in kuns toon, kan met die toestemming van die Direkteur van die Michaelis-skool tot die kursus toegelaat word.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Gevorderde Diploma in Skone Kunste (UK)

Toelatingsvereistes: B.A. in Skone Kunste of 'n Diploma in Skone Kunste of 'n Diploma in Grafiese Ontwerp.

Duur: Een jaar.

Gevorderde Diploma in Beeldende Kunste (UN)

Toelatingsvereistes: 'n Goedgekeurde graad of die status van sodanige graad; of spesiale voorwaardes wat vir die Senaat aanvaarbaar is.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

BEROEPSDIENS: Die doelstelling van die kursus is die akademiese vorming van die kunsstudent tot 'n selfstandige, verantwoorde skepper met 'n eie identiteit.

Kunsstudente volg gewoonlik loopbane wat betrekking het op hul besondere studierigtings. Grafiese ontwerpers aanvaar onder andere betrekkings by private ontwerpateljees, advertensiemaatskappye of by televisie-ontwerpateljees. Sommige doseer aan kolleges of universiteite, terwyl ander vryskutwerk doen of loopbane volg in fotografie.

Die juwelierstudente vind vervulling as goudsmede in hul eie werkwinkels of as ontwerpers by juweliers en fabrieke.

Gegradueerdes kan 'n beroep vind in een van die volgende rigtings: onderwys; reklame- en kommunikasiewese; kultuurinstellings byvoorbeeld museums, kunsgalerye; biblioteke; die Rade vir Uitvoerende Kunste, of hulle kan professionele kunstenaars word.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Kuns en Ontwerp.

BEMARKINGSBESTUUR

Universiteit: UNISA

UK bied Bemarking aan as een van die spesiale rigtings in die B.Bus.Sc.-graad. Kyk BEDRYFSWETENSKAP.

UN en UP bied Bemarking aan as een van die hoofrigtings vir die B.Com.-graad. Kyk HANDEL.

DIPLOMA

Diploma in Bemarkingsbestuur

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Duur: Ten minste een jaar.

BEROEPSDIENS: Die tempo van ekonomiese ontwikkeling in 'n land kan slegs na behore gehandhaaf word indien die sakewêreld bemarkingsgeoriënteerd is. Die opkoms van bemarking as een van die bestuursfunksies, word dan ook toegeskryf aan 'n nuwe en meer wetenskaplike benadering tot alle aspekte van verkoop (bemarking).

Die aanvaarding deur die sakewêreld van die waarde van verhoogde omset as gevolg van doeltreffende bemarking, skep toenemende geleenthede vir werk in verskeie spesialiteitsrigtings soos dié van verkope, reklame, openbare skakeling, marknavorsing, handelskuns, prysbepaling, verspreiding, verkoopsbevordering, na-verkoopsdiens, produkontwikkeling en doeltreffende administrasie. Vir gegradueerdes wat gaandeweg die nodige ervaring opgedoen het en wat oor ambisie, insig, inisiatief, werkvermoë en ander noodsaaklike eienskappe beskik, kan 'n loopbaan in hierdie rigting tot die hoogste poste in die bestuurswese lei. Baie ondernemings het dan ook daartoe gekom om hul topleiers uit die geledere van bemarkingsbeamptes aan te stel.

Kyk ook Bedryfsekonomie.

BIBLIOTEEKKUNDE

Universiteite: Al die universiteite behalwe MEDUNSA, UPE en VISTA

Let wel: Kandidate moet gedurende hul studiejare vir 'n voorgeskrewe tydperk in goedgekeurde biblioteke werk om praktiese ondervinding op te doen.

EERSTE GRADE

Baccalaureus Bibliothecologiae: B.Bibl. (UDW)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die betrokke rigting aangedui. Kyk LETTERE EN WYSBEGEERTE, HANDEL en SUIWER NATUURWETENSKAPPE.

Duur: Vier jaar. Die graad kan in een van die volgende rigtings verwerf word: Lettere en Wysbegeerte, Handel en Administrasie, Suiwer Wetenskappe.

Baccalaureus in Biblioteek- en Inligtingkunde: B.Bibl. (UFH, UK, UP, RAU)

Baccalaureus Bibliothecologiae: B.Bibl. (UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, UNISA, UWK)

Baccalaureus in Biblioteekkunde: B.Bibl. (UZ)

Baccalaureus in die Biblioteekkunde: B.Biblioteekkunde (US)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad. Kyk LETTERE EN WYSBEGEERTE.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Die kursus duur minstens vier jaar aan UNISA.

Baccalaureus in Biblioteek- en Inligtingkunde (Honneurs): B.Bibl.Hons. (UN)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad en 'n Hoër Diploma in Biblioteekkunde.

Duur: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie.

UK bied die B.Mus.-graad aan met Biblioteek- en Inligtingkunde as een van die keuserigtings. Kyk MUSIEK.

NAGRAADSE GRADE

Honoris Baccalaureus Bibliothecologiae: B.Bibl.Hons. (UDW)
Honneurs Baccalaureus in Biblioteekkunde: B.Bibl.(Hons.) (UFH) of Hons.B.Bibl. (UZ)
Baccalaureus in Biblioteek- en Inligtingkunde (Honneurs): B.Bibl.Hons. (UK)
Baccalaureus Bibliothecologiae cum Honoribus: B.Bibl.Hons. (UNOORDE)
Honneursbaccalaureus Bibliothecologiae: B.Bibl.Hons. (UOVS)
Honneurs-Baccalaureus Bibliothecologiae: Honns.B.Bibl. (PU vir CHO) of Hons.-B.Bibl. (UNISA, UWK)
Baccalaureus Honores in Biblioteek- en Inigtingkunde: B.Bibl.(Hons.) (UP)
Honneurs Baccalaureus in Biblioteek- en Inligtingkunde: B.Bibl.(Hons.) (RAU)
Honneurs Baccalaureus in die Biblioteekkunde: Hons.B.Biblioteekkunde (US)

Magister Bibliothecologiae: M.Bibl. (UDW, UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, UNISA, UWK)
Magister in Biblioteek- en Inligtingkunde: M.Bibl. (UK, UN, UP, RAU)
Magister in die Biblioteekkunde: M.Biblioteekkunde (US) of M.Bibl. (UZ)
Magister Philosophiae: M.Phil. (UK)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN)
Doctor Bibliothecologiae: D.Bibl. (UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, UNISA, UWK)
Doktor in Wysbegeerte: D.Phil. (UP)
Doctor Philosophiae: D.Phil. (UDW, RAU, US)

DIPLOMAS

Laer Diploma in Biblioteekkunde (UDW, PU vir CHO, RU)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Duur: Twee jaar voltydse studie.

Laer Diploma in Biblioteek- en Inligtingkunde: L.D.B. (UFH, UNOORDE)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Twee jaar.

Laer Diploma in Biblioteek- en Inligtingkunde (UWK)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat met minstens 40 % in 'n amptelike Eerste Taal HG of 50 % in 'n amptelike Eerste Taal SG. Kandidate wat matrikulasievrystelling het, moet vir die B.Bibl.-graad inskryf.

Duur: Twee jaar.

Hoër Diploma in Biblioteekkunde: H.D.B. (UDW, UFH, UN, RU, UW, UZ)

Hoër Diploma in Biblioteek- en Inligtingkunde: H.D.B. (UK, UNOORDE, PU vir CHO, UWK)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad.

Duur: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie. Aan UFH duur die kursus twee jaar voltydse studie.

Nagraadse Diploma in Biblioteekkunde

of

Nagraadse Diploma in Inligtingkunde) (RAU)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad in enige vakrigting.

Duur: Twee semesters.

Kyk ONDERWYS vir onderwyserskursusse met spesialisasie in Biblioteekkunde.

BEROEPSDIENS: Die samelewing is vir sy voortbestaan en vooruitgang van kennis afhanklik. Daarom is dit die taak van die bibliotekaris om hierdie kennis byeen te bring en deur middel van 'n goed georganiseerde biblioteek vir gebruik toeganklik te maak. Die inligtingsfunksie van biblioteke neem daagliks toe en hierdie aspek word in die opleiding al hoe meer geaksentueer.

Twee hoofvakke word bestudeer, naamlik Biblioteekkunde en Inligtingkunde. Die vakke dek onder andere die geskiedenis van biblioteke, die organisasie of bedryf, die inligting self, die ontsluiting en opsporing van inligting wat in dokumente voorkom en biblioteekrekenarisering.

Omdat biblioteke en inligtingsentra inligting oor elke denkbare vakgebied kan bevat, is kennis van enige vakgebied vir die bibliotekaris van belang. Vakke wat dus goed kombineer, is Sosiologie, Kriminologie, Sielkunde, moderne tale, Rekenaarwetenskap, ens.

Verskeie soorte biblioteke asook die afdelings in 'n biblioteek maak dit vir

biblioteekbeamptes moontlik om werk te verrig wat aanpas by hul aanleg of besondere opleiding. Om bibliotekaris te wees van 'n skool is ook stimulerende werk, omdat daar 'n groot verskeidenheid take is wat uitgevoer moet word. Dan is daar die vakbiblioteke en inligtingsdienste wat voorsiening maak vir hoogs gespesialiseerde gebruikers, en verbonde is aan navorsingsorganisasies soos die RGN, WNNR, KERNKOR, KRYGKOR, staatsdepartemente, YSKOR en die AECI. Verder is daar ook opvoedkundige biblioteke verbonde aan universiteite, kolleges en ander opvoedkundige inrigtings.

BIOFISIKA

Universiteite: UP, US

EERSTE GRADE

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Biofisika: B.Sc. in Biofisika (US)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk SUIWER NATUURWETENSKAPPE.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Magister in Wis- en Natuurkunde in Biofisika: M.Sc. (Biofisika) (UP)

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc.(Hons.)-graad in Fisika of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Duur: Die graad word toegeken op grond van 'n verhandeling en 'n eksamen.

NAGRAADSE GRADE

Magister in die Natuurwetenskappe: M.Sc. (US)

Doktor in Wis- en Natuurkunde in Biofisika: D.Sc. (Biofisika) (UP)
Doktor in die Natuurwetenskappe: D.Sc. (US)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (US)

BEROEPSDIENS: Die mediese fisikus is die persoon wat die beginsels van fisika in die geneeskunde toepas. Om dit te kan doen, moet hy 'n deeglike studie, veral op nagraadse vlak, van die biofisika maak. Biofisika kan in twee rigtings verdeel word, naamlik 'n fisies-geörienteerde en 'n biologies-geörienteerde rigting. Dit is veral laasgenoemde wat van belang vir die geneeskunde is.

Die volgende dien as voorbeelde van die werk van 'n mediese fisikus:

> Hy is gemoeid met die bestralingsapparaat. Hy sal byvoorbeeld in die geval van bestraling die bestralingstoerusting sodanig programmeer dat die regte dosis vir 'n spesifieke pasiënt toegedien word. Hy behartig ook die dosering.
>
> Wanneer radio-isotope gebruik word om kankerpasiënte te behandel, is die mediese fisikus verantwoordelik vir die dosering sowel as die veilige hantering daarvan.

Mediese fisika vir nie ioniserende strale is 'n baie interessante rigting waar fisika toegepas word in fisioterapie, longfunksiestudies, oftalmologie, ens.

Mediese fisici is ook verantwoordelik vir die onderrig in biofisika in al die geneeskundige rigtings.

Dit is 'n interessante loopbaan en bied groot navorsingsmoontlikhede vir die jong wetenskaplike. Mediese fisici word onder andere deur die volgende instansies in diens geneem: Die WNNR, hospitale (mediese fisici), Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn (inspekteursfisici), KERNKOR en Uraanverrykingskorporasies (biofisici en gesondheidsfisici) en die universiteite (mediese fisici).

Kyk ook Mediese Laboratoriumwetenskappe.

BIOMEDIESE INGENIEURSWESE/BIOMEDIESE WETENSKAPPE

Universiteit: UK

EERSTE GRADE

Baccalaureuis Scientiae (Medisyne)(Honneurs) Biomediese Wetenskappe

Magister Scientiae (Medisyne) in Biomediese Ingenieurswese

Toelatingsvereistes: Gegradueerdes in ingenieurswese of 'n verwante rigting.

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D.

Nadere inligting is verkrygbaar van die Hoof, Departement Biomediese Ingenieurswese, Universiteit van Kaapstad, Fakulteit Geneeskunde, Observatory 7925.

BEROEPSDIENS: Biomediese ingenieurs werk op 'n gebied wat die dissiplines van beide die ingenieurswese en die mediese wetenskap insluit. Hul funksies kan derhalwe baie uiteenlopend wees. In samewerking met 'n hartchirurg kan 'n kunsmatige hartklep byvoorbeeld ontwerp word; saam met 'n fisioterapeut kan 'n spesiale rolstoel vir gestremde kinders ontwikkel word, of saam met 'n ortopedis kan aan 'n kunsmatige vervangingstelsel vir 'n nuttelose enkelgewrig gewerk word.

Biomediese ingenieurs se werk kan die hele spektrum van gesondheidsorg behels: voorkoming, diagnose, terapie en rehabilitasie. Die volgende drie gebiede word in biomediese ingenieurswese onderskei:

Bio-ingenieurswese wat bio-ingenieurskonsepsie en -tegnologie inspan vir 'n beter begrip van die mediese, fisiologiese en ander biologiese sisteme. Dit sluit die toepassing van ingenieursbeginsels op die struktuur, funksie en patologie van die menslike liggaam in.

Mediese ingenieurswese wat ook gemoeid is met die aanwending van dieselfde ingenieursbeginsels, maar met die hoofsaaklike doel om instrumente, materiale, kunsmatige organe en rekenaarprogramme vir gebruik in pasiëntsorg en mediese navorsing te ontwikkel.



070353

- Kliniese ingenieurswese wat direkte betrokkenheid by pasiëntsorg behels. Die kliniese ingenieur gebruik tegniese, ingenieurs- en rekenaartegnieke ten einde oplossings vir mediese probleme te vind. Dit kan lei tot die vervaardiging van 'n bepaalde instrument, of kan bloot 'n geval van advieslewering wees.

Beroepsgeleenthede is dikwels by hospitale en mediese navorsingsinstansies beskikbaar. Daar bestaan 'n behoefte aan plaaslik opgeleide biomediese ingenieurs om 'n markdeurbraak te maak veral op die gebied van die mediese tegnologie, aangesien die mediese bedryf tans aangewese is op die invoer van gesofistikeerde en duur toerusting uit die buiteland.

BODEMKUNDE

Universiteit: PU vir CHO

EERSTE GRAAD

Baccalaureus Scientiae (Bodemkunde): B.Sc.(Bod.)

Toelatingsvereistes: Die B.Sc.-graad met Bodemkunde as een hoofvak.

Duur: Een jaar.

NAGRAADSE GRADE

Magister Scientiae: M.Sc.

Doctor Scientiae: D.Sc.

BEROEPSDIENS: In die vak Bodemkunde word onderrig gegee oor die genetiese, fisiese, chemiese en meganiese eienskappe van grond. Die studie behels onder andere die verwerwingsprosesse van verskillende gesteentetipes onder verskillende klimaatstoestande; bodemgenese dit wil sê die invloed van genetiese faktore op die vorming en verspreiding van verskillende grondtipes; bodemkartering; grondvrugbaarheid; bodemkwaliteit; en grondbewaring.

'n Verskeidenheid beroepsmoontlikhede bestaan onder andere in die Staatsdepartemente van Landbou en Watervoorsiening, kunsmismaatskappye, koöperasies, konstruksie- en ingenieursfirmas.

BOSBOU

Universiteit: US

EERSTE GRAAD

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Bosbou: B.Sc. in Bosbou

Addisionele toelatingsvereistes: Minstens 'n E-simbool in Wiskunde SG en 'n slaagsyfer in 'n natuurwetenskapvak SG. Voornemende studente wat 'n kursus wil volg waarin Chemie en/of Fisika as vakke voorkom, word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde vir die standerd 10-eksamen te neem. Indien 'n student Botanie en/of Soölogie aan die Universiteit wil volg, word hy aangeraai om benewens Natuur- en Skeikunde, ook Biologie vir die st. 10-eksamen aan te bied.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

In hul derde studiejaar kies studente een van twee rigtings, naamlik Boskunde of Boskunde - Natuurbewaring.

By die vierde jaargang kan studente by die rigting Bosontginning aansluit. Die eerste drie jaar is dieselfde as dié vir die B.Sc. in Bosbou (rigting Boskunde).

Studente moet praktiese werk gedurende die vakansies doen en studietoere onderneem,

NAGRAADSE GRADE

Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Bosbou: Hons.-B.Sc. in Bosbou

Magister in die Natuurwetenskappe in Bosbou: M.Sc. in Bosbou

Doktor in die Wysbegeerte (Bosbou): Ph.D. (Bosbou)

Doktor in die Natuurwetenskappe in Bosbou: D.Sc. in Bosbou

BEROEPSDIENS: Bosbou het onder meer te doen met die kweek, ontginning en verwerking van hout. Bosbou is ook gemoeid met die bewaring van die natuur, die verbetering van die menslike omgewing en die verskaffing van ontspanningsgeleenthede.

Die Boskunde-kursus is toegespits op die vestiging, ontwikkeling en bestuur van bosse. Die twee hoofvakke is Boskultuur en Bosbestuur. Boskultuur handel oor die biologiese aspekte van Bosbou soos boomsoorte, kwekerye, vestigingsmetodes en bosbewaring. Bosbestuur handel oor onderwerpe soos operasionele analise, beplanning, kosteboekhouding en algemene bestuursbeginsels. 'n Vak van toenemende ekonomiese belang is Bosontginning, want die kap en uitsleep van hout is die duurste item in die produksieketting.

Die Direktoraat van Boswese onder die Departement van Omgewingsake is een van die grootste werkgewers van gegradueerdes in Boskunde. 'n Toenemende aantal private maatskappye, munisipaliteite en navorsingsinstitute neem ook gegradueerdes in diens.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Diploma in Bosbou.

BOUKUNDE/BOUBESTUUR

Universiteite: UK, UN (Durban), UOVS, UPE, UP, UW.

EERSTE GRADE

Baccalaureus Scientiae (Boubestuur): B.Sc. (Boubestuur) (UK)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG en 'n slaagsyfer in 'n wetenskapvak SG.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Eerstejaarstudente moet tydens die

halfjaarvakansie 'n praktiese kursus van drie weke by die BIFSA opleidingskollege bywoon. Elke student moet tydens die vakansies vir drie tydperke van ten minste ses weke elk ondervinding by 'n goedgekeurde bou-aannemer opdoen.

Baccalaureus Scientiae in Boubestuur: B.Sc. Boubestuur (UN)

Addisionele toelatingsvereistes: Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG, of 60 % in Wiskunde SG en in Natuur- en Skeikunde SG.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Elke kandidaat moet ten minste ses weke ononderbroke praktiese ondervinding in 'n firma van algemene bou-aannemers opdoen voordat hy toegelaat kan word om vir die daaropvolgende jaar se werk in te skryf.

Baccalaureus Scientiae (Boubestuur): B.Sc. (Boubestuur) (UOVS)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG en verkieslik ook in Natuur- en Skeikunde SG.

Duur: Vier jaar voltydse studie. 'n Student moet gedurende die vakansies van al die studiejare voltyds in die kantoor van 'n goedgekeurde bou-aannemer werksaam wees vir ten minste twee maande per studiejaar.

Baccalaureus in Boukunde: B.Boukunde (UPE)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % in Wiskunde SG.

Duur: Drie jar voltydse studie. Na suksesvolle voltooiing van die leergang vir die graad B.Boukunde mag die kandidaat voortgaan met sy vierde en vyfde voltydse studiejare. By bevredigende voltooiing hiervan word die graad B.Arch. aan hom toegeken.

Baccalaureus Scientiae in Boubestuur: B.Sc. (Boubestuur) (UPE)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % in Wiskunde SG.

Duur: Kurrikulum B1 wat slegs beperkte praktiese werk in die bounywerheid insluit, strek oor 'n tydperk van minstens vier jaar. Kurrikulum B2 wat uitgebreide praktiese werk in die bounywerheid insluit, strek oor 'n tydperk van minstens vyf jaar.

Baccalaureus in Boubestuur: B.Sc. (Boubestuur) (UP)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Arch.-graad. Kyk ARGITEKTUUR.

Duur: Vyf jaar. 'n Kandidaat moet gedurende die eerste twee studiejare sy volle tyd aan die studie vir die graad wy, maar moet gedurende die derde, vierde en vyfde studiejare voltyds by 'n goedgekeurde geregistreerde werkgewer in die boubedryf werksaam wees.

Baccalaureus in Boukunde: B.Sc. (Boukunde) (UP)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Arch.-graad.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Baccalaureus Scientiae in Boukunde: B.Sc. (Boukunde) (UW)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 60 % in Wiskunde SG en 'n slaagsyfer op die Hoër Graad of minstens 60 % op die Standaardgraad in een van die volgende vakke: Biologie, Natuur- en Skeikunde, Fisiologie, Aardrykskunde.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Elke student moet tydens die vakansies praktiese werk doen en deelneem aan besoeke en toere.

NAGRAADSE GRADE

Magister Philosophiae: M.Phil. (UK)
Magister Scientiae (Boubestuur): M.Sc. (Boubestuur) (UK)
Magister Scientiae in Boubestuur: M.Sc. Boubestuur (UN) of M.Sc. (Boubestuur) (UOVS, UPE)
Magister in Boubestuur: M.Sc. Boubestuur (UP)
Magister Scientiae in Boukunde: M.Sc. (Boukunde) (UW)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, UW)
Doctor Scientiae in Boubestuur: D.Sc. in Boubestuur (UN)
Philosophiae Doctor in Boubestuur: Ph.D. (UPE)
Doktor in Boubestuur: D.Sc.Boubestuur (UP)
Doctor Scientiae in Boukunde: D.Sc. (Boukunde) (UW)

BEROEPSDIENS: Die vinnige uitbreiding van die nywerheid, die vervanging van tradisionele deur moderne boumateriale (byvoorbeeld die van sintetiese aard), die toepassing van gesofistikeerde boutegnieke en die gepaardgaande organisasie om geboue vinnig en doeltreffend op te rig, is almal aspekte van die boutegnologie wat spesiale studie noodsaaklik maak. Veral die groter konstruksiemaatskappye besef al hoe meer die waarde van die kennis van gegradueerdes in boubestuur en boukunde.

Die student word opgelei om die ontwerpe van die argitek en die ingenieur te laat realiseer op die bouterrein en wel op so 'n manier dat optimale produksie op die mees ekonomiese wyse gehandhaaf word.

Boubestuurwerk het betrekking op die bestuur van al die verskillende soorte bou-aktiwiteite en kan uiteenlopend van aard wees. Boubestuurders is dan ook grootliks in aanvraag om 'n verskeidenheid van binnens- en buitenshuise poste te vul, van bouprojek- tot personeelbestuur, van die bestuur van onderaannemers tot die aankoop van toerusting en materiale, en 'n menigte meer.

Boukundiges is weer hoofsaaklik by die professionele sy eerder as by die uitvoerende sy van die boubedryf betrokke. Dit kan egter gebeur dat groter firmas van die dienste van boukundiges ook in uitvoerende hoedanigheid kan gebruik maak. Die meeste boukundiges word egter deur argitekte as vennote in diens geneem. Vervaardigers van boumateriaal neem gegradueerdes in boukunde

in diens met die oog op kantoor- en reklamewerk. Enkeles word deur bounavorsingslaboratoria in diens geneem.

BOUREKENKUNDE

Universiteite: UK, UN (Durban), UOVS, UPE, UP, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus Scientiae in Bourekene: B.Sc.(Q.S.) (UK)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG en in 'n wetenskapvak SG. Die aantal studente vir hierdie graadkursus is beperk.

Duur: Drie jaar voltydse studie gevolg deur twee jaar deeltydse studie. 'n Kandidaat moet gedurende die tydperk wat hy deeltyds studeer, voltyds in die kantoor van 'n geregistreerde bourekenaar werksaam wees.

Baccalaureus Scientiae in Bourekenkunde: B.Sc.Q.S. (UN)

Baccalaureus Scientiae in Bourekenkunde: B.Sc.(Q.S.) (UOVS, UW)

Addisionele toelatingsvereistes:

UN: Soos vir die B.Arch.-graad. Kyk ARGITEKTUUR.

UOVS: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG en verkieslik ook in Natuur- en Skeikunde SG.

UW: Soos vir die B.Sc.(Boukunde)-graad. Kyk BOUKUNDE.

Duur: Vier jaar voltydse studie. 'n Student moet gedurende die lang vakansies in die kantoor van 'n geregistreerde bourekenaar of 'n bourekenaarskantoor van 'n staatsdepartement, 'n provinsiale administrasie of van 'n plaaslike owerheid werksaam wees.

Baccalaureus Scientiae in Bourekenkunde: B.Sc. (Bourekenkunde) (UPE)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagpunt van ten minste 40 % in Wiskunde SG. Daar kan van 'n kandidaat vereis word om 'n spesiale toelatingseksamen te slaag.

Duur: Vier jaar voltydse studie. 'n Kandidaat kan toegelaat word om die kursusse vir die vierde studiejaar oor twee jaar te versprei, met dien verstande dat hy voltyds in die kantoor van 'n bourekenaar werksaam is.

Baccalaureus in Bourekenkunde: B.Sc.(Q.S.) (UP)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Arch.-graad. Kyk ARGITEKTUUR.

Duur: Vyf jaar voltydse studie. Gedurende die derde, vierde en vyfde studiejare moet 'n kandidaat, nadat hy die lesings bygewoon het, vir die res van die dag voltyds in die kantoor van 'n goedgekeurde geregistreerde bourekenaar werksaam wees.

NAGRAADSE GRADE

Magister Scientiae in Bourekenkunde: M.Sc.(Q.S.) (UOVS, UW) of M.Sc.Q.S. (UN) of M.Sc. (Bourekenkunde) (UPE)
Magister in Bourekenkunde: M.Sc.(Q.S.) (UP)
Magister Scientiae in Bou-ekonomie: M.Sc. Bou-ekonomie (UN)
Magister Philosophiae: M.Phil. (UK)

Doctor Scientiae in Bourekenkunde: D.Sc.Q.S. (UN) of D.Sc.(Q.S.) (UW)
Philosophiae Doctor in Bourekenkunde: Ph.D. (UPE)
Doktor in Bourekenkunde: D.Sc.(Q.S.) (UP)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UN, UW)

BEROEPSDIENS: Die bourekenaar se terrein is alle aspekte van boukoste en daar word dikwels na hom verwys as die tegniese rekenmeester in die boubedryf. Hy werk nou saam met die argitek, ingenieur en bouaannemer. Hierby is hy 'n professionele raadgewer, byvoorbeeld in die geval van 'n regsgeding in verband met 'n boukontrak, die waardering van eiendomme met die oog op versekering of advies aan eiendomsontwikkelaars en beleggers in vaste eiendom.

In die Staatsdiens het die bourekenaar die geleentheid om in feitlik enige vertakking van die bourekenkunde werksaam te wees. Bourekenaars word onder andere in diens geneem deur die Departemente van Openbare Werke en Grondsake, Ontwikkelingshulp, Onderwys en Opleiding en die provinsiale administrasies. Groot munisipaliteite beskik oor hul eie bourekenkundige afdelings.

Bou-aannemers neem bourekenaars in diens, asook eiendomsontwikkelaarsfirmas en praktiserende bourekenaars. Mettertyd kan met 'n eie onderneming begin word.

Die professie is nie net vir mans bedoel nie. Dames is ewe-eens welkom daarin en diegene met die regte aanleg en belangstelling kan baie suksesvol daarin wees.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma (Bouwerkopmeting).

B.Sc. MET TEGNIESE VAKKE

Universiteit: PU vir CHO

EERSTE GRAAD

Baccalaureus Scientiae met Tegniese Vakke: B.Sc.

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk SUIWER WETENSKAPPE.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Die graad kan in een van drie vakrigtings verwerf word, naamlik: Elektrotegniek, Siviel en Werktuigkunde.

BEROEPSDIENS: In die kursus word studente opgelei as tegniese onderwysers in drie tegniese rigtings. Die inhoud van die vakke behels kennis oor die handgereedskap, masjinerie, materiale en ontwerpaspekte verbonde aan die rigtings.

Die hoofberoepsmoontlikheid is dié van onderwyser, of tegniese opleidingsdosent by 'n technikon, universiteit of in die nywerhede. Vanweë die tekort aan tegnies-opgeleide personeel in Suid-Afrika is die beroepsmoontlikhede egter onbeperk, en is oud-studente reeds werksaam by UKOR en op die myne.

CHEMIESE TEGNOLOGIE

Universiteit: UN

EERSTE GRAAD

Baccalaureus Scientiae in Chemiese Tegnologie: B.Sc. Chem. Teg.

Toelatingsvereistes: Die B.Sc.-graad met 40 kredietee in Chemie, 24 krediete in Fisika en 24 krediete in Wiskunde; of die B.Sc. in Ingenieurswese met 40 goedgekeurde krediete in Chemie, 24 goedgekeurde krediete in Fisika en 24 goedgekeurde krediete in Wiskunde. Die 24 krediete in Fisika kan, in die geval van 'n kandidaat met toepaslike ervaring, van afgesien word.

<u>Duur</u>: Een akademiese jaar vir 'n kandidaat in besit van 'n B.Sc.-graad en twee akademiese jare vir 'n kandidaat met 'n B.Sc. Ing.-graad.

NAGRAADSE GRADE

Magister Scientiae in Chemiese Tegnologie: M.Sc. (Chemiese Tegnologie)

Philosophiae Doctor: Ph.D.

BEROEPSDIENS: Kyk Chemie en Chemiese Ingenieurswese.

DATAVERWERKING

Let wel: Die vak Rekenaarwetenskap word deur verskeie universiteite as 'n hoofvak vir die B.Sc.-graad aangebied.

Universiteite: RU, UNISA, UW, UZ

EERSTE GRADE

Baccalaureus Scientiae (Dataverwerking): B.Sc. (Dataverwerking) (RU)

Addisionele toelatingsvereistes: Minstens 'n E-simbool in Wiskunde HG of 'n D-simbool in Wiskunde SG.

<u>Duur</u>: Drie jaar voltydse studie.

Inligtingstelsels kan as 'n hoofvak vir die B.Sc.-graad en vir die Hons.B.Sc.-graad aan UNISA geneem word. Kyk SUIWER WETENSKAPPE.

DIPLOMAS

Diploma in Datametrie (UNISA)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde.

Duur: Minstens twee jaar. Die diploma moet binne vyf jaar na 'n student se eerste registrasie vir die diploma behaal word.

Hoër Diploma in Rekenaarwetenskap (UW)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad en ervaring in rekenaarprogrammering. Rekenaarwetenskap moes nie 'n hoofvak vir die graad gewees het nie.

Duur: Twee jaar deeltydse studie.

Diploma in Dataverwerking en Stelselontleding (UZ)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat verkieslik met Wiskunde as 'n vak.

Duur: Drie jaar. Hierdie Diploma word deur die Universiteit se Instituut vir Staatsdiens en Beroepsopleiding aangebied.

BEROEPSDIENS: Kyk Rekenaarwetenskap.

DIEETKUNDE

Universiteit: MEDUNSA, UN, UOVS, PU vir CHO, UP, US.

EERSTE GRADE

Baccalaureus Scientiae in Dieetkunde: B.Sc.(Dieet.) (MEDUNSA)

Baccalaureus Scientiae in Dieetkunde: B.Sc.Dieet. (UN)

Baccalaureus Scientiae met Dieetkunde: B.Sc. (PU vir CHO)

Addisionele toelatingsvereistes:

MEDUNSA: Slaagsyfers in Wiskunde en in minstens een wetenskapvak.

UN: Soos vir die B.Sc.-graad.

PU vir CHO: Soos vir die B.Sc.-graad.

Voornemende studente word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde vir die st.10-eksamen af te lê.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Na verwerwing van dié graad word egter vereis dat 'n Diploma in Hospitaaldieetkunde vir registrasie as dieetkundige by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad verwerf word.

Baccalaureus Scientiae in Dieetkunde: B.Sc. (Dieetkunde) (UOVS)

Baccalaureus in Dieetkunde: B.Dieetkunde (UP)

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Dieetkunde: B.Sc. in Dieetkunde (US)

Addisionele toelatingsvereistes:

UOVS: 'N Slaagsyfer in Wiskunde SG.

UP: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % in Wiskunde HG asook in Natuur- en Skeikunde HG of minstens 50 % SG in genoemde vakke.

US: Soos vir die B.Sc.-graad.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus Scientiae in Dieetkunde (Honneurs): B.Sc.Dieet.Hons. (MEDUNSA, UN)
Honneurs Baccalaureus Scientiae: Honns.B.Sc. (PU vir CHO)
Baccalaureus Honores in Dieetkunde: B.(Dieet.)(Hons.) (UP)
Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe: Hons.B.Sc. (US)

Magister Scientiae in Dieetkunde: M.Sc.Dieet. (MEDUNSA, UN) of M.Sc. (Dieetkunde) (UOVS)
Magister Scientiae: M.Sc. (PU vir CHO)
Magister in Dieetkunde: M.Dieetkunde (UP)
Magister in die Natuurwetenskappe: M.Sc. (US)

Doctor Scientiae in Dieetkunde: Ph.D. (MEDUNSA)
Doktor in die Wysbegeerte Ph.D. (UN, US)
Doktor Scientiae: D.Sc. (PU vir CHO)
Doktor in Wis- en Natuurkunde in Dieetkunde: D.Sc. (Dieetkunde) (UP)
Doktor in die Natuurwetenskappe: D.Sc. (US)

DIPLOMAS

Nagraadse Diploma in Hospitaaldieetkunde (UN)

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc.-graad in Huishoudkunde of in Dieetkunde.

Duur: Die Diploma word uitgereik aan studente wat 'n voltydse dienstyd en onderrig van 12 maande in 'n goedgekeurde hospitaal bevredigend voltooi en 'n eksamen suksesvol afgelê het.

Diploma in Hospitaaldieetkunde (UOVS, US)

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc. in Huishoudkunde (dieetkundige rigting) of B.Sc. met Dieetkunde en Fisiologie as hoofvakke of 'n ander B.Sc.-graad in Huishoudkunde op voorwaarde dat die kandidaat aanvullende werk moet voltooi, voor toelating tot die kursus.

Duur: Kyk Nagraadse Diploma in Hospitaaldieetkunde van UN.

Nagraadse Diploma in Hospitaal-dieetkunde (UP)

Toelatingsvereistes: B.Sc. (Dieetkunde) of B.Sc. (Huishoudkunde) (hoofrigting: Voedsel en Voeding) of gelykstaande kwalifikasie. Kandidate word gekeur.

Duur: Een akademiese jaar. Gedurende Januarie vind teoretiese onderrig by die Kalafong-hospitaal in die Klinikalagebou plaas. Praktiese onderrig word by goedgekeurde inrigtings opgedoen.

BEROEPSDIENS: Dieetkunde is een van die ideale kursusse vir die natuurwetenskaplik georiënteerde meisie. Alhoewel die werk aan dié van 'n huishoudkundige grens, is die dieetkundige iemand wat die wetenskap van voeding interpreteer in terme van voedsel vir gesonde sowel as siek mense. Die uiteindelike doelstelling van die dieetkundige is dus die bevordering van goeie gesondheid deur middel van korrekte voeding. Werkgeleentheid op grond van basiese of in sommige gevalle nagraadse kwalifikasies is onder andere die volgende:

- Hospitaal-dieetkunde: Na verwerwing van die eenjarige Diploma in Hospitaaldieetkunde behartig die dieetkundige die organisasie en administrasie van die hospitaalkombuis. As deel van die mediese span doen sy saalrondtes, behartig terapeutiese voorligting en die beplanning van spesiale diëte.

- Die konsultant-dieetkundige in privaatpraktyk stel terapeutiese diëte op vir persone wat deur geneeshere na haar verwys word.

- 'n Voedingsvoorligter in die Afdeling Voedingkunde van die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn is 'n belangrike lid van 'n span vir die lewering van gesondheidsvoorligtingsdienste. Haar taak van voedingsvoorligting word behartig deur middel van lesings, radiopraatjies, films en strookfilms, kort kursusse, beantwoording van navrae, ensovoorts.

- Navorsingswerk by die MNR, WNNR, SABS, kliniese eenhede, hospitale en in die voedselnywerheid; of

- 'n joernaliste wat vrouerubrieke in tydskrifte en nuusblaaie sowel as vir die radio, televisie en advertensiemaatskappye behartig of as reisende verteenwoordiger optree.

'n Dieetkundige het dus die geleentheid om, in ooreenstemming met haar opleiding, te kies tussen rigtings soos voorligting, hospitaalwerk, grootmaatspyseniering, navorsing, onderwys of 'n eie praktyk. Die rigting wat sy kies, sal die aard van haar werk bepaal.

DIEREVERPLEEGKUNDE

Universiteit: UP

DIPLOMA

Diploma in Diereverpleegkunde: Dip.Cur.Anim.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met 'n minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG en Natuur en Skeikunde HG of Biologie HG, of 50 % SG in genoemde vakke.

Slegs dames word tot die kursus toegelaat. 'n Keuring vind plaas. 'n Maksimum van 30 studente word per jaar toegelaat. Aansoekvorms wat op 1 April

by die Registrateur (Akademies), Universiteit van Pretoria, verkrygbaar is, moet vóór 31 Augustus by die Universiteit ingedien word. Kandidate moet daarop let dat keuring op 'n "eerste-kom-eerste-aanvaar" basis geskied.

Duur: Twee jaar voltydse studie. Klasse word by die Universiteit se Fakulteit Veeartsenykunde te Onderstepoort aangebied.
Gedurende elk van die twee jaar moet kliniese werk by die Fakulteit en goedgekeurde privaatpraktyke gedoen word.

'n Kandidaat moet albei amptelike tale voldoende magtig wees om die lesings sowel in Engels as in Afrikaans te volg. 'n Kandidaat kan kies in welke taal sy die eksamens wil aflê.

BEROEPSDIENS: Die Diploma in Diereverpleegkunde bied die enigste formele opleiding van veeartsenykundige verpleegsters in die RSA. Die kursus is net vir dames bedoel en die taak van gekwalifiseerdes is om veeartse by te staan.

Die werk by veeartse is baie veelsydig en behels onder andere narkose, operasieteater, intensiewesorgverpleging, mediese en chirurgiese verpleging, administrasie- en ontvangswerk. Sulke gediplomeerdes kan ook by die Universiteit van Pretoria en Medunsa aangestel word as mediese diere-verpleegsters, teatersusters, radiografiste, en in die diagnostiese laboratoriums, ens. Proefdiersentrums, dieretuine, dierebeskermings-verenigings, farmaseutiese firmas, melkerye en hondeherberge bied ook werkgeleenthede aan vir 'n diereverpleegster.

Die beroep vereis harde werk, 'n lang werksdag dikwels met ongereelde werksure en toegewydheid. Dit is egter 'n dankbare taak, interessant, vol uitdagings en verskaf 'n groot mate van werksbevrediging. Dames wat in hierdie beroep belangstel, moet verantwoordelikheid en selfdissipline aan die dag lê, moet oplettend wees, kan organiseer en les bes 'n bietjie humor besit.

Universiteite: UDW, UK, UN, UOVS, PU vir CHO, UP, RU, US, UW, UZ

EERSTE GRADE

Baccalaureus Artium met drie kursusse in Spraakleer en Drama: B.A. (UDW, UN, RU, UZ)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Baccalaureus Artium met drie kursusse in Drama: B.A. (UK)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Dit is moontlik vir 'n kandidaat om 'n B.A.-graadkursus saam met die kursus vir die Voordraersdiploma in Spraakleer en Drama oor 'n minimum tydperk van vier jaar te voltooi.

Baccalaureus Artium (Dramakunde en Toneelkunde): B.A. (Dramakunde en Toneelkunde) (UOVS)

Baccalaureus Artium met Dramakunde of Toneelkunde of Spraak- en Vertolkingskunde as hoofvakke: B.A. (PU vir CHO)

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte in Drama: B.A.(Drama) (UP)

Baccalaureus in Drama: B.Dram. (US)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad.

Aan UP sal kandidate tydens oriëntering van eerstejaarstudente aan toetse onderwerp word ten einde te bepaal of hulle oor die vermoë beskik om die kursus met voordeel te kan volg.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Baccalaureus Artium in Dramakunde: B.A.(Dramakunde) (UW)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Die Universiteit van die Witwatersrand bied ook drie kwalifiserende kursusse in Drama en Film aan vir die B.A.-graad.

NAGRAADSE GRADE

Honoris Baccalaureus Artium: B.A.Hons. (UDW)
Honneursbaccalaureus Artium: B.A.Hons. of Honns.L.B.A. of B.A.(Hons.) (UK, UN, PU vir CHO, RU)
Honneursbaccalaureus Artium (Dramakunde en Toneelkunde): B.A.Hons. (Dramakunde en Toneelkunde) (UOVS)
Baccalaureus Honores in Lettere en Wysbegeerte in Drama: B.A.(Drama)(Hons.) (UP)
Honneurs-Baccalaureus in die Drama: Hons.B.Dram. (US)

Magister Artium: M.A. (UDW, UK, UN, PU vir CHO, RU)
Magister Artium (Dramakunde en Toneekunde): M.A. (Dramakunde en Toneelkunde) (UOVS)
Magister in Lettere en Wysbegeerte in Drama: M.A.(Drama) (UP)
Magister in Drama: M.Dram. (US)
Magister Artium in Dramakunde: M.A.(Dramakunde) (UW)

Doctor Philosophiae: D.Phil. (UDW, UOVS, US)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, RU, UW)
Doctor Litterarum: D.Litt. (UK, UN, PU vir CHO, RU, UW)
Doktor in Lettere: D.Litt. (UP)
Doktor in Wysbegeerte: D.Phil. (UP)

DIPLOMAS

Voordraersdiploma in Spraakleer en Drama (UK)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Kandidate wat in besit is van 'n Senior

Sertifikaat kan met verlof van die Departementshoof aangeneem word. 'n Student moes besondere begaafdheid as 'n voordraer getoon het. 'n Oudisie met 'n lid van die Departement Spraakleer en Drama word vereis.

Duur: Drie jaar voltydse studie; vier jaar indien dit saam met 'n B.A.-graadkursus gevolg word.

Diploma in Toneelopvoering (UN)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalareusgraad met Spraakleer en Drama as 'n hoofvak.

Duur: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie.

Diploma in Spraakleer en Drama: D.S.B. (PU vir CHO)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Die inhoud van hierdie diploma stem ooreen met die van die graadkursus, maar is bedoel vir studente wat nie oor Matrikulasievrystelling beskik nie.

Universiteitsdiploma in Toneelkuns: U.D.T. (PU vir CHO)

Toelatingsvereistes: 'n Goedgekeurde Baccalaureusgraad met Toneelkunde as een hoofvak of die Diploma in Spraakleer en Drama of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Duur: Een jaar.

Diploma vir Verhoogbestuurders (US)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat met 'n gemiddelde prestasie van minstens 50 %.

Duur: Twee jaar voltydse studie.

Kyk ONDERWYS vir onderwyserskursusse met spesialisasie in Drama.

BEROEPSDIENS: Dramakunde as vak is bedoel vir studente wat in die teater en sy aanverwante kunssoorte belangstel, sonder om noodwendig aktief in die praktyk of in uitvoerende hoedanigheid daaraan te wil deelneem. Die geskiedenis en ontwikkeling van die teater en die drama word teen die sosiale agtergrond van die tyd bestudeer. Aandag word gegee aan dramaontleding met die oog op aanbieding, teaterkritiek en toneelskryf.

Spraakkunde of Spraakleer is bedoel vir studente wat hul spraak wil verbeter, selfvertroue by openbare optredes wil ontwikkel en kennis en liefde vir die letterkunde wil bekom. Studente word ook opgelei om poësie en prosa individueel en ensemble te vertolk.

Toneelkunde as vak is bedoel vir die talentvolle student wat 'n beroep as akteur, regisseur of toneeldosent wil volg. Dit is by uitstek 'n praktiese vak. Die klem val op toneelspel en regie; grimering en dekorontwerp; tegniese aspekte soos klank en beligting en skeppende beweging.

Studente sluit gewone B.A.-vakke soos die amptelike tale, moderne tale, Sielkunde, Geskiedenis ensovoorts in hulle kursusse in.

Oor die algemeen is die doel van hierdie studierigtings om byvoorbeeld onderwysers (mits aan die regte vakkombinasie voldoen word), toneelspelers, joernaliste, radio-omroepers en radio- en beeldradiospelers behoorlik vir hulle taak toe te rus. Die teater bied byvoorbeeld verskeie rigtings soos dié van akteur, direkteur, ontwerper, verhoogdirekteur, ensovoorts. In dié verband bied die Rade vir Uitvoerende Kunste van die vier provinsies besondere geleenthede. Opleiding in drama is egter nie 'n waarborg dat 'n gegradueerde 'n pos in die toneelwêreld sal bekom nie. Die Rade gaan selektief te werk en net die bestes het hoop om in aanmerking te kom.

In diens van die SAUK ontvang opgeleide persone verdere opleiding in radiokunde en omroepwerk, waarna hulle kan optree byvoorbeeld as omroepers, programorganiseerders en produksie- en spelleiers, na gelang van hul opleiding, persoonlikheid, stem, skeppende vaardigheid, organisasievermoë en algemene bekwaamheid. Vir belangstellende en talentvolle persone is daar geleentheid om deel te neem aan radio- en televisiedramas. Soos in die geval van verhoogkunstenaars, is die suksesvolle voltooiing van die kursus nie die waarborg vir 'n betrekking by die SAUK nie.

Sommige van die rigtings vereis spesialisasie en hiervoor word ruim voorsiening deur die universiteite gemaak.

Raadpleeg ook <u>Tersiêre Opleiding</u> vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Uitvoerende Kuns.

EKONOMIE

<u>Let wel</u>: Ekonomie is een van die keuserigtings vir die B.Com.-graad en die B.Bus.Sc.-graad asook 'n B.A.- of B.Com.-vak en by sommige universiteite selfs 'n B.Sc.-vak.

Universiteite: UOVS, PU vir CHO, RU, US, UWK, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus Economiae: B.Econ. (UOVS)

Baccalaureus Economicii: B.Econ. (RU)

Baccalaureus Economicae: B.Econ. (UWK)

Baccalaureus in die Ekonomiese Wetenskappe: B.Econ.Sc. (UW)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Com.-graad. UW vereis 'n slaagsyfer in Wiskunde HG.

<u>Duur</u>: Drie jaar voltydse studie. RU bied ook B.Econ. (Mineraalekonomie) aan met Geologie en Ekonomie as hoofvakke.

Baccalaureus Scientiae met Ekonomiese vakk: B.Sc. (PU vir CHO)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad.

Duur: Minstens drie jaar.

Baccalaureus in die Ekonomiese Wetenskappe: B.Econ. (US)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % in Wiskunde SG indien Statistiek en Wiskunde in die vakkeuse ingesluit word.

Duur: Drie jaar voltydse studie of vier jaar buitemuurse studie.

NAGRAADSE GRADE

Honneursbaccalaureus Economiae: B.Econ.Hons. (UOVS)
Baccalaureus Economicii met Honneurs: B.Econ.(Hons.) (RU)
Honneurs-Baccalaureus in die Ekonomiese Wetenskappe: Hons.-B.Econ. (US) of B.Econ.Sc.Hons. (UW)
Honneurs-Baccalaureus Economicae: Hons.-B.Econ. (UWK)

Magister Economiae: M.Econ. (UOVS)
Magister Commercii: M.Com. (RU)
Magister in die Ekonomiese Wetenskappe: M.Econ. (US) of M.Econ.Sc. (UW)
Magister Economicae: M.Econ. (UWK)

Doctor Economiae: D.Econ. (UOVS)
Doktor in die Ekonomiese Wetenskappe: D.Econ.Sc. (UK, UW)
Philosophiae Doctor: Ph.D. (UK, UN, RU)
Doctor Economicae: D.Econ. (UN, RU, UWK)
Doktor in die Ekonomiese Wetenskappe: D.Econ. (US)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UW)

BEROEPSDIENS: Die Ekonomie as vakwetenskap het te doen met die handelinge van die mens in die voorsiening van sy menigvuldige behoeftes met beperkte middele; hierdie handelinge sentreer om die basiese funksies van produksie, distribusie (ruil) en verbruik. Die Ekonomie bestudeer dus die optredes van die individuele verbruiker ten opsigte van die mees doeltreffende wyse van voorsiening in sy behoeftes en die optredes van die individuele produsent om op die mees doeltreffende wyse in die behoeftes van die verbruiker te voorsien met 'n billike winsvergoeding vir homself. Die ekonomie van 'n land bestaan egter nie net uit individue en instellings nie, en moet die ekonomie dus as geheel ook ondersoek word ten einde te kan bepaal hoe 'n land se totale produksie en verbruikersbesteding plaasvind en onderling van mekaar afhanklik is. 'n Studie van die ekonomie behels rigtings soos staatsfinansies, arbeids- en bevolkingsvraagstukke, geld- en bankwese, ontwikkelingsekonomie, beplanningsekonomie, landbou-ekonomie en internasionale ekonomiese betrekkinge.

'n Graad in die ekonomiese en verwante wetenskappe bied uitstekende voorbereiding vir 'n wye reeks loopbane in die Staatsdiens en die handel en nywerheid. Ekonomie is ook een van die vakke wat deur al die universiteite as 'n hoof- of byvak vir die B.A.-graad aangebied word.

In die Staatsdiens kan 'n persoon met Ekonomie en Geologie as hoofvakke in die Departement van Mineraal- en Energiesake as 'n assistent-mineraalekonoom aangestel word. Ander staatsdepartemente vereis ander hoofvakke saam met Ekonomie soos byvoorbeeld Bedryfsekonomie, Rekeningkunde of Landbou-ekonomie.

Ander instansies neem persone wat in Ekonomie en verwante rigtings geskoold is in diens as ekonomiese adviseurs, finansiële konsultante, navorsers en so meer, om onder andere die algemene ekonomiese tendense vir die onderneming te interpreteer; om vooruitskatting van produksie, markte en pryse te doen en om behulpsaam te wees met die beplanning van die onderneming as geheel. Sulke werkgewers is onder andere die RGN, Yskor, Sasol, Vervoerdienste, die Gefedereerde Kamer van Nywerhede, die Vereniging van Kamers van Koophandel, handelsbanke, bougenootskappe, versekeringsmaatskappye, markagente en ander ondernemings in die handel en nywerheid.

FARMASIE/APTEEKWESE

Universiteite: UDW, UK, MEDUNSA, UN, UNOORDE, UPE, PU vir CHO, UP, RU, US, UWK, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus in Farmasie: B.Farm. (UDW, UK, MEDUNSA, RU, UW)

Baccalaureus Scientiae (Farmasie): B.Sc. (Farm.) (UN)

Baccalaureus Pharmaciae: B.Pharm. (UNOORDE, UPE, PU vir CHO, UP)

Baccalaureus in Natuurwetenskappe in Apteekwese: B.Sc. in Apteekwese (US)

Baccalaureus Pharmaceuticae: B.Pharm. (UWK)

Addisionele toelatingsvereistes:

UDW: Slaagsyfers in Wiskunde HG en in Biologie HG (of in Natuur- en Skeikunde HG), of minstens 50 % SG in genoemde vakke.

UK: Soos vir die M.B., Ch.B.-grade. Kyk GENEESKUNDE.

MEDUNSA: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG en 'n slaagsyfer in minstens een van die volgende vakke op die Hoër Graad: Biologie, Botanie, Chemie, Dierkunde, Fisika, Fisiologie, Natuur- en Skeikunde.

UN: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % in Wiskunde HG en 'n natuurwetenskapvak HG, of minstens 60 % SG in genoemde vakke.

UNOORDE: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk SUIWER NATUURWETENSKAPPE. Studente moet minstens 'n F-simbool in Wiskunde HG of 'n E-simbool in Wiskunde SG, en 'n slaagsyfer in Biologie verwerf het. 'n Slaagsyfer in Natuur- en Skeikunde sal 'n sterk aanbeveling wees.

UPE en PU vir CHO: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG, en 'n slaagsyfer in 'n wetenskapvak, verkieslik Natuur- en Skeikunde.

UP: Soos vir die B.Sc.-graad.

RU: Minstens 'n D-simbool in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG of in Biologie HG of minstens 'n C-simbool SG in genoemde vakke.

US: 'n Slaagsyfer in Wiskunde. Voornemende studente word sterk aanbeveel om Natuur- en Skeikunde en/of Biologie en/of Fisiologie vir die st. 10-eksamen te neem.

UWK: Soos vir die B.Sc.-graad.

UW: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 60 % in Wiskunde SG en 'n slaagsyfer in minstens een van die volgende vakke op die Hoër Graad of minstens 60 % op die Standaard Graad: Biologie, Natuur- en Skeikunde, Fisiologie.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Hierdie grade word deur die SA Aptekersraad as registreerbare kwalifikasies erken. 'n Kandidaat moet 'n jaar praktiese opleiding voltooi na verwerwing van die graad voordat hy geregistreer sal word.

Sommige universiteite bied die graadkursus aan in samewerking met die technikons.

NAGRAADSE GRADE

Honoris Baccalaureus Scientiae in Farmasie: B.Sc.(Farm.)(Hons.) (UDW)
Baccalaureus Scientiae cum Honoribus (Pharmaciae): B.Sc.Hons.(Pharm.) (UNOORDE)
Honneurs Baccalaureus Pharmaciae: Honns.B.Pharm. (PU vir CHO)

Magister in Farmasie: M.Pharm. (UDW, MEDUNSA)
Magister Pharmaciae: M.Pharm. (UNOORDE, PU vir CHO)
Magister Scientiae: M.Sc. (RU)
Magister Pharmaceuticae: M.Pharm. (UWK)

Doktor in Farmasie: D.Pharm. (UDW)
Doctor Pharmaciae: D.Pharm. (UNOORDE, PU vir CHO)
Doctor Scientiae: D.Sc. (RU)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (RU)
Doctor Pharmaceuticae: D.Pharm. (UWK)

DIPLOMA

Universiteitsdiploma in Farmakologie: U.D.F. (PU vir CHO)

Toelatingsvereistes: B.Pharm.-graad of die graad M.B.,Ch.B. of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Duur: Een jaar.

BEROEPSDIENS: Die aptekersberoep wat deur mans en dames beoefen kan word, is baie oud en het nog altyd hoë aansien geniet, aangesien die apteker veel meer is as iemand wat skoonheidsmiddels, snuisterye en pille verkoop. 'n Apteker is 'n vakkundige met 'n professionele opleiding van hoë gehalte en sy deskundige kennis is 'n onontbeerlike aanvulling by die werk van geneeshere en hospitale. Inderdaad vorm die farmaseutiese professie vandag die koördinerende skakel tussen vervaardiger en geneesheer, geneesheer en pasiënt, pasiënt en gemeenskap, en sodoende word 'n belangrike deel van die gesondheidsdiens aan die volk beheer. Die beroep is nie beperk tot die bekende kleinhandelsapteker wat hoofsaaklik medisyne volgens doktersvoorskrif voorberei, en patente medisyne of ander middels sowel as allerlei artikels verkoop nie.

Ander vertakkings van die beroep is byvoorbeeld:

- Die apteker wat deur 'n groothandelaar of farmaseutiese nywerhede in diens geneem word met die oog op navorsing in farmaseutiese produkte, vervaardiging en toets van medisyne, ontwerp van toerusting, beheer van produksie en verpakking, behartiging van aankope, verkope, advertensie ens.;

- die hospitaalapteker verbonde aan 'n hospitaal vir die behartiging van farmaseutiese en verwante dienste;

- die spoorwegapteker in diens van die SA Vervoerdienste;

- 'n dosent aan 'n opleidingsentrum;

- die mediese verteenwoordiger wat geneeshere en apteke besoek om nuwe medisyne bekend te stel en te verkoop;

- die apteker in diens van die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn waar sy dienste hoofsaaklik op vier terreine aangewend word, te wete hospitaalapteekdienste, medisynebeheer, streekaptekers en farmaseutiese dienste.

Nagraadse opleiding bly steeds belangrik, veral om te voorsien in die behoefte van die farmaseutiese nywerheid en opleidingsentra.

FISIOTERAPIE

Universiteite: UDW, UK, MEDUNSA, UOVS, UP, US, UWK, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus in Fisioterapie: B.Fisio. (UDW)

Baccalaureus Scientiae (Fisioterapie): B.Sc.(Fisio.) (UK)

Baccalaureus Scientiae in Fisioterapie:B.Sc.(Fisioterapie) (MEDUNSA, UOVS, UW)

Baccalaureus in Fisioterapie: B.Phys.T. (UP)

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Fisioterapie: B.Sc. in Fisioterapie (US)

Baccalaureus Scientiae in Fisioterapie: B.Sc. (Fisio.) (UWK)

Addisionele toelatingsvereistes:

UDW: Soos vir die B.Farm.-graad. Kyk FARMASIE.

UK: Soos vir die B.Sc. (Arbeidsterapie). Kyk ARBEIDSTERAPIE.

MEDUNSA: 'n Slaagsyfer in Wiskunde en in 'n wetenskapvak.

UOVS: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG. Voornemende studente word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde, en indien moontlik ook Biologie, vir die st. 10-eksamen aan te bied.

UP: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in óf Natuur- en Skeikunde HG óf in Biologie HG, of 50 % SG in genoemde vakke.

US: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of SG. Voornemende studente word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde en/of Biologie en/of Fisiologie vir die st. 10-eksamen te neem. Inskrywing is beperk en studente word gedurende September van die voorafgaande jaar gekeur. Aansoeke om toelating tot die kursus moet die Registrateur voor 30 Junie bereik.

UWK: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % in Wiskunde HG en in Biologie HG of Natuur- en Skeikunde HG of minstens 50 % SG in genoemde vakke.

UW: Soos vir die M.B., B.Ch.-graad. Kyk GENEESKUNDE.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Fisioterapie: Hons.-B.Sc. in Fisioterapie (US)

Magister in Fisioterapie: M.Fisio. (UDW)
Magister Scientiae (Fisioterapie): M.Sc.(Fisio.) (UK)
Magister Scientiae in Fisioterapie: M.Sc.(Fisioterapie) (MEDUNSA, UOVS, UW)
Magister in Fisioterapie: M.Phys.T. (UP)
Magister in die Natuurwetenskappe in Fisioterapie: M.Sc. in Fisioterapie (US)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UW)
Philosophiae Doctor: Ph.D. (UOVS)

DIPLOMAS

Onderwysdiploma in Fisioterapie (UK, UW)

Tersiêre Onderwysdiploma in Fisioterapie (UOVS)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling); 'n kwalifikasie in Fisioterapie wat by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad registreerbaar is; en minstens twee jaar goedgekeurde ondervinding van Fisioterapie in die praktyk.

Duur: Drie semesters voltydse studie aan UK; of drie semesters voltydse studie of twee jaar deeltydse studie aan UOVS, en twee jaar deeltydse studie aan UW.

Onderwysdiploma in Fisioterapie (UDW)

Toelatingsvereistes: Die Nasionale Diploma in Fisioterapie.

Duur: Twee jaar voltydse studie.

Diploma in Respiratoriese Terapie (UDW)

Toelatingsvereistes: 'n Kwalifikasie in Fisioterapie wat deur die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad erken word.

Duur: Een jaar.

Diploma in Intensiewesorg-fisioterapie (UK)

Toelatingsvereistes: Soos vir die Onderwysdiploma in Fisioterapie. (UK, UW en UOVS)

Duur: Een jaar voltydse studie.

Diploma in Gevorderde Fisioterapie (UW)

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc. (Fisioterapie) of gelykwaardige graad; registrasie by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad; en minstens een jaar ondervinding as 'n fisioterapeut. In 'n uitsonderlike geval kan 'n persoon wat by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, as fisioterapeut geregistreer is op grond van 'n diploma in fisioterapie en wat minstens twee jaar ondervinding as 'n fisioterapeut het, toegelaat word.

Duur: Een jaar voltydse studie.

BEROEPSDIENS: Fisioterapie is een van die aanvullende gesondheidsdienste. Die fisioterapeut maak dus deel uit van die mediese span wat saam poog om die pasiënt so gou moontlik gesond te kry en na sy normale lewenswyse te laat terugkeer. Indien dit nie moontlik is nie, is die addisionele rol van die fisioterapeut om die pasiënt te rehabiliteer sodat hy binne die perke van sy gestremdheid kan leef.

Fisioterapie vereis 'n goeie wetenskaplike agtergrond sowel as praktiese vaardighede. Die werk is fisies veeleisend, want die fisioterapeut is aktief betrokke by die behandeling van die pasiënt. Daar word in die behandeling onder andere gebruik gemaak van sy/haar hande, sekere masjiene en van natuurelemente soos water, hitte, koue en sonligstrale (ultra-violetlig).

Fisioterapeute werk onder andere in hospitale of fisioterapeutiese klinieke waar apparaat en geriewe beskikbaar is om die vyf hoofvorms van behandeling, te wete massering en meganoterapie, elektroterapie, fototerapie, hidroterapie en ultrasoniese terapie, te onderneem. Fisioterapeute kan werk in afdelings vir volwassenes of kinders; afdelings vir mediese, ortopediese en snykundige gevalle; afdelings vir hart-, kraam of ongeluksgevalle; in intensiewe behandelingseenhede of sentra vir serebraal gestremdes. Afgesien hiervan is daar vir hulle ook gunstige geleenthede in die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn, provinsiale departemente van Hospitaaldienste, myne, private mediese klinieke en 'n eie praktyk. Bekwame persone (dames sowel as mans) kan baie vinnig vorder. Registrasie as fisioterapeut by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad is verpligtend.

GENEESKUNDE

Universiteite: UK, MEDUNSA, UN (net vir Nie-Blankes), UOVS, UP, US, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus in Geneeskunde en Baccalaureus in Chirurgie: M.B., Ch.B. (UK, MEDUNSA, UN, UOVS)

of M.B., B.Ch. (UW)

Baccalaureus in Geneeskunde en Baccalaureus in Snykunde: M.B., Ch.B. (UP, US)

Addisionele toelatingsvereistes:

UK: Slaagsyfers in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG, of minstens 50 %

SG in genoemde vakke. Kandidate moet minstens 'n B-simbool op die groottotaal behaal het. Kandidate word gekeur.

MEDUNSA: 'n Slaagsyfer in Wiskunde. Die volgende vakkombinasies wat aan 'n erkende universiteit geslaag is, word aanvaar vir toelating tot M.B., Ch.B. II:

- Fisika I, Chemie I, Biologie (Biologiese Wetenskap) I
  OF
- Fisika I, Chemie I, Plantkunde (minimum een semester), Dierkunde (minimum een semester).

UN: Slaagsyfers in Wiskunde HG, Biologie HG, Natuur- en Skeikunde HG en Engels HG; of 'n voldoende hoë standaard in die eerste studiejaar aan 'n ander universiteit of inrigting.

UOVS: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG. Voornemende studente word aangeraai om Natuur- en Skeikunde en indien moontlik ook Biologie vir die st. 10-eksamen aan te bied.

UP: Slaagsyfers van minstens 40 % in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG of minstens 50 % SG in genoemde vakke.

US: 'n Slaagsyfer in Wiskunde. Studente word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde en/of Biologie en/of Fisiologie vir die st. 10-eksamen te neem.

UW: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 60 % in Wiskunde SG <u>en</u> 'n slaagsyfer op die Hoër Graad in een van die volgende vakke indien Wiskunde op die Hoër Graad geslaag is of twee van die volgende vakke indien Wiskunde op die Standaardgraad geslaag is: Aardrykskunde, 'n Afrikataal, Biologie, Duits, Fisiologie, Frans, Geskiedenis, Hebreeus, Latyn, Natuur- en Skeikunde.

<u>Duur</u>: Ses jaar voltydse studie. Die sesde jaar is aan meeste van die universiteite 'n student-internjaar.

Voorgraadse studente wat van voorneme is om te studeer vir die graad moet hulle aan die begin van hul eerste studiejaar vir die graad by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad laat registreer.

'n Kandidaat moet, nadat hy die graad verwerf het, vir minstens een jaar opleiding as 'n intern ondergaan in 'n erkende en goedgekeurde inrigting alvorens hy hom by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad mag laat registreer en as geneesheer mag praktiseer.

NAGRAADSE GRADE

Magister in Geneeskunde: M.Med. (Al die bogenoemde universiteite)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet vir minstens twee jaar in besit wees van die graad M.B., Ch.B. en moet vir minstens een jaar as geneesheer geregistreer wees.

<u>Duur</u>: Drie tot vyf jaar na gelang van die vereistes van die betrokke departement.

Die graad word soos volg in die verskillende rigtings deur die genoemde universiteite aangebied:

Administratiewe Geneeskunde: UN

Anestesiologie: Al die universiteite

Chirurgie: Al die universiteite

Dermatologie: Al die universiteite

Fisiese Geneeskunde: MEDUNSA, UP

Gemeenskapsgesondheid: UK, MEDUNSA, UN, UP, US, UW

Geneeskunde: UK, UN

Geneeskundige Administrasie: MEDUNSA

Geregtelike Geneeskunde: MEDUNSA, UOVS, UP

Geriatrie: MEDUNSA, UP

Interne Geneeskunde: MEDUNSA, UOVS, UP, UW

Endossement: Militêr - UP

Onkochemoterapie UP

Kardiotorakschirurgie: UOVS, UW

Kerngeneeskunde: UK, UW

Kliniese Farmakologie en Terapeutika: UN

Neurochirurgie: UK, MEDUNSA, UOVS, UP, US, UW

Neurologie: MEDUNSA, UOVS, UP, US, UW

Obstetrie en Ginekologie: Al die universiteite

Onkoterapie: UOVS

Oogheelkunde/Oftalmologie: Al die universiteite

Endossement: Militêr - UP

Oor-, Neus- en Keelkunde/Otorinolaringologie: Al die universiteite

Endossement: Militêr - UP

Ortopedie: UK, MEDUNSA, UOVS, UP, US

Ortopediese Chirurgie: UN, UW

Patologie: UN

Patologie (Anatomies): Al die universiteite

Patologie (Chemies): Al die universiteite

Patologie (Geregtelik): UK, UN, US, UW

Patologie (Hematologie): Al die universiteite

Patologie (Klinies): Al die universiteite buiten UN

Patologie (Mikrobiologie): Al die universiteite

Pediatrie/Kindergeneeskunde: UK, UOVS, UP, US, UW

Endossement: Onchochemoterapie - UP

Pediatrie en Kindergesondheid: MEDUNSA, UN

Plastiese Chirurgie: UOVS, UP

Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie: UK, MEDUNSA, US, UW

Primêre Sorg: UN

Psigiatrie: Al die universiteite

Radiologie: UK, UN

Radiologiese Diagnostiek/Diagnostiese Radiologie: MEDUNSA, UOVS, UP, US, UW

Radiologiese Terapie: UK, MEDUNSA, UP, US, UW

Radioterapie en Onkologie: UN

Torakschirurgie: UK, MEDUNSA, UP, US

Urologie: Al die universiteite

Magister in Chirurgie: Ch.M. (UK)
Magister in Huisartskunde: M.Prax.Med. (MEDUNSA, UN) of M.Fam.Med. (UOFS) of M.Arts.Med. (US)
Magister in Huisartspraktyk: M.Prax.Med. (UP)
Magister in Gemeenskapsgesondheid: M.Med.(G.G.) (UOVS)
Magister in Geneeskundige Farmakologie: M.Pharm.Med. (UN, UP)
Magister in Militêre Geneeskunde: M.Mil.Med. (UP)
Magister in Ortopediese Chirurgie: Ch.M.(Orth.) (UW)

Doktor in Geneeskunde: M.D. (UK, MEDUNSA, UN, UP, US)
Doktor in die Geneeskunde: D.M. (UOVS)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, MEDUNSA, UN, UW)
Philosophiae Doctor: Ph.D. (UOVS)
Doctor Scientiae: D.Sc. (UOVS)
Doktor in die Wysbegeerte (Geneeskunde): Ph.D.(Med.) (US, UW)
Doktor in die Wysbegeerte in Geneeskundige Wetenskappe: Ph.D. in Geneeskundige Wetenskappe (US)
Doktor in die Natuurwetenskappe in Geneeskundige Wetenskappe: D.Sc. in Geneeskundige Wetenskappe (US)

Doktor in die Natuurwetenskappe (Geneeskunde): D.Sc.(Med.) (US)
Doktor in die Natuurwetenskappe in Geneeskunde: D.Sc.(Med.) (UW)

NAGRAADSE DIPLOMAS

Diploma in Bedryfsgeneeskunde; D.B.G. (MEDUNSA, UOVS)

Diploma in Bedryfsgesondheid: D.B.G. (UP)

Diploma in Beroepsgeneeskunde (US)

Diploma in Beroepsgesondheid (UW)

Diploma in Gemeenskapsgeneeskunde: D.G.G. (UOVS)

Diploma in Gemeenskapsgesondheid: D.G.G. (UP, US)

Diploma in Geneeskundige Administrasie (MEDUNSA)

Diploma in Gesondheidsadministrasie: D.G.A. (UOVS, UP)

Diploma in Hartchirurgie (UK)

Diploma in Mediese Fisika (na M.Sc. in Fisika) (MEDUNSA, UP)

Diploma in Moeder- en Kindergesondheid (UN)

Diploma in Onkochemoterapie (US)

Diploma in Tropiese Gesondheid: D.T.G. (UP)

Diploma in Tropiese Geneeskunde en Higiëne (MEDUNSA, UW)

Diploma in Volksgesondheid (MEDUNSA, UW)

BEROEPSDIENS: 'n Geneesheer kan alleen, of in vennootskap met een of meer kollegas, in 'n privaat praktyk as 'n algemene praktisyn werksaam wees. In dié geval sal sy werk hoofsaaklik uit die diagnose van siektes en die behandeling van pasiënte bestaan. Die meeste algemene praktisyns doen egter ook kleinere operasies. Dikwels vind die algemene praktisyn dit nodig om die pasiënt na 'n spesialis te verwys vir diagnose, operasie of behandeling.

As spesialis in die een of ander rigting dra die geneesheer moontlik groter verantwoordelikheid, maar dan is sy werksure gewoonlik vasgestel en gaan hy nie rond om pasiënte tuis te besoek nie. Spesialiseringsterreine bied aan die geneesheer 'n baie wye keuse. Gedurende die opleidingstydperk as spesialis is hy as 'n kliniese assistent in 'n hospitaal werksaam.

Die breë terrein van algemene volksgesondheid en die besondere werk van die gespesialiseerde staatsinrigtings, staatshospitale en staatsbeheerde laboratoriums, bied aan die geneeskundige en die mediese navorser uiters interessante en belowende geleenthede vir 'n loopbaan in diens van die Staat. Staatsmediese beamptes is werksaam in die Departemente van Mannekrag, Mineraal- en Energiesake, Nasionale Opvoeding en Gesondheidsdienste en Welsyn. In laasgenoemde departement is die werksaamhede in verskillende

afdelings verdeel, naamlik geestesgesondheid, distriksgeneeshere, patologie- en laboratoriumdienste, tuberkulosediens, volksgesondheidsadministrasie en hospitaaldienste in die selfregerende Swart state. Talle geneeshere en spesialiste is ook in diens van die provinsiale departemente van hospitaaldienste.

In Suid-Afrika is daar plek vir nog baie meer geneeshere en spesialiste. Hierby verkeer die mediese wetenskap, en daarby inbegrepe die versorging van siekes, in die jare tagtig voor 'n uitdaging wat vernuf en vindingrykheid beproef soos nog nooit tevore nie. Vir elke jongman en -vrou in die geneeskunde wat bereid is tot nagraadse studie en navorsing, lê daar in hierdie beroep groot geleenthede.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir die verskillende paramediese rigtings.

GEOHIDROLOGIE

Universiteit: UOVS

DIPLOMA

Nagraadse Diploma in Geohidrologie: Nagr.Dipl. in G.H.D.

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc.- of B.Sc.(Ing.)-graad of enige gelykwaardige kwalifikasie met een van die volgende vakke op derdejaarsvlak: Chemie, Fisika, Geologie, Rekenaarwetenskap, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde, Wiskundige Statistiek.

Duur: Twee semesters.

UOVS bied Geohidrologie ook aan as 'n vak vir graadstudie.

BEROEPSDIENS: Geohidrologie (Grondwaterstudie) behels die opsporing, ontginning en bewaring van die land se belangrike ondergrondse watervoorrade en die oplossing van probleme met water in myne. Onder andere bied die Departement van Waterwese, die mynindustrie, universiteite, sekere navorsingsorganisasies soos die WNNR en MINTEK beroepsgeleenthede aan vir persone wat Geohidrologie as vak gehad het.

GEOTEGNOLOGIE

Universiteit: PU vir CHO

EERSTE GRAAD

Baccalaureus Scientiae in Geotegnologie: B.Sc. in Geotegnologie

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Hierdie graad word deur die Assosiasie van Ingenieursgeoloë (AEG) erken.

BEROEPSDIENS: Geotegnologie behels die studie van die meganiese eienskappe van grond en rots vir ingenieursdoeleindes. Hierdie inligting word deur die siviele ingenieurs benodig en gebruik vir die ontwerp van aangepaste stabiele strukture.

Die leergang sluit ook Bodemkunde en Geologie in. Persone met 'n graad in geotegnologie kan privaat praktiseer of in diens tree in enige organisasie wat die oprigting van strukture onderneem. Werkgewers wat geotegnoloë in diens het, is onder andere die Nasionale Vervoerkommissie van die Departement Vervoer, Departement Paaie van die provinsiale administrasies, SA Vervoerdienste, siviele ingenieursfirmas, konstruksiefirmas en stadsrade.

HANDEL

Universiteite: Al die universiteite behalwe MEDUNSA

EERSTE GRADE

Baccalaureus Commercii: B.Com. (UDW, UFH, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, RU, UNISA, VISTA, UWK, UW, UZ)

Baccalaureus Commercii: B.Comm. (PU vir CHO)

Baccalaureus in Handel: B.Com. (UP)

Baccalaureus in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: B.Com. (RAU)

Baccalaureus in die Handelswetenskappe: B.Comm. (US)

Addisionele toelatingsvereistes:

UDW: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of 'n D-simbool in Wiskunde SG, behalwe in die geval van studente wat met 'n groottotaal van 60 % of hoër geslaag het.

'n Kandidaat sal nie toegelaat word om vir die B.Com. (Regte)-graad te registreer nie tensy hy 'n groottotaal van minstens 45 % en 'n minimum slaagsyfer van 40 % in Latyn HG behaal het nie. Kandidate wat nie Latyn in die st. 10-eksamen geslaag het nie, moet Latyn Spesiaal aan die universiteit slaag.

UFH: Kyk SUIWER NATUURWETENSKAPPE vir die graderingstelsel. Die punte word nie verdubbel soos in die geval van 'n B.Sc.-graad nie. Vir toelating tot die B.Com.-kursus word 29 punte vereis.

UK: Kyk LETTERE EN WYSBEGEERTE vir die graderingstelsel vir toelating.

- By die berekening van punte word die punte van Engels HG (Eerste of Tweede Taal) en Wiskunde verdubbel.
- Al die tweede tale word op die Hoër Graad bereken.
- Indien sewe matrikulasie- (of 'n gelykwaardige) eksamenvakke geneem is, moet Engels, Wiskunde en die daaropvolgende vier beste vakke vir berekening gekies word.
- 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG.

Applikante wat 50 en meer punte behaal, sal onvoorwaardelik toegelaat word. Applikante met 'n totaal van 40 tot 49 punte sal op 'n waglys geplaas word en dié met 39 en minder kan nie toegelaat word nie.

UN: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG of 60 % in Wiskunde SG. Van 1986 sal 'n slaagsyfer van 70 % in Wiskunde SG vereis word.

UOVS: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG.

UPE: Vir toelating tot die volgende kursusse, moet die kandidaat die standaard in elke geval aangedui, bereik het:

- Wiskunde I of Statistiek I: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % in Wiskunde SG
- Ekonomiese Statistiek I, Wiskunde vir Ekonome: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG.

PU vir CHO: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG. Studente wat enige kursus in Wiskunde wil volg, moet minstens 50 % in Wiskunde HG of minstens 60 % in Wiskunde SG behaal het. Studente wat 'n laer persentasie behaal het, word toegelaat tot 'n Opknappingskursus wat tydens die Somerskool in Januarie aangebied word. Indien sodanige studente voldoende presteer in die toetse wat tydens hierdie kursus afgeneem word, kan hulle tot Wiskundekursusse toegelaat word.

UP: 'n Kandidaat sal nie tot die kursusse Bedryfsekonomie II, Bemarking II, Ekonomie II, Rekeningkunde of Statistiek toegelaat word nie, tensy hy in Wiskunde geslaag het: Met dien verstande dat 'n slaagsyfer in Ekonometriese Metodes in die plek van Wiskunde aanvaar word.

RAU: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % (E-simbool) in Wiskunde HG of 50 % (D-simbool) in Wiskunde SG. Kandidate wat nie aan die vereiste voldoen nie word toegelaat op voorwaarde dat Wiskunde Spesiaal in die eerste studiejaar geslaag word.

RU: 'n Kandidaat sal nie tot die kursus Bedryfswiskunde en Statistiek toegelaat word nie, tensy hy minstens 'n F-simbool in Wiskunde HG of 'n E-simbool in Wiskunde SG behaal het; en
vir toelating tot die Rekeningkunde-leergang minstens 'n E-simbool in Wiskunde HG of 'n D-simbool in Wiskunde SG.

US: 'n Gemiddeld van minstens 'n D-simbool in ie Matrikulasie- of gelykstaande eksamen; en 'n minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde SG.
Vir kursusse waarin Wiskunde I as vak aangebied word: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 60 % in Wiskunde SG.
Vir B.Comm. (met Regsvakke): 'n Slaagsyfer van minstens 50 % in Afrikaans Eerste Taal HG of Engels Eerste Taal HG.

UNISA: 'n Slaagsyfer in Wiskunde vir sommige kursusse.

VISTA: 'n Slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG of SG.

UWK: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of SG.

UW: 'n Slaagsyfer in Engels Eerste Taal HG of 'n slaagsyfer van minstens 40 % in Engels Tweede Taal HG, <u>en</u>

'n slaagsyfer in Wiskunde HG, of vir leergange wat nie 'n kursus in Wiskunde insluit nie, minstens 60 % in Wiskunde SG, <u>en</u>

'n slaagsyfer op die Hoër Graad in een van die volgende vakke indien Wiskunde op die Hoër Graad geslaag is, of twee van die volgende vakke indien in Wiskunde op die Standaardgraad geslaag is: 'n Afrikataal, Biologie, Ekonomie, Frans, Aardrykskunde, Duits, Hebreeus, Geskiedenis, Latyn, Natuur- en Skeikunde.

UZ: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG of 50 % in Wiskunde SG.

Duur: Drie jaar voltydse studie of ten minste vier jaar deeltydse studie.

Die meerderheid van die universiteite bied meer as een leergang aan. 'n Student kies sy leergang uit die volgende rigtings wat deur die universiteite aangebied word:

Aankopebestuur: UN

Administrasie: UNOORDE, UZ

Algemeen of Gewone rigting: UDW, UFH, UN, UOVS, PU vir CHO, RAU, RU, US, VISTA, UWK, UW, UZ

Algemene Rekeningkunde: UPE

Bedryfsadministrasie: RU

Bedryfsdataverwerking: UK, UN

Bedryfsekonomie: UDW, UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, UP

Bedryfsekonomie en Rekeningkunde of Algemene Rekeningkunde: UPE

Bedryfsekonomie/Bedryfsielkunde: UFH

Bedryfs- en Organisasiesielkunde: UPE

Bedryfs- en Personeelsielkunde: PU vir CHO

Bedryfsfinansiering: UN

Bedryfsielkunde: UOVS, RAU

Bedryfsosiologie: PU vir CHO

Bedryfsrekeningkunde: PU vir CHO

Beleggingsbestuur: RAU

Bemarking: UN

Bemarkingsbestuur: UP

Ekonometrie/Ekonomiese Statistiek: UPE, UP, RAU

Ekonomie: UDW, UN, UNOORDE, UOVS, UP, RU

Ekonomie en Bedryfsekonomie, Rekeningkunde of Algemene Rekeningkunde: UPE

Ekonomie en Ekonometrie: UPE

Ekonomie en Geld- en Bankwese: PU vir CHO

Ekonomiese Statistiek/Ekonometrie: UPE, UP, RAU

Geld- en Bankwese: UOVS

Handelsrekenaarwetenskap: UPE, UP

Kommunikasie: RAU

Koste- en Bestuursrekeningkunde: UNOORDE

Landbou-ekonomie: UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, US

Mannekragstrategie en Arbeidsverhoudinge: RAU

Onderwys*: UOVS, UPE, RAU

Ontwikkelingsadministrasie: PU vir CHO

Ontwikkelingstudies: RAU

Personeelbestuur: UDW, UN, UP

Publieke Administrasie: UPE

Regsvakke: UDW, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US, UW

Rekenaarwetenskap: PU vir CHO, RAU

Rekeningkunde: UDW, UFH, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, UWK, UW, UZ

Rekeningkunde en Ekonomie: UK

Rekeningkunde en Statistiek of Wiskunde: UK

Sielkunde: RU

Statistiek: UDW, UNOORDE, UOVS, RU

Streeksontwikkeling: UPE

Vervoer/Vervoerekonomie: UOVS, RAU

Wiskunde: UK, UOVS, PU vir CHO, US

NAGRAADSE GRADE

Honoris Baccalaureus Commercii: B.Com.(Hons.) (UDW)
Baccalaureus Commercii (Honneurs): B.Com.(Hons.) (UFH, UK) of B.Com.Hons. (UN)
Baccalaureus Commercii cum Honoribus: B.Com.Hons. (UNOORDE)
Honneursbaccalaureus Commercii: B.Com.Hons. (UOVS)
Baccalaureus Commercii Honores: B.Com.Hons. (UPE)

Honneurs Baccalaureus Commercii: Honns.B.Com. (PU vir CHO) of Hons.B.Com. (UNISA, UZ) of Hons.-B.Com. (UWK)
Baccalaureus Honores in Handel: B.Com. (Hons.) (UP)
Honneurs-Baccalaureus in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: B.Com.Hons. (RAU)
Baccalaureus Commercii met Honneurs: B.Com.(Hons.) (RU) of B.Com.Hons. (UW)
Honneurs-Baccalaureus in die Handelswetenskappe: Hons.-B.Comm. (US)

Magister Commercii: M.Com. (UDW, UFH, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, RU, UNISA, UWK, UW, UZ) of M.Comm. (PU vir CHO)
Magister in Handel: M.Com. (UP)
Magister in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: M.Com. (RAU)
Magister in die Handelswetenskappe: M.Com. (US)
Magister Philosophiae: M.Phil. (UK, RAU)

Philosophiae Doctor: Ph.D. (UK, UN, RU, UW)
Doctor Commercii: D.Com. (UDW, UFH, UNOORDE, UOVS, UPE, UNISA, UWK, UW, UZ) of D.Comm. (PU vir CHO)
Doktor in die Ekonomiese Wetenskappe: D.Econ.Sc. (UK)
Doctor Economiae: D.Econ. (UN)
Doktor in Handel: D.Com. (UP)
Doktor in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: D.Com. (RAU)
Doctor Philosophiae: D.Phil. (RAU)
Doctor Economicii: D.Econ. (RU)
Doktor in die Handelswetenskappe: D.Comm. (US)

DIPLOMAS

Diploma in Handel (UFH)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Diploma in Handel: Dipl.Com. (UNOORDE)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Twee jaar voltydse studie.

Kyk bylae C vir die lys van B.Com.-vakke en bylae F vir die lys van B.Com.(Hons.)-vakke wat deur die verskillende universiteite aangebied word.

*Kyk ONDERYS vir graad- en diplomakursusse met spesialisering in Handel.

BEROEPSDIENS: Die keuse van 'n gepaste studierigting en hoofvakke in die handels- en ekonomiese wetenskappe is in 'n hoë mate gebaseer op kennis van al die vernaamste fasette en die beroepswaarde van die besondere rigting. Vroegtydige inwin van inligting sal dan ook grootliks bydra om latere teleurstelling te voorkom.

Oor die algemeen is die oogmerke met die kurrikula tweeledig, naamlik 'n breë agtergrondstudie van die terrein van die ekonomiese wetenskappe aan die een kant en 'n studie in 'n bepaalde hoofrigting aan die ander kant. Nagraadse

studie vir 'n graad of diploma maak voorsiening vir spesialisering wat die grondslag lê vir bevordering na beroepe op hoë vlak. Hierby het die onderskeie ekonomiese vakgebiede steeds meer gespesialiseerd geraak sodat aspekte van byvoorbeeld die Wiskunde, Rekenaarwetenskap, Sielkunde, Kommunikasie, Regte, Sosiologie en so meer óf direk betrek is óf sinvol met die ekonomiese vakgebiede gekombineer word.

Opleiding geskied nie alleen ten opsigte van die algemene B.Com.-graad nie, wat die student voorberei vir 'n verskeidenheid beroepe soos ekonoom, bedryfsekonoom, finansiële bestuurder of bemarkings- en bedryfsrekeningkundige bestuurders nie, maar ook vir die professionele beroepe soos bedryfs- en personeelsielkundiges of personeelbestuurders, rekenmeesters en ouditeure. 'n Kwalifikasie in die een of ander rigting van die ekonomiese en verwante rigtings verleen nie alleen toegang tot 'n wye verskeidenheid beroepsrigtings in die openbare en private sektor nie, maar skep ook die geleentheid tot gevorderde en interessante werk.

Enkele voorbeelde hiervan is die volgende:

B.Com. (Regte): Die B.Com.-graad wat regsvakke insluit, verskaf nie slegs basiese opleiding in sowel ekonomiese as regsvakke nie, maar kan ook met 'n LL.B. afgerond word. Dit is derhalwe 'n voorbereiding vir besigheids- en regspraktyk en bied geleentheid vir aanstelling in 'n verskeidenheid uitvoerende poste in die handel en nywerheid asook in finansiële instellings soos versekeringsmaatskappye. Kyk ook REGSGELEERDHEID.

Bedryfsekonomie: In enige onderneming wat goedere en dienste beskikbaar stel, vind 'n verskeidenheid aktiwiteite plaas en moet 'n veeltal take deur die bedryfsleiers en hul ondergeskiktes uitgevoer word. Ten einde hierdie verskeidenheid aktiwiteite en take sinvol te bestudeer, word die werksaamhede in die onderneming in verskillende funksionele gebiede verdeel. Gewoonlik word agt gebiede onderskei, naamlik aankope, produksie, finansies, bemarking, personeel, administrasie, eksterne betrekkinge (skakelwerk) en algemene leiding. Die bestuur van hierdie agt funksies vorm die studieveld van die Bedryfsekonomie.

Die aankopebestuur moet onder andere toesien dat die onderneming teen die laags moontlike koste voorsien word van alle benodigdhede vir sy aktiwiteite op die regte tye, in die regte hoeveelhede en van die regte kwaliteit.

Die produksiebestuur (operasionale bestuur) is verantwoordelik vir die beskikbaarstelling van goedere en/of dienste. Hier word produkte vervaardig en/of dienste gelewer soos in die fabriek, die banklokaal en die supermark.

Die finansiële bestuur hanteer die "geldsake" van die onderneming, dit wil sê, die verkryging van voldoende kapitaal uit die regte bron in die regte hoeveelheid en op die regte tyd, asook die korrekte aanwending van hierdie kapitaal op die benodigde bates. Verder word die finansiële toestand van die onderneming gereeld ontleed ten einde te verseker dat die onderneming finansieel gesond bly en om vas te stel hoe die onderneming funksioneer.

- Die bemarkingsbestuur het te doen met die bemarking van die onderneming se goedere en/of dienste. Deeglike navorsing oor die behoeftes van die verbruikers is nodig vir die beskikbaarstelling van die regte goedere en/of dienste op die regte tye en plekke, in die regte vorm en hoeveelhede en teen die regte pryse.

- Die personeelbestuur moet sorg dat die regte aantal en soort personeellede verkry, behou en ten beste benut word, sodat die produksiefaktor arbeid, die hoogs moontlike bydrae tot die doelmatige funksionering van die onderneming kan lewer.

- Die administratiewe bestuur is verantwoordelik vir die boekhouding, statistieke, kosprysberekening en -beheer, en die algemene kantooradministrasie en -organisasie. Dit raak dus die versameling, verwerking, vaslegging en herwinning van inligting wat die bestuur kan gebruik om besluite te neem.

- Die bestuur van eksterne betrekkinge (skakelwerk) behels die skakeling tussen die onderneming en die "buitewêreld", dit wil sê persone en instansis buite die onderneming. Hier word veral gepoog om kontak te maak en goeie betrekkinge te handhaaf met die buitewêreld. Die onderneming streef daarna om 'n objektiewe en gunstige beeld na buite te reflekteer deur toe te sien dat sy prestasie, vordering en plek in die gemeenskap goed begryp word.

- Die bedryfsleiding of algemene bestuur betrek die leidinggewende persone in die onderneming. Dit handel oor die taak van topbestuur en die leiers van al die funksies in die onderneming. Die klem val hoofsaaklik op strategiese bestuur waar aspekte soos strategiese beplanning, organisasie, bevelvoering, koördinasie en beheer besondere aandag geniet.

Alle instansies in die private en openbare sektor het 'n behoefte aan bestuurders en derhalwe is die beroepsgeleenthede onbeperk. In die private sektor bestaan daar beroepsmoontlikhede by ondernemings soos petrolmaatskappye, kunsmismaatskappye, tabakmaatskappye, motorver- vaardigers, mynbou- en finansieringsmaatskappye. Daar bestaan ook beroepsgeleenthede by Yskor, Sasol,Foskor, Krygkor en in sekere staatsdepartemente en munisipale owerhede.

Al die bogenoemde instellings benodig personeel soos kosteberekenaars, verkooppersoneel, skakelbeamptes, personeelbeamptes, aankopers en marknavorsers

Bedryfsielkunde Hierdie vakwetenskap hou verband met die vakgebiede van byvoorbeeld die Sielkunde, Sosiologie, Ekonomie en Bedryfsekonomie. Dit hou sig besig met die studie van die mens in die werksituasie en die maksimale benutting van arbeid as produksiefaktor. As gevolg van die deurslaggewende rol van die personeel (werknemers) in die bereiking van sukses, word daar in enige onderneming voortdurend gesoek na metodes om werknemers te motiveer en te lei tot hul optimale prestasie (hoogste produktiwiteit). Kennis van menslike optrede (gedrag) in verskillende bedryfsituasies het dus vir enige sakebestuurder onontbeerlik geword.

In die handel en nywerheid, staatsdepartemente en ander groot ondernemings soos die Vervoerdienste, Yskor, Sasol, die WNNR, die Poswese, koöperatiewe

verenigings, die myne, versekeringsmaatskappye, bougenootskappe, munisipaliteite en banke, word persone met hierdie opleiding in diens geneem om opgelei te word as personeel-, indiensnemings-, opleidings-, personeelnavorsings-, organisasieontwikkelings-, organisasie en metode- of algemene personeelbeamptes. Daarvandaan kan dan gevorder word na personeelbestuurders, bestuursraadgewers, personeeldirekteure, ens.

Die waarde van die dienste van een of meer personeelbestuurders in 'n onderneming, veral waar dit gaan om die optimale benutting van beskikbare arbeid, word vandag al hoe meer besef. Die pligte van 'n personeelbestuurder, hoewel uiteenlopend van aard, is baie interessant. In 'n groot onderneming is dit egter moontlik dat 'n persoon net vir een gespesialiseerde afdeling verantwoordelik kan wees, soos byvoorbeeld opleiding.

'n Aanstelling as personeelbestuurder sal die vrug wees op die harde werk van jare asook 'n tydperk van intensiewe indiensopleiding. 'n Universiteitsgraad soos B.A., B.Com., B.Econ., B.Sc., B.P.L. of B.A. (Sos.W), met hoofvakke soos Bedryf- en Personeelsielkunde, Sielkunde, Sosiologie, Maatskaplike Werk, Ekonomie en so meer, sal beslis van groot waarde wees om bevordering te bespoedig. Dit verskaf daardie uiters nuttige agtergrond en kennis wat nodig is wanneer personeelbestuurders met aangeleenthede te doen kry soos die keuring en plasing van personeel, groepsverhoudinge, motivering en moraal, bevrediging uit werksomstandighede, beplanning en koördinering, veiligheidsmaatreëls en voorkoming van ongelukke, en so meer.

<u>Bedryfsrekeningkunde (Kosteberekening)</u>: Die status van en vraag na opgeleide kosterekenmeesters is as gevolg van die belangrike werk wat gedoen word, in elke onderneming baie hoog. Gegewens deur die kosterekenmeester beskikbaar gestel, is die grondslag vir die bepaling van die lonendheid van die bedryf en 'n basis vir belangrike beslissings. Sy kennis word deur feitlik alle ondernemings, groot of klein, benut in afdelings soos kosteberekening, begrotingskontrole, arbeidsvergoeding, prysbepaling, bestuursvoorligting en talle ander terreine waar die ontleding van en kontrole oor uitgawes nodig is. Hy is dus 'n sleutelfiguur in die bepaling van ontwikkeling en doeltreffendheid, veral wanneer die onderneming in 'n sterk mededingende posisie verkeer. Vir die bestuur van 'n onderneming is die advies en wetenskaplike berekeninge van die kosterekenmeester beslis van groot belang, en hieruit spruit ook sy hoë besoldiging.

Die uitbreiding van die nywerheid, handel en ekonomie, en die noodsaaklikheid daarvan om koste en pryse steeds op 'n realistiese vlak te probeer hou, maak vooruitsigte baie aantreklik vir kosteberekenaars in die Staatsdiens, handel en nywerheid, provinsiale administrasies, munisipaliteite, fabrieke (veral waar massaproduksie en kompetisie 'n rol speel), Sasol, die Spoorweë, Weermag, Yskor, WNNR, myn- en ander maatskappye en as konsultante en dosente aan opvoedkundige inrigtings. Verdere studie en ervaring in hierdie rigting is noodsaaklik vir bevordering.

Kyk ook beroepsdiens van Ekonomie en Rekeningkunde.

<u>Sekretariële rigting</u>: Die hoër range van die sekretariële professie is hoofsaaklik toeganklik vir daardie persone wat oor erkende professionele kwalifikasies beskik en ook lidmaatskap van die sekretariële organisasies verwerf het. Elke maatskappy, byvoorbeeld, moet 'n sekretaris aanstel en dié beklee 'n uiters verantwoordelike posisie as hoof-administratiewe uitvoerende

beampte. Met sy gespesialiseerde kennis van onder andere die Maatskappyewet, is hy 'n belangrike lid van die bestuurspan en kom dit algemeen voor dat hy ook as 'n direkteur aangestel word.

Afgesien van sy ander pligte, vorm die sekretaris 'n belangrike skakel tussen die direkteure aan die een kant en byvoorbeeld die aandeelhouers, kantoorpersoneel, bankiers, ouditeure en die publiek aan die ander kant. Hierdie funksie maak sy werk interessant en aantreklik. Hy moet belangrike sake op intelligente en verantwoordelike wyse kan hanteer, en sy status en besoldiging is hoog.

Die groei van nywerheidsorganisasies, die jaarlikse registrasie van 'n groot aantal nuwe maatskappye en die neiging tot groepvorming deur maatskappye bring mee dat die sekretaris met sy gespesialiseerde opleiding vandag in die sakewêreld 'n dinamiese funksie het om te vervul.

Kyk ook beroepsdiens van SUIWER NATUURWETENSKAPPE: Statistiek/Wiskundige Statistiek.

Vervoerekonomie as spesialiteitsrigting leen hom toe tot die bestudering van sekere vervoervorme (spoor-, pad-, lug-, skeeps- en pypleidingvervoer) en vervoerwyses. Elk van hierdie vervoervorms funksioneer onder sekere organisatoriese en reëlingseienskappe in Suid-Afrika, afsonderlik en op 'n gekoördineerde wyse. Die studierigting bied aan die student die nodige agtergrondkennis van die vervoerwese binne die toepassingsvermoë van die vakke soos Ekonomie, Bedryfsekonomie, Wiskunde en Statistiek. Werksmoontlikhede in dié rigting sal byvoorbeeld wees in die Departement van Vervoer (verskillende vertakkinge), SA Vervoerdienste, verskillende skeeps- en ander maatskappye wat met lewering van goedere gemoeid is.

HOUTKUNDE

Universiteit: US

EERSTE GRAAD

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Houtkunde: B.Sc. in Houtkunde

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir B.Sc. in Bosbou. Kyk BOSBOU.

<u>Duur:</u> Vier jaar voltydse studie.

By die vierde jaargang kan studente by die rigting Bosontginning aansluit. Die eerste drie jaar is dieselfde as dié vir die B.Sc. in Houtkunde.

Studente moet praktiese werk gedurende die vakansies verrig en studietoere onderneem.

NAGRAADSE GRADE

Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Houtkunde: Hons.B.Sc. in Houtkunde

Magister in die Natuurwetenskappe in Houtkunde: M.Sc. in Houtkunde

Doktor in die Wysbegeerte (Houtkunde): Ph.D. (Houtkunde)

Doktor in die Natuurwetenskappe in Houtkunde: D.Sc. in Houtkunde

BEROEPSDIENS: As gevolg van die groot verskeidenheid van nywerhede wat gebruik maak van hout as grondstof, het die houtkundige 'n wye keuse van loopbaanmoontlikhede, byvoorbeeld in die saagmeulebedryf, houtbordbedryf, papierbedryf, houtverduursamingsbedryf, ens. Daar bestaan ook loopbaangeleenthede in navorsing. Tans word houtnavorsing hoofsaaklik deur die Nasionale Instituut vir Houtnavorsing van die WNNR en die Universiteit van Stellenbosch onderneem. Die houtafdeling van die SABS is verantwoordelik vir standaardisasie in die houtbedryf en ook hier is daar loopbaanmoontlikhede.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir die Nasionale Diploma in Houttegnologie en die Nasionale Diploma (Pulp- en Papiertegnologie).

HUISHOUDKUNDE

Universiteite: UDW, UN, UOVS, PU vir CHO, UP, US, UWK, UZ

EERSTE GRADE

Baccalaureus in Huishoudkunde: B.Huishoudkunde (UDW, UP, UZ)

Baccalaureus Scientiae in Huishoudkunde: B.Sc. Huish. (UN, UOVS)

Baccalaureus Scientiae (Huishoudkunde): B.Sc. (Huish.) (PU vir CHO)

Baccalaureus in Huishoudkunde (Algemeen): B. in Huishoudkunde (Algemeen): (US)

Baccalaureus Artium in Menslike Ekologie: B.A. (M.E.) (UWK)

Addisionele toelatingsvereistes:

UDW: Slaagsyfers in Wiskunde HG en in Biologie HG of in Natuur- en Skeikunde HG of minstens 50 % SG in genoemde vakke.

UN: Soos vir die B.Sc.Agric.-graad. Kyk LANDBOU.

UOVS: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 40 % in Wiskunde SG, sowel as in Natuur- en Skeikunde SG en/of Biologie SG. Voornemende studente word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde vir die st.10-eksamen te neem.

PU vir CHO: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk SUIWER NATUURWETENSKAPPE.
Voornemende studente word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde vir die st.10-eksamen te neem.

UP: Vir die hoofrigting: Kleding en Interieur is 'n slaagsyfer van minstens 33 1/3 % in Wiskunde 'n vereiste. Natuur- en Skeikunde word sterk aanbeveel.
Vir die hoofrigting: Voedselbestuur is 'n slaagsyfer van minstens 40 % (E-simbool) in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG of minstens 50 % (D-simbool) SG in genoemde vakke 'n vereiste.
Vir die Algemene rigting word Natuur- en Skeikunde aanbeveel.

US: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG of in Natuur- en Skeikunde SG of in Biologie HG met minstens 'n C-simbool.

UWK: Minstens 40 % HG of 50 % SG in een van die volgende vakke: Biologie, Natuur- en Skeikunde of Wiskunde.

UZ: 'n Slaagsyfer in Wiskunde sal 'n aanbeveling wees.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Drie jaar voltydse studie aan UN.

Aan PU vir CHO is daar 'n keuse tussen twee leergange, naamlik Voedsel en voedingkunde en Kleding en Interieur.

Aan UP is daar 'n keuse tussen drie leergange, naamlik Kleding en Interieur, Voedselbestuur en Algemeen.

Kleding, Tekstiele, Interieur, Voedsel, Voeding en Huisbestuur word as hoofvakke deur die ander universiteite aangebied.

Kyk ONDERWYS vir graad- en diplomakursusse vir onderwysersopleiding in die Huishoudkunde-rigting.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus Scientiae in Huishoudkunde (Honneurs): B.Sc. Huish. Hons. (UN)
Honneursbaccalaureus Scientiae in Huishoudkunde: B.Sc. (Huish) Hons. (UOVS)
Honneurs Baccalaureus Scientiae: Honns.B.Sc. (PU vir CHO)
Baccalaureus Honores in Huishoudkunde: B.(Huish.) (Hons.) (UP)
Honneurs-Baccalaureus in die Huishoudkunde: Hons.-B. in Huishoudkunde (US)
Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in die Huishoudkunde: Hons.-B.Sc. in Huishoudkunde (US)
Honneurs-Baccalaureus Artium in Menslike Ekologie: Hons.-B.A.(M.E.) (UWK)

Magister Scientiae in Huishoudkunde: M.Sc.Huish. (UN) of M.Sc.(Huish.) (UOVS)
Magister Scientiae: M.Sc. (PU vir CHO)
Magister in Huishoudkunde: M.Huishoudkunde (UP) of M. in Huishoudkunde (US)
Magister in die Natuurwetenskappe in die Huishoudkunde: M.Sc. in Huishoudkunde (US)
Magister Artium in Menslike Ekologie: M.A.(M.E.) (UWK)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UN)
Philosophiae Doctor: Ph.D. (UOVS)
Doctor Scientiae: D.Sc. (PU vir CHO)
Doktor in Wis- en Natuurkunde in Huishoudkunde: D.Sc. (Huishoudkunde) (UP)
Doktor in die Wysbegeerte (Huishoudkunde): Ph.D. (Huishoudkunde) (US)
Doktor in die Natuurwetenskappe in die Huishoudkunde: D.Sc. in Huishoudkunde (US)

BEROEPSDIENS: Die huishoudkundige is betrokke by tuisteskepping en stel haar ten doel om 'n fisiese en sosiale omgewing te skep waarin gesonde menseverhoudings tot stand kan kom. Dit is gevolglik die ideale kursus vir die natuur- sowel as sosiaalwetenskaplik georiënteerde meisie met 'n wye belangstelling. Die opleiding kom neer op die voorbereiding vir 'n aangename

en belowende loopbaan en gelyktydig ook toerusting met wetenskaplike kennis vir die toekomstige huisvrou. Hierby het die getroude vrou steeds die geleentheid om haar opleiding ook tot voordeel van die gemeenskap te benut. Selfs die onderwyseres in huishoudkunde, wat 'n professionele persoon is, sal waardevolle inligting en dienste buite die skoolverband kan lewer. As gevolg van verskeie rigtings wat beskikbaar is, kan selfs mans vandag tot hierdie professie toetree.

Beroepsmoontlikhede vir die huishoudkundige is onder andere die volgende:

> 'n Onderwyseres in huishoudkunde aan 'n hoërskool of 'n lektor of dosent aan 'n kollege, technikon of universiteit;
>
> 'n voorligtingsbeampte by die Departement van Nasionale Opvoeding (gee onder andere lesings en demonstrasies in die onderrig van volwassenes);
>
> 'n kommunikasieskakelbeampte tussen fabrikant en verbruiker ten opsigte van huishoudelike benodigdhede; in diens van 'n argitek of 'n firma wat te doen het met die vervaardiging van klerasie, voedsel, meubels, binnenshuiseversiering of mode-ontwerp; in diens, hoofsaaklik vir voorligting, van die beheerrade;
>
> joernaliste vir vrouerubrieke in tydskrifte, nuusblaaie, radio, televisie en advertensiemaatskappye of reisende verteenwoordigers;
>
> 'n navorsingsbeampte in diens van byvoorbeeld die WNNR, SABS, MNR en voedselnavorsingsinstitute; of
>
> 'n eie praktyk om op te tree as mode-, interieur- en voedingraadgeefster.

INGENIEURSWESE

Universiteite: UDW, UK, UN, PU vir CHO, UP, RAU, US, UW

Sommige van die ander universiteite bied opleiding in Ingenieurswese aan tot op tweedejaarsvlak.

EERSTE GRADE

Baccalaureus in Ingenieurswese: B.Ing. (UDW, PU vir CHO, UP, RAU)

Baccalaureus Scientiae in Ingenieurswese: B.Sc. (Ing.) (UK, UW) of B.Sc. Ing. (UN)

Baccalaureus in die Ingenieurswese: B.Ing. (US)

Addisionele toelatingsvereistes:

UDW: 'n Slaagsyfer van minstens 50 % in Wiskunde HG.

UK: Kyk LETTERE EN WYSBEGEERTE vir die graderingstelsel vir toelating.

By die berekening van punte word die punte vir Wiskunde en Natuur- en Skeikunde verdubbel.

Tellings word gebaseer op die ses beste vakke van elke applikant, mits Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Engels ingesluit is. Ander vakke wat erken word is Aardrykskunde, Addisionele Wiskunde, Afrikaans, 'n Afrika-taal, Bedryfsekonomie, Biologie, Duits, Ekonomie, Frans, Geskiedenis, Grieks, Hebreeus, Italiaans, Latyn, Portugees, Rekeningkunde, Spaans.

Wiskunde en Natuur- en Skeikunde moet op die Hoër Graad geslaag word.

Applikante moet die volgende minimum punte verwerf om tot die kursus toegelaat te word:

| | Word outomaties toegelaat | Waglys |
|---|---|---|
| Chemiese Ingenieurswese | 48 | 42 47 |
| Elektriese/Elektroniese Ingenieurswese | 48 | 44 - 47 |
| Landmeetkunde | 42 | 40 41 |
| Materiaalingenieurswese | 46 | 42 - 45 |
| Meganiese Ingenieurswese | 48 | 44 47 |
| Siviele Ingenieurswese | 42 | 40 41 |

UN: Slaagsyfers van minstens 40 % in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG.

PU vir CHO: 'n Slaagsyfer van minstens 50 % in Wiskunde HG, en 'n slaagsyfer van minstens 50 % in Natuur- en Skeikunde HG of minstens 60 % in Natuur- en Skeikunde SG.

UP: Kandidate moet slaagsyfers in Wiskunde en Natuur- en Skeikunde behaal van

minstens 50 % in die een op die Hoër Graad en minstens 40 % in die ander een op die Hoër Graad; of

minstens 50 % in die een op die Hoër Graad en minstens 50 % in die ander een op die Standaardgraad; of

minstens 40 % in die een op die Hoër Graad en minstens 60 % in die ander een op die Standaardgraad; of

minstens 60 % in die een op die Standaardgraad en minstens 50 % in die ander een op die Standaardgraad.

RAU: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG.

US: Minstens 'n D-simbool in Wiskunde HG en minstens 'n E-simbool in Natuur- en Skeikunde HG of minstens 'n C-simbool in Natuur- en Skeikunde SG.

UW: Slaagsyfers in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG: met dien verstande dat die Senaat slaagsyfers (in een of albei dié vakke) van minstens 60 % op die Standaardgraad in buitengewone omstandighede sal aanvaar.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Aan die Universiteit van Pretoria kan die graadkursus gedeeltelik na-uurs en gedeeltelik voltyds geneem word:

Vyf jaar indien slegs die eerste akademiese jaar oor twee jaar na-uurse studie versprei word; of

ses jaar indien ook die tweede akademiese jaar oor twee jaar na-uurse studie versprei word.

Die volgende rigtings word deur die genoemde universiteite aangebied:

Bedryfsingenieurswese: UP, US, UW

Biomediese Ingenieurswese: UK (Kyk Biomediese Wetenskappe)

Chemiese Ingenieurswese: Al die universiteite behalwe RAU

Elektriese Ingenieurswese: UDW, UN, UP, US, UW

Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese: UK, PU vir CHO, RAU

Elektroniese Ingenieurswese: UN, UP, US

Fisiese Metallurgie: UW

Landbou-ingenieurswese: UN, UP

Landmeetkunde: UK, UW (Kyk LANDMEETKUNDE)

Lugvaartkundige Ingenieurswese: UW

Materiaalingenieurswese: UK

Meganiese Ingenieurswese: Al die universiteite

Metallurgie: UW

Metallurgiese Ingenieurswese: PU vir CHO, UP, US, UW

Mineraalverwerkingsingenieurswese: UW

Mynbou-ingenieurswese: UP, UW

Siviele Ingenieurswese: Al die universiteite behalwe PU vir CHO

PU vir CHO bied opleiding in Bedryfs-, Landbou-, Mynbou- en Siviele Ingenieurswese tot op tweedejaarsvlak.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus Honores in Ingenieurswese: B.Ing. (Hons.) (UP)

Magister in Ingenieurswese: M.Ing. (UDW, PU vir CHO,, UP, RAU)
Magister Scientiae in Ingenieurswese: M.Sc. (Ing.) (UK, UW) of M.Sc.Ing. (UN)
Magister in die Ingenieurswese: M.Ing. (US)
Magister in Industriële Administrasie: M.Ind. Admin. (UK)
Magister Scientiae in Toegepaste Wetenskappe: M.Sc. (Toeg. Wet.) (UK)
Magister Philosophiae: M.Phil. (UK, RAU)

Doktor in die Wysbegeerte in Ingenieurswese: Ph.D.(Ing.) (UDW)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, UW)
Doktor in Ingenieurswese: D.Ing. (UDW, PU vir CHO, UP, RAU, UW)
Doctor Scientiae in Ingenieurswese: D.Sc.(Ing.) (UK, UW) of D.Sc.Ing. (UN)
Doktor in die Wysbegeerte (Ingenieurswese): Ph.D.(Ing.) (US)
Doktor in die Ingenieurswese: D.Ing. (US)
Doctor Philosophiae: D.Phil. (RAU)

DIPLOMAS

(a) Diploma in Ingenieurswese of

(b) Diploma in Ingenieurswese vir Gegradueerdes (UK)

Toelatingsvereistes:

(a) 'n Gegradueerde of nie-gegradueerde wat in besit is van geskikte professionele kwalifikasies.

(b) Slegs gegradueerdes.

Duur: Die leergang bestaan uit kursusse gekies uit spesiale kursusse wat deur die Fakulteit van Ingenieurswese en ander Fakulteite aangebied word.

(a) Diploma in Industriële Administrasie of

(b) Diploma in Industriële Administrasie vir Gegradueerdes (UK)

Toelatingsvereistes: Soos vir bogenoemde diplomas.

Duur: 'n Kandidaat moet kursuswerk voltooi wat deur die Koördinator, Industriële Administrasie-program, Depawrtement Meganiese Ingenieurswese, voorgeskryf is.

Diploma in Ingenieurswese (UN)

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc.Ing.-graad.

Duur: 'n Minimum van een semester studie.

Diploma in Mynbou (UP)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n Baccalaureusgraad in enige vertakking van Ingenieurswese of 'n Baccalaureusgraad in Mynbou-geologie of tot die status daarvan toegelaat wees.

Duur: 'n Minimum van een jaar voltydse studie.

Nagraadse Diploma in Gehalteversekering en Betroubaarheid (UP)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad in enige vertakking van die Ingenieurswese of 'n toepaslike B.Sc.-graad.

Duur: Twee semesters na-uurse studie.

Nagraadse Diploma in die Ingenieurswese: N.D.I. (US)

Toelatingsvereistes: 'n Goedgekeurde Baccalaureusgraad in die Ingenieurswese; of ander akademiese graadkwalifikasies en ter sake ondervinding wat vir die Senaat aanvaarbaar is.

Duur: Een jaar.

Diploma in Ingenieurswese vir Gegradueerdes (UW)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van een van die volgende grade: B.Sc.(Ing.), B.Sc.Hons., B.Sc. in Stads- en Streekbeplanning, B.Sc. in Boukunde, of tot die status daarvan toegelaat wees.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

BEROEPSDIENS: Ingenieurswese is 'n belangrike vertakking van die Toegepaste Wetenskap. Die wetenskaplikes soek byvoorbeeld na basiese kennis. Hulle doel is om nuwe beginsels of kombinasies van bekende beginsels te ontdek ten einde natuurverskynsels te verklaar en maak hiervoor gebruik van die Wiskunde, Fisika, Chemie en so meer. Op hulle beurt sorg die ingenieurs dat die kennis wat die wetenskaplikes aan die mensdom besorg, toegepas word. Hoewel ingenieurs ook denkers is, is hulle uit die aard van hul professie manne en vroue van die daad.

Daar bestaan verskeie vertakkings in die ingenieurswese maar hulle kan nie waterdig afgebaken word nie, sodat werksaamhede in die een dikwels met dié van die ander ooreenstem. Die vinnige toename in die kennis van die ingenieur het ook gelei tot talle onderafdelings in die ingenieurswese soos lugvaart-, skeeps- en kerningenieurswese, asook rigtings soos masjienbou, verkoeling en lugreëling en so meer. Meer inligting oor bepaalde rigtings kan van die betrokke universiteite of die SA Raad vir Professionele Ingenieurs, Posbus 61019, Marshalltown 2107, Transvaal, verkry word.

Bedryfsingenieurswese (ook bekend as produksie-ingenieurswese) is 'n relatiewe nuwe vertakking van ingenieurswese en die aanvraag word baie groot weens die druk op produktiwiteit. Dit bestaan basies daaruit dat dié ingenieur hom toelê op die maksimale benutting van die produksiefaktore deur beplanning, rangskikking van toerusting, skedulering van werk, beheer oor arbeid, produksie, materiaal, kwaliteit en koste. Hy kombineer sy ingenieurskennis (hoofsaaklik op die gebied van die meganika) met die beginsels van bestuurs- en bedryfsekonomie.

Sy beroepsrigting lê hoofsaaklik in nywerhede soos die vervoerdienste, myne, Yskor, Ukor, groot fabrieke, die Staatsdiens en doseerwerk aan 'n universiteit en navorsing.

Chemiese Ingenieurswese behels die navorsing, ontwikkeling, ontwerp, konstruksie, bedryf en bestuur van daardie industriële prosesse waarby grondstowwe deur middel van chemiese of fisiese veranderings tot produkte met 'n hoër ekonomiese waarde verwerk word. Sulke prosesse bestaan in die gebiede van plastiek, kunsvesels, petrolraffinering, plofstowwe, mynwese, voedselverwerking, misstowwe, farmaseutiese middele en kerninstallasies.

Die snelle nywerheidsgroei in die Republiek bied geleenthede vir chemiese ingenieurs op 'n wye verskeidenheid van vertakkings van die beroep soos navorsing, ekonomiese evaluering, ontwerp, vervaardiging van toerusting, konstruksie van die aanleg, aanlegbediening, verkope van produkte en dienslewering.

Elektriese/Elektrotegniese Ingenieurswese en Elektroniese Ingenieurswese: Elektriese Ingenieurswese is die vakgebied wat gemoeid is met die opwekking en aanwending van elektriese energie tot voordeel van die mens. Die fenomenale ontwikkeling in die elektronika-gebied oor die afgelope aantal dekades, veral ten opsigte van die mikro-elektronika, het op sy beurt gelei tot die ontstaan van 'n afsonderlike volwaardige vakgebied, die Elektroniese Ingenieurswese wat hoofsaaklik toegespits is op die kommunikasie, rekenaarwese, televisie, radar, geleide missiele, ens.

Die elektriese en elektroniese ingenieur word opgelei om professionele verantwoordelikheid te aanvaar vir suksesvolle ontwerpe, spesifikasies, konstruksieprojekte, inbedryfstellingsaksies, toetse en instandhouding van elektriese of elektroniese toerusting en stelsels.

Landbou-ingenieurswese: Landbou wat so belangrik is in ons land word toenemend wetenskaplik benader veral op die ingenieursvlak. Die landbou-ingenieur is betrokke by landboumasjinerie, grond- en waterbewaring, plaasgeboue en strukture, prosessering en hantering van landbouprodukte en landboubedryfsaspekte.

Landbou-ingenieurs word in diens geneem in raadgewende, navorsings- en bestuurshoedanighede, onder andere deur staatsdepartemente, landboukoöperasies en vervaardigers van landbou- en besproeiingstoerusting.

Meganiese/Werktuigkundige Ingenieurswese: Hierdie vakgebied omsluit die ontwerp, konstruksie, bemarking, installering en instandhouding van werktuigkundige uitrusting, soos masjiengereedskap, materiaalhanteringsuitrusting, outomatiese produksielynmasjinerie vir fabrieke, mynbou-installasies, pad- en landboumasjinerie, verkoelings- en lugversorgingsinstallasies, stoomketels, pompe, lugkompressors, turbines, olie- en gasenjins, motors, vliegtuie, skepe en spoorweglokomotiewe. Hierdie ingenieurs ontwerp ook planne vir die aanleg van nuwe fabrieke. Die meganiese ingenieurswese lewer derhalwe 'n besondere diens aan die gemeenskap en kan tereg beskou word as die hoeksteen van die moderne tegnologie. Die verwerking, hantering en verspreiding van 'n produk is direk afhanklik van die toepassing van die beginsels van die meganiese ingenieurswetenskap.

Gevolglik word van die beste beroepsmoontlikhede gevind by die SA Vervoerdienste, Krygkor, KERNKOR, UKOR, SABS, Pos- en Telekommunikasiewese, mynwese, motormaatskappye, groot stadsrade, ander nywerhede en die staatsdiens.

Metallurgiese Ingenieurswese: Die terrein van hierdie ingenieur is tweeledig, te wete die onttrekking (ekstraksie) of vrystelling van 'n metaal uit sy oorspronklike erts en komplekse verbindings, en die bestudering van die fisiese eienskappe daarvan met die oog op verwerking in bruikbare produkte. Die werksaamhede behels dus alle aspekte van metaal- en legeringstegnologie van die stadium waar die metaalhoudende minerale gemyn en vir behandeling beskikbaar gestel word, totdat die verwerkte produk aan die mens gelewer word vir gebruik.

Die metaalvervaardigingsbedryf toon geweldige vooruitgang en bied derhalwe geleenthede aan meer en meer ingenieurs, veral wat navorsing betref. Die volgende is slegs 'n paar van die vele instansies by wie werkgeleenthede bestaan: Mintek, WNNR, KERNKOR, alle myne wat metale ontgin, die yster- en staalbedryf, doseerposte aan universiteite en technikons.

Metallurgie: Metallurgie is met die wetenskap en tegnologie van metale gemoeid en kan oor die algemeen in drie groepe ingedeel word, naamlik ekstrasiemetallurge, wat erts verwerk, die metaal ekstraheer en dit raffineer; die vervaardigingsmetallurge, wat metale in legerings omskep en in verskillende bruikbare vorms verander, en die fisiese metallurge, wat gemoeid is met die fisiese eienskappe van metale en legerings asook die gedrag daarvan onder gebruiksomstandighede.

Vir navorsingswerk wat veral in ekstraksie en fisiese metallurgie gedoen moet word, dien die Raad vir Mineraaltegnologie (Mintek) as 'n navorsingsentrum vir feitlik die hele Suid-Afrikaanse minerale nywerheid. Die werk van die Raad word deur verskeie afdelings behartig. Sommige mynmaatskappye onderneem self ook navorsingswerk in hul eie laboratoria, terwyl die Kamer van Mynwese 'n groot navorsingsorganisasie in Johannesburg het.

Vir nadere besonderhede in verband met indiensneming, opleiding en so meer, word die voornemende studente in hierdie rigting, na die volgende instansies, wat ook die vernaamste werkgewers verteenwoordig, verwys: Die Kamer van Mynwese, die individuele myngroepe, Foskor, Kernkor, Krygkor, Yskor en die Universiteite van Pretoria en die Witwatersrand.

Mynbouingenieurswese: Alhoewel mynbou in die RSA gewoonlik in verband staan met goud, diamante en steenkool, word talle ander minerale soos yster-, chroom-, mangaan-, asbes- en kopererts ook hier gemyn. Die myningenieur het te doen met alle soorte mynbou - van die stadium waar hy en die geoloë nuwe neerslae soek totdat 'n nuwe myn gevestig en die metaal of minerale vir verkoop geproduseer word. Hy het te doen met sowel die wetenskaplike as die praktiese aspekte van die mynbou van die ontginningstadium af tot by die bemarkbare produk. Hy kan ook vind dat hy vraagstukke in verband met die aanleg van dorpe, paaie, spooraansluitings, krag- en watertoevoer moet help oplos. Baie myningenieurs beklee ook uitvoerende en bestuursposte, veral waar dit gaan oor toesighouding en veiligheid. Die werkgewers sluit verskeie mynbou-ondernemings en groot Mynhuise, die SA Kamer van Mynwese, universiteite en privaat raadgewende ingenieurs in.

Lugvaartkundige Ingenieur: Die lugdinamika, dit wil sê, alles wat te doen het met lugvloei, soos die profiel van die vliegtuig en die verwagte prestasie, stabiliteit en aandrywingsvereistes, moet in ag geneem word by die ontwerp van 'n vliegtuig. Die lugvaartkundige ingenieur is verantwoordelik vir die keuse van materiale en produksiemetodes, die uitvoering van toetse en die maak van sterkteberekenings. Hy moet ook gedurig nuwe produksiemetodes ontwikkel en sorg dat die beste produksieprosesse gebruik word. Enige veranderings aan lugvaartuie moet deur hom nagegaan en geëvalueer word om te verseker dat dit nie die lugvaardigheid van die vaartuie sal beïnvloed nie. Hy moet toesien dat alle prototipes van lugvaartuie baie deeglik getoets word voordat dit in gebruik geneem word. Hy is verder verantwoordelik vir die ontwikkeling van verbeterde vliegtegnieke en die opstel van handboeke en onderhoudsprosedures.

In die Staatsdiens word hy onder andere deur die Departement van Vervoer in diens geneem.

Siviele Ingenieurswese: Hierdie ingenieurs, wat die grootste groep in die land vorm, het in die algemeen gesproke te doen met die beplanning, ontwerp, aanleg, bou en instandhouding van projekte wat daarop gemik is om die mens se fisiese omgewing tot sy nut en voordeel te beheer en te reguleer. In die praktyk kom sulke projekte neer op brûe, paaie, dokke, aanloopbane by lughawens, spoorweë, tonnels, damme, kanale, riool- en dreineringstelsels, gas- en watertoevoer, skagtorings van myne en ander groot strukture.. Die siviele ingenieurswese bestaan uit talle gespesialiseerde onderafdelings soos dié van die struktuuringenieur, munisipale ingenieur, pad- of spoorwegingenieur, wateringenieur, ens. Daar is dus talle geleenthede vir spesialisasie, insig, eie inisiatief en navorsing.

Aangesien van die grootste projekte die verantwoordelikheid van die Staat is, word die grootste verskeidenheid van werkgeleenthede gevind in die Departemente van Omgewingsake; Openbare Werke en Grondsake, Landbou en Watervoorsiening; Ontwikkelingshulp; Vervoer; en die administrasies van die vier provinsies. Siviele ingenieurs word ook in diens geneem deur die Spoorweë, munisipaliteite van groot stede, die WNNR, konstruksiemaatskappye en ander private ondernemings, universiteite en technikons.

Hierbenewens is die Raadgewende Ingenieurs as werkgewers van veral siviele maar ook van ander ingenieurs baie belangrik. Hiermee hang ook saam die geleenthede van die private konsulterende praktyk as 'n uiteindelike loopbaan vir gegradueerdes. Raadgewende Ingenieurs staan in eie diens en hulle of hul firmas ontvang opdragte van staats-, provinsiale en munisipale instansies en, in baie groot mate van nywerheids- en ander ondernemings vir die ontwerp en toesig oor die oprigting van projekte. (Meer besonderhede kan verkry word van die SA Vereniging van Raadgewende Ingenieurs, Posbus 61019, Marshalltown 2107.)

Poste van ingenieur in die onderskeie dissiplines bestaan in die Staatsdepartemente van Landbou en Watervoorsiening, Omgewingsake, Vervoer, Openbare Werke en Grondsake, Gesondheidsdienste en Welsyn, Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, Ontwikkelingshulp; semi-staatsafdelings soos AECI, Evkom, Foskor, KERNKOR, Krygkor, Mintek, Pos- en Telekommunikasiewese, SABS, SA Vervoerdienste, UKOR, WNNR, Yskor en nywerhede en mynmaatskappye.

KLINIESE SIELKUNDE

Universiteite: Al die universiteite behalwe MEDUNSA en VISTA.

US bied 'n Honneurskursus in Kliniese Sielkunde aan.

GRADE

Magister Artium in Kliniese Sielkunde: M.A. (Kliniese Sielkunde) (UDW, UNISA, UW)

Magister Artium: M.A. (UFH, UN, UNOORDE, PU vir CHO, RU, UZ)

Magister Scientiae: M.Sc. (UFH, UN, UNOORDE, PU vir CHO, RU)

Magister Scientiae in Kliniese Sielkunde: M.Sc. (Kliniese Sielkunde) (UDW)

Magister Artium in Kliniese Sielkunde: M.A. (UK)

Magister Artium (Kliniese Sielkunde); M.A. (Kliniese Sielkunde) (UOVS)

Magister Scientiae (Kliniese Sielkunde): M.Sc. (Kliniese Sielkunde) (UOVS)

Magister Societatis Scientiae (Kliniese Sielkunde): M.Soc.Sc. (Kliniese Sielkunde) (UOVS)

Magister Artium in Kliniese Psigologie: M.A. (Klin.Psig.) (UPE)

Magister in Lettere en Wysbegeerte (Kliniese Sielkunde): M.A. (Kliniese Sielkunde) (UP, US)

Magister in die Lettere en Wysbegeerte: M.A. (RAU)

Magister in die Natuurwetenskappe (Kliniese Sielkunde) (US)

Magister Psychologiae: M.Psych. (UWK)

Toelatingsvereistes: 'n Honneursgraad in Sielkunde.

Duur: Twee jaar. Die leergang behels een jaar voltydse klasbywoning en praktiese werk en een jaar voltydse internskap by 'n inrigting wat deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad vir die doel goedgekeur is, en die voorlegging van 'n verhandeling.

Dit is 'n gespesialiseerde graad wat tot professionele registrasie by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad lei.

Doktorsgrade: Kyk LETTERE EN WYSBEGEERTE, SUIWER WETENSKAPPE en SOSIALE WETENSKAPPE.

BEROEPSDIENS: Kyk Sielkunde onder LETTERE EN WYSBEGEERTE.

KOMMUNIKASIEKUNDE/JOERNALISTIEK

Universiteite: UFH, UOVS, PU vir CHO, RAU, RU, US, UNISA, UW, UZ

EERSTE GRADE

Baccalaureus Artium in Kommunikasiekunde: B.A. Kommunikasiekunde (UFH)

Baccalaureus Artium (Kommunikasiekunde): B.A. (Kommunikasiekunde) (UOVS)

Baccalaureus Artium (Kommunikasiekunde: B.A.(Komm.) (PU vir CHO)

Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte: B.A. (RAU, UZ)

Baccalaureus in Joernalistiek en Mediastudies: B.Joernalistiek (RU)

Baccalaureus Artium: B.A. (UNISA)

Addisionele toelatinsvereistes: Soos vir die B.A.-graad. Kyk LETTERE EN WYSBEGEERTE.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Vier jaar voltydse studie aan PU vir CHO waar hierdie graad toelating tot M.A.-graadstudie verleen. Minstens drie jaar aan UNISA.

Baccalaureus Commercii (Kommunikasiekunde): B.Comm. (Komm.) (PU vir CHO)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

RAU bied ook Kommunikasie aan as een van die keuserigtings vir die B.Com.-graad. Kyk HANDEL.

Honneurs-Baccalaureus in Joernalistiek: Hons.B.Joernalistiek (US)

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad.

Duur: Een jaar.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus Artium in Kommunikasiekunde (Honneurs): B.A.(Kom.)(Hons.) (UFH)
Honneursbaccalaureus Artium (Kommunikasiekunde): B.A.Hons. (Kommunikasiekunde) (UOVS)
Honneurs Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte: B.A.Hons. (RAU)
Baccalaureus Artium met Honneurs: B.A.(Hons.) (RU)
Honneurs-Baccalaureus Artium: Hons.B.A. (UNISA)

Magister Artium in Kommunikasiekunde: M.A.(Kom.) (UFH)
Magister Artium (Kommunikasiekunde): M.A. (Kommunikasiekunde) (UOVS)
Magister Artium: M.A. (PU vir CHO, RU, UNISA)
Magister in die Lettere en Wysbegeerte: M.A. (RAU)
Magister in Joernalistiek: M. Joernalistiek (US)

Doctor Philosophiae: D.Phil. (UOVS, PU vir CHO, US)
Doktor in die Lettere en Wysbegeerte: D.Litt. et Phil. (RAU)
Philosophiae Doctor: Ph.D. (RU)
Doctor Litterarum et Philosophiae; D.Litt. et Phil. (UNISA)

NAGRAADSE DIPLOMAS

Universiteitsdiploma in Kommunikasiekunde: U.D.K. (PU vir CHO)

Toelatingsvereiste: 'n Goedgekeurde Baccalaureusgraad.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie. Hierdie diploma verleen toelating tot die studie vir die Honneursgraad in Kommunikasiekunde.

Nagraadse Diploma in Kommunikasie (RAU)

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad.

Duur: Twee jaar.

Hoër Diploma in Joernalistiek (Nagraads) (RU)

Toelatingsvereistes: Enige Baccalaureusgraad behalwe die B.Joernalistiekgraad.

Duur: Een jaar.

Hoër Diploma in Kommunikasiestudies (UW)

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

BEROEPSDIENS: Kommunikasiekunde sal in die jare wat kom, 'n rol van al hoe groter betekenis speel met betrekking tot mense- en volkereverhoudinge. Dit ontsluit die nuwe wêreld van die twintigste eeu waarin dinge verbysterend vinnig gebeur en waarin motiewe en doelstellinge van individue en volkere maklik verkeerd geïnterpreteer kan word. Media van kommunikasie soos die koerant, die radio, televisie, die tydskrif en rolprent het ook die wêreld as't ware kleiner laat word, sodat daar eintlik in min wêrelddele enige geheime oorgebly het.

In dié veranderende wêreld het die mens al hoe meer behoefte aan betroubare inligting oor wat om hom gebeur. Daarom word al hoe hoër eise gestel aan die persoon wat inligting aan ander oordra, en val die klem op wat oorgedra word en hoe dit oorgedra word. Die kommunikasiekundige se taak is dan daarin geleë dat die inligting wat hy of sy oordra, so gestel sal word dat dit die grootste trefkrag sal hê en tot onderlinge begrip en vertroue tussen mens en mens en tussen volk en volk sal lei.

Enkele van die beroepsmoontlikhede waarvoor die student deur Kommunikasiekunde toegerus word, is die joernalistiek, die skakelwese, die reklamewese en die inligtingsdiens.

Joernalistiek: Die gebied van die joernalistiek as beroep met sy talle vertakkings word al hoe wyer, en die avontuur en bekoring daarvan al hoe groter. Ofskoon die meeste joernaliste by dagblaaie begin werk, is die joernalistiek nie tot koerante beperk nie. Die radio bied byvoorbeeld uitdagende beroepsgeleenthede. Boonop bied die televisiediens in Suid-Afrika verskeie moontlikhede aan gegradueerdes in Kommunikasiekunde/Joernalistiek.

Weens die hoë eise wat aan televisiejoernaliste gestel word, kan geeneen van hulle van die straat afgehaal word nie; hulle moet deeglik opgelei en vir hul taak toegerus wees. Televisie beteken egter nie die einde van dagblaaie, tydskrifte of die radio nie. Tog sal hierdie

media verplig word om hul kommunikasie nog beter en doeltreffender te behartig. Dit sal deeglik opgeleide mense vereis. Hoewel 'n matrikulant deur 'n onderneming as leerlingjoernalis in diens geneem kan word om indiensopleiding te ondergaan, het universiteitsopleiding vandag feitlik noodsaaklik geword, aangesien dit belangrike akademiese agtergrond voorsien en bydra tot die verruiming van kennis van mense en sake. Die gegradueerde of gediplomeerde geniet ook gewoonlik voorkeur vir bevordering.

- Skakelwese: In 'n dinamiese samelewing waar kompetisie daagliks toeneem, en persoonlike kontak binne organisasies afneem, is die volgehoue opbouing van 'n positiewe beeld vir enige onderneming onontbeerlik. Feitlik geen groot organisasie kan vandag meer effektief funksioneer sonder skakelpersoneel nie. Werkgewers is byvoorbeeld die Staatsdiens, plaaslike besture, statutêre liggame, internasionale organisasies, universiteite en ander opvoedkundige instellings, welsynsorganisasies, koerante, die SAUK, versekeringsmaatskappye en so meer. Al hoe meer vroue word in hierdie rigting benut en die ondernemende persoon met verbeeldingskrag en bereidheid om hard te werk, vind in die skakelwêreld 'n lonende loopbaan.

- Reklamewese: In die reklamebedryf is die werk dinamies van aard en die reklamebeampte of advertensie-agent moet sorg dat hy voortdurend tred hou met nuwe wendinge en verwikkelinge op dié gebied. Vir die persoon wat belangstel in die behendige en skeppende hantering van tale, lê die wêreld van advertensieskrywer oop. Reklamewerk is egter nie hiertoe beperk nie. Die reklamebeampte word al hoe meer 'n sleutelfiguur in die bekendstelling van 'n onderneming. Vir die persoon wat oor die nodige opleiding en die regte eienskappe beskik, is daar alle geleentheid om mettertyd sy eie onderneming te begin en dié uit te bou tot 'n winsgewende advertensie-agentskap. Die beroep is ook besonder geskik vir dames.

- Mediabeampte (Staatsdiens): In die uitvoer van sy openbare taak maak die Staatsdiens ruimskoots gebruik van publikasies in die vorm van jaarverslae, brosjures, tydskrifte, pamflette en plakkate. Dit is die taak van die mediabeampte om te verseker dat die publikasies wat deur sy departement vrygestel word, aantreklik, goed versorg en van hoogstaande gehalte is. Sy werk behels onder andere die volgende pligte: insameling van inligting, visuele en illustrasiemateriaal vir gebruik in publikasies; skryf van kopie in beide amptelike tale; persklaarmaking; skakeling en onderhandeling met outeurs, skakelbeamptes, fotograwe ensomeer; beantwoording van navrae in verband met artikels, verslae en programme. In sekere departemente doen hulle radiowerk.

Ander loopbane in die Staatsdiens vir persone met 'n graad in Kommunikasiekunde is onder andere dié van Gemeenskapskakelbeampte, Kultuurbeampte, Sportbevorderingsbeampte, Verkeersveiligheidsbeampte. Kyk ook Buitelandse Sake-beampte, onder die Beroepsdiens van LETTERE EN WYSBEGEERTE.

Kommunikasiekunde kan ook tot voordeel van sommige beroepe met ander vakke gekombineer word, soos met Bedryfsielkunde vir die personeelbeampte; met Drama- en Toneelkunde vir die persoon wat die verhoog, die televisieskerm, die rolprentskerm of die mikrofoon as rigting kies; met Biblioteekkunde vir 'n

loopbaan in die biblioteekwese; met Sielkunde of Sosiologie vir 'n navorsingspos in diens van byvoorbeeld die RGN.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma (Joernalistiek).

KRYGSKUNDE

Universiteit: US

EERSTE GRAAD

Baccalaureus in die Krygskunde: B.Mil.

Addisionele toelatingsvereistes: Studente moet

vir die Natuurwetenskaplike rigting, geslaag het in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG of met minstens 'n D-simbool in Wiskunde SG en in Natuur- en Skeikunde SG;

vir die Handelsrigting asook vir 'n kursus met Rekenaarstelsels en Statistiek as vakke, 'n slaagsyfer in Wiskunde SG met minstens 'n E-simbool behaal het; en

deur 'n militêre keurraad vir graadopleiding aanvaar wees.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Die B.Mil.-graad kan in een van die volgende rigtings gevolg word: Geesteswetenskappe, Natuurwetenskappe, Handelswetenskappe.

Al die leergange van die B.Mil.-kursus word aan die Militêre Akademie te Saldanha gevolg. Die Militêre Akademie is die setel van die Fakulteit van Krygskunde.

NAGRAADSE GRADE

Honneurs-Baccalaureus in die Krygskunde: Hons.-B.Mil.

Magister in die Krygskunde: M.Mil.

Doktor in die Krygskunde: D.Mil.

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D.

BEROEPSDIENS: 'n Loopbaan as offisier in die Suid-Afrikaanse Weermag is aantreklik, interessant en afwisselend. Die funksie van die offisierskorps is onder andere dié van organisasie, administrasie, beplanning, asook opleiding van die Burgermag en Kommando's. Die groot aantal offisiersposte waarvoor voorsiening gemaak word, bied besonder goeie vooruitsigte aan enige jongman. Hierby is dit duidelik dat die Staande Mag, as gevolg van die talle bykomende voordele aan personeel, beslis vir die materiële, liggaamlike en geestelike welsyn van sy lede sorg.

Na suksesvolle voltooiing van die opleidingskursus word kandidaatoffisiere met die rang van luitenant aangestel. Indien hulle verder in die vereiste

bevorderingskursusse slaag, kan hulle normaalweg tot die hoogste range bevorder word. Hierby is die B.Mil.-graad heeltemal aanneemlik in die burgerlike lewe en kan dit ook tot nagraadse studie aan enige Suid-Afrikaanse universiteit lei.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor offisiersopleiding buite die universiteit.

LANDBOU

Universiteite: UFH, UN (Pietermaritzburg), UNOORDE, UOVS, UP, US

EERSTE GRADE

Baccalaureus Scientiae Agriculturae: B.Sc.Agric. (UFH, UN, UNOORDE, UOVS)

Baccalaureus in Landbou: B.Sc.(Agric.) (UP)

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Landbou: B.Sc.Agric. (US)

Addisionele toelatingsvereistes:

UFH: 'n Slaagsyfer in Wiskunde. 'n Puntetelling van 43 word vereis. Kyk SUIWER NATUURWETENSKAPPE.

UN: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG of 60 % in Wiskunde SG, en minstens 40 % in 'n natuurwetenskap HG of 50 % SG in genoemde vak.

UNOORDE: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk SUIWER NATUURWETENSKAPPE.

UOVS: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG. Dit word sterk aanbeveel dat voornemende studente Natuur- en Skeikunde en Biologie vir die st.10-eksamen neem.

UP: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk SUIWER NATUURWETENSKAPPE.

US: Minstens 'n E-simbool in Wiskunde SG asook 'n slaagsyfer in 'n natuurwetenskap SG.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Studente kies een, twee of drie van die volgende hoofvakke elk met sy eie voorgeskrewe leergang:

Agronomie of Akkerbou: UN, UOVS

Akkerbou en Grondkunde: UFH

Akkerbou en Onkruidwetenskap: US

Akkerbou en Tuinboukunde: UFH

Akkerbou en Weiding: US

Besproeiingsleer: UFH

Biochemie: UN, UOVS, UP, US

Biometrie: UN, UOVS, US

Diere-anatomie en -fisiologie: UOVS

Dierefisiologie: US

Diereproduksie: UFH, UNOORDE

Entomologie: UN, UOVS, UP, US

Genetika: UN, UOVS, UP, US

Grasveldkunde: UN

Grondkunde: UFH, UN, UNOORDE, UOVS, US

Grondkunde en Plantvoeding: UP

Grootveekunde: UOVS

Hortologie: US

Kleinveekunde: UOVS

Landbou-ekonomie: UFH, UN, UNOORDE, UOVS, UP, US

Landbouproduksie: UFH, UN, US

Landbouweerkunde: UN, UOVS

Mikrobiologie: UN, UOVS, US

Mikrobiologie en Plantpatologie: UP

Planteteelt: US

Plantpatologie: UN, UOVS, UP, US

Plantproduksie: UFH, UNOORDE, UP

Suiwelkunde: UOVS

Tuinboukunde: UN, UOVS, UP

Veekunde: UN, UP, US

Veekunde en Weiding: UFH

Vleiskunde: UOVS

Voedselwetenskap: UP, US (Kyk ook VOEDSELWETENSKAP)

Weidingsleer: UN, UOVS

Wingerd- en Wynkunde: US

Baccalaureus Agriculturae: B.Agric. (UFH)

Duur: Drie jaar. Daar is twee keuserigtings, naamlik Landbouproduksiewetenskappe en Landbou-ekonomie/Produksie.

Baccalaureus Agriculturae: B.Agric. (UOVS)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde SG vir sommige leergange. Daar word sterk aanbeveel dat voornemende studente Biologie vir die st.10-eksamen neem.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Daar is sewentien verskillende leergange wat bestaan uit kombinansies van die volgende hoofvakke: Agronomie; Besproeiingsleer : Agronomie; Besproeiingsleer : Tuinbou; Grondkunde; Grootveekunde; Kleinveekunde; Landbou-ekonomie; Suiwelkunde; Tuinbou; Vleiskunde; Weidingsleer.

Baccalaureus Paedagogiae: B.Ped. (UFH)

Baccalaureus in Landbou-onderwys: B.Agric.Paed. (UNOORDE)

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Kyk ONDERWYS.

Baccalaureus Agriculturae (Educationis): B.Agric.(Ed.) (UOVS)

Baccalaureus in Landbou-onderwys: B.Agric.(Ed.) (US)

Addisionele toelatingsvereistes:

UOVS: Daar word sterk aanbeveel dat voornemende studente Biologie vir die st.10-eksamen neem.

US: Soos vir die B.Sc.Agric.-graad.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Baccalaureus in Landboubestuur: B.Agric.Admin. (UN, UNOORDE, US)

Addisionele toelatingsvereistes:

UN: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG of 60 % in Wiskunde SG, en minstens 33 % in 'n natuurwetenskap HG of 40 % SG in genoemde vak.

UNOORDE, US: Soos vir die B.Sc.Agric.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Honneurs Baccalaureus in Landbouvoorligting: B.Landbouvoorl. (Hons.) (UFH)

Baccalaureus Honores Institutionis Agrariae: B.Inst.Agrar.(Hons.) (UP)

Toelatingsvereistes: B.Sc.Agric.-graad of B.Agric.-graad (UFH) of tot die status daarvan toegelaat wees.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Honneurs Baccalaureus Scientiae Agriculturae: B.Sc.Agric. (Hons.) (UFH)
Baccalaureus Scientiae Agriculturae cum Honoribus: B.Sc.Agric. Hons. (UNOORDE)
Honneursbaccalaureus Scientiae Agriculturae: B.Sc.Agric. Hons. (UOVS)
Baccalaureus Honores in Landbou: B.Sc. (Agric.) (Hons.) (UP)
Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Landbou: Hons.-B.Sc.Agric. (US)
Honneurs Baccalaureus in Landboubestuur: B. Landboubestuur (Hons.) (UN) of Hons.-B.Agric.Admin. (US)

Magister Scientiae Agriculturae: M.Sc.Agric. (UFH, UN, UNOORDE, UOVS)
Magister in Landbouvoorligting: M. Landbouvoorligting (UFH)
Magister in Landbou: M.Sc.(Agric.) (UP)
Magister Institutionis Agrariae: M.Inst.Agrar. (UP)
Magister in die Natuurwetenskappe in Landbou: M.Sc.Agric. (US)
Magister in Landboubestuur: M. Landboubestuur (UN) of M.Agric.Admin. (UNOORDE, US)

Doctor Scientiae Agriculturae: D.Sc.Agric. (UFH, UN, UNOORDE)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UN)
Philosophiae Doctor: Ph.D. (UOVS)
Doctor Scientiae: D.Sc. (UOVS)
Doktor in Landbou: D.Sc.(Agric.) (UP)
Doctor Institutionis Agrariae: D.Inst.Agrar. (UP)
Doktor in die Wysbegeerte (Landbou): Ph.D.(Agric.) (US)
Doktor in die Wysbegeerte (Landboubestuur): Ph.D.(Agric. Admin.) (US)
Doktor in die Natuurwetenskappe in Landbou: D.Sc.Agric. (US)

DIPLOMAS

Diploma in Landbouvoorligting en Plattelandse Ontwikkeling (UFH)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat en minstens twee jaar goedgekeurde toepaslike ervaring, of minstens 'n st.8-sertifikaat plus 'n tweejarige landboukollege-diploma asook minstens vyf jaar ervaring in landbouvoorligting en/of plattelandse ontwikkelingswerk.

Duur: Twee jaar deeltydse studie.

Diploma in Landbou-onderwys: Dipl.Agric.Paed. (UNOORDE)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr) (Landbou): H.O.D.(Sekondêr)(Landbou) (US)

Kyk ONDERWYS.

BEROEPSDIENS: Navorsing ten opsigte van beter, meer produktiewe en meer ekonomiese metodes van primêre voedselproduksie is een van die hoofterreine van arbeid vir gegradueerdes in landbou. Daarom bied die landbou so 'n groot verskeidenheid van moontlikhede, nie slegs in die boerdery self nie, maar in die handel, nywerheid, navorsing, onderwys, bewaring en ander gespesialiseerde dienste. Veral wat hierdie nie-boerderyaspekte van landbou betref, word beroepe steeds gespesialiseerd en in baie gevalle het professionele opleiding op universiteitsvlak nodig geword. Die kursusse bied 'n basis vir navorsing en die praktiese toepassing daarvan. In die nywerhede, byvoorbeeld fabrieke wat landboubenodigdhede fabriseer, word landbougegradueerdes geplaas in die poste van tegniese diensbeamptes, verkoopsverteenwoordigers, navorsingsbeamptes, produksievoorligtingsbeamptes en dergelike meer. Daar word egter beklemtoon dat die verwerwing van 'n B.-graad in Landbou slegs die eerste stap in die rigting van professionele opleiding verteenwoordig. Veral op die gebied van navorsing is nagraadse studie uiters belangrik. Dit is ewe-eens nodig dat kandidate by voorbaat deeglik sal besin oor die vakke vir 'n besondere rigting wat hulle wil volg of, omgekeerd, sekerheid sal verkry oor werkgeleenthede indien hulle spesifieke vakke in die oog het.

Die volgende is sommige van die hoofstudierigtings of -vakke en 'n aanduiding van werkgeleenthede:

Agronomie of Akkerbou het te make met alle aspekte van die verbouing van gewasse, soos grond-, klimaat- en vogvereistes, grondvoorbereiding, bemesting, planttegnieke, keuse van cultivar, onkruidbeheer, plaagbeheer, oestegnieke en besproeiing.

Agronome kan hul kennis aanwend in praktiese boerdery, asook as navorsers en voorligters in staats- en semistaatsinstansies, by koöperasies, kunsmismaatskappye en masjinerie- en gereedskapvervaardigers.

Besproeiingsleer: Die doeltreffende benutting van water in die landbou is in Suid-Afrika van die grootste belang. Die studierigting maak voorsiening vir die opleiding van besproeiingskundiges wat goed onderlê is in Agronomie en Grondkunde asook die ingenieursaspekte van besproeiing. Loopbaanaangeleenthede bestaan in die boerdery, by die vervaadiging, ontwerp, installering en evaluering van besproeiingstelsels, asook by die bestuur van groot besproeiingseenhede. Die snelle groei van hierdie bedryfsrigting in die landbou en ook die meganisering van besproeiingstelsels het 'n groot behoefte aan besproeiingskundiges geskep.

Biochemie: Kyk Beroepsdiens: SUIWER NATUURWETENSKAPPE.

Biometrie: 'n Biometrikus is behulpsaam by die beplanning en ontwikkeling van navorsingsprojekte en moet toesien dat die navorsing op so 'n manier gedoen word dat die navorsingsresultate statisties ontleedbaar is. Hy is dikwels ook behulpsaam by die werklike ontleding en interpretasie van die resultate en die skryf van navorsingsverslae. Biometrie is die ideale studierigting vir 'n persoon met wiskundige statistiese aanleg en 'n belangstelling in die biologiese wetenskappe. Biometrici beklee gewoonlik poste aan landboukundige, biologiese en mediese navorsingsinstitute; aan universiteite as dosente in Biometrie sowel as in Wiskundige Statistiek, en aan navorsingsdepartemente van groot kommersiële firmas. Hulle tree ook in diens van die WNNR, SABS en onderwysdepartemente. Die Staatsdiens bied verskeie werkgeleenthede en veral in die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking bestaan daar geleentheid om eie navorsing in verskillende rigtings te onderneem.

Diere-anatomie en -fisiologie behels 'n basiese studie van die anatomiese bou en struktuur van die liggaam van die plaasdier en 'n omvattende studie van die verskillende fisiologiese prosesse wat verband hou met belangrike produksiefunksies soos groei, reproduksie en laktasie.

Dierefisioloë is besonder goed toegerus vir loopbane in die praktiese veeboerdery. Hulle kan ook poste beklee as konsultante of navorsers in diens van firmas wat voer produseer, koöperasies, voedingsnavorsingsinstitute en laboratoria; as vakkundige beamptes verbonde aan institute waar biologiese en/of biochemiese navorsing gedoen word soos in die Departement van Landbou en Watervoorsiening.

Kyk ook Veekunde.

Diereproduksie/Veekunde: Veekunde is die wetenskap van veeboerdery. Dit dek 'n volledige veld van produksie, produkkunde en bemarking. Dit behels 'n studie van produksiestelsels vir vleisbeeste, melkbeeste, skape, varke, pluimvee en selfs perde. Dit sluit in die voeding, teling, fisiologie en reproduksie en die versorging van alle veetipes. Vleiskunde, wolkunde, suiwelkunde, die produksie en evaluering van voergewasse is onderafdelings van Veekunde. Die veevoernywerheid, veebemarking, die hantering en verwerking van veeprodukte is deel van die werksterrein van Veekunde.

Daar is 'n wye keuse wat loopbane betref. Afgesien van die praktiese veeboerdery is daar byvoorbeeld geleenthede in diens van die Beheerrade, private bemarkingsorganisasies, veevoermaatskappye, groot boerderymaatskappye en koöperasies. Die Departement van Landbou en Watervoorsiening bied ruim geleentheid vir navorsing in verskillende vertakkinge van Veekunde. Navorsers kan in genetika, fisiologie, voeding, teling, vleis- of woltegnologie spesialiseer. Die vernaamste sentrum hiervoor is die Navorsingsinstituut vir Vee- en Suiwelkunde naby Pretoria. Hierbenewens is daar heelwat ander vakkundiges wat met die administrasie en beheer van nasionale skemas belas is.

Kyk Beroepsdiens van SUIWER NATUURWETENSKAPPE vir Entomologie (Insektekunde) en Genetika (Erflikheidsleer)

Grondkunde speel 'n rol in al die fasette van primêre landbouproduksie. Grondkundiges word eerstens opgelei om grondsoorte en hul gebruike te kan identifiseer vir die doeltreffendste plaasbeplanning en grondgebruik. In die tweede plek moet hulle in staat wees om deur navorsing was te stel watter gebreke in grond voorkom en hoe om die gebreke te herstel. Dit sluit aspekte van grondvrugbaarheid, bewerking, besproeiing en dreinering in.

Daar bestaan 'n groot verskeidenheid werkgeleenthede vir grondkundiges as navorsers en voorligters. In die navorsingsrigting is die dienste van grondkundiges nodig vir grondklassifikasie- en grondopnameprojekte van die staat en private instansies soos landboukoöperasies en ontwikkelaars. Grondkundiges word ook ingespan by die beplanning van allerlei ontwikkelingsprojekte op ingenieursgebied soos padbou- en behuisingsprojekte, streeksontwikkeling, ens. Grondvrugbaarheidstudies is 'n interessante werksterrein wat veldproewe, potproewe, chemiese en fisiese grondontledings en talle ander gevorderde tegnieke insluit. Ook kunsmisfirmas het grondkundiges nodig om navorsingsprojekte uit te voer of voorligting aan boere te gee, terwyl groot ondernemings soos die suikernywerheid, groot boerderyondernemings, ingenieursfirmas en koöperasies, grondkundiges vir verskillende doeleindes nodig het.

Landboubestuur: Die graad in Landboubestuur is bedoel vir kandidate wat van plan is om te gaan boer of om poste te vul óf as plaasbestuurders óf by 'n maatskappy wat aan die boerdery gekoppel is. Die graadkursus sluit in biologiese en landboukursusse asook handelskursusse en Landbou-ekonomie. Die student verwerf dus 'n breë agtergrond in die meeste aspekte van die landboubedryf.

Landbou-ekonomie as wetenskap ontleed alle fasette van die landbousektor in die vraag na landbouprodukte en in die aanbod daarvan. Dit beteken dat die produksiemoontlikhede, die kostefaktore, die finansiering, die bemarking, die landbou-instellings, wetgewing, rekordhouding en administrasie in die landbousektor ondersoek word.

Studente wat hierdie studierigting voltooi, het 'n wye verskeidenheid beroepskeuses in die private en openbare sektor, byvoorbeeld die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking; privaat ondernemings verbonde aan die landbousektor soos SALU, NAMPO en landboukoöperasies, landboubeheerrade, kunsmismaatskappye en vervaardigers van boederytoerusting.

Landbou-ingenieurswese: Kyk Ingenieurswese.

Landbou-onderwys: Gekwalifiseerde landbou-onderwysers word deur die provinsiale onderwysdepartemente in diens geneem vir aanstelling aan sekondêre skole waaraan 'n landboustudierigting verbonde is. Die onderwysersopleiding tesame met nagraadse kwalifiksies is ook 'n ideale kombinasie vir die poste verbonde aan landboukolleges, technikons en universiteite.

Landbouweerkunde is die wetenskap wat handel oor die invloed van weer en klimaat op die plant en die dier en het ten doel die verhoging van die opbrengs per grond- en watereenheid. 'n Landbouweerkundige doen navorsing oor die invloed van die weer op alle aspekte van landbouproduksie, adviseer die landbouer oor aspekte waar die weer en klimaat landboubeplanning en -bestuur beïnvloed en onderneem weervoorspelling vir landboudoeleindes. Landbouweerkundiges in die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking doen navorsing oor 'n wye veld en in 'n verskeidenheid van gespesialiseerde rigtings soos straling, beweging van lug, hitte, vogtigheid en klimaatstoestande. Hulle tree normaalweg op in medewerking met navorsers in ander vakrigtings van die landbou. Gevolglik word die hele veld tussen basiese navorsing en praktiese toepassing van kennis gedek.

Hoewel dit 'n jong vakrigting is, het Landbouweerkunde vandag een van die lewenskragtigste vertakkinge van weerkunde in Suid-Afrika geword. Dit bied interessante werk- en navorsingsgeleenthede vanweë die land se uiterstes van hitte, koue, reën en droogte, asook sonskyn, ryp, hael en selfs kapok. Die navorsers het dus die geleentheid om 'n belangrike bydrae op landbougebied te lewer. Hierbenewens bied die landboufakulteite van die betrokke twee universiteite betrekkings as dosente aan opgeleide landbouweerkundiges.

Kyk ook Beroepsdiens van Weerkunde.

Mikrobiologie: Kyk Beroepsdiens van SUIWER NATUURWETENSKAPPE.

Plantpatologie (Plantsiektekunde) handel oor plantsiektes, veral dié wat deur swamme, bakterieë en virusse veroorsaak word. Aandag word bestee aan die oorsaaklike organismes, faktore betrokke by hul verspreiding en ontwikkeling

en die tegnologie en strategie om die nadelige uitwerking daarvan op die mens sover moontlik te beperk. Die Departement van Landbou en Watervoorsiening bied besondere geleentheid aan navorsers by die verskillende Navorsingsinstitute soos dié vir Vrugte en Vrugtetegnologie, Wynkunde en Wingerdbou, Sitrus en Subtropiese Vrugte, Tuinbou en Tabak. Behalwe poste wat bestaan vir dosente, word deur verskillende universiteite ook ruim voorsiening vir navorsing gemaak. Sekere beheerrade en privaat ondernemings betrokke by gewasse of ware soos sitrus, groente en suiker bied ook beroepsmoontlikhede, asook firmas wat in plaagbeheermiddels handel dryf. Gegradueerdes kan verder in die private diens tree van eienaars van groot plase of plantasies, kwekerye en so meer.

Suiwelkunde behels basiese en toegepaste studie van die fisika, chemie en mikrobiologie van melk en melkprodukte, asook die hantering en verwerking van dié produkte. Suiwelkundiges kan as navorsers by staats- en semistaatsorganisasies in diens tree. In die suiwelbedryf kan suiwelkundiges loopbane vind as prosesbestuurders, algemene fabriekbestuurders, kwaliteitskontroleerders en -ontwikkelaars. Daar bestaan ook werkgeleenthede vir voorligters, dosente, onderwysers en boere.

Tuinboukunde (Hortologie): Die studie in Tuinboukunde omsluit die verbouing van tuingewasse en van die wysè waarop die natuurlike gedrag van plante verander kan word om aan die mens se behoeftes te voldoen. Landskaptuinbou en blomverbouing is rigtings wat te doen het met plante wat oor sulke besondere verfraaiingseienskappe beskik dat hulle kommersieel en ekonomies belangrik is, of nog kan word. Werkgeleenthede kan gevind word as eienaars van 'n eie boerderyonderneming, in diens van munisipaliteite of kommersiële kwekerye van sierplante en snyblom- en potplantverbouers; as bestuurders en/of tegniese adviseurs van groot vrugte-, groente- en blomplase; as voorligtingsbeamptes in diens van die Departement van Landbou en Watervoorsiening; die Sitrusraad en maatskappye wat landbou-chemikalieë en kunsmisstowwe vervaardig. Studente word aangemoedig om nagraads te studeer om in diens geneem te word as navorsers aan die navorsingsinstitute onder beheer van die Sitrusraad, die Sagtevrugte- en Droëvrugteraad, die groot vrugtekwekersmaatskappye, kommersiële firmas en die Departement van Landbou en Watervoorsiening (vir Tuinbou te Pretoria, vir Vrugte en Voedseltegnologie te Stellenbosch, vir Sitrus en Subtropiese Vrugte te Nelspruit en vir Wynkunde en Wingerdbou te Stellenbosch).

Voedselwetenskap: Kyk Beroepsdiens van VOEDSELWETENSKAP.

Weidingsleer of Grasveldkunde: Die instandhouding van die natuurlike plantegroei vorm die basis vir die veebedryf en speel 'n essensiële rol in grondbewaring. 'n Weidingkundige word toegerus met 'n grondige kennis van die ekologiese en fisiologiese beginsels van veldbenutting en die praktiese toepassing van bestuurspraktyke wat gemik is op die herwinning, handhawing en doeltreffende gebruik van natuurlike veld en aangeplante weidings. Weidingsleerstudente is in baie gevalle voornemende boere. Aangesien hulle ook besondere kennis van verwante vakke soos Veekunde, Akkerbou, Grondkunde, Biochemie, Mikrobiologie en Genetika moet hê, sal beroepsmoontlikhede in hierdie geval in hoë mate ooreenstem met dié vir genoemde vakrigtings. Die leergang maak voorsiening vir basiese kennis vir navorsing wat onderneem kan word aan enige landbounavorsingsinstituut van byvoorbeeld die Departement van Landbou en Watervoorsiening, 'n universiteit of 'n wetenskaplike, landboukundige of nywerheidsorganisasie. Weidingkundiges kan ook aangestel word

as voorligtingsbeamptes, as dosente by landboukolleges en landboufakulteite, as tegniese verkoopsmanne vir vervaardigers van landbouchemikalieë, saad of voedsel en ook as bestuurders van groot landbouondernemings.

Wingerd- en Wynkunde: Weens die noue verbintenis tussen verbouingsfaktore en die gehalte van die eindproduk, word hierdie twee hoofvakke gekombineer. Werkgeleenthede is vanselfsprekend toegespits op die wynbedryf en kan gevind word as wynkundige voorligtings-, inspeksie- of navorsingsbeamptes in die Staatsdiens, as selfstandige boere of bestuurders van wingerdplase, as wynmakersbestuurders, kwaliteitsbeheerbeamptes, wyntegnoloë, produksiebestuurders, wynkelderbestuurders en so meer in die wynbedryf.

LANDMEETKUNDE

Universiteite: UFH, UK, UN, UP, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus Scientiae (Landmeetkunde): B.Sc. (Landm.) (UFH)

Baccalaureus Scientiae in Landmeetkunde: B.Sc. (Landmeetkunde) (UK, UN)

Baccalaureus in Landmeetkunde: B.Landm. (UP)

Baccalaureus Scientiae in Ingenieurswese: B.Sc.(Ing.) (UW)

Addisionele toelatingsvereistes:

UK, UN, UP, UW: Soos vir die graad in Ingenieurswese.

UFH: Soos vir die B.Sc.-graad.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Magister Scientiae in Ingenieurswese: M.Sc.(Ing.) (UK, UW)
Magister Scientiae in Landmeetkunde: M.Sc. Landmeetkunde (UN)
Magister in Landmeetkunde: M.Landm. (UP)
Magister Philosophiae: M.Phil. (UK)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, UW)
Doctor Scientiae in Ingenieurswese: D.Sc.(Ing.) (UK, UW)
Doctor Scientiae in Landmeetkunde: D.Sc. Landmeetkunde (UN)
Doktor in Landmeetkunde: D.Landm. (UP)
Doktor in Ingenieurswese: D.Ing. (UW)

NAGRAADSE DIPLOMA

Diploma in Lugopmeetkunde (UN)

Toelatingsvereistes: 'n Graad.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

BEROEPSDIENS: Landmeetkunde kan beskryf word as die kuns en wetenskap wat gegewens oor die natuurlike en kunsmatige eienskappe van die aardoppervlakte opteken en hierdie inligting in die vorm van kaarte, planne en numeriese gegewens aanbied. Opmetings word vir wetlike, ingenieurs-, beplannings- en navorsingsdoeleindes gebruik. Enkele van die mees ontwikkelde vertakkings van die landmeetkunde sluit in:

- Geodetiese opmeting wat hoofsaaklik gemoeid is met die grootte en vorm van die aarde en die presiese opsporing van punte op 'n globale basis, insluitende astronomiese en gravimetriese waarnemings.

- Fotogrammetrie wat hoofsaaklik opmeting met behulp van lugfoto's behels, maar ook ander terreine kan betree waar 'n behoefte bestaan aan die presiese opmeting van oppervlakte, hoe klein dit ook al is.

- Kadastrale opmeting wat gaan oor die afbakening van eiendomsgrense.

- Ingenieursopmeting (insluitende mynopmeting) dek 'n besonder wye veld wat verband hou met mynbedrywighede, tonnelgrawing, hawewerke, brug- en damkonstruksie, en pad- en spoorverkenning en -konstruksie om net enkele aanwendings te noem.

Landmeters is werksaam in staatsdepartemente soos die Departemente van Publieke Werke en Grondsake en Mineraal- en Energiesake, die SA Vervoerdienste, die myne, munisipaliteite en universiteite. 'n Landmeter kan ook privaat praktiseer, gewoonlik in vennootskap met ander.

In die RSA waar die proses van deel en onderverdeel, die beplanning van nuwe stede, die bou van paaie, ens. nog geruime tyd sal voortduur, bestaan feitlik onbeperkte beroepsmoontlikhede vir landmeters.

LANDSKAPARGITEKTUUR

Universiteit: UP

EERSTE GRAAD

Baccalaureus in Landskapargitektuur: B.L.

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % (E-simbool) in Wiskunde HG of 50 % (D-simbool) in Wiskunde SG en 'n slaagsyfer van 40 % (E-simbool) in Natuur- en Skeikunde HG of SG.

Duur: Vier jaar. 'n Kandidaat moet gedurende die eerste drie studiejare sy volle tyd aan die studie vir die graad wy, terwyl hy gedurende die vierde studiejaar voltyds in die diens van 'n landskapargitek of 'n verwante bedryf werksaam moet wees.

NAGRAADSE GRADE

Magister in Landskapargitektuur: M.L.

Doktor in Landskapargitektuur: D.L.

BEROEPSDIENS: Landskapargitektuur sluit in beplanning en aanbevelings ten

opsigte van terreine of areas om dié so doeltreffend en aantreklik as moontlik te maak. Die werk impliseer besondere samewerking met ingenieurs, munisipale beamptes, tuinboukundiges en ander. Dit bied ook geleentheid vir spesialisasie in beplanning en uitlê van byvoorbeeld parke en speelterreine, skool- en universiteitsterreine, sakesentra, paaie en so meer.

Die grootste werkverskaffers in die provinsiale administrasies, munisipaliteite en die Departement van Omgewingsake. 'n Private praktyk bied besondere vooruitsigte, aangesien baie instansies wat hierdie dienste nodig het, nie 'n voltydse argitek in diens het nie.

LEERWETENSKAP

Universiteit: RU

DIPLOMA

Diploma in Leerwetenskap (Nagraads)

Toelatingsvereistes: Die B.Sc.-graad met Chemie as hoofvak. 'n Kandidaat moet toestemming van die Fakulteitsraad van Natuurwetenskappe op aanbeveling van die Direkteur van die Navorsingsinstituut vir Leernywerhede verkry.

Duur: Een jaar voltydse studie.

BEROEPSDIENS: Studente ontvang praktiese opleiding en ondervinding in die Navorsingsinstituut vir Leernywerhede wat deur Rhodes-universiteit as 'n geassosieerde navorsingsinstituut erken is. Daar is ook beroepsgeleenthede by fabrikante van leerware.

LETTERE EN WYSBEGEERTE

Universiteite: Al die universiteite behalwe MEDUNSA.

EERSTE GRADE

Baccalaureus Artium: B.A. (UDW, UFH, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, RU, US, UNISA, VISTA, UWK, UW, UZ)

Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte: B.A. (UP, RAU)

Addisionele toelatingsvereistes:

UFH: Vir toelating tot die volgende kursusse, moet 'n kandidaat die standaard in elke geval aangedui, bereik het:

- Wiskunde I: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % (E-simbool) in Wiskunde HG of 50 % (D-simbool) in Wiskunde SG of Pre-gedifferensieerde.

- Statistiek I: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % (E-simbool) in Wiskunde SG of Pre-gedifferensieerde.

UK: 'n Slaagsyfer op die Hoër of Standaardgraad in minstens vier van die volgende vakke: Aardrykskunde, Afrikaans, 'n Bantoetaal, Biologie, Bybelkunde, Duits, Ekonomie, Engels, Frans, Geskiedenis, Grieks, Hebreeus, Hindi, Italiaans, Kuns, Latyn, Musiek, Natuur- en Skeikunde, Nederlands, Portugees, Spaans, Wiskunde.

By die keuring van applikante vir toelating word die volgende maatstawwe gebruik:

Graderingstelsel vir Toelating

| Simbool | Gradering: Gedifferensieerde Matriek – Hoër Graad | Gradering: Gedifferensieerde Matriek – Standaardgraad | Gradering: Pre-gedifferensieerde Matriek |
|---|---|---|---|
| A | 8 | 6 | 8 |
| B | 7 | 5 | 7 |
| C | 6 | 4 | 6 |
| D | 5 | 3 | 5 |
| E | 4 | 2 | 4 |
| F | 3 | 1 | 3 |

- 'n Applikant moet 'n minimum van vyf punte vir Engels <u>of</u> Wiskunde behaal; of 'n minimum van vier punte vir Engels <u>en</u> Wiskunde.

- Indien 'n applikant in sewe matrikulasievakke geslaag het, moet hy die ses beste vakke kies vir berekening.

- 'n Applikant wat 30 of meer punte behaal, sal onvoorwaardelik toegelaat word. Applikante met 'n totaal van 26 tot 29 punte sal op 'n waglys geplaas word. Applikante wat 25 en minder behaal het, sal nie toegelaat word nie.

Toelating tot spesifieke kursusse

- Ekonomie: Ten minste 'n C-gemiddelde en 'n slaagsyfer in Wiskunde HG of ten minste 50 % in Wiskunde SG.

- Engels I: Minstens 'n C-simbool in Engels Eerste Taal HG.

- Sielkunde I: Ten minste 'n C-groottotaal en minstens 'n C-simbool in Engels HG of Afrikaans HG (Eerste Taal) of in Wiskunde HG. Maar in gevalle waar 'n groottotaal nie amptelik gestel word nie, dan ten minste 'n C-simbool of 60 % HG in drie van bogenoemde skoolvakke.

- Statistiek Ic: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG.

Wiskunde I: Minstens 50 % in Wiskunde HG.

Wiskunde Ia: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG.

UN: Slaagsyfers in albei amptelike tale op die Hoër Graad, saam met 'n minimum van 40 % in minstens drie vakke op die Hoër Graad, waarvan een die Eerste Taal moet wees.

UPE: Vir toelating tot die volgende kursusse, moet 'n kandidaat die standaard in elke geval aangedui, bereik het:

Duits I: 'n Slaagsyfer in Duits HG (derde taal) of 'n slaagsyfer in Duits HG (Moedertaal)

Frans IB: 'n Slaagsyfer in Frans HG of SG

Latyn I: 'n Slaagsyfer in Latyn HG of SG

Wiskunde I of Statistiek I: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % in Wiskunde SG.

PU vir CHO: Vir toelating tot die volgende kursusse, moet 'n kandidaat die standaard in elke geval aangedui, bereik het:

Duits I: 'n Slaagsyfer in Duits in die st.10-eksamen

Latyn I: 'n Slaagsyfer in Latyn in die st.10-eksamen of in Latyn Spesiaal aan die Universiteit

Liggaamlike Opvoedkunde: 'n Student moet vooraf sy mediese geskiktheid laat vasstel

Musiekgeskiedenis: 'n Student moet die Departementshoof aan die begin van sy studie in 'n praktiese toets tevrede stel dat sy standaard van musiekvoordrag ten minste gelyk staan aan die vereistes vir die Intermediêre Sertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika.

Wiskunde: 'n Slaagsyfer van minstens 50 % in Wiskunde HG of 60 % in Wiskunde SG.

UP:

Vir toelating tot Frans I, Duits I of Latyn I moet 'n kandidaat 'n slaagsyfer in die betrokke taal in die st.10-eksamen behaal het of in 'n inleidende kursus aan die Universiteit geslaag het.

'n Kandidaat sal nie tot die kursus Engels IA toegelaat word nie, tensy hy minstens 50 % in Engels (Tweede Taal op die Hoër of Standaardgraad of Eerste Taal op die Standaardgraad) of 'n slaagsyfer in Engels (Eerste Taal) op die Hoër Graad behaal het.

RAU:

Vir toelating tot Frans I, Duits I of Latyn I moet 'n kandidaat 'n

slaagsyfer van minstens 40 % (E-simbool) in die ooreenstemmende vak op die Hoër Graad behaal het of in die spesiale kursus in die betrokke taal aan die Universiteit geslaag het.

Wiskunde, Ekonomie as 'n hoofvak of Statistiese Metodes: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % (E-simbool) in Wiskunde HG of 50 % (D-simbool) in Wiskunde SG, of 'n slaagsyfer in NTS V of T2 Wiskunde, of 'n slaagsyfer in Spesiale Wiskunde aan die Universiteit.

RU:

Vir toelating tot Afrikatale I, Frans IA, Duits IA of Latyn IA, moet 'n kandidaat 'n slaagsyfer in die betrokke vak op die Hoër Graad of Standaardgraad behaal het. Kandidate wat vlot in 'n Afrikataal is, word soms egter tot Afrikatale I sonder 'n matrikulasieslaagsyfer toegelaat.

'n Kandidaat mag nie enige kursus in Engels, Afrikaans of Afrikaans/ Nederlands volg tensy hy 'n slaagsyfer in daardie vak in óf die Eerste óf die Tweede Taal op die Hoër Graad behaal het nie.

US:

Vir toelating tot B.A. met Regsvakke, moet 'n kandidaat minstens 50 % in Afrikaans Eerste Taal HG of Engels Eerste Taal HG behaal het.

Statistiek en Wiskunde: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG.

UNISA:

Afrikaans I, Duits I, Engels I, Frans I, Latyn I, Moderne Hebreeus I: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % op die Hoër Graad in die ooreenstemmende taal.

Afrikatale, Grieks I, Italiaans I, Portugees I, Spaans I: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % op die Standaardgraad in die ooreenstemmende taal.

'n Student kan 'n spesiale kursus in 'n taal aflê vir toelating tot 'n eerste graadkursus in die taal. 'n Spesiale kursus is 'n eenjarige beginnerskursus en word as 'n volwaardige graadkursus erken.

VISTA:

'n Afrikataal: 'n Slaagsyfer op die Hoër Graad in die ooreenstemmende taal.

Wiskunde: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG of SG.

UWK:

Ekonomie II: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of SG.

Geen student sal tot die kursus Frans I toegelaat word nie, tensy hy 'n slaagpunt van minstens 40 % in Frans HG (Derde Taal) behaal het of sy kennis van Frans deur die Senaat as van gelykstaande peil geag word.

- Geen student sal tot die kursus Duits I toegelaat word nie tensy hy 'n slaagsyfer van minstens 40 % in Duits HG (Derde Taal) behaal het of tot die bevrediging van die Senaat 'n gelykwaardige standaard in Duits behaal het.

- Wiskunde IA: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG of 50 % in Wiskunde SG.

- Wiskunde IB: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 40 % in Wiskunde SG.

UW:

'n Slaagsyfer op die Hoër Graad in drie van die volgende vakke: Aardrykskunde, Afrikaans Eerste Taal, Bantoetaal, Biologie, Duits, Engels Eerste Taal, Fisiologie, Frans, Geskiedenis, Hebreeus, Kuns, Latyn, Musiek, Natuur- en Skeikunde, Wiskunde.

Duur: Drie jaar voltydse studie of vier jaar deeltydse studie.

Kyk Bylae B vir die lys van hoofvakke vir B.A.(Algemeen) en Bylae E vir die lys van B.A.(Hons.)-vakke wat in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte deur die verskillende universiteite aangebied word.

Kyk ONDERWYS vir grade en diplomakursusse in die Lettere-rigting.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus Philosophiae: B.Phil. (PU vir CHO)

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad: Met dien verstande dat Filosofie nie een van die hoofvakke is nie.

Duur: Twee jaar deeltydse studie. Die graad kan saam met 'n ander graad gevolg word.

Honoris Baccalaureus Artium: B.A.(Hons.) (UDW)
Baccalaureus Artium (Honneurs)): B.A.Hons. (UFH) of B.A.(Hons.) (UK, UN)
Baccalaureus Artium cum Honoribus: B.A.Hons. (UNOORDE)
Honneursbaccalaureus Artium: B.A.Hons. (UOVS)
Baccalaureus Artium Honores: B.A.Hons. (UPE)
Honneurs Baccalaureus Artium: Honns.B.A. (PU vir CHO)
Baccalaureus Honores in Letter en Wysbegeerte: B.A. (Hons.) (UP)
Honneurs Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte: B.A.Hons. (RAU)
Baccalaureus Artium met Honneurs: B.A.(Hons.) (RU, UW)
Honneurs-Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte: Hons.-B.A. (US)
Honneurs-Baccalaureus Artium: Hons.-B.A. (UNISA, UWK, UZ)

Magister Artium: M.A. (UDW, UFH, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, RU, UNISA, UWK, UW, UZ)
Magister in die Lettere en Wysbegeerte: M.A. (UP, RAU, US)

Philosophiae Doctor: Ph.D. (UK, UN, RU, UW)
Doctor Litterarum: D.Litt. (UDW, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, RU, US, UWK, UW, UZ)

Doctor Philosophiae: D.Phil. (UDW, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, US, UWK, UZ)
Doctor Litterarum et Philosophiae: D.Litt. et Phil. (UFH, UNISA)
Doktor in Lettere: D.Litt. (UP)
Doktor in Wysbegeerte: D.Phil (UP)
Doktor in die Lettere en Wysbegeerte: D.Litt. et Phil. (RAU)

BEROEPSDIENS: Die gewone B.A.-graad behels normaalweg nie 'n beroepsgerigte studierigting nie. Die hoofdoel is om die student met 'n breë geesteswetenskaplike agtergrond toe te rus, maar darem ook in 'n mate vir 'n beroepsrigting voor te berei. Studente behoort dus vooraf hul belangstellingsrigtings te bepaal en hul vakke so te kies dat spesialisering in een of ander vakgebied moontlik en die moeite werd is. Verder is 'n sorgvuldig beplande kombinasie van hoof- en byvakke, wat in hoë mate deur die student se belangstelling en aanleg bepaal word, van groot belang vir die breë beroepsrigting wat beplan word. Met die oog op doelgerigte beplanning sal oorleg met die studentevoorligter van die universiteit en moontlike werkgewers op die betrokke gebied, beslis die moeite werd wees.

MOONTLIKE BEROEPSWAARDE VAN SOMMIGE VAKKE

Tale (Afrikaans, Engels, Duits, Frans, Italiaans, Russies, Spaans)

Soos sommige ander geesteswetenskaplike vakke, berei 'n taal as vak nie die student vir enige besondere beroep voor nie. Die beroepsnut daarvan is meer indirek, maar daarom nie minder reëel nie. Verder is die geestelike en kulturele vorming daarvan van onskatbare waarde, want die letterkunde is 'n besonder toeganklike skat van skoonheid, maar ook van wysheid, en diepere kennis van die taal onthul onvermoede wonders. Iemand het dit een keer só gestel: "Met elke nuwe taal wat 'n mens aanleer, word hy herbore, kry hy 'n nuwe gees".

Tale het normaalweg 'n goeie kombinasiewaarde met 'n verskeidenheid van ander vakke, en 'n leergang met een of meer tale as kern kan gewoonlik sonder probleme beplan word om ooreen te stem met die loopbaan wat die student in gedagte het.

Die waarde van 'n studie van Afrikaans en Engels is voor-die-hand-liggend. Veral in die beroepslewe word dit al meer noodsaaklik dat mense tweetalig sal wees en het die twee amptelike landstale begryplikerwys besondere beroepswaarde. Vir 'n verskeidenheid van studierigtings en beroepe word een of meer kursusse hierin dan ook as 'n vereiste gestel.

* Afrikaans en Nederlands: Afrikaans is 'n unieke taal omdat dit regstreeks uit Europese tale, naamlik die Nederlandse en Duitse volkstale van die 17e eeu ontwikkel het, en in Suidelike Afrika onder die invloed van inheemse tale en omstandighede teen 'n snelle tempo as 'n selfstandige taal sy beslag gekry het.

  Loopbaanmoontlikhede is talryk, soos die radio-, televisie- en die toneelwese, die joernalistiek, die onderwys, die staatsdiens, die handelswese, die regspraktyk en vertalers.

* Engels: Benewens die feit dat dit een van die amptelike tale van die RSA is en die enigste taal waarin baie landsburgers met mekaar kan

kommunikeer, is Engels een van die groot wêreldtale asook die Europese taal wat die wydste gebruik en verstaan word.

Daar bestaan 'n behoefte aan gekwalifiseerde onderwysers om onderrig in Engels te gee. Kritiese vermoë en taalvaardigheid in beide die amptelike tale is 'n voorvereiste vir loopbane in die joernalistiek, die radio- , televisie , teater- en advertensiewese, skakelwerk en verwante terreine.

* Duits is 'n baie belangrike wêreldtaal. In Europa word dit deur meer as 200 miljoen mense gepraat. Die taal en kultuur van die Duitsers het 'n baie groot invloed op die Afrikaanse en Engelse taal en kultuur uitgeoefen. Kennis van Duits kan die student op verskeie wyse tot voordeel strek: as sleutel tot die ontsluiting van 'n ryke letterkunde; die studie van die filosofie; die ontsluiting van godsdienstige geskrifte; om toegang te verleen tot die vakliteratuur en verwerking van wetenskaplike publikasies. Vir 'n groot aantal nagraadse kursusse is 'n leeskennis van Duits 'n voorvereiste.

* Frans is 'n Romaanse taal soos Italiaans en Spaans. Dit is nie net die ~~taal~~ van die Fransman nie, maar ook een van die erkende landstale in België, Switserland, Kanada en in meer as die helfte van die onafhanklike Afrika-state. Frans is een van die belangrikste wêreldtale. Aangesien Frans die draer is van 'n verfynde en gesofistikeerde kultuur, is dit ook die ambisie van 'n groot deel van die beskaafde wêreld om ten minste 'n leeskennis van Frans te verwerf.

* Italiaans: Saam met Griekeland, staan Italië aan die beginpunt van die ontwikkeling van die Westerse kultuur soos ons dit ken. Daar is min groot bewegings in die kuns, die letterkunde, die wysbegeerte, op politieke en ekonomiese gebied, wat nie op Italiaanse modelle gebou is nie. Bowendien vergemaklik 'n kennis van Italiaans die aanleer van alle tale van Latynse oorsprong.

* Spaans: Spanje het deur die eeue heen van die wêreld se grootste kunswerke en literatuur opgelewer. Vandag verteenwoordig die Spaanssprekende lande Spanje, Mexiko, Sentraal- en Suid-Amerika - 'n aansienlike kulturele en ekonomiese bron waarvan die potensiaal nog grootliks onontgin is. Die student in Spaans verkry praktiese kennis van die taal asook onontbeerlike insig in die Spaanse letterkunde en beskawing.

* Russies: Die kursus in Russiese Studies bied inligting oor die Sowjet-Unie en die geskiedenis van Rusland asook 'n kennis van Russies. Daar bestaan vandag 'n behoefte aan objektiewe kennis oor die Sowjet-Unie en Rusland, ook wat betref hulle geskiedenis en kultuur.

Vir diegene wat 'n hoë peil van vaardigheid in Russies bereik, bestaan daar professionele geleenthede op die gebied van tegniese vertaling waar 'n tekort aan vertalers van die Slawiese tale ondervind word. Die WNNR, die Weermag en ander staatsdepartemente neem 'n sekere aantal mense met 'n goeie kennis van Russies in diens, veral waar dit met kennis van een of meer ander vreemde tale gekombineer word. Verder is dit 'n belangrike bate vir loopbane in die joernalistiek, handel en diplomatieke diens.

Van die vernaamste werkgewers wat gegradueerdes in tale in diens neem, is byvoorbeeld die meeste staatsdepartemente en die provinsiale administrasies, die RGN, die WNNR, die SAUK, Yskor, die Poswese, die SA Vervoerdienste, munisipaliteite, universiteite, skole, kolleges, lugvaart- en ander reisagentskappe, versekeringsmaatskappye, die handel en nywerheid, biblioteke, uitgewersmaatskappye, reklame-agentskappe, uitvoeragente, die filmnywerheid en internasionale maatskappye.

Afrikatale

Die Afrikatale (uitgesonderd Afrikaans) wat in die RSA erkenning geniet, kan in vier groepe soos volg gegroepeer word:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Groep: | Nguni | Sotho | Tsonga | Venda |
| Taal: | Zulu | Suid-Sotho | Tsonga | Venda |
| | Xhosa | Noord-Sotho | | |
| | Swazi | Wes-Sotho(Tswana) | | |
| | Ndebele | | | |

Van al hierdie tale word slegs Swazi en Ndebele nie aan een van die universiteite aangebied nie. Die tale in 'n bepaalde groep is in hoë mate verwant. Gevolglik sal kennis van byvoorbeeld Zulu in die Nguni-groep dit moontlik maak om met Xhosa-, Swazi- of Ndebelesprekendes te kommunikeer. Dieselfde sal geld vir 'n gekwalifiseerde in Suid-Sotho ten opsigte van Noord-Sotho- en Tswanasprekendes. Die Nguni- en Sothosprekendes maak ongeveer 94 persent van al die Afrikataalsprekendes in die Republiek uit.

Oor die wenslikheid wat in die jongste tyd 'n noodsaaklikheid geword het om Afrikatale op universiteitsvlak te bestudeer, is daar nie langer twyfel nie. Kennis van 'n Afrikataal het in feitlik enige beroep 'n praktiese waarde deurdat misverstande uitgeskakel en onderlinge begrip bevorder kan word. Hierdie tale kan egter ook in hoë mate beroepsgerig wees, waarvan die volgende enkele voorbeelde is:

- Onderwys: 'n Afrikataal word in die meeste primêre skole vir Blankes en in sommige sekondêre skole aangebied; die Departement van Onderwys en Opleiding, ander onderwysdepartemente en universiteite.

- Die Administrasie: In verskeie staatsdepartemente soos dié van Landbou-ekonomie en -bemarking, Landbou en Watervoorsiening, Justisie, die SA Vervoerdienste, die Transvaalse raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, munisipaliteite, myne en nywerhede;

- Sport en ontspanning: As beamptes in diens van die Departement van Nasionale Opvoeding, myne, munisipaliteite en ander instansies wat groot getalle Swartmense in diens het;

- Personeel- en opleidingsbeamptes: Verskillende groot nywerhede, myne, munisipaliteite, en die SA Vervoerdienste;

- Die Uitsaaiwese: Die SAUK (radio en televisie) het gereeld vakatures vir programorganiseerders, kontroleurs van programme, nuusopstellers, ens.;

- Reklame-, uitgewers- en drukkersbedryf, asook maatskaplike werk, sending en biblioteekdienste;

- Navorsing: Afgesien van die moontlikhede wat die universiteite aan gegradueerdes in Afrikatale bied, is daar ook ander instansies wat sodanige persone in navorsingshoedanighede gebruik, byvoorbeeld die RGN en die Departement van Onderwys en Opleiding.

Klassieke Tale: Die term "klassieke tale" word tradisioneel gebruik met verwysing na die studie van Latyn en Grieks uit daardie tydperke wat beskou word as die hoogtepunt in die bestaan van dié tale, met ander woorde 500 v.C. in die geval van Grieks en 100 v.C. in die geval van Latyn.

Die vakgebied is egter nie beperk tot die studie van hierdie tale net ten opsigte van die bogenoemde tydperke nie, maar sluit ook die voorafgaande en daaropvolgende tydperke in, asook die geskiedenis van die betrokke kulture in die wydste sin van die woord.

* Grieks is van besondere belang aangesien die Nuwe Testament oorspronklik in Grieks geskryf was en dit derhalwe vir voornemende teoloë noodsaaklik is om Grieks ten volle te bemeester ten einde 'n dieptestudie van die Nuwe Testament te kan maak. (RAU bied kursusse in Moderne Grieks aan.)

* Latyn: Benewens die goeie grondslag wat dit bied aan studente wat in die moderne Romaanse tale (die moderne opvolger van Latyn) belangstel, is dit die taal van die beroemde Romeinse regstelsel. Gevolglik is dit 'n noodsaaklikheid vir prokureurs en advokate en 'n groot hulp vir voornemende predikante en teoloë.

  'n Spesiale eenjaarkursus in Latyn word deur die universiteite aangebied vir studente wat nie Latyn tot op st.10-vlak geneem het nie.

Semitiese Tale behels die bestudering van 'n wye reeks tale van die Ou Nabye Ooste. Aangesien oorwegend admissiestudente hierdie kursus volg, word op voorgraadse vlak gekonsentreer op Bybelse Hebreeus en Aramees. Die studie van die ander Semitiese Tale, bv. Akkadies en Ugarities werp lig op die historiese, kulturele en taalkundige agtergrond van die Bybel, maar die tale word meestal op nagraadse vlak bestudeer. Semitiese Tale is dus 'n belangrike studieveld vir studente wat in die Teologie wil studeer en predikant wil word. Kyk ook Hebreeus.

* Arabies: Dit is die taal wat vandag deur meer as 100 miljoen mense in die Nabye Ooste en Noord-Afrika gepraat word en waarin na skatting 700 miljoen mense daagliks bid. Dit is die enigste van die sogenaamde Semitiese Tale (waaronder ook Hebreeus) wat sedert Bybelse tye tot vandag *met klein veranderinge) ononderbroke gepraat word.

  Aangesien die Arabiese en Moslemlande 'n toenemende belangrike rol onder meer op politieke, militêre, ekonomiese en godsdienstige terrein in Afrika en die wêreld speel, is daar tans 'n groeiende vraag na kenners van die Islam en Arabies. Hieronder tel vertalers en adviseurs in regeringskantore en die uitvoerhandel; diplomate; predikante wat belangstel in sendingwerk, godsdienswetenskap of Semitiese Tale; joernaliste; historici; navorsers by navorsingsinstitute wat hulle besig hou met Afrika en die Midde-Ooste.

* Hebreeus: Sommige universiteite bied klassieke Hebreeus van die Ou Testament aan, en ander weer eietydse Hebreeus, wat die amptelike taal van Israel is. Sommige universiteite bied albei aan. Toekomstige predikante van die Afrikaanse kerke moet ten minste Hebreeus I en II neem. Hebreeus I is by sommige universiteite 'n verpligte byvak vir opvoedkunde-studente wat Bybelkunde as hoofvak neem.

  Kandidate wat eietydse Hebreeus studeer, sal in aanmerking kom vir beroepe in die onderwys, vertaling, joernalistiek, Israeli en Joodse sake.

Ander vakke vir die B.A.-graad

Afrika-filosofie en -letterkunde behels die sistematiese studie van gedagtepatrone en simboliek oor 'n wye gebied van Afrika, asook tradisionele letterkunde soos volksverhale en die nuwe ideologieë van die hedendaagse Afrika.

Die vak is nie loopbaangerig nie, maar sal van groot waarde wees vir studente wat in 'n Afrika-taal of in enige ander gebied spesialiseer wat met die Afrika-kontinent en sy mense verband hou.

Afrikastudie: Omdat die RSA deel is van Afrika is dit logies en ook noodsaaklik dat jong mense toegerus word met kennis van Afrika. Die vak Afrikastudie beoog hoofsaaklik 'n begrip van hedendaagse Afrika en is derhalwe 'n geïntegreerde benadering wat veelvuldige aspekte dek om 'n geheelbeeld van die kontinent te gee.

Studente moet een van die volgende as tweede hoofvak kies: Geografie, Geskiedenis, Sosiologie, Staatsleer, Ekonomie, Volkekunde, Ontwikkelingsadministrasie, Argeologie.

Studente kom in aanmerking vir betrekkings in onder andere die Staatsinligtingsdiens, die uitsaaiwese, die Afrika-Instituut, die onderwys, die Departement van Ontwikkelingshulp en die diplomatieke diens. Kyk ook Buitelandse Sake-beampte.

Algemene Taalwetenskap/Linguistiek: Linguistiek is die dissipline waarin die taal van die mens ondersoek word. Die vraag "Wat is taal?" moet beantwoord word op grond van die strukturele eienskappe van menslike kommunikasie, van 'n beskrywing van spraakklanke tot die reëls betreffende die wyse waarop die klanke uitdrukking gee aan die ingewikkelde denke van die mens. 'n Taalkundige se opleiding stel hom derhalwe in staat om enige taal te beskryf, afgesien daarvan of die taal voorheen aan hom bekend was of nie.

Hoewel taalstudie in eie reg van belang is en tot 'n akademiese loopbaan in linguistiek mag lei, is daar 'n aantal verwante velde waarin die toepassing van linguistiek 'n belangrike rol speel. Van die vanselfsprekendstes hiervan is Kommunikasiestudies, Sielkunde, Wysbegeerte en eerste- en tweede taalstudies. Enige vak wat te doen het met die onderrig, leer en gebruik van taal veronderstel 'n begrip of 'n algemene peil van wat taal of 'n besondere taal is.

Algemene Taalwetenskap is van besondere nut vir beroepe soos dié van taalonderwyser, vertaler, taalversorger, joernalis, omroeper en spraakterapeut.

Argeologie is die studie van menslike gemeenskappe uit die verlede. Die voorgeskiedenis van die mens strek oor die afgelope drie miljoen jaar, en die argeologie dek derhalwe 'n groot gebied met talle onderafdelings soos prehistoriese, klassieke, Bybelse en bedryfsargeologie. Die argeologie behou ook skakeling met talle verskillende dissiplines insluitende antropologie, biologie, chemie, geologie, aardrykskunde, menslike anatomie en paleontologie.

Die omvang van die argeologie is egter nie beperk tot die studie van prehistoriese kulture nie. Metodes wat in die vakgebied aangewend word, word onder andere gebruik om die oorblyfsels van boukonstruksies by die vroeë Blanke setlaars mee te ondersoek.

Werkvooruitsigte in hierdie rigting is egter beperk en dit word dus as noodsaaklik beskou dat kandidate wat daarin belangstel hulle òf vir 'n ander beroep ook sal bekwaam òf 'n oordeelkundige keuse van hoof- en byvakke sal doen. Vakante poste is hoofsaaklik beperk tot 'n aantal museums en 'n paar universiteite. Beroepsargeologie is maar 'n jong rigting, en deur vir 'n ander beroep ook bekwaam te wees, kan die persoon wat in die argeologie opgelei is, homself in gereedheid hou vir 'n moontlike pos wanneer dit beskikbaar mag raak.

Bybelkunde: Bybelkunde is die wetenskaplike studie van die Bybel. Dit gaan dus om méér as net Bybelstudie of Bybelkennis. Bybelkunde kan met baie vakke gekombineer word. Studente wat hul teologiese studies wil voortsit, kry volle erkenning vir Bybelkunde.

Bybelkunde as hoofvak vir 'n graad is geskik vir Godsdiensonderrig op primêre en sekondêre skoolvlak, en 'n vereiste vir die onderwyser wat die vak Bybelkunde aan die sekondêre skool moet doseer. Bybelkunde, wat 'n erkende vak vir matrikulasievrystelling is, word vandag deur al meer en meer sekondêre skole aangebied en die vraag na onderwysers vir hierdie vak sal in die toekoms groter word. Die vak is ook van groot betekenis vir 'n loopbaan in die biblioteekwese of die boekhandel. Die Christelike uitgewersbedryf of joernalistiek in die algemeen bied ook moontlikhede.

Demografie behels die studie van menslike bevolkings, hulle struktuur en samestelling, hulle ontwikkelings in terme van grootte en verspreiding. Om akkuraat vas te stel hoe bevolkings groei of afneem, en hoe hulle voorkoms verander, vereis besondere tegnieke van ontleding. Demografie word aan die RAU as 'n afsonderlike Honneurskursus aangebied om gekwalifiseerde demograwe op te lei en ekonome, sosioloë, geograwe en andere van 'n gespesialiseerde kennis van die demografie te voorsien.

Die volgende vakke skakel goed aan by 'n Honneurs in Demografie: Ekonomie, Geografie, Sosiologie, Volkekunde, Sielkunde en Genetika. Voorgraadse opleiding in Wiskunde, Wiskundige Statistiek en Statistiek is baie geskik vir spesialisasie in Demografie. Vir alle studente vir die Honneursgraad is 'n goedgekeurde voorgraadse kursus in Statistiek (Statistiese Metodes) 'n voorvereiste.

Die aanwesigheid van verskeie bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, elkeen met sy eie besondere kenmerke en probleme, bied vir die demograaf 'n kosbare geleentheid vir navorsing. Stads- en streekbeplanning, gebiedsontwikkeling deur privaat firmas; demografiese ekonomiese en maatskaplike beplanning op owerheidsvlak, navorsing deur die RGN, marknavorsing en produksiebeplanning en die Sentrale Statistiekdiens bied beroepsmoontlikhede aan.

Filosofie/Wysbegeerte: Filosofie is dieselfde as Wysbegeerte, albei woorde beteken 'n liefde vir of soeke na wysheid of insig. Die Wysbegeerte is die moeder van alle wetenskappe en het in Antieke Griekeland ontstaan. Filosofie wat 'n teoretiese studie van lewens- en wêreldbeskouinge is, streef wysheid na en probeer dit bekom deur wetenskaplike insig te verwerf in die wyse waarop die verskeidenheid van dinge in die hele werklikheid gestruktureer is en saamhang.

Omdat Filosofie 'n ruim geheelperspektief bied, is dit 'n goeie basiese, algemeen-vormende kursus vir studente in alle studierigtings.

Dit verskaf nie 'n besondere beroepsopleiding nie, maar dit bied goeie vorming vir die meeste beroepe, onder andere vir predikante, onderwysers, advokate, maatskaplike werkers en joernaliste.

Geografie/Aardrykskunde is die studie van die verhouding tussen die mens en sy omgewing. Dit behels die studie van fisiese en menslike hulpbronne, hul ontwikkeling en benutting, en die prosesse onderliggend aan die verspreiding daarvan.

Geografie kan as hoofvak vir 'n B.A.- of B.Sc.-graad geneem word. 'n Matriekslaagpunt in Aardrykskunde is nie 'n voorvereiste nie, alhoewel dit voordelig kan wees.

Tans bestaan daar meer beroepsgeleenthede vir aardrykskundiges in regerings-, besigheids- en onderwysinstansies as ooit tevore. Staatsdepartemente soos Waterwese en ander gemoeid met hulpbronevaluering en -beplanning, asook navorsings- en dorpsbeplanningsinstansies, het 'n behoefte aan die vaardighede en kennis wat in Aardrykskundekursusse opgedoen word. Aardrykskunde is ook 'n aantreklike onderwysvak.

Geskiedenis: Die vak het met die wetenskaplike bestudering van menslike bedrywighede in die wydste verband te doen. Hieronder word bedoel militêre veldslae van die verlede, diplomatieke onderhandelings, politieke vernuftigheid, tegniese vaardighede en, baie belangrik, die filosofiese grondslae agter die doen en late van individuele leiers. Die vak soek na waarheid en wil deur navorsing en gesprek by 'n geordende geheelbeeld uitkom. Deur dinge steeds te herdink, bied 'n studie van Geskiedenis 'n groter geleentheid tot begrip van mense en mensegroepe van elders en van vroeër. Hieruit spruit dan meerdere betrokkenheid by en insig aangaande die hede, want die proses van verandering word nou helder en aanvaarbaar.

Daar is beroepsmoontlikhede soos die volgende: Onderwys, argiefwese, navorsingsorganisasies soos die RGN, die joernalistiek, biblioteekwese, museumwese en navorsers by die radio- en televisiediens. Kyk ook Argivaris.

Inheemse Reg: Onderrig word gegee in die tradisionele reg van die Swart volke soos geskep en toegepas deur die stamowerhede. Sommige inheemse regsreëls is gewysig deur die parlemente van die RSA en die nasionale state.

As vak skakel dit saam met Ontwikkelingsadministrasie, Volkekunde, Ekonomie, Sosiologie, Staatsleer of 'n Afrikataal. Dit is ook een van die vakke vir die LL.B.-graad. Die vak is van waarde vir beroepe soos ontwikkelingsdeskundiges, administratiewe beampte, en regsadviseur in 'n staatsdepartement; dosent en navorser aan 'n universiteit of navorsingsinstituut; prokureur of advokaat.

Kriminologie: In Kriminologie word 'n studie gemaak van sommige aspekte van die misdaadverskynsel. Die belangrikste hiervan is byvoorbeeld wat misdaad is, die oorsake daarvan, die voorkoms van misdaad, die oortreder as mens, die straf en behandeling van die oortreder en die voorkoming van misdaad. 'n Tweede aanbevole hoofvak saam met Kriminologie is Sielkunde, Sosiologie, Kommunikasiekunde, Privaatreg of Strafreg. Kriminologie as byvak vir studente in die Kommunikasiekunde (joernalistiek), Teologie, Regte of Maatskaplike Werk is 'n sterk aanbeveling.

Kennis van Kriminologie is in 'n mindere of meerdere mate van waarde in alle beroepe waar met misdaad of die misdadiger te doen gekry word, soos die regsberoepe (prokureurs, advokate, aanklaers, landdroste, regters, die polisie- en gevangenisdiens) en in alle welsynswerk deur private organisasies en die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling. Die studierigting bied ook besondere navorsingsgeleentheid aan universiteite of in diens van die RGN.

Kultuurgeskiedenis: Kultuur sluit alles in wat die mens skep: van sy huis en meubels tot sy spel en vermaak. In hierdie vak word rekenskap gegee van die tradisionele lewenswyse van die vroegste tye af tot vandag toe. Dit behels die studie van die mens se geestelike asook sy stoflike kultuur. Die studie dra by tot die ontwikkeling van 'n kultuurhistoriese en nasionale bewussyn, 'n groepsgebondenheid en liefde vir die eie, maar lei ook tot 'n beter begrip van die hede en sy probleme.

Die studie is ook beroepsgerig, want in die diplomatieke en inligtingsdiens, die onderwys, die radio-, televisie-, teater- en rolprentwese, die joernalistiek, die uitgewersbedryf, die biblioteek- en argiefwese, die kultureel geöriënteerde navorsingsentra en bewaringsorganisasies is kennis van die kultuurgeskiedenis uiters waardevol, terwyl dit in die kultuurhistoriese museum essensieel is. Kyk ook MUSEUMKUNDE.

Kunsgeskiedenis: 'n Kunswerk weerspieël 'n bepaalde peil en wyse van denke en onderskei hom van ander menslike skeppings deur die wyse waarop dit saamgestel is. Die kunstenaar ontleen die vorme wat hy skep aan sy eie omgewing en tyd en soos tye verander, so verander ook die voorkoms van kuns. Dis dan die taak van die student in Kunsgeskiedenis en van die kunshistorikus om die kunsvorme van die verlede te verklaar en tot nuwe lewe te wek. Hiertoe maak die kunshistorikus ook intensief gebruik van die kennis uit ander vakke soos Geskiedenis, Wysbegeerte, Sosiologie, Sielkunde, Bybelkunde, Letterkunde en selfs van die natuurwetenskappe.

Die beroepsgeleenthede van die kunshistorikus is hoofsaaklik geleë op die gebied van navorsing en/of dosering in kuns- en kultuurhistoriese musea, aan universiteite en kunsskole; in diens van die SAUK as kunskritikus; in die kunshandel as skakelbeampte tussen kunstenaar en publiek; in die diplomatieke diens as kulturele attaché.

Ontwikkelingsadministrasie: In die breë omvat hierdie studieveld die wetenskaplike bestudering van die administrasie en ontwikkelingsvraagstukke van ontwikkelende volke in die algemeen. Meer in die besonder het Ontwikkelingsadministrasie belang by die proses van staatsvorming en -ontwikkeling in Suidelike Afrika. Universiteite maak daarvoor voorsiening dat Ontwikkelingsadministrasie sinvol gekombineer kan word met vakke soos Ekonomie, Volkekunde, Sosiologie, Staatsleer, Geografie, Publieke

Administrasie, Afrikatale, Geskiedenis, Inheemse Reg, Privaatreg, Kommunikasiekunde en Maatskaplike Werk.

Die aanvraag vir deskundiges op hierdie terrein groei nog steeds. Daar is byvoorbeeld geleentheid in die Staatsdepartemente van Ontwikkelingshulp, Onderwys en Opleiding en Buitelandse Sake, die SAUK, perswese, universiteite en enkele navorsingsinrigtings soos die Afrika-instituut van Suid-Afrika.

Kyk ook ONTWIKKELINGSTUDIES.

Rekreasiekunde: Suid-Afrika het binne dertig jaar 'n gedugte nywerheidsland geword. Meer mense raak verstedelik en verkies om in die groot metropole te woon. Saam met verstedeliking styg ook die behoefte aan oop ruimtes en konstruktiewe vryetydbesteding. So omvangryk en kompleks het die behoeftes aan gesonde vryetydbesteding geword dat plaaslike gemeenskappe al meer na die dienste van professioneel opgeleide rekreasiedeskundiges vra. In Suid-Afrika is maar heel onlangs aandag aan die probleem gegee. Teen hierdie agtergrond het PU vir CHO besluit om 'n kursus in Rekreasiekunde aan te bied.

Studente word gelei tot 'n groter bewuswording van die belangrikheid van vrye tyd, probleme daaraan verbonde en die uitdagings wat dit bied tot 'n vol en lewensblye bestaan.

Rekreasiekunde is 'n betreklik nuwe beroepsterrein wat veel baanbrekerswerk vereis. Dit stel besondere eise aan die inisiatief, vindingrykheid en ondernemingsgees van kandidate. Vir persone wat bereid is om hierdie uitdagings te aanvaar, wag daar 'n interessante, uitdagende en selfbevredigende beroep. Die volgende instellings bied beroepsmoontlikhede aan: Munisipaliteite; groot sakeondernemings soos myne, nywerhede en korporasies, nasionale en provinsiale owerhede, parke en oorde; afdelings vir toerisme; kultuurorganisasies; universiteite, onderwys- departemente en kolleges; eie private ondernemings.

Sielkunde: Sielkunde as vak kom, kortliks gestel, neer op die studie van alle aspekte van menslike gedrag. In die praktyk bestudeer sielkundiges die normale en abnormale gedrag van individue en groepe ten einde hul optrede beter te verstaan en te verklaar. Verskillende metodes word aangewend om soveel inligting as moontlik te bekom.

Hoewel 'n baccalaureusgraad 'n goeie agtergrond bied, is voorgraadse opleiding in Sielkunde nie beroepsgerig nie. 'n Kandidaat moet dus bereid wees om intensiewe nagraadse studie te onderneem om 'n suksesvolle psigoloog te word. Die vak is besonder wyd en gewoonlik word daar in een of meer rigtings gespesialiseer. Psigoloë kombineer ook dikwels verskillende rigtings in die praktyk. Geen persoon mag egter as 'n sielkundige praktiseer nie sonder sodanige registrasie by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad. Die vereiste hiervoor is ten minste 'n meestersgraad plus een jaar se internskap in 'n goedgekeurde inrigting.

Vertakkings van die Sielkunde is byvoorbeeld:

- Voorligtingsielkunde: In die rigting help sielkundiges onder andere met probleme ten opsigte van die keuse van 'n studierigting, beroepskeuseprobleme, huweliks- en gesinsprobleme. Onderwyser- of skoolsielkundiges in diens van 'n onderwysdepartement werk met

leerlinge en het onder andere te doen met leerprobleme, vakkeuse, beroepskeuse en gedragsprobleme. In hulle werk word gebruik gemaak van 'n verskeidenheid skolastiese en sielkundige toetse. Kyk VOORLIGTINGSIELKUNDE.

- Kliniese Sielkunde: Hierdie sielkundiges werk hoofsaaklik met volwassenes en kinders wat ernstige vorme van versteurde of abnormale gedrag toon. Hulle werk nou saam met 'n geneesheer of psigiater en sielkundige toetsing maak ewe-eens 'n belangrike deel van hul werk uit. Kyk KLINIESE SIELKUNDE.

- Bedryf- en personeelsielkunde: Hierdie belangrike vertakking van die Sielkunde word afsonderlik behandel. Kyk HANDEL : Beroepsdiens.

- Navorsing en Akademiese Sielkunde: Sielkundiges in dié rigting doen voltyds navorsing op verskillende terreine van die Sielkunde.

- Pastorale Sielkunde: Hierdie sielkundiges is persone met teologiese opleiding (predikante) en wat ook as kliniese of voorligtingsielkundiges opgelei is. Hulle is dus in staat om ook mense te help wat psigoterapie nodig het.

- Psigometrie: 'n Persoon met 'n Honneursgraad in Sielkunde kan as 'n psigometris by die Beroepsraad vir Sielkunde registreer. 'n Psigometris is onder andere opgelei in die afneem en interpretasie van psigologiese toetse. Hy kan slegs onder die toesig van 'n geregistreerde sielkundige werk.

- Ander rigtings is onder andere Opvoedkundige Sielkunde, Kinder- of Ontwikkelingsielkunde, Fisiologiese Sielkunde en Sosiale Sielkunde. Sielkunde kan ook 'n nuttige vak wees vir studente wat nie sielkundiges gaan word nie, maar wat tog hoofsaaklik met mense gaan werk. Gèvolglik kan dit as hoofvak vir B.A., B.Com. of B.Sc. geneem word. Na gelang van die bepalings van elke universiteit en die belangstelling van die student, kan dit gewoonlik gekombineer word met vakke soos Sosiologie, Volkekunde, Tale, Wiskunde, Wiskundige Statistiek, Maatskaplike Werk, Wysbegeerte, Ekonomie, Fisiologie, Dierkunde, Fisika en Rekenaarwetenskap.

Let wel: Die psigiater is nie hierbo genoem nie omdat hy, streng gesproke, 'n medikus is wat, benewens gewone mediese opleiding, ook opleiding ontvang het in die behandeling van geestessiektes en daarin spesialiseer.

Sielkundiges vind normaalweg beroepsgeleenthede by die volgende: Die RGN, die afdelings vir sielkundige dienste van byvoorbeeld die Vervoerdienste, die Weermag, Yskor, Sasol, die myne en groot munisipaliteite, die onderwysdepartemente en Staatsdepartemente van Mannekrag, Nasionale Opvoeding en Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, hospitale, kerkgenootskappe, die handel en nywerheid, groot sakeondernemings, 'n eie praktyk of kliniek, inrigtings vir sielsiekes en swaksinniges, en kinderleidingklinieke.

Sosiologie is gemoeid met die studie van sosiale interaksie tussen mense as lede van sosiale groepe. Die uitwerking van groepe op die individu enersyds

en van individue op groepe andersyds word bestudeer, sowel as die konsensus van mense in groepe en die konflik wat tussen individue en groepe voorkom.

Sosiologie is 'n verpligte vak vir die volgende studieterreine: Verpleging, Maatskaplike Werk en Stad- en Streeksbeplanning. Sosiologie het besondere betekenis op ander gebiede, byvoorbeeld sosioloë wat aan universiteite doseer of in 'n navorsingskapasiteit aan die RGN, die navorsingsinstitute van universiteite of ander instansies verbonde is, en administratiewe en beplanningsosioloë (persone wat in groot organisasies en bedrywe werksaam is waar 'n deeglike kennis van menseverhoudinge noodsaaklik is, byvoorbeeld skakelbeamptes en personeelbestuurders en persone wat by beplanning en ontwikkeling betrokke is).

Sosiologie skakel besonder goed by verskeie studievelde in en kan met verskeie sekondêre en hoofvakke gekombineer word. Werknemers wat gegradueerdes in diens neem, is sommige staatsdepartemente, die Weermag, groot munisipaliteite en die handel en nywerheid.

* Bedryfsosiologie wat 'n vertakking van sosiologie is, is onder meer gemoeid met bestuurs-/arbeidverhoudinge in ingewikkelde nywerheidsgemeenskappe. Dit berei studente voor vir beroepe in nywerheidsverhoudinge op bestuursgebied of in vakunies. Kyk ook NYWERHEIDSVERHOUDINGE.

Staatsleer/Politieke Studies is die sistematiese studie van politieke verskynsels binne die raamwerk van die Staat as die vernaamste moderne samelewingseenheid. Hierdie verskynsels behels al die opvattings, instellings en gedragspatrone wat betrekking het op die ordening van die samelewing deur middel van die uitoefening van owerheidsgesag.

Staatsleer kan in die volgende spesialiteitsgebiede ingedeel word:

Let wel: By sommige universiteite is die rigtings volwaardige afsonderlike kursusse. Sommige word net op nagraadse vlak bestudeer. Kyk Bylae B: Hoofvakke vir die B.A.-graad.

* Afrika-politieke Studies/Afrika-studies: Dit sluit in die studie van spesifieke state, probleme van ontwikkelende state, en internasionale verhoudings van Afrika-state.

* Internasionale Politiek/Internasionae Verhoudings handel oor die historiese ontwikkeling van internasionale betrekkinge; die aard, doelstellings, formulering en administrasie van eksterne beleid; die buitelandse beleidsrigtings van state asook vorme van interaksie tussen state.

* Politieke Dinamika: Aandag word geskenk aan die sosiologiese en psigologiese determinante van kollektiewe en individuele politieke gedrag, die proses van politieke beleidsvorming en -formulering insluitende belangegroepe, politieke partye, verteenwoordiging, openbare meningsvorming en politieke stemgedrag.

* Politieke Filosofie is geen feitewetenskap nie, maar is eerder ingestel op die ontwikkeling en beoefening van kritiese en selfstandige denke, logiese redenering, begripsverheldering en teoretiese insig. Die

filosofiese deurdenking van kulturele, sosiale, politieke en morele probleme bied so die geleentheid tot strenger en kritiese besinning oor die mees basiese kwessies waarvoor mense in die praktyk steeds gestel word.

* Politieke Teorie omvat die politieke teorieë van antieke, klassieke, middeleeuse en moderne denkers asook verskillende tradisionele en moderne benaderings tot die bestudering van politieke verskynsels.

* Strategiese Studies hou die student op hoogte met onlangse wêreldgebeure.

* Suid-Afrikaanse Politiek: Die ontstaan van Suid-Afrika se verhoudingsprobleme word ontleed. Grondwetlike ontwikkelinge en -veranderinge word uiteengesit en alternatiewe grondwetlike modelle word bestudeer.

* Vergelykende Politiek: Vergelykende studie van die kenmerke van politieke stelsels.

As 'n sosiale wetenskap sluit Staatsleer nou aan by ander sosiale wetenskappe. Dit is dus 'n nuttige hoofvak om te neem saam met vakke soos Bedryfsielkunde, Ekonomie, Geografie, Geskiedenis, Kommunikasiekunde, Publieke Administrasie, Regsvakke, Sosiologie, Volkekunde, Wysbegeerte en so meer. Die omgekeerde is ook waar, sodat studente wat bogenoemde vakke bestudeer, met vrug een of meer kursusse in Staatsleer in hul leergange kan insluit.

Staatsleer word meestal bestudeer as agtergrond vir 'n groot aantal beroepsrigtings, by voorbeeld in sommige staatsdepartemente, die provinsiale administrasies en plaaslike besture; in die onderwys, regte, joernalistiek, private ondernemings, praktiese politiek, radiowese en biblioteekwese.

Volkekunde/Antropologie word in verskillende studievelde verdeel waarvan die Fisiese en Kultureel-sosiale Antropologie die belangrikste is. Eersgenoemde maak 'n studie van die mens as fisies-biologiese wese, terwyl laasgenoemde gebied die kulture en sosiale ordening van die volke van die wêreld behels. Die studieveld is nie beperk tot 'n bepaalde groep of tot mense van 'n sekere tydvak nie. Alle samelewings word binne die studieveld betrek. Antropologiese navorsing is tans ewe belangrik in die stede van die geindustrialiseerde wêreld as in die mees afgeleë gebiede waar nie-Westerse volke leef.

Daar is beroepsmoontlikhede vir studente met Volkekunde as hoofvak en veral dié met nagraadse opleiding, in staatsdepartemente soos Ontwikkelingshulp, Buitelandse Sake en Verdediging; navorsingsinrigtings soos die RGN; munisipaliteite, museums en radio en televisie.

MOONTLIKE BEROEPE VIR PERSONE MET 'N B.A.-GRAAD (Voorgestelde vakke word tussen hakies aangedui.)

Administrasiebeampte (Staatsdiens) (Hoofvakke: Publieke Administrasie/Staatsadministrasie/ Sosiologie/Bedryfsosiologie; Sielkunde/Bedryfsiel- kunde/Bedryf- en Personeelsielkunde Byvakke: Ekonomie, Staatsleer, Kommunikasiekunde, Ontwikkelingsadministrasie, 'n amptelike taal, Wysbegeerte/Filosofie).

Graduandi wat oor 'n toepaslike B.A.-, B.Admin.- of B.Com.-graad beskik, word in die Staatsdiens as administratiewe assistente aangestel. Wanneer hulle die hoër administratiewe poste beklee, sal hulle van dag tot dag sake moet ondersoek, onderhandelings moet voer, bevele moet gee, beslissings moet neem en memoranda en verslae moet skryf. Nuwe toetreders word deur ervare personeel opgelei. Hulle woon ook 'n inlywingskursus by en die meer gevorderde beamptes volg 'n kursus in die grondbeginsels van toesighouding.

Weens die groot verskeidenheid van pligte wat behartig moet word, is daar administratiewe personeel in kantore oor die hele land asook in die buiteland versprei. Daar is dus geleentheid om persone met uiteenlopende belangstellingsrigtings en kwalifikasies so te plaas dat hulle hul ten volle in hul werk kan uitleef.

Administratiewe personeel beskik oor 'n wye vorderingsveld. Die verdienstelike persoon word reeds in 'n vroeë stadium in 'n verantwoordelike posisie geplaas waarin hy sy persoonlike aanleg ten volle kan uitleef en sy potensiaal die beste benut kan word. Vordering tot die hoër range is nie tot een departement beperk nie, maar daar kan ook om senior betrekkings in ander departemente meegeding word. 'n Baie verantwoordelike posisie kan uiteindelik in die Staatsdiens bereik word.

Argivaris (Departement van Nasionale Opvoeding) (Geskiedenis en Publieke Administrasie)

Persone in besit van 'n B.A.-graad met Geskiedenis as hoofvak word in die Staatsargief in Pretoria as argivaris aangestel. Navrae kan aan die Direkteur van Argiewe, Staatsargief, Privaatsak X236, Pretoria 0001, gerig word.

Kyk Tersiêre Opleiding vir die Nasionale Diploma in Argiefwetenskap.

Buitelandse Sake-beampte (Diplomaat) (Volkekunde, Ekonomie, Staatsleer/Internasionale Politiek, Kommunikasiekunde, Afrikastudies)

Suid-Afrika se diplomatieke diens wat belas is met die verantwoordelikheid om vriendskaplike en wedersydse bevorderlike betrekkinge met ander state aan te knoop, word deur die Departement van Buitelandse Sake geadministreer.

In wese moet dit die diplomaat se oogmerk wees om betrekkinge tussen sy eie land en die ander lande in die wêreld te verbeter, om sy eie land volledig en akkuraat in te lig oor toestande in die land waar hy hom mag bevind, om terselfdertyd die beleid en oogmerke van sy eie regering aan die regering van die gasheerland te verduidelik, om alle geleenthede te benut en om kontakte en meningswisseling tot onderlinge voordeel uit te bou.

Die buitelandse sakebeampte bring 'n groot deel van sy loopbaan in die buiteland deur waar hy in Suid-Afrika se diplomatieke en konsulêre sendings op al vyf kontinente dien. Sy funksies sluit onder andere die volgende in: Verteenwoordiging, oordra van amptelike boodskappe aan beamptes van die gasheerstaat, amptelike funksies as verteenwoordiger van Suid-Afrika bywoon, betrokke wees by die opstel van standpuntdokumente vir voorlegging aan die gasheerstaat, verslag doen aan die Suid-Afrikaanse regering oor die gasheerstaat se standpunt en die bywoning van internasionale konferensies waar ekonomiese en tegniese sake bespreek word.

Die vereistes vir aanstelling in die Diplomatieke Diens is die suksesvolle aflegging van 'n keuringsonderhoud en psigometriese toetsing, asook 'n sekerheidsverklaring. Die opvoedkundige kwalifikasie wat vereis word, is 'n B.A.-graad, of 'n gelykwaardige kwalifikasie verkieslik in een of meer van die vakke hierbo genoem. Die hoofinname van kadette vind aan die begin van die jaar plaas met die oog op die opleidingsprogram wat ongeveer drie jaar duur. Daar word van kandidate verwag om 'n aanleg vir tale en die vermoë van oorredende gespreksvoering aan die dag te lê.

Die vorderingsrange (1985) is soos volg: Kadet: Buitelandse Sake; Buitelandse Sake-beampte; Senior Buitelandse Sake-Beampte; Adjunk-Direkteur: Buitelandse Sake; Direkteur: Buitelandse Sake.

Joernalis (Afrikaans, Engels, Kommunikasiekunde, ander B.A.-vakke) Kyk ook KOMMUNIKASIEKUNDE.

Komiteeklerk (Afrikaans, Engels, Kommunikasiekunde, ander B.A.-vakke en, indien moontlik, Tikskrif)

Verskeie instansies en firmas neem veral dames in diens as komiteeklerke. Hoewel hul pligte basies ooreenstem, bestaan daar tog onderling verskille as gevolg van die aard en behoeftes van die instansie waarvoor gewerk word. Sommige werkgewers is gevolglik tevrede met 'n Senior Sertifikaat as kwalifikasie vir 'n komiteeklerk, hoewel ander, byvoorbeeld die SABS, 'n B.A.-graad as vereiste stel. Normaalweg vereis die beroep dat persone ten volle tweetalig sal wees, met veral 'n deeglike kennis van Engels in gevalle waar werkgewers ook met oorsese lande skakel. Die werk is interessant en afwisselend en hou vir die jong dame dié voordeel in dat sy na haar huwelik gewoonlik tot die beroep kan terugkeer.

Omroeper en programopsteller (Afrikaans, Engels, ander tale, Spraakleer en Drama, Musiek).

Die SAUK bied werkgeleentheid aan gegradueerdes in 'n verskeidenheid van uiteenlopende rigtings in byvoorbeeld die administratiewe afdeling, programafdeling, streekdienste, en die afdeling eksterne dienste. Hierby word verwag dat die SAUK vir die voorsiening van doeltreffende televisieprogramme, nog meer gegradueerde mans en dames in diens sal neem. Voornemende B.A.-kandidate (mans en dames) wat in 'n loopbaan in die uitsaaiwese belangstel, moet egter seker maak van 'n toepaslike vakkombinasie. Meer inligting hieroor kan verkry word van die Streeksbestuurder, SAUK by een van die volgende adresse: Posbus 962, Pretoria 0001; Posbus 2551, Kaapstad 8000; Posbus 122, Grahamstad 6140; Posbus 321, Windhoek 9100; Posbus 563, Bloemfontein 9300; Posbus 1588, Durban 4000. Navrae kan ook gerig word aan: Die Hoof: Personeeladministrasie, SAUK, Posbus 8606, Johannesburg 2000 OF Die Adjunk-direkteur, Algemene Dienste, Posbus 4559, Johannesburg, 2000.

Onderwys (Afrikaans, Engels, Geskiedenis, ander tale, ander skoolvakke) Kyk ook ONDERWYS.

Openbare skakelbeampte (Afrikaans, Engels, Spraakleer en Drama, Sosiologie, Sielkunde, Kommunikasiekunde) Kyk ook KOMMUNIKASIEKUNDE.

Personeelbeampte (Staatsdiens) (Afrikaans, Engels, Ekonomie, Staatsadministrasie, Staatsleer, Sosiologie, Sielkunde/Bedryfsielkunde)

Die behartiging van die belange van personeel in die Staatsdiens (en die aanwending van hul dienste) staan bekend as personeeladministrasie. Die Kommissie vir Administrasie is die sentrale liggaam wat die personeelbeleid vir die hele Staatsdiens bepaal. Elke staatsdepartement beskik op sy beurt oor 'n personeelafdeling wat as skakel tussen die departement en die Kommissie vir Administrasie dien.

Die meerderheid van die personeelafdelings, wat saam met ander afdelings gewoonlik die hoofkantoor van 'n departement vorm, setel in Pretoria, maar word ook in Kaapstad, Bloemfontein en Pietermaritzburg aangetref. Vir diegene verbonde aan personeeladministrasie bestaan daar talle geleenthede vir selfverbetering en verwesenliking. Junior personeel ontvang doeltreffende leiding, terwyl inlywingskursusse en toesighoudingskursusse aangebied word om beamptes beter vir hul take toe te rus.

Vorderingsgeleenthede vir personeelbeamptes is feitlik onbeperk. Hulle kan in alle departemente meeding om bevordering en deur bekwame dienslewering kan 'n baie verantwoordelike posisie in die Staatsdiens bereik word.

Politikus (Afrikaans, Engels, Staatsleer, Geskiedenis, Volkekunde, Ekonomie)

Privaatsekretaris(esse) (Afrikaans, Engels, Spraakleer en Drama, Kommunikasiekunde, sekretariële kursusse buite die universiteit). Kyk ook SEKRETARIëLE PRAKTYK.

Taalbeampte/Vertaler (Afrikaans, Engels, ander tale soos Duits, Frans, Italiaans, Portugees)

Die taaldiens van die Staatsdiens word gelewer deur die Staatstaaldiens van die Departement van Nasionale Opvoeding en die Taaldiensafdelings van die provinsiale administrasies.

Die Staatstaaldiens is verantwoordelik vir die vertaling en versorging van die taal van amptelike publikasies van alle staatsdepartemente, vir vertalings uit vreemde tale in die amptelike tale vir staatsdepartemente en vir die ontwikkeling van die terminologie wat nodig is vir publikasies op die verskillende gespesialiseerde gebiede van die werk van hierdie departemente. Vir die uitvoering van hierdie funksies is dit in drie afdelings verdeel: Afrikaans, Engels en Vreemde Tale.

'n Vertaler lewer 'n besondere diens aan die inwoners van die land. Die beroep is geskik vir mans en dames en nagraadse studie word steeds aangemoedig.

Tweetaligheid en die korrekte gebruik van die twee amptelike tale word al meer 'n vereiste en gevolglik sal die vraag na gekwalifiseerde vertalers steeds toeneem. Die meeste van die organisasies wat dienste aan die publiek lewer, het dan ook voortdurend die dienste van vertalers nodig. Hierdie instansies en organisasies is byvoorbeeld die RGN, die WNNR, Yskor, UNISA, die SAUK, groot munisipaliteite, verskeie beheerrade, uitgewersmaatskappye, versekeringsmaatskappye en talle ander privaat instansies. Kyk ook VERTALING.

LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE/OPVOEDING

Universiteite: UDW, UFH, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US, UWK

UNOORDE, UPE, PU vir CHO, RAU en US bied Liggaamlike Opvoedkunde aan as 'n hoofvak vir die gewone B.A.-graad en UNOORDE, PU vir CHO en US as 'n hoofvak vir die gewone B.Sc.-graad.

EERSTE GRADE

Baccalaureus Artium in Liggaamlike Opvoedkunde: B.A.(L.O.) (UDW, UWK)

Baccalaureus Artium (Liggaamlike Opvoeding): B.A. (L.O.) (UOVS, RU)

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte in Liggaamlike Opvoedkunde: B.A. (L.O.) (UP)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad. Kyk LETTERE EN WYSBEGEERTE. 'n Mediese sertifikaat word vereis.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Baccalaureus Paedagogiae: B.Ped. (UFH)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Dit is 'n saamgestelde professionele graad met Liggaamlike Opvoeding as een van die keuserigtings. Kyk ONDERWYS.

Baccalaureus Artium (Educationis) met Liggaamlike Opvoedkunde: B.A.(Ed.) met Liggaamlike Opvoedkunde (UOVS)

Addisionele toelatingsvereistes: Studente moet 'n plaaslike mediese ondersoek deur die Direkteur van Gesondheidsdienste, UOVS, met die aanvang van die kursus ondergaan.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Daar is drie leergange, naamlik Suiwer Liggaamlike Opvoedkunde - Onderwysgerig; Liggaamlike Opvoedkunde - Sportkunde Onderwysgerig; Liggaamlike Opvoedkunde Rekreasiekunde - Onderwysgerig.

Baccalaureus Artium (Educationis) (Liggaamlike Opvoedkunde): B.A. (Ed.)(L.O.) (UPE)

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) (Liggaamlike Opvoedkunde): B.A. (Ed.)(L.O.) (UP)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad. 'n Bevredigende mediese sertifikaat moet ingedien word.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Honoris Baccalaureus Artium in Liggaamlike Opvoedkunde: B.A.(L.O.)(Hons.) (UDW)
Honneursbaccalaureus Artium (Liggaamlike Opvoeding): B.A.Hons.(L.O.) (UOVS)
Baccalaureus Artium (Liggaamlike Opvoedkunde) Honores: B.A.(L.O.) Hons. (UPE)
Baccalaureus Honores in Lettere en Wysbegeerte in Liggaamlike Opvoedkunde: B.A.(L.O.)(Hons.) (UP)

Baccalaureus Artium met Honneurs: B.A.(Hons.) (RU)
Hons.-B. in Liggaamlike Opvoedkunde (US)
Honneurs-Baccalaureus Artium: Hons.B.A. (UWK)

Magister Artium in Liggaamlike Opvoedkunde: M.A. (L.O.) (UDW)
Magister Artium (Liggaamlike Opvoeding): M.A. (L.O.) (UOVS)
Magister Artium: M.A. (RU, UWK)
Magister in Lettere en Wysbegeerte in Liggaamlike Opvoedkunde: M.A.(L.O.) (UP)
M. in Liggaamlike Opvoedkunde (US)

Doctor Philosophiae: D.Phil. (UDW, UWK)
Doctor Litterarum: D.Litt. (UOVS)
Doktor in Wysbegeerte: D.Phil. (UP)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (RU)
Ph.D. (Liggaamlike Opvoedkunde) (US)

DIPLOMA

Diploma in Sportafrigting en Ontspanning (US)

Toelatingsvereistes: Persone wat in besit is van erkende onderwyskwalifikasies en wat na die oordeel van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, Sport en Ontspanning as geskik geag word.

Duur: Een jaar voltydse studie. Studente kan aansoek doen om die kursus oor twee jaar te versprei. Voorsiening word vir drie rigtings gemaak, naamlik Sportvoorsiening; Rekreasie; Sport en Rekreasie vir Gestremdes. 'n Bepaalde rigting word aangebied slegs indien minstens vyf studente hulle aanmeld.

Kyk ONDERWYS vir spesialiteitsrigtings in Liggaamlike Opvoedkunde.

BEROEPSDIENS: Liggaamlike Opvoeding is gemoeid met die studie van menslike beweging - hoekom mense beweeg en wat hulle fisies, sielkundig en sosiaal ervaar wanneer hulle beweeg. Voorts behels dit die wyse waarop verskeie fisiese, sielkundige en sosiale toestande en situasies mense se bewegings en die vorme wat die bewegings aanneem, beïnvloed. Terme soos Menslike Kinetika, Menslike Bewegingstudies en Sportwetenskap word gebruik om die dissipline te beskryf wat met die mens-in-beweging te doen het. Liggaamlike Opvoeding is die toepassing van hierdie dissiplinêre kennis.

'n Graad met Liggaamlike Opvoeding as hoofvak bied werkgeleenthede in onder meer die onderwys; as sport- of ontspanningsbeamptes in diens van nywerhede, myne, universiteite, kolleges en munisipaliteite; as sportbeamptes in die Weermag, polisie en gevangenisdiens, en as sportverslaggewers in die radio-, televisie- en ander nuusmedia. Groot getalle manne en vroue in Suid-Afrika, veral in die stedelike gebiede, neem nie aan georganiseerde sport deel nie, ofskoon hulle fisiese ontwikkeling en ontspanning nodig het. In die lig hiervan, bied 'n privaatgimnasium 'n wonderlike geleentheid vir gekwalifiseerde persone wat oor die nodige kennis, inisiatief en organisasievermoë beskik.

MAATSKAPLIKE WERK

Universiteite: Al die universiteite behalwe MEDUNSA en VISTA

EERSTE GRADE

Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk: B.A. (M.W.) (UDW, UNOORDE, UPE, UWK)

Baccalaureus Societatis Scientiae in Maatskaplike Werk: B.Soc.Sc.(M.W.) (UOVS)

Baccalaureus Artium (Maatskaplike Werk): B.A.(M.W.) (PU vir CHO)

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte in Maatskaplike Werk: B.A.(M.W.) (UP, RAU)

B.A. in Maatskaplike Werk (US)

Duur: Vier jaar voltydse studie. Buitemuurse studente aan UP moet die kursus oor vyf jaar versprei.

Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk: B.A.(M.W.) (UFH, UZ)

Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe: B.Soc.Sc. (UN)

Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe in Maatskaplike Werk: B.Soc.Sc. (M.W.) (RU)

Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk: B.A. (Maatskaplike Werk) (UW)

Addisionele toelatingsvereistes:

UW: Soos vir die B.A.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe: B.Soc.Sc. (UK)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse studie: 'n Student wat as maatskaplike werker wil registreer, moet, na graduering, eers die B.Soc.Sc. (M.W.)(Hons.)-graad of die Gevorderde Diploma in Maatskaplike Werk voltooi.

Baccalaureus Artium in die Sosiale Wetenskappe: B.A.(S.W.) (UNISA)

Addisionele toelatingsvereistes: Studente moet in staat wees om elke jaar waarin hy vir 'n kursus in Maatskaplike Werk registreer, een of twee verpligte laboratoriumsessies van minstens een week elk te kan bywoon en om praktiese werk dwarsdeur die jaar in een van die volgende stede te kan doen: Durban, Kaapstad, Pretoria.

Studente in Bloemfontein, Empangeni, Grahamstad, Johannesburg, Pietermaritzburg, Port Elizabeth en Windhoek, of elders waar die nodige reëlings vir praktykopleiding getref kan word, sal die grootste deel van die praktiese werk plaaslik kan doen, maar hulle moet die laboratoriumsessies in een van die drie stede hierbo genoem, bywoon.

Duur: Minstens vier jaar.

NAGRAADSE GRADE

Honneurs-Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk: B.A.(M.W.)(Hons.) (UFH) of Hons.B.A.(M.W.) (UZ)
Honneurs-Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe in Maatskaplike Werk: B.Soc.Sc.(M.W.)(Hons.) (UK)
Baccalaureus in die Sosiale Wetenskappe (Honneurs): B.Soc.Sc.Hons. (UN)
Baccalaureus Artium cum Honoribus in die Maatskaplike Werk: B.A.Hons. (M.W.) (UNOORDE)
Honneursbaccalaureus Societatis Scientiae in Maatskaplike Werk: B.Soc.Sc.Hons.(M.W.) (UOVS)
Baccalaureus Artium Honores in Maatskaplike Werk: B.A.Hons. (M.W.) (UPE)
Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe met Honneurs: B.Soc.Sc.(Hons.) (RU)
Honneurs-Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte in Maatskaplike Werk: Hons.-B.A. in Maatskaplike Werk (US)
Hons.-B.A. in Maatskaplike Werk (rigting Geneeskundige Maatskaplike Werk) (US)
Hons.-B.A. in Maatskaplike Werk (rigting Supervisie) (US)
Honneurs-Baccalaureus Artium in die Sosiale Wetenskappe: Hons.B.A.(S.W.) (UNISA)
Baccalaureus Artium in Maatskaplike Werk met Honneurs: B.A. (Maatskaplike Werk) Hons. (UW)

Magister Artium in Maatskaplike Werk: M.A.(M.W.) (UDW, UFH, UPE, UWK, UZ) of M.A. (Maatskaplike Werk) (UW)
Magister in Sosiale Wetenskappe: M.Soc.Sc. (UK, UN, RU)
Magister Artium in die Maatskaplike Werk: M.A.(M.W.) (UNOORDE)
Magister Societatis Scientiae in Maatskaplike Werk: M.Soc.Sc.(M.W.) (UOVS)
Magister Artium (Maatskaplike Werk): M.A.(M.W.) (PU vir CHO)
Magister in Lettere en Wysbegeerte in Maatskaplike Werk: M.A.(M.W.) (UP)
M.A.(M.W.)(Supervisie) (UP)
M.A.(M.W.)(Geneeskundige Maatskaplike Werk) (UP)
Magister in die Lettere en Wysbegeerte in Maatskaplike Werk: M.A.(M.W.) (RAU) of M.A. in Maatskaplike Werk (US)
M.A. in Maatskaplike Werk (rigting Geneeskundige Maatskaplike Werk) (US)
Magister Artium in die Sosiale Wetenskappe: M.A.(S.W.) (UNISA)
Magister Artium in die Sosiale Wetenskappe in Geestesgesondheid: M.A.(S.W.) (Geestesgesondheid) (UNISA)
Magister in Mediese Wetenskappe in Maatskaplike Werk: M.Med.Sc. (M.W.) (UDW)
Magister Philosophiae: M.Phil. (UK)

Doctor Philosophiae: D.Phil (UDW, UFH, UNOORDE, UPE, RAU, US, UNISA, UWK, UZ)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, RU, UW)
Doctor Philosophiae (Maatskaplike Werk): D.Phil. (M.W.) (PU vir CHO)
Doktor in die Sosiale Wetenskappe: D.Soc.Sc. (UK, UN, RU)
Doctor Societatis Scientiae in Maatskaplike Werk: D.Soc.Sc. (M.W.) (UOVS)
Doktor in Wysbegeerte: D.Phil. (UP)
Doctor Litterarum: D.Litt. (UW)

DIPLOMAS

Hoër Diploma in Maatskaplike Werk (UFH)

Toelatingsvereistes: 'n B.A.-graad met Maatskaplike Werk as 'n hoofvak. Persone wat nie vir toelating tot Honneurs-studie kwalifiseer nie, sal toegelaat word.

Duur: Vyftien maande.

Gevorderde Diploma in Maatskaplike Werk (UK)

Toelatingsvereistes: 'n B.Soc.Sc.(M.W.)-graad of die Diploma in Maatskaplike Werk of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Duur: Minstens een jaar.

Nagraadse Diploma in Maatskaplike Werk (UN)

Toelatingsvereistes: Die B.Soc.Sc.-graad.

Duur: Een akademiese jaar.

Diploma in Gevorderde Maatskaplike Werk (UPE)

Toelatingsvereistes: Geregistreerde maatskaplike werkers wat oor 'n driejarige diploma beskik.

Duur: Twee jaar deeltydse studie.

Gevorderde Diploma in Maatskaplike Werk (RU)

Toelatingsvereistes: Die graad B.Soc.Sc.(M.W.)

Duur: Een jaar voltydse studie.

Diploma in Maatskaplike Werk (UWK)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Die leergang is dieselfde as vir die B.A.(M.W.)-graad.

Hoër Diploma in Gevorderde Maatskaplike Werk-praktyk (UW)

Toelatingsvereistes: 'n B.A.-graad in Maatskaplike Werk.

Duur: Twee jaar deeltydse studie.

Hoër Diploma in Gemeenskapsorganisasie (UZ)

Toelatingsvereistes: 'n B.A.(M.W.)-graad of 'n diploma in Maatskaplike Werk.

Duur: Een jaar.

Let wel: Die Hugenote Kollege te Wellington en die Minnie Hofmeyer Kollege te Worcester bied die Diploma in Maatskaplike Werk aan. Studente aan die Hugenote Kollege kan ook vir die B.Diac.-graad studeer wat deur UNISA aangebied word.

Die volgende grade word deur UNISA aan studente van die Hugenote-kollege, Wellington, toegeken:

Baccalaureus Diaconiologiae: B.Diac.

Honneurs-Baccalaureus Diaconiologiae: Hons.-B.Diac.

Magister Diaconiologiae: M.Diac.

Doctor Diaconiologiae: D.Diac.

BEROEPSDIENS: Maatskaplike werk het te doen met die doeltreffende maatskaplike funksionering van die mens binne en buite die gesin, in groepe en in die gemeenskap. Benewens die hantering van die gewone probleme wat hulle op individuele en gesinsvlak voordoen, soos onder andere huweliksprobleme, aannemings, dwelmverslaafdheid en ander persoonlike probleme, staan die maatskaplike werker voor die uitdaging om te help om oplossings te vind vir vraagstukke van persoonlike en maatskaplike aanpassings wat volkere, en by name die jeug, vandag bedreig. Die maatskaplike werker stel sig dus ten doel om mense uit alle lae en groepe van die samelewing te help om hulself te help, om hulle weer 'n betekenisvolle rol in die samelewing te laat vervul deur hulle in die normale maatskaplike en ekonomiese diensstruktuur in te skakel. Drie primere metodes word aangewend om die werk te behartig, naamlik gevallewerk, maatskaplike groepwerk en gemeenskapswerk. Afgesien dus van besondere persoonlikheidseienskappe, moet die maatskaplike werker ook oor professionele opleiding (graad of diploma) beskik wat hom sal toerus vir die eise van hierdie gespesialiseerde beroep.

Die professionele status van die maatskaplikewerkberoep word wetlik beskerm deurdat praktiserende maatskaplike werkers verplig word om by die Raad vir Maatskaplike en Geassosieerde Werkers te registreer. Daarbenewens word die etiese kode van die professie bepaal en die belange van die maatskaplike werker beskerm en bevorder deur verskillende beroepsverenigings.

Die Staatsdiens is een van die groot werkgewers vir mans en dames wat hulle in die sosiale wetenskappe bekwaam het. Die werksaamhede dek so 'n breë terrein dat daar voorsiening gemaak is vir 'n groot aantal hoë vakkundige poste. Die departemente wat met welsyns- en verwante dienste gemoeid is, is dié van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, Binnelandse Sake en Ontwikkelingshulp.

Ander instansies wat maatskaplike dienste lewer of waar maatskaplike werk sekondêr aan die hoofdoel is, is byvoorbeeld die SA Nasionale Raad Insake Alkoholisme en Afhanklikheid van Verdowingsmiddels, die CMR, hospitale, munisipaliteite, die gevangeniswese, die Weermag, kindersorgverenigings, huweliksburo's, die myne, Yskor, Sasol en ander groot nywerheidsondernemings. Belangrike poste in personeelbestuur word tans deur maatskaplike werkers gevul, terwyl persone met die nodige kwalifikasies en ervaring doseerposte aan universiteite kan bekom. Die vak Maatskaplike Werk is nie 'n geslote vak net vir die beroep van maatskaplike werk nie. As vak vir feitlik enige B.A.-studierigting is dit van besondere waarde vir predikante, verpleegsters, onderwysers, sielkundiges, sosioloë en so meer.

MEDIESE LABORATORIUM-WETENSKAPPE

Universiteit: UNOORDE, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus Scientiae in Mediese Laboratorium-wetenskappe:
B.Sc. (Med.Lab.Wet.) (UNOORDE)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Om te registreer as mediese laboratorium-wetenskaplike word 'n verdere eenjarige Magistergraad-kursus vereis.

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Laboratoriumgeneeskunde: B.Sc. (Laboratoriumgen.) (UW)

Toelatingsvereistes: Soos vir die M.B., B.Ch.-graad. Kyk GENEESKUNDE.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Magister Scientiae in Mediese Laboratorium-wetenskappe: M.Sc.(Med.Lab.Wet.) (UNOORDE)
Magister in die Natuurwetenskappe in Geneeskunde: M.Sc.(Med.) (UW)

Philosophiae Doctor (Mediese Laboratorium-wetenskappe): Ph.D.(Med.Lab.Wet.) (UNOORDE)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UW)

BEROEPSDIENS: Mediese wetenskaplikes is hoogs opgeleide paramediese personeel wat in laboratoriums werk en gemoeid is met die ondersoek van en die diagnosering van siektes vir sowel kliniese as navorsingsdoeleindes. Die beroep van mediese wetenskaplike moet egter nie verwar word met dié van spesialispatoloog waarvoor mediese kwalifikasies vereis word nie. 'n Mediese wetenskaplike is werksaam in hospitaallaboratoriums of laboratoriums wat aan mediese skole gekoppel is, of in munisipale, staats- of nywerheidslaboratoriums.

MEDIESE WETENSKAPPE

Universiteite: UDW, UK, MEDUNSA, UN, UOVS, US

EERSTE GRADE

Baccalaureus in Mediese Wetenskappe: B.Med.Sc. (UDW)

Addisionele toelatingsvereistes: Slaagsyfers in Wiskunde HG en in Biologie HG (of Natuur- en Skeikunde HG), of minstens 50 % SG in genoemde vakke.

Duur: Vier jaar.

Baccalaureus Scientiae (Geneeskunde): B.Sc.(Med.) (UK)

Toelatingsvereistes:

(i) 'n Student wat die tweede jaar van die M.B., Ch.B.-leergang aan die Universiteit voltooi het, en wat bogemiddeld presteer het in die tweede en daaropvolgende jare, kan vir die graad registreer.

(ii) Studente in besit van 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) wat hul wil toelê op studie in een van die volgende gebiede van stralingsgeneeskunde: Kerngeneeskunde, Radiobiologie, Terapeutiese Radiografie.

Duur: (i) Een jaar.
(ii) Drie jaar.

Baccalaureus Scientiae (Medies): B.Sc.(Med.) (MEDUNSA)

Addisionele toelatingsvereistes: Slaagsyfers in Wiskunde en 'n wetenskapvak.

Duur: Drie jaar.

Baccalaureus in Mediese Wetenskappe: B.Sc. (Med.Sci.) (UN)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die M.B., Ch.B.-graad. Kyk GENEESKUNDE.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Die eerste drie jaar van die leergang is soos vir die graad M.B., Ch.B.

Baccalaureus in Mediese Wetenskappe: M.Med.Sc. (UOVS)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG. Daar word aanbeveel dat voornemende studente Natuur- en Skeikunde en indien moontlik, ook Biologie vir die st.10-eksamen neem.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Geneeskundige Wetenskappe: Hons.-B.Sc. in Geneeskundige Wetenskappe (US)

Hierdie graadkursus word in elf verskillende rigtings aangebied vir kandidate wat in besit is van òf 'n M.B., Ch.B.-graad òf 'n Baccalaureus-graad met 'n hoofvak in die betrokke verwante rigting.

Duur Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Honoris Baccalaureus in Mediese Wetenskappe: B.Med.Sc.(Hons.) (UDW)
Baccalaureus Scientiae (Geneeskunde) (Honneurs): B.Sc. (Med.)(Hons.) (UK)
Baccalaureus Scientiae (Medies)(Honneurs): B.Sc.(Med.)(Hons.) (MEDUNSA)
Honneursbaccalaureus in Mediese Wetenskappe: B.Med.Sc.Hons. (UOVS)

Magister in Mediese Wetenskappe: M.Med.Sc. (UDW, UOVS)
Magister Scientiae (Geneeskunde): M.Sc. (Med.) (UK)
Magister Scientiae (Medies): M.Sc. (Med.) (MEDUNSA)

Magister Scientiae (Mediese Wetenskappe): M.Sc.Med.Sci. (UN)
Magister in die Natuurwetenskappe in Geneeskundige Wetenskappe: M.Sc. in Geneeskundige Wetenskappe (US)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UDW, UK, UN)
Doktor in Mediese Wetenskappe: D.Med.Sc. (UDW)
Doktor in Mediese Wetenskappe: Ph.D. (MEDUNSA)
Philosophiae Doctor: Ph.D. (UOVS)
Doktor in die Natuurwetenskappe in Geneeskundige Wetenskappe: D.Sc. in Geneeskundige Wetenskappe (US)

BEROEPSDIENS: Kyk Mediese Laboratoriumwetenskappe.

MINERAALEKONOMIE

Universiteite: RAU, RU

EERSTE GRAAD

Mineraalekonomie Honneurs (RAU)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad met óf Geologie óf Ekonomie as hoofvak. Kandidate met 'n graad in mynbou-ingenieurswese of in metallurgie sal, afhangende van die geologiese en ekonomiese inhoud van hul graadkursus, voorwaardelik toegelaat word.

Duur: Twee semesters voltydse studie of vier semesters deeltydse studie.

'n Magister- en 'n Doktorsgraad word ook in die rigting aangebied.

RU bied die graad B.Econ.(Mineraalekonomie) met Geologie en Ekonomie as hoofvakke aan. Kyk EKONOMIE.

BEROEPSDIENS: Kyk EKONOMIE.

MONDGESONDHEID/MONDHIGIëNE

Universiteite: UDW, MEDUNSA, UP, US, UWK, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus in Mondgesondheid (UDW)

Baccalaureus in Mondhigiëne (MEDUNSA)

Addisionele toelatingsvereistes:

UDW: Slaagsyfers in Wiskunde HG en Biologie HG of Natuur- en Skeikunde HG, of 50 % SG in genoemde vakke.

MEDUNSA: Slaagsyfers in Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Biologie.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Studente aan UDW moet vakansiewerk in goedgekeurde klinieke doen.

NAGRAADSE GRAAD

Baccalaureus in Mondhigiëne (Honneurs): B.Mondhigiëne (Hons.) (MEDUNSA)

DIPLOMAS

Diploma in Mondhigiëne (UP, US, UW)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Addisionele vereistes:

UP: Slaagsyfers in Bioligie HG of Natuur- en Skeikunde HG of albei, of 50 % SG in genoemde vakke. Wiskunde sal 'n aanbeveling wees. Kandidate word gekeur.

US: Voorkeur sal gegee word aan studente wat slaagsyfers op die Standaardgraad in die volgende vakke behaal het: Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, en Biologie en/of Fisiologie. Studente word gekeur en aansoeke moet voor 30 Junie van die voorafgaande jaar ingelewer word.

UW: Kandidate moet liggaamlik en geestelik geskik wees.

Duur: Twee jaar voltydse studie. UW bied die kursus aan in samewerking met die Technikon Witwatersrand.

Diploma in Mondhigiëne (UWK)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat met 'n slaagsyfer van minstens 40 % HG of 50 % SG in minstens een van die volgende vakke: Biologie, Fisiologie of Natuur- en Skeikunde. 'n Slaagsyfer in Wiskunde sal 'n aanbeveling wees. Kandidate word gekeur.

Duur: Twee jaar voltydse studie.

BEROEPSDIENS: Die mondhhigiënis se funksies sluit onder andere die volgende in: Die pasiënt in te lig omtrent die herkenning en verwydering van plaak; die neem van X-strale; die skoonmaak van tande met die hand en met behulp van ultrasoniese apparaat; die plaaslike aanwending van fluoried om tandbederf te voorkom, asook inligting omtrent die gebruik van sistemiese fluoried deur kinders en verwagtende moeders te verstrek.

Mondhigiëniste wat deur die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn in diens geneem word, het haar eie volledig toegeruste spreekkamer in 'n tandheelkundige kliniek of hospitaal waar kliniese dienste verrig word. Sy besoek gereeld skole, kleuterskole, ouetehuise en so meer om voorkomende programme te inisieer en te evalueer. Alle mondhigiëniste moet by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad as mondhigiënis registreer voordat hulle mag praktiseer.

MUSEUMKUNDE

Universiteite: UP, US

DIPLOMAS

Diploma in Museumkunde (UP)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad met 'n slaagsyfer in een van die volgende kursusse: Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis III, Geskiedenis III, Kunsgeskiedenis III, Volkekunde III, Argeologie II, Plantkunde III, Dierkunde III, Entomologie III, Geologie III; of sodanige kennis van 'n ander toepaslike vak as wat volgens die oordeel van die hoof van die Departement Afrikaans en Nederlandse Kultuurgeskiedenis toelating tot die studie regverdig.

Duur: Een jaar voltydse of agtien maande deeltydse studie.

Nagraadse Professionele Diploma in Museumkunde (US)

Toelatingsvereiste: 'n Baccalaureusgraad met minstens een van die volgende vakke as hoofvak: Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, Argeologie, Beeldende Kunste, Biblioteekkunde, Geskiedenis, Klassieke Kultuur, Volkekunde, Botanie, Geologie, Insektekunde of Soölogie.

Duur: Een jaar deeltydse studie.

BEROEPSDIENS: Persone word in museums van die Departement van Nasionale Opvoeding, die provinsiale administrasies en ander owerhede as museumdiensbeamptes aangestel. Hulle onderneem onder andere navorsing in die betrokke rigtings waarin die museum spesialiseer; is verantwoordelik vir die uitstalling, restourasie en versorging van die materiale in die museum se besit. Daar is poste soos die van direkteur, kurator, museumkunstenaar, restourateur, opvoedkundige of vakkundige beampte, en skakelbeampte.

MUSIEK

Universiteite: UDW, UFH, UK, UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RU, US, UNISA, UWK, UW, UZ

EERSTE GRADE

Baccalaureus Musicae: B.Mus. (UDW, UOVS, UPE)

Baccalaureus in Musiek: B.Mus. (UK, UN, UP, RU, US, UW)

Addisionele toelatingsvereistes:

UDW: 'n Student moet die hoof van die departement in 'n toelatingseksamen oortuig van sy praktiese en teoretiese bekwaamheid vir die kursus. Dit vereis 'n minimum praktiese standaard wat gelykwaardig is aan òf Graad VII van UNISA òf minstens 60 % in Musiek in die st.10-eksamen en 'n vergelykbare teoretiese standaard.

UK: 'n Slaagsyfer van minstens 60 % in Musiek, of in die Graad V teorie-eksamen en in die Graad VII praktiese eksamen van UNISA of gelykwaardige eksamens. Daar kan ook 'n persoonlike onderhoud of 'n oudisie of albei wees.

UN: 'n Goeie slaagsyfer in Musiek in die st.10-eksamen <u>of</u> studente moet die Hoof van die Departement van Musiek oortuig dat hul teoretiese ervaring gelykstaande is aan een van die volgende:

UNISA .......... Harmonie Graad V

Royal Schools .. Teorie Graad VII

Trinity College. Teorie Graad VI

en hul praktiese ervaring gelykstaande aan die Graad VI-eksamen van UNISA, die Associated Board of the Royal Schools of Music of the Trinity College of Music. 'n Onderhoud en 'n oudisie word gewoonlik vereis.

UOVS: Elke student moet die departementshoof oortuig dat sowel sy vaardigheid in die uitvoerende kuns as sy musikaliteit en algemene kennis van musiek, sy toelating tot die studie regverdig. Hy moet 'n slaagsyfer van minstens 50 % in Musiek HG of 60 % in Musiek SG in die st.10-eksamen behaal of 'n standaard in praktiese musiek bereik het wat gelykstaande is aan die Graad VII-eksamen van UNISA. 'n Student moet ook 'n Harmonie-toets aflê.

UPE: 'n Kandidaat moet die standaard wat hieronder aangedui word, behaal:

- Sistematiese Musiekleer I, Hoofinstrument I: 'n Standaard van 60 % in Musiek SG of 50 % in Musiek HG, <u>of</u> 'n standaard in beide teorie en praktiese werk wat deur die Hoof van die Departement Musiek as gelykstaande daaraan beskou word.

- Klasmusiek I: 'n Graad V-sertifikaat van UNISA of gelykwaardige kwalifikasies.

UP: 'n Kandidaat moet die departementshoof aan die begin van sy eerste jaar daarvan oortuig dat sy vaardigheid in die uitvoerende kuns en sy algemene musiekkennis sy toelating tot die studie regverdig. 'n Praktiese sowel as 'n skriftelike toets word gereël. As riglyn vir 'n gewenste toelatingstandaard word 50 % in Musiek HG of 60 % in Musiek SG, of die Graad VII-eksamens van UNISA vereis.

RU: Soos vir die B.A.-graad.

US: 'n Slaagsyfer van minstens 50 % in Musiek HG of 60 % in Musiek SG, <u>of</u> die kandidaat moet die Graad VII-eksamen (UNISA) of 'n ander gelykstaande eksamen in die praktiese hoofonderwerp afgelê het en in Harmonie 'n standaard gelykstaande aan Graad VI (UNISA) bereik het, <u>of</u> 'n toelatingseksamen gelykstaande aan voorgemelde eksamens aflê in die praktiese hoofonderwerp en in Harmonie.

UW: 'n Slaagsyfer in Musiek HG. Kyk ook LETTERE EN WYSBEGEERTE.

<u>Duur</u>: Vier jaar voltydse studie. Elke universiteit het een of meer leergange waaruit die student een moet kies. Die spesialiseringsrigtings is soos volg:

Algemeen: UDW, UK, RU

Algemene Musiek: UW

Biblioteek- en Inligtingkunde: UK

Jazz-studies: UN

Kerkmusiek: UP, US

Komposisie: UN, UP, US, UW

Musiekgeskiedenis: UOVS

Musiekonderwys (nie B.Mus.(Ed.) nie): UDW, UK, UN, UPE

Musiekteorie: UOVS

Musiekwetenskap: UK, UN, UPE, UP, US

Orkesspel: UOVS

Prakties: UK, UOVS, US

Uitvoerende Kuns: UP

Volksmusiekwetenskap: UN

Voordraers: UPE

Voordrag en Individuele Onderwys: UW

Voordrag Instrumentaal: UN

Baccalaureus Musicae (Educationis): B.Mus.(Ed.) (UOVS, UPE)

Baccalaureus in Musiek (Educationis): B.Mus.(Ed) (UP, US, UW)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Mus.-graad.

Duur: Vier jaar voltydse studie. US bied twee moontlike spesialiseringsrigtings aan, naamlik (i) Instrumentale of Vokale onderwys en (ii) Klasmusiek.

Baccalaureus Musicae: B.Mus. (PU vir CHO)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet die betrokke dosente in 'n praktiese toets oortuig van sy vaardigheid in die uitvoerende kuns en sy musikaliteit en algemene kennis van musiek, en hy moet 'n standaard bereik het gelykstaande aan die Gevorderde Sertifikaat (Graad VII) van UNISA.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Studente kies een van drie kurrikulums al na gelang hulle belangstelling meer in die musiekwetenskaplike, praktiese of opvoedkundige rigting lê.

Baccalaureus Artium in Musiek: B.A.(Mus.) (UFH)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Student moet die departementshoof in 'n toelatingseksamen oortuig van sy praktiese en teoretiese vaardigheid in

musiek. Dit sal 'n minimum praktiese standaard wat gelykstaande is aan Graad V (UNISA), met vergelykbare teoretiese kennis vereis.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Baccalaureus Paedagogiae: B.Paed. (UFH)

Duur: Vier jaar. Geen voorgaande kennis van musiek word vereis nie. Hierdie graad is 'n geïntegreerde professionele graad wat met Musiek as een van die keuserigtings gevolg kan word. Kyk ONDERWYS.

Baccalaureus Artium (Musiek): B.A.(Musiek) (UOVS)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Mus.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Die Universiteite van Durban-Westville, Natal en Stellenbosch bied die B.A.-graad aan met Musiek as 'n hoofvak.

Rhodes-universiteit bied Musiek as hoofvak aan vir die B.A.-graad en vir die B.Sc.-graad as hoofvak saam met Fisika.

PU vir CHO bied die B.A.-graad met musiekvakke aan.

Baccalaureus Musicologiae: B.Mus. (UNISA)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Student moet 'n standaard in praktiese musiek bereik het wat gelyk staan aan dié van Graad VII van dié Universiteit se Musieksertifikaateksamens of dié van Musiek vir die Matrikulasie- of gelykstaande eksamen.

'n Student wat nie in Musiek in die st. 10-eksamen of in Musiekteorie Graad VI van UNISA se Musieksertifikaateksamens geslaag het nie, moet in Harmonie en Kontrapunt (spesiale kursus) slaag voordat hy vir Harmonie en Kontrapunt I registreer.

Duur: Minstens vier jaar. Die graad word nie toegeken alvorens die kandidaat die leergang voltooi het en 'n Lisensiaat in 'n instrument of sang by die praktiese eksamens van die Universiteit verwerf het nie.

Baccalaureus Artium in Musiek: B.A.(Mus.) (UWK, UZ)

Addisionele toelatingsvereistes:

UWK: Kandidate moet in besit wees van die Graad VI-sertifikaat (teoreties) en die Graad V-sertifikaat (prakties) van UNISA of enige gelykstaande kwalifikasie. Studente wat nie in besit is van dié sertifikaat nie, kan 'n toelatingseksamen van die verlangde standaard in die praktiese hoofonderwerp en in die teoretiese werk aflê.

UZ: 'n Kandidaat moet Graad V(Teorie) van UNISA verwerf het of 'n kwalifikasie wat deur die Hoof van die Departement Musiek of die Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte goedgekeur is.

Duur: Drie jaar.

NAGRAADSE GRADE

Die volgende B.A.(Hons.)-kursusse word aan die Universiteit van Natal aangebied:

- 'n Gekombineerde Honneurskursus in Musiek en Volkekunde

- 'n gekombineerde Honneurskursus in Musiek en Spraakleer en Drama.

Honoris Baccalaureus Artium: B.A.(Hons.) (UDW)
Baccalaureus in Musiek (Honneurs): B.Mus.(Hons.) (UK)
Baccalaureus Artium (Honneurs) (Musiekonderwys): B.A.Hons. (Musiekonderwys) (UN)
Baccalaureus Artium (Honneurs) (Musiekwetenskap): B.A.Hons. (Musiekwetenskap) (UN)
Baccalaureus Artium (Honneurs) (Volksmusiekwetenskap): B.A.Hons. (Volksmusiekwetenskap) (UN)
Honneursbaccalaureus Musicae: B.Mus.Hons. (UOVS)
Honneursbaccalaureus Artium in Musiekwetenskap: B.A.Hons. (Musiekwetenskap) (UOVS)
Honneurs Baccalaureus Musicae: Honns.B.Mus. (PU vir CHO)
Baccalaureus Honores in Musiek: B.Mus.Hons. (UP)
Honneurs-Baccalaureus in Musiek: Hons.-B.Musiek (US)
Honneurs-Baccalaureus Musicologiae: Hons.-B.Mus. (UNISA)
Honneurs-Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte: Hons.-B.A. (US, UZ)

Magister Musicae: M.Mus. (UDW, UOVS, UPE, PU vir CHO)
Magister in Musiek: M.Mus. (UK, UN, UP, RU, US, UW)
Magister Musicologiae: M.Mus. (UNISA)
Magister Artium: M.A. (UN, UZ)
Magister in die Lettere en Wysbegeerte: M.A. (US)
Magister Artium in Musiekwetenskap: M.A. (Musiekwetenskap) (UOVS)
Magister Philosophiae: M.Phil. (UK)

Doctor Musicae: D.Mus. (UDW, UOVS, UPE, PU vir CHO)
Doktor in Musiek: D.Mus. (UK, UN, UP, RU, US, UW)
Doctor Musicologiae: D.Mus. (UNISA)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, RU)
Doctor Philosophiae in Musiekwetenskap: D.Phil. (Musiekwetenskap) (UOVS)
Doctor Litterarum: D.Litt. (UN, UZ)

DIPLOMAS

UK

Gegradueerde Diploma in Musiek in Voordrag

Toelatingsvereistes: 'n B.Mus.-graad.

Duur: Twee jaar.

Gevorderde Diplom in Remediërende Musiek

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad of 'n diploma met voldoende musiekagtergrond (Prakties Graad VIII of gelykwaardige kwalifikasie) of 'n onderwyskwalifikasie en minstens twee jaar aanvaarbare onderwyservaring.

Duur: Twee jaar.

Voordraersdiploma in Musiek

Voordraersdiploma in Opera

Onderwyslisensiaatdiploma in Musiek

Toelatingsvereistes: Minstens 'n Senior Sertifikaat. Addisionele vereistes is soos dié vir die graad B.Mus. (Musiekonderwys).

Duur: Die leergang van die Voordraersdiploma in Musiek duur drie jaar en dié van elk van die ander diplomas is vier jaar.

Diploma in Ballet

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n Senior Sertifikaat of 'n gelykwaardige sertifikaat; die Elementêre Eksamen in Ballet van die Royal Academy of Dancing of Cecchetti of 'n gelykwaardige kwalifikasie geslaag het; en die Direkteur van die Balletskool oortuig het van sy/haar aanleg om baat te vind by die kursus.

Duur: Drie jaar.

'n Student wat nie in besit van 'n Senior Sertifikaat is nie, kan ook toegelaat word, maar aan hom/haar word die Sertifikaat in Ballet toegeken.

UN

Voordraersdiploma

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Mus.-graad, behalwe wat dit betref word 'n praktiese standaard wat gelykstaande is aan minstens Graad VII van die spesifieke eksamenrade, vereis.

Duur: Drie jaar.

Kerkorrelisdiploma

Toelatingsvereistes: 'n B.Mus.-, B.Mus. (Ed.)-, B.A.Mus.- of B.A.(Ed.) Mus.-graad

of

'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Addisionele vereistes is oos vir die B.Mus.-graad.

Duur: Twee jaar. Studente met 'n graad in Musiek kan die kursus binne een jaar afhandel.

UPE

Diploma in Orkesspel

Toelatingsvereistes: Die graad B.Mus. of die Diploma in Musiek. 'n Kandidaat moet die Hoof van die Departement Musiek oortuig dat hy 'n voldoende standaard in 'n goedgekeurde praktiese instrument bereik het om die studie met vrug te kan begin.

Duur: Een jaar voltydse studie.

Solistediploma in Musiek

Toelatingsvereiste: Soos vir die Diploma in Orkesspel.

Duur: Twee jaar voltydse studie.

Diploma in Musiekonderwys

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat. Addisionele vereistes is soos dié vir die B.Mus.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

PU vir CHO

Diploma vir Kerkorreliste: D.K.O.

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat en die sertifikaat vir die Gevorderde klavier- en orreleksamen van UNISA of 'n gelykstaande standaard.

Duur: Drie jaar voltydse studie. 'n Student kan gelyktydig vir die Diploma vir Kerkorreliste en die B.Mus.-graad inskrywe.

Diploma in Musiekvoordrag: D.M.V.

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikat. 'n Student moet die departementshoof oortuig dat sy standaard van bekwaamheid toelating regverdig.

Duur: Een jaar. Die eksamen bestaan uit die uitvoering van 'n volledige konsertprogram.

Potchefstroomse Universiteitsonderwyslisensiaat in Musiek: P.U.O.L.M. Kyk ONDERWYS.

UP

Diploma in Musiek (Individuele Onderwys)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat. Addisionele vereistes is soos dié vir die B.Mus.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Studente in die studierigting B.Mus. (Uitvoerende Kuns) en B.Mus. (Kerkmusiek) kan vir hierdie Diploma inskryf en ontvang hierdie Diploma tesame met hul graad.

Diploma in Musiek (Kerkmusiek)

Toelatingsvereistes: Soos vir bogenoemde Diploma.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Hierdie Diploma kan gelyktydig met die B.Mus.-graad gevolg word.

RU

Rhodes-universiteit se Lisensiaatdiploma in Musiek: R.U.L.M.

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat, of die Fakulteitsraad moet oortuig wees van die kandidaat se geskiktheid om die kursus te volg. Laasgenoemde word slegs op grond van gevorderde ouderdom en/of besondere aanleg oorweeg.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Die Diploma kan toegeken word as 'n diploma òf vir voordraers, òf vir onderwysers(esse), òf vir koorleiers, òf vir kerkorreliste.

Sertifikaat in Koorwerk

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet alreeds vir 'n ander graad, diploma of sertifikaat van hierdie universiteit ingeskryf wees, maar nie vir 'n graad of diploma in musiek nie.

Duur: Twee jaar.

US

Lisensiaat in Musiekvoordrag: L.M.V.

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat met 'n gemiddelde van 50 %. Studente moet deur middel van 'n toelatingseksamen bewys lewer van voldoende bevoegdheid as voordraers. Die minimum standaard wat vereis word, is gelykstaande aan die Graad VIII-eksamen van UNISA. Studente moet ook deur middel van 'n toelatingseksamen bewys lewer van voldoende kennis van Harmonie om die kursus te kan volg. Vrystelling van hierdie eksamen word verleen aan studente wat Musiek met minstens 60 % in die st.10-eksamen geslaag het, of wat 'n eksamen in Harmonie afgelê het, gelykstaande aan die Graad VI-eksamen van UNISA.

Duur: Drie jaar.

Hoër Lisensiaat in Musiekvoordrag: Hoër L.M.V.

Toelatingsvereistes: Die B.Mus.-graad of die B.A.-graad met Musiek as een van die hoofvakke, of die Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr-Musiek) of die Lisensiaat in Musiekonderwys, of die Lisensiaat in Musiekvoordrag, of 'n ander kwalifikasie wat deur die Senaat as toereikend geag word. Studente moet deur middel van 'n toelatingseksamen in die praktiese hoofonderwerp bewys lewer van voldoende bevoegdheid as voordraers.

Duur: Een jaar.

Lisensiaat in Musiekonderwys: L.M.O.

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat. Addisionele vereistes is soortgelyk aan dié vir die B.Mus.-graad. Kyk ONDERWYS.

Duur: Drie jaar.

Diploma in Musiekonderwys: D.M.O.

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat. Kandidate moet in besit wees van die Graad VI-sertifikaat (prakties en teoreties) van UNISA of enige gelykstaande kwalifikasie. 'n Student wat nie hieraan voldoen nie, kan 'n toelatingseksamen in die praktiese hoofonderwerp en in die teoretiese werk aflê.

Duur: Drie jaar.

Lisensiaat in Musiek: L.M.

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). 'n Kandidaat moet die Senaat in 'n aanvangstoets oortuig van sy aanleg as 'n musiekvoordraer.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Die lisensiaat kan in enigeen van die volgende rigtings toegeken word: Opera, Orkesspel, Voordrag en Onderwys.

Voordraersdiploma in Musiek

Toelatingsvereistes: Diploma in Musiek of 'n Lisensiaat in Musiek of 'n B.Mus.-graad of 'n onderwysers- of voordraersdiploma of lisensiaat in musiek van 'n erkende inrigting, en vier jaar ondervinding in onderwys of in openbare uitvoerings.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

Kyk ONDERWYS vir gespesialiseerde kursusse in Musiekonderwys.

BEROEPSDIENS: Aan die universiteit behels die studie van Musiek praktiese sowel as teoretiese vakke. Praktiese studie sluit in die hoofinstrument sowel as studie van 'n tweede instrument. Die musiekinstrumente is klavier, orrel, stryk- en blaasinstrumente en dan ook sang.

Die ontwikkeling van die RSA bring 'n groot behoefte mee aan opgeleide persone in die musiek as professie. Vir die student wat reeds op jeugdige ouderdom met intensiewe opleiding in musiek begin het, wat die liefde daarvoor, belangstelling daarin, die besondere musiekaanvoeling en -aanleg en musikale vermoë besit, en wat bereid is om baie tyd aan oefening te bestee, bestaan daar 'n wye keuse van spesialiteitsterreine.

Die belangrikste waarvoor 'n universiteitsgraad of -diploma 'n man of dame laat kwalifiseer, is die onderwys in sowel ateljee as skool (primêre en

sekondêre), die uitsaaiwese, die Rade vir die Uitvoerende Kunste van die provinsies, die pers, kerke en sekere biblioteekdienste. Op grond van ervaring, bekendheid en nagraadse kwalifikasies, word bekwame musici steeds uitgesonder vir verskeie verantwoordelike betrekkings, byvoorbeeld aan opleidingskolleges, technikons, universiteite, konservatoriums, simfonie-orkeste ens. Vir die persoon wat nie by 'n amptelike inrigting in diens tree nie, is daar die geleentheid om op feitlik enige plek privaat lesse te gee en sy beroep te beoefen gedurende periodes wanneer dit hom pas. So kan 'n orkeslid byvoorbeeld ook 'n musiekonderwyser wees.

MYNBOU-GEOLOGIE*

Universiteit: UP

EERSTE GRAAD

Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde in Mynbou-Geologie: B.Sc. (Mynbou-Geologie)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % (E-simbool) in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG of 50 % (D-simbool) SG in hierdie vakke.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Minstens 20 weke vakansiewerk gedurende die studietydperk is verpligtend, waarvan 5 weke aan Toegepaste Geofisika gewy, en minstens 10 weke in 'n myn deurgebring moet word.

*Mynbou-geologie en Ingenieursgeologie word deur die Universiteit van die Witwatersrand as vakke vir die B.Sc.(Hons.)-graad in die Fakulteit van Natuurwetenskappe aangebied.

BEROEPSDIENS: Hierdie gegradueerdes staan regstreeks in diens van die mynbou in die land. Gevolglik is die vernaamste werkgewers die Tak Geologiese Opname en die Mineraleburo van die Departement van Mineraal- en Energiesake. Die grootste getal tree egter in diens van die verskillende mynmaatskappye. Kyk ook Beroepsdiens van SUIWER NATUURWETENSKAPPE: Geologie.

NATUURBEWARING

Universiteit: US

EERSTE GRADE

Hons.-B.Sc. in Natuurbewaring

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc.-graad met Soölogie, Botanie of Biologie as een van die hoofvakke, of 'n ander goedgekeurde Baccalaureusgraad.

Duur: Studente moet 'n goedgekeurde leergang van gevorderde studie, wat deur die betrokke dosente vir elke student afsonderlik vasgestel word, van minstens een jaar volg, en die eksamens slaag.

M.Sc. in Natuurbewaring

Toelatingsvereiste: B.Sc. in Bosbou of 'n ander goedgekeurde Baccalaureusgraad of 'n goedgekeurde Honneurs-B.Sc.-graad.

Duur: Twee jaar na 'n Baccalaureusgraad en een jaar na 'n Honneursgraad.

DOKTORSGRADE

Ph.D. (Natuurbewaring)
D.Sc. in Natuurbewaring

BEROEPSDIENS: Hierdie kursus is saamgestel om studente in bewaringsbosbou op te lei, dit wil sê dit sluit aspekte van bosbou in wat handel oor die bewaring en bestuur van natuurgebiede, bevolkings van wilde diere en plante en die verskaffing van geleenthede vir uitgebreide buitelugontspanning. Om teoretiese sowel as praktiese redes word die kernleerplan van Boskunde behou en bewaring word daarby geïntegreer.

Graduandi is toegerus om in bewaringsbosbou sowel as gewone bosbou te werk en word op die gewone wyse deur die Direktoraat van Bosbou aangestel. Loopbane in ander staatsorganisasies gemoeid met natuurbewaring soos die Nasionale Parkeraad, kan ook gevolg word terwyl daar beperkte werkgeleenthede in die privaatsektor is.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Natuurbewaring.

NATUURLEWEBESTUUR

Universiteit: UP

EERSTE GRAAD

Baccalaureus Honores in Wis- en Natuurkunde in Natuurlewebestuur: B.Sc. (Natuurlewebestuur) (Hons.)

Toelatingsvereistes: Slegs 'n beperkte aantal kandidate word jaarliks toegelaat. Aansoeke moet jaarliks voor 15 Oktober skriftelik by die Bekleder, Eugéne Marais Leerstoel in Natuurlewebestuur, Departement Dierkunde, Universiteit van Pretoria, ingedien word. Kandidate moet in besit wees van 'n B.Sc.-, B.Sc.(Agric.)-, B.Sc. (Bosbou)- of B.V.Sc.-graad. Kandidate in besit van 'n B.Sc.-graad moet ten minste een biologiese vak as hoofvak geneem het.

Duur: Minstens een jaar voltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Magister in Wis- en Natuurkunde in Natuurlewebestuur: M.Sc. (Natuurlewebestuur)

Doktor in Wis- en Natuurkunde in Natuurlewebestuur: D.Sc. (Natuurlewebestuur)

BEROEPSDIENS: Georganiseerde instellings in die RSA neem opgeleide persone in diens om professionele dienste te lewer ter bewaring van die land se fauna en flora. Sommige van die organisasies spits hulle toe op beskerming en navorsing ten opsigte van fauna, ander weer uitsluitlik ten opsigte van

flora. Gegradueerdes word as vakkundiges in diens geneem. Hulle moet in besit van 'n B.Sc.-graad wees en bereid wees om met toepaslike nagraadse studie en navorsing voort te gaan.

Hierdie instansies is enkele staatsdepartemente; die departemente van natuurbewaring van die provinsiale administrasies; die Nasionale Parkeraad; die Oseanografiese Navorsingsinstituut, Durban; die WNNR; die Natalse Herbarium, Durban; die Moss Herbarium, Universiteit van die Witwatersrand; die Compton Herbarium, Nuweland, K.P.; die Bolus Herbarium, Universiteit van Kaapstad en 'n aantal museums wat oor die land versprei is.

NYWERHEIDSVERHOUDINGE

Universiteite: UN, UPE, RAU

EERSTE GRADE

Baccalaureus Artium Honores: B.A. Hons
of
Baccalaureus Commercii Honores: B.Com.Hons. (UPE)

Toelatingsvereistes: Ten minste een van Ekonomie, Bedryf- en Organisasiesielkunde, Psigologie of Sosiologie as hoofvak vir die Baccalaureusgraad geneem het en 'n slaagpunt van nie minder nie as 60 behaal het.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Kyk HANDEL en LETTERE EN WYSBEGEERTE.

DIPLOMA

Nagraadse Diploma in Nywerheidsverhoudinge (UN)

Toelatingsvereistes: Enige gegradueerde of enige persoon wat toestemming van die Senaat ontvang het om vir die Diploma te registreer.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

Let wel: RAU bied 'n B.Com.-(Mannekragstrategie en Arbeidsverhoudinge)-graad aan. Kyk HANDEL.

BEROEPSDIENS: Nywerheids- of Arbeidsverhoudinge behels die kollektiewe verhoudinge tussen mense in organisasieverband. Kollektief, omdat dit gaan oor die groepering van werkgewers in spanne of assosiasies, en van werknemers in vakunies en ander werknemerverteenwoordigende liggame, terwyl die organisasies aan die ander kant kan wissel van fabrieke tot myne, die spoorweë, die handel, hospitale, ensovoorts.

Nywerheidsverhoudinge (NV) verskil van Personeelbestuur, ofskoon laasgenoemde daarmee verband hou. 'n Persoon wat van NV 'n beroep wil maak, kan op 'n verskeidenheid terreine werk, byvoorbeeld:

* Nywerheidsverhoudingbeamptes wat met opsieners en werker-verteenwoordigers op fabrieksvlak werk.

* Nywerheidsverhoudingbestuurders wie se werksaamhede die bepaling en uitvoer van beleid en prosedures namens die bestuur van 'n maatskappy of organisasie asook onderhandeling en bedinging met vakunies behels.

* Vakuniebeamptes wat namens 'n vakunie optree.

* NV-spesialis in 'n werknemerorganisasie soos die Gefedereerde Kamer van Nywerhede of die SA Federasie van Staal- en Ingenieursnywerhede.

* Arbeidsregsgeleerde wat hom/haar spesifiek toelê op die reg betreffende kollektiewe verhoudinge tussen werknemer en werkgewer.

Daar kan verwag word dat die huidige vraag na vaardigheid in nywerheidsverhoudinge sal toeneem na mate werkerorganisasies groei en toenemende druk op werkgewers uitgeoefen word.

ONDERWYS

Universiteite: Al die universiteite behalwe MEDUNSA

UNIVERSITEIT VAN DURBAN-WESTVILLE

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Paedagogiae in Lettere en Wysbegeerte - B.Paed. (Lettere en Wysbegeerte)

Baccalaureus Paedagogiae in Handel - B.Paed. (Handel)

Baccalaureus Paedagogiae in Natuurwetenskappe - B.Paed. (Natuurwetenskappe)

Baccalaureus Paedagogiae in Huishoudkunde - B.Paed. (Huishoudkunde)

Die leergange van bogenoemde vier grade is elk 'n vierjarige saamgestelde akademiese en professionele leergang wat aan al die vereistes vir die betrokke graad voldoen, asook aan die vereistes vir die opleiding van onderwysers vir sekondêre skole.

Addisionele toelatingsvereistes:

B.Paed. (Handel): 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG.
B.Paed. (Natuurwetenskappe): 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG en in 'n wetenskapvak HG of minstens 50 % SG in genoemde vakke.
B.Paed. (Huishoudkunde): 'n Slaagsyfer in Wiskunde of 'n wetenskapvak HG of SG.

Baccalaureus Musicae in Onderwys - B.Mus.(Ed.): Kyk MUSIEK.

Universiteit Hoër Onderwysdiploma: Een jaar voltydse studie na 'n goedgekeurde graad wat die voorgeskrewe kursusse in die vereiste aantal skoolvakke insluit.

(b) Primêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Paedagogiae in Primêre Onderwys - B. Paed.(Prim. Ed.): Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Universiteit Hoër Onderwysdiploma (Primêre Skool-rigting): Een jaar voltydse studie na 'n goedgekeurde graad wat die voorgeskrewe kursusse in die vereiste aantal skoolvakke insluit.

(c) Ander onderwyserskursusse

Diploma vir Onderwysers van Dowes en Hardhorendes: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie na 'n goedgekeurde driejarige onderwysdiploma wat verwerf is na voltydse studie aan 'n erkende inrigting en minstens twee jaar onderwyservaring in 'n gewone skool of een jaar ervaring in 'n skool vir spesiale onderwys.

Diploma in Spesialiseringsonderwys (Remediërende Onderwys): Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie na 'n goedgekeurde driejarige onderwysdiploma, of 'n graad en 'n onderwysdiploma, of 'n gekombineerde onderwysgraad; en minstens twee jaar onderwyservaring.

Diploma in Spesialiseringsonderwys (Spesiale Onderwys - Verstandelik Gestremdes): Kyk bogenoemde Diploma.

Universiteitsonderwysdiploma vir Bronnesentrumbestuur: Twee jaar deeltydse studie na 'n goedgekeurde driejarige onderwyserskwalifikasie, of 'n nagraadse onderwysersdiploma; en drie jaar goedgekeurde klaskamerervaring. Studente sal aan 'n Bronnesentrum in 'n skool gedurende die twee jaar van die kursus verbonde wees.

Diploma in Fisioterapie-onderwys: Kyk FISIOTERAPIE.

UNIVERSITEIT VAN FORT HARE

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Paedagogiae - B.Ped.: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Dit is 'n saamgestelde professionele graad wat in een van die volgende rigtings behaal kan word:

Lettere en Wysbegeerte (hoofvakke - Afrikaans-Nederlands, Xhosa/Sotho, Bybelkunde, Engels, Aardrykskunde, Geskiedenis)

Natuurwetenskappe (hoofvakke - Chemie of Fisika, Plantkunde of Dierkunde, Wiskunde, Aardrykskunde)

Ekonomiese Wetenskappe

Musiek

Landbou

Liggaamlike Opvoeding.

Hoër Sekondêre Onderwysersdiploma: Drie jaar na 'n Senior Sertifikaat. Die Diploma kan in een van die volgende rigtings verwerf word: Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Ekonomiese Wetenskappe, Beeldende Kunste, Liggaamlike Opvoeding, Musiek, Landbou.

Hoër Onderwysdiploma (Gegradueerd): Een jaar na 'n goedgekeurde graad wat die voorgeskrewe kursusse in skoolvakke insluit.

Hoër Onderwysdiploma (Nie-gegradueerd): Een jaar nadat 'n student studiekursusse vir 'n goedgekeurde graad voltooi het op so 'n wyse dat al die vereistes vir die graad na een jaar verdere studie nagekom kan word.

Sekondêre Onderwysersdiploma: Twee jaar na 'n Senior Sertifikaat. Die Diploma kan in een van die volgende rigtings verwerf word: Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Ekonomiese Wetenskappe, Beeldende Kunste, Liggaamlike Opvoeding, Musiek.

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads): Sekondêr: Een jaar na 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad met minstens twee skoolvakke. In een van die skoolvakke moet minstens drie kursusse voltooi gewees het en in die ander minstens twee.

Hoër Onderwysdiploma (Tegnies): Sekondêr: Een jaar voltydse studie na een van die volgende:

- 'n Graad in Ingenieurswese, Suiwer Wetenskappe of Toegepaste Wetenskappe
- Nasionale Hoër Diploma vir Tegnici (vierjaarkursus)
- Nasionale Diploma vir Tegnici (driejaarkursus)
- 'n erkende gelykwaardige kwalifikasie van enige van bogenoemde.

Hierdie Diploma is bedoel vir voornemende onderwysers in tegniese hoërskole.

Hoër Onderwysdiploma (Handel): Sekondêr: Vier jaar voltydse studie na 'n Senior Sertifikaat met slaagsyfers in albei amptelike tale op die Hoër Graad met minstens 'n slaagsyfer in die eerste taal op die Hoër Graad; en 'n slaagsyfer in een ander vak, uitgesonderd die amptelike tale, op die Hoër Graad. Die kursus, wat in samewerking met die Kaapse Technikon aangebied word, verskaf opleiding aan sekondêre onderwysers van handelsvakke.

Hoër Onderwysdiploma (Huishoudkunde): Sekondêr: Vier jaar voltydse studie na 'n Senior Sertifikaat met slaagsyfers in albei amptelike tale op die Hoër Graad, en minstens 'n slaagsyfer in die eerste taal op die Hoër Graad; en 'n slaagsyfer in een ander vak, uitgesonderd die amptelike tale, op die Hoër Graad. Die kursus, wat in samewerking met die Kaapse Technikon aangebied word, verskaf opleiding aan sekondêre onderwyseresse van Huishoudkunde.

Baccalaureus Artium (Kuns) - B.A. (Kuns): Drie jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Na graduering word studente tot die kursus vir die Hoër Onderwysdiploma (Nagraads): Sekondêr, toegelaat. Kyk BEELDENDE KUNSTE vir addisionele toelatingsvereistes.

Baccalaureus Musicae (Onderwys) - B.Mus. (Onderwys): Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). In hul vierde jaar word studente toegelaat tot die kursus vir die Hoër Onderwysdiploma (Nagraads): Sekondêr. Kyk MUSIEK vir addisionele toelatingsvereistes.

Verdere Diploma in Onderwys: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie na 'n driejarige goedgekeurde onderwyskwalifikasie in Huishoudkunde, Handel of Bedryfskennis.

Hierdie kursus is beskikbaar vir onderwysers wat in diens en in besit is van 'n M + 3 kwalifikasie om hulle in staat te stel om hul kwalifikasie tot M + 4 op te gradeer.

(b) Primêre onderwyserskursusse

Baccalaureusgraad in Primêre Onderwys - B.Prim.Ed.: Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Addisionele vereistes is soos vir die B.A.-graad. Kyk LETTERE EN WYSBEGEERTE.

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads): Primêr: Een akademiese jaar na 'n goedgekeurde graad wat die voorgeskrewe skoolvakke insluit. Hierdie Diploma is bedoel vir gegradueerdes in Lettere en Wysbegeerte of Natuurwetenskappe wat onderwys wil gee in die primêre skool.

(c) Primêre en/of sekondêre onderwyserskursusse

Onderwyserslisensiaatdiploma in Musiek: Vier jaar na 'n Senior Sertifikaat. Addisionele vereistes is soos vir die B.Mus.-graad. Kyk MUSIEK.

Hoër Onderwysdiploma (Spraakleer en Drama): Een jaar na 'n goedgekeurde driejarige onderwysdiploma.

(d) Ander onderwyserskursusse

Diploma in Spesialiseringsonderwys (Remediërende Onderwys): Een akademiese jaar na 'n goedgekeurde driejarige onderwysersertifikaat en minstens twee jaar onderwyservaring in skole.

Diploma in Spesialiseringsonderwys: Verstandelik Gestremdes: Een jaar na 'n goedgekeurde driejarige onderwysersertifikaat.

Onderwysdiploma in Fisioterapie: Kyk FISIOTERAPIE.

Onderwysdiploma in Radiografie: Kyk RADIOGRAFIE.

Diploma vir Opvoeders van Volwassenes: Twee jaar deeltydse studie na 'n universiteitsgraad of 'n voltydse, tweejarige na-matrikulasie-kwalifikasie deur die Senaat goedgekeur of enige ander kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig aan enigeen van die genoemde twee vereistes aanvaar word.

Hierdie kursus word deur die Departement van Nasionale Opvoeding vir salarisdoeleindes erken. Dit is nie bedoel vir persone wat in onderwysposte van die provinsiale onderwysdepartemente belangstel nie.

UNIVERSITEIT VAN NATAL

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) en die Hoër Onderwysdiploma (Nie-gegradueerd): Een jaar na 'n goedgekeurde graad wat die voorgeskrewe kursusse in die vereiste skoolvakke insluit.

Kandidate moes slaagsyfers in albei amptelike tale in die matrikulasie- of gelykwaardige eksamen, met minstens een op die Hoër Graad, behaal het.

Kandidate vir die Hoër Onderwysdiploma (Nie-gegradueerd) is diegene wat ten minste twee kursusse op eerstejaarspeil of een kursus op tweedejaarspeil moet slaag om 'n goedgekeurde graad te verwerf, met dien verstande dat hy/sy alreeds sy/haar onderwysvakke geslaag het. Hierdie Diploma kan in die Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) omskep word nadat die kandidaat aan die orige vereistes vir sodanige diploma voldoen het.

Universiteitsonderwysdiploma (Nagraads) en die Universiteitsonderwysdiploma (Nie-gegradueerd): Die regulasies vir die Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) en die Hoër Onderwysdiploma (Nie-gegradueerd) is ook op hierdie twee diplomas van toepassing, behalwe vir die volende verskille:

- Kandidate hoef nie die amptelike tale in die matrikulasie- of gelykwaardige eksamen te slaag nie.
- Die leergang van die kandidate hoef net Sekondêre Skoolmetodiek in een vak in te sluit en hoef nie Godsdiensonderrig in te sluit nie.

Hoër Onderwysdiploma: Vier jaar voltydse studie na 'n Senior Sertifikaat en slaagsyfers in albei amptelike tale met minstens 'n slaagsyfer in die eerste taal op die Hoër Graad; en 'n slaagsyfer in een ander vak, uitgesonderd die amptelike tale, op die Hoër Graad. Die leergang, wat in samewerking met die Technikon Natal, Durban, aangebied word, moet in een van die volgende studierigtings voltooi word: Kuns, Handelsvakke, Huishoudkunde, Technika-, Elektries of Elektronies of Meganies.

Slaagsyfers in Wiskunde (verkieslik op die Hoër Graad) en in Wetenskap in die senior sertifikaat-eksamen is 'n vereiste vir laasgenoemde studierigting.

Hoër Onderwysdiploma: Vier jaar voltydse studie na 'n Senior Sertifikaat met 'n slaagsyfer in die eerste taal op die Hoër Graad en 'n slaagsyfer in die tweede taal òf op die Hoër Graad met 'n F-simbool òf op die Standaard Graad met 'n E-simbool; en 'n slaagsyfer in 'n ander vak op die Hoër Graad; en 'n groottotaal van 900 punte. Die leergang, wat in samewerking met die Edgewood onderwyskollege, Pinetown, aangebied word, moet in een van die volgende studierigtings voltooi word: Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe.

Hoër Onderwysdiploma (Tegnies): Twee jaar deeltydse studie na

- 'n Senior Sertifikaat wat albei amptelike tale insluit, met minstens een op die Hoër Graad geslaag, of minstens vier vakke op NTS III-peil plus die twee amptelike tale, en

'n Nasionale Diploma in 'n spesialisrigting of gelykwaardige kwalifikasie, of 'n buitelandse kwalifikasie wat as gelykwaardig geëvalueer word.

Hierdie Diploma word in samewerking met die Technikon Natal aangebied.

Hoër Onderwysdiploma (Na-skool): Twee jaar deeltydse studie na

'n Senior Sertifikaat wat albei amptelike tale insluit, met minstens een op die Hoër Graad geslaag, of ander gelykwaardige kwalifikasies, en

'n goedgekeurde driejarige onderwysdiploma met minstens twee skoolvakke op minstens tweedejaarsgraadpeil, of 'n Nasionale Diploma in 'n spesialisrigting of 'n gelykwaardige kwalifikasie, of 'n buitelandse kwalifikasie wat as gelykwaardig beskou word.

Hierdie Diploma word in samewerking met die Technikon Natal aangebied.

Verdere Diploma in Onderwys (Technikon): Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie na 'n Senior Sertifikaat of 'n gelykwaardige sertifikaat, en 'n goedgekeurde driejarige onderwysdiploma of -sertifikaat in Huishoudkunde of Handelsvakke of Bedryfskennis. Applikante moet geselekteerde diensdoenende onderwysers/esse wees.

Die leerplan sluit een van die volgende rigtings in: Huishoudkunde, Handelsvakke, Elektronika, Bedryfskennis. Hierdie Diploma word in samewerking met die Technikon Natal aangebied.

Verdere Diploma in Onderwys (Edgewood): Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie na 'n Senior Sertifikaat of 'n gelykwaardige sertifikaat met 'n slaagsyfer in Wiskunde HG of gelykwaardige vak, en 'n goedgekeurde driejarige onderwysdiploma of -sertifikaat of 'n goedgekeurde graad en 'n goedgekeurde onderwysdiploma. Applikante moet geselekteerde diensdoenende onderwysers/esse wees. Hierdie Diploma word in die rigtings Rekenaarwetenskap en Wiskunde aangebied in samewerking met die Edgewood-onderwyskollege, Pinetown.

Baccalaureus in Musiek (Musiekonderwys) - B.Mus: Kyk MUSIEK.

(b) Sekondêre en primêre onderwyserskursus

Diploma in Spesialiseringsonderwys (Skoolbiblioteekkunde): Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie na

'n graad en 'n goedgekeurde onderwysdiploma, en boonop drie jaar goedgekeurde onderwyservaring; of

alternatiewe kwalifikasies wat deur die Senaat aanvaarbaar is.

(c) Primêre onderwyserskursus

Baccalaureus in Primêre Onderwys - B.Prim.Ed.: Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met slaagsyfers in albei amptelike tale op die Hoër Graad en 'n minimum van 40 % in ten minste drie vakke op die Hoër Graad, waarvan een die eerste taal moet wees.

(d) Ander onderwyserskursusse

Diploma in Spesialiseringsonderwys (Remediërende Onderwys): Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie na

- 'n graad plus 'n goedgekeurde onderwysdiploma; of
- 'n goedgekeurde onderwysdiploma wat minstens drie jaar opleiding vereis, en boonop twee jaar goedgekeurde onderwyservaring.

Diploma in Onderwys vir Volwassenes: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie. 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n goedgekeurde graad of toegelaat word tot die status daarvan; of hy/sy moet spesiale verlof van die Senaat verkry om vir die Diploma te registreer.

Universiteitsdiploma in Verplegingsonderwys: Kyk VERPLEEGKUNDE.

UNIVERSITEIT VAN DIE NOORDE

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Artium Paedagogii - B.A. Paed. of

Baccalaureus Commercii Paedagogii - B.Com. Paed.: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Matrikulasievrystellingsertifikaat.

Baccalaureus Scientiae Paedagogii - B.Sc. Paed.: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Matrikulasievrystellingsertifikaat. Die toelatingsvereistes is dieselfde soos vir die B.Sc.-graad. Kyk SUIWER NATUURWETENSKAPPE.

Baccalaureus in Landbou-onderwys - B.Agric. Paed.: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Matrikulasievrystellingsertifikaat.

Diploma in Landbou-onderwys - Dipl. Agric. Paed.: Drie jaar na 'n Senior Sertifikaat of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Diploma in Pedagogiek - Dipl. Paed.: Twee jaar na 'n Senior Sertifikaat of 'n gelykwaardige kwalifikasie. Die doel van die diploma is die opleiding van onderwysers vir die eerste drie standerds van die sekondêre skool.

Sekondêre Onderwysdiploma (Verdere Opleiding) - S.O.D. (Verdere opleiding): Een jaar voltydse studie na een van die volgende: S.O.D. (Twee jaar opleiding); S.A.O.D.; Dipl. Paed., of enige ander erkende gelykwaardige onderwysdiploma of -sertifikaat. Die doel van hierdie diploma is om onderwysers wat reeds oor twee jaar opleiding beskik, in staat te stel om hul kwalifikasies te verbeter sodat hulle in twee skoolvakke tot op matriekvlak kan onderwys gee.

Sekondêre Onderwysdiploma (sonder graadvakke) - S.O.D. (sonder graadvakke): Drie jaar na 'n Senior Sertifikaat.

Sekondêre Onderwysdiploma (met graadvakke) - S.O.D. (met graadvakke): Drie jaar na 'n Matrikulasievrystellingsertifikaat.

Universiteitsonderwysdiploma - U.O.D.: Een jaar na 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad wat kursusse in goedgekeurde skoolvakke insluit.

Universiteitsonderwysdiploma (nie-gegradueerd) U.O.D. (nie-gegradueerd): Een jaar. 'n Kandidaat moet slegs twee kursusse kort vir sy graad en moet in besit wees van 'n Matrikulasievrystellingsertifikaat.

Enige besitter van die U.O.D. (nie-gegradueerd) kan dit na 'n volwaardige U.O.D. verander deur voltooiing van die verdere akademiese vereistes vir die graad.

Diploma in Skoolbiblioteekkunde - D.S.B.: Een jaar na 'n Senior Sertifikaat plus 'n erkende onderwysdiploma.

(b) Ander onderwyserskursusse

B.Cur. (I. et A.) en

Diploma in Verpleegonderwys: Kyk VERPLEEGKUNDE.

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Agriculturae (Educationis) - B.Agric.(Ed.)

Baccalaureus Artium (Educationis) - B.A.(Ed.)

Baccalaureus Artium (Educationis) met Beeldende Kunste - B.A.(Ed.) met Beeldende Kunste

Baccalaureus Artium (Educationis) met Dramakunde en Toneelkunde - B.A.(Ed.) met Dramakunde en Toneelkunde

Baccalaureus Artium (Educationis) met Liggaamlike Opvoedkunde - B.A.(Ed.) met Liggaamlike Opvoedkunde

Baccalaureus Artium (Educationis) met Musiekvakke - B.A.(Ed.) met Musiekvakke

Baccalaureus Artium (Educationis) met Tale - B.A.(Ed.) met Tale

Baccalaureus Bibliothecologiae (Educationis) - B.Bibl.(Ed.)

Baccalaureus Commercii (Educationis) - B.Com.(Ed.)

Baccalaureus Economiae (Educationis) - B.Econ.(Ed.)

Baccalaureus Musicae (Educationis) - B.Mus.(Ed.)

Baccalaureus Scientiae (Educationis) - B.Sc.(Ed.)

Baccalaureus Scientiae in Huishoudkunde (Educationis) - B.Sc. Huish.(Ed.)

Die leergange vir al die bogenoemde grade is elk 'n vierjarige saamgestelde akademiese en professionele leergang wat voldoen aan al die vereistes vir die betrokke graad asook aan die vereistes vir die opleiding van onderwysers vir sekondêre skole. Toelatingsvereistes is dieselfde soos vir die betrokke studierigting.

Baccalaureus Secundae - B.Sec.Ed.: Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Hoër Onderwysdiploma - H.O.D.: Vier jaar voltyds na 'n Senior Sertifikaat of gelykwaardige sertifikaat, met slaagsyfers in 'n amptelike Eerste Taal HG en in 'n amptelike Tweede Taal HG en in nog 'n vak uitgesonderd die amptelike tale, op die Hoër Graad. Hierdie Diploma word in die volgende rigtings aangebied: Algemeen; Natuurwetenskaplik; Liggaamlike Opvoeding; Bedryfskennis en/of Grafika (Onderwys); Huishoudkunde; Kunsonderwys; Handelsvakke; Dramakunde en Toneelkunde.

Vir sommige van die rigtings bestaan daar ook addisionele toelatingsvereistes, hoofsaaklik wat geslaagde skoolvakke betref.

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) - H.O.D. (Nagraads): Een jaar voltydse studie of 18 maande (3 semesters) deeltydse studie na 'n erkende graad wat ook goedgekeurde vakke moet insluit.

Hoër Onderwysdiploma (Tegnies) - H.O.D. (Tegnies): Een jaar voltyds of 1½ jaar deeltyds na 'n Senior Sertifikaat of 'n gelykwaardige kwalifikasie en 'n kwalifikasie(s) geëvalueer as M + 3 = Kategorie C wat twee skoolvakke (wat tegniese vakke wat in verband met die bekleder se spesialistepos staan, kan insluit) op minstens 2 jaar graadpeil insluit of 'n goedgekeurde graad.

(b) Primêre Onderwyserskursus

Baccalaureus Primariae Educationis - B.Prim.Ed.: Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

(c) Ander onderwyserskursusse

Diploma in Spesialiseringsonderwys in Remediërende Onderwys - D.S.R.O.: Een jaar na een van die volgende:

'n Goedgekeurde drie- of vierjarige onderwysdiploma

'n goedgekeurde graad en 'n goedgekeurde onderwysdiploma

'n goedgekeurde geïntegreerde onderwysgraad.

Na-basiese Diplomas in Verpleegkunde sluit in onder andere Na-basiese Diploma in Verplegingsonderwys: Kyk VERPLEEGKUNDE.

Tersiêre Onderwysdiploma in Fisioterapie: Kyk FISIOTERAPIE.

BLOEMFONTEIN ONDERWYSERSKOLLEGE

Die volgende kursusse word aangebied:

'n Driejarige Onderwysdiploma vir die junior primêre skool

'n driejarige Onderwysdiploma vir die senior primêre skool

'n vierjarige Hoër Onderwysdiploma vir die senior primêre skool

Spesialiseringsdiplomas.

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat met slaagsyfers in 'n amptelike Eerste Taal HG en in 'n amptelike Tweede Taal HG, en in nog een vak, uitgesonderd die amptelike tale, op die Hoër Graad.

Die volgende eenjarige diplomas word ook aangebied:

Hoër Onderwysdiploma vir die pre-primêre skool: Een jaar na 'n goedgekeurde driejarige onderwysdiploma vir die primêre skool.

Hoër Onderwysdiploma vir die senior primêre skool: Een jaar na 'n goedgekeurde driejarige diploma vir die senior primêre skool.

Diploma in Spesialiseringsonderwys vir verstandelik gestremde leerlinge: Een jaar na 'n goedgekeurde drie- of vierjarige onderwysdiploma.

Diploma in Spesialiseringsonderwys in Remediërende Onderwys: Een jaar na

'n goedgekeurde drie- of vierjarige onderwysdiploma; of

'n goedgekeurde graad en 'n goedgekeurde onderwysdiploma;

of

'n goedgekeurde saamgestelde/geïntegreerde onderwysgraad.

Die Durbanse Onderwyskollege bied die vierjarige Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr) aan onder beheer van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Om toelating tot die Onderwyskollege te verkry, moet alle aansoeke aan die Rektor, Durbanse Onderwyskollege, Privaatsak, Congella 4013, gerig word.

UNIVERSITEIT VAN PORT ELIZABETH

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Artium (Educationis) - B.A.(Ed.)

Baccalaureus Commercii (Educationis) - B.Com.(Ed.)

Die leergange van bogenoemde grade is elk 'n vierjarige saamgestelde akademiese en professionele leergang wat voldoen aan al die vereistes vir die betrokke graad asook aan die vereistes vir die opleiding van onderwysers vir sekondêre skole.

Die toelatingsvereistes vir bogenoemde grade is dieselfde soos vir die betrokke graad. Vir B.A. kyk LETTERE EN WYSBEGEERTE en vir B.Com. kyk HANDEL.

Baccalaureus Musicae (Musiekonderwys) - B.Mus. (Musiekonderwys): Vier jaar voltydse studie. Kyk MUSIEK.

Diploma in Musiekonderwys: Drie jaar voltydse studie na 'n Senior Sertifikaat. Kyk B.Mus. vir addisionele toelatingsvereistes.

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) - H.O.D.(Nagraads): Een jaar na 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad van 'n erkende universiteit wat die minimum aantal goedgekeurde skoolvakke insluit.

Hoër Onderwysdiploma - H.O.D.: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) of 'n Senior Sertifikaat met slaagsyfers in albei amptelike tale op die Hoër Graad; en 'n slaagsyfer in nog 'n vak, uitgesonderd die amptelike tale, op die Hoër Graad. Hierdie Diploma kan met een van die volgende endossemente verwerf word: Geesteswetenskappe; Natuurwetenskappe (in die rigting Fisiese en Wiskundige Wetenskappe of in die rigting Biologiese Wetenskappe); Ekonomiese Wetenskappe; Liggaamlike Opvoeding; Houtwerk en Metaalwerk; Skoolmusiek; Tikskrif, Snelskrif en Shorthand.

Hoër Onderwysdiploma (Tegnies) - H.O.D. (Tegnies): Een jaar voltydse studie na een van die volgende:

- 'n Goedgekeurde graad; of
- 'n Senior Sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie* en 'n kwalifikasie wat geëvalueer word as Standerd 10 + 3 wat twee skoolvakke op minstens tweedejaarsgraadpeil insluit. (Tegniese vakke wat met die kandidaat se spesialistepos in verband staan, kan ingesluit word.)

*'n Vier-vak NTS III plus die twee amptelike tale waarvan minstens een op die Hoër Graad geslaag is en waarvan Engelse Taal (uitgesonderd Engelse Letterkunde) een moet wees; Abitur, ensovoorts sal byvoorbeeld as gelykwaardig beskou word.

(b) Primêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Primae Educationis - B.Prim.Ed.: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Daar is twee leergange, naamlik Junior Primêr en Senior Primêr.

Hoër Onderwysdiploma - H.O.D.: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) of 'n Senior Sertifikaat met slaagsyfers in albei amptelike tale op die Hoër Graad; slaagsyfers in twee van die volgende vakke, waarvan minstens een op die Hoër Graad moet wees: Aardrykskunde, Biologie of Fisiologie, Bybelkunde, Ekonomie, Funksionele Natuur- en Skeikunde, Funksionele Wiskunde, Geskiedenis, Handelswiskunde of Wiskunde, Huishoudkunde, Kuns, Landbouwetenskap of Landbou, Letterkunde, Metaalwerk en/of Houtwerk, Musiek, Naaldwerk, Natuur- en Skeikunde, Rekeningkunde, Tegniese Tekene, Xhosa; en slaagsyfers in nog twee vakke in die eindeksamen.

Daar is twee leergange, naamlik Junior Primêr en Senior Primêr.

Indien 'n kandidaat aan die einde van die derde jaar nie met die voorgeskrewe kursusse in die vierde jaar wil voortgaan nie, kwalifiseer hy nogtans vir die driejarige Onderwysdiploma (O.D.)

(c) Ander onderwyserskursusse

Diploma in Spesialiseringsonderwys (Verstandelik Gestremde Leerlinge) - D.S.O. (V.G.L.): Twee jaar deeltydse studie of een jaar voltydse studie. 'n Kandidaat moet oor minstens een jaar onderwyservaring beskik en in besit wees van een van die volgende:

'n Goedgekeurde drie- of vierjarige onderwysdiploma

'n goedgekeurde graad en 'n goedgekeurde onderwysdiploma

'n goedgekeurde saamgestelde/geïntegreerde onderwysgraad.

Diploma in Spesialiseringsonderwys (Remediërende Onderwys) D.S.O.(R.O.): Twee jaar deeltydse of een jaar voltydse studie. 'n Kandidaat moet oor minstens drie jaar onderwyservaring, verkieslik in 'n primêre skool, beskik en in besit wees van een van die volgende:

'n Goedgekeurde drie- of vierjarige onderwysdiploma

'n goedgekeurde graad en 'n goedgekeurde onderwysdiploma

'n goedgekeurde saamgestelde onderwysgraad

enige drie- of vierjarige onderwyskwalifikasie wat die senaat vir die doel erken.

Baccalaureus Curationis (Institutionis et Administrationis) - B.Cur.(I. et A.) en Diploma in Verplegingsonderwys en Gemeenskapsgesondheidsverpleging - Dip. V.O.: Kyk VERPLEEGKUNDE.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Artium (Educationis) - B.A.(Ed.)

Baccalaureus Artium (Educationis) Kuns - B.A.(Ed.) Kuns

Baccalaureus Bibliothecologiae (Educationis) - B.Bibl.(Ed.)

Baccalaureus Commercii (Educationis) - B.Comm.(Ed.)

Baccalaureus Scientiae (Educationis) - B.Sc.(Ed.)

Die leergange vir bogenoemde grade is elk 'n vierjarige saamgestelde akademiese en professionele leergang wat aan die vereistes vir die betrokke graad voldoen, sowel as aan die vereistes gestel deur die Komitee van Onderwyshoofde vir die opleiding van onderwysers vir sekondêre skole.

Die toelatingsvereistes is dieselfde soos vir die betrokke gewone graad.

Baccalaureus Scientiae (Huishoudkunde) (Educationis) B.Sc.(Huish.)(Ed.): Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde op die Hoër Graad, of as alternatief 'n slaagsyfer in 'n natuurwetenskaplike vak, verkieslik Natuur- en Skeikunde, en in Wiskunde op die Standaardgraad. Voornemende studente word sterk aanbeveel om Natuur- en Skeikunde vir die st. 10-eksamen af te lê. Kyk ook HUISHOUDKUNDE.

Hoër Onderwysdiploma (nagraads) - H.O.D. (nagraads): Een jaar na 'n goedgekeurde graad van 'n erkende universiteit wat die minimum aantal voorgeskrewe skoolvakke insluit.

Hoër Onderwysdiploma (nagraads) (Voorligting) - H.O.D. (nagraads) (Voorl.): Een jaar na 'n goedgekeurde graad met Psigologie as driejarige hoofvak.

Hoër Onderwysdiploma (nagraads) (Skoolmediasentrumkunde) - H.O.D. (nagraads) (Skoolmediasentrumk.): Een jaar na 'n goedgekeurde graad met ten minste 44 kredietpunte in Biblioteek- en Inligtingkunde wat as deel van die graadstudie verwerf is.

Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr) - H.O.D.(Sek.): Vier jaar na 'n Senior Sertifikaat met slaagsyfers in albei amptelike tale waarvan minstens die eerste taal op die Hoër Graad moet wees; en 'n slaagsyfer in een verdere vak, uitgesonderd die amptelike taal, op die Hoër Graad. Hierdie diploma word met die volgende spesialiteitsrigtings aangebied: Geesteswetenskappe, Natuurwetenskappe, Ekonomiese Wetenskappe, Huishoudkunde, Bedryfskennis, Skoolmediasentrumkunde. Vir sommige van die rigtings bestaan daar ook addisionele toelatingsvereistes, hoofsaaklik wat geslaagde skoolvakke betref.

Hierdie kursus word ook op die Vaaldriehoekkampus aangebied.

Potchefstroomse Universiteitsonderwyslisensiaat in Musiek - P.U.O.L.M.: Drie jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat.

'n Student moet die Hoof van die Musiekdepartement in 'n praktiese en teoretiese toets bevredig dat sy standaard hoog genoeg is om met vrug die kursus te volg. Hy moet Musiek as vak vir st. 10 geslaag het of die gevorderde standaard van die Universiteit van Suid-Afrika in die gekose praktiese vak behaal het.

(b) Primêre onderwyserskursus

Baccalaureus Primariae Educationis - B.Prim. Ed.: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Addisionele toelatingsvereistes is dieselfde soos vir die B.A.- of B.Sc.-graad na gelang van die vakkeuse.

Hierdie graad is 'n geïntegreerde onderwysgerigte graad wat op onderwys in die primêre skool toegespits is.

(c) Ander onderwyserskursusse

Diploma in Verpleegonderwys (gegradueerd) - D.V.O.(gegradueerd): Een jaar na 'n graad in Verpleegkunde.

Diploma in Verpleegonderwys - D.V.O.: Kyk VERPLEEGKUNDE.

Hoër Onderwysdiploma (nagraads) (Ortodidaktiek) - H.O.D. (nagraads) (Ortod.): Een jaar na 'n goedgekeurde graad van 'n erkende universiteit wat die minimum aantal voorgeskrewe skoolvakke insluit.

(d) Tersiêre onderwyserskursus

Diploma in Tersiêre Onderwys - D.T.O.: 18 Maande na-uurse studie na 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad. 'n Student moet voltyds verbonde wees aan 'n erkende tersiêre onderwysinrigting of oor ten minste een akademiese jaar doseerervaring aan so 'n inrigting beskik.

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) - B.A.(Ed.)

Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte (Educationis) (Kuns) - B.A.(Ed.)(Kuns)

Baccalaureus in Handel (Educationis) - B.Com.(Ed.)

Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde (Educationis) - B.Sc.(Ed.)

Die leergange vir bogenoemde drie grade is elk 'n vierjarige samegestelde akademiese en professionele graadleergang wat voldoen aan al die vereistes vir die betrokke graad asook aan die vereistes vir die opleiding van onderwysers vir sekondêre skole. Die toelatingsvereistes is vir al drie bogenoemde grade dieselfde soos vir die betrokke gewone graad.

Baccalaureus in Huishoudkunde (Educationis) - B.Huish.(Ed.): Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met minstens 40 % in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG of minstens 50 % SG in dié vakke.

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads): Een jaar voltydse studie na 'n Baccalaureusgraad wat òf die minimum aantal kursusse in goedgekeurde skoolvakke insluit òf vir onderwysdoeleindes erken word afgesien van die vaksamestelling.

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) (na-uurs): 'n Na-uurse nagraadse kursus wat oor drie semesters strek. Slegs 'n kandidaat wat in 'n vaste betrekking staan en aan die toelatingsvereistes vir die eenjarige voltydse nagraadse kursus vir sekondêre onderwys voldoen, word tot die na-uurse kursus toegelaat.

Hoër Onderwysdiploma: Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat met Afrikaans en Engels as geslaagde vakke: Met dien verstande dat minstens een van die amptelike tale op die Hoër Graad geslaag is en met dien verstande verder dat minstens nog een vak, uitgesonder die amptelike tale, op die Hoër Graad geslaag is. Hierdie Diploma word met die volgende endossemente aangebied: Algemeen, Handelsvakke, Handelsvakke Sekretarieël, Huishoudkunde, Liggaamlike Opvoedkunde, Musiek. Met die uitsondering van twee gevalle bestaan daar vir elke endossement (spesialiteitsrigting) ook addisionele toelatingsvereistes, hoofsaaklik wat geslaagde vakke vir die seniorsertifikaateksamen betref.

Diploma in Musiek (Individuele Onderwys): Kyk MUSIEK.

(b) Primêre onderwyserskursusse

Baccalaureus in Primêre Opvoedkunde (Junior Primêr) - B.Prim.Ed. (Junior Primêr) en

Baccalaureus in Primêre Opvoedkunde (Senior Primêr) - B.Prim.Ed. (Senior Primêr)

Die leergange vir bogenoemde twee grade is elk 'n vierjarige samegestelde akademiese en professionele graadleergang wat voldoen aan al die vereistes vir die B.A.-graad asook aan die vereistes vir die opleiding van onderwysers vir primêre skole. Die toelatingsvereistes is dieselfde soos vir die gewone B.A.-graad.

(c) Pre-primêre onderwyserskursus

Baccalaureus in Primêre Opvoedkunde (Pre-primêr) - B.Prim.Ed.(Pre-primêr): Die leergang is 'n vierjarige samegestelde akademiese en professionele graadleergang wat voldoen aan die vereistes vir die B.A.-graad, asook aan die vereistes vir die opleiding van pre-primêre onderwysers. Die toelatingsvereistes is dieselfde soos vir die gewone B.A.-graad.

(d) Ander onderwyserskursusse

Diploma in Ortopedagogiek: Een verlengde akademiese jaar na

- 'n Baccalaureusgraad met Sielkunde of Sosiologie of Maatskaplike Werk of Arbeidsterapie as hoofvak; of

- die B.Log.-graad van die Universiteit; of

- 'n erkende diploma in Arbeidsterapie; of

- ander kwalifikasies wat deur die Fakulteitsraad as voldoende vir toelating beskou word.

Let wel: Hierdie diploma word nie vir onderwysdoeleindes erken nie.

Diploma in Verpleegonderwys en die

Baccalaureus in Verpleegkunde (Onderrig en Administrasie) - B.Cur.(I. et A.): Kyk VERPLEEGKUNDE.

(e) Tersiêre onderwyserskursus

Tersiêre Onderwysdiploma (Na-uurs): Twee semesters deeltydse studie na 'n Baccalaureusgraad, of 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) asook 'n ander kwalifikasie wat saam met die gepaste ondervinding na die oordeel van die Senaat toelating tot die kursus regverdig.

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte (Educationis) - B.A.(Ed.)

Baccalaureus in die Biblioteek- en Inligtingkunde (Educationis) - B.Bibl.(Ed.)

Baccalaureus in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Educationis) - B.Com. (Ed.)

Baccalaureus Scientiae (Educationis) - B.Sc.(Ed.)

Die leergange vir bogenoemde vier grade is elk 'n vierjarige samegestelde akademiese en professionele graadleergang wat voldoen aan al die vereistes vir die betrokke graad sowel as aan die vereistes gestel deur die Komitee van Onderwyshoofde vir die opleiding van onderwysers vir sekondêre skole.

Die toelatingsvereistes is dieselfde soos vir die betrokke gewone graad.

Nagraadse Hoër Onderwysdiploma - N.H.O.D.: Twee semesters voltydse studie na 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad wat die minimum aantal vakke vir onderwysdoeleindes, soos bepaal deur die Komitee van Onderwyshoofde, insluit.

Nagraadse Hoër Onderwysdiploma (Tegnies) - N.H.O.D. (Tegnies): Soos vir die N.H.O.D., met dien verstande dat ten minste een vakdidaktiek in 'n tegniese rigting moet wees.

Vierjarige Hoër Onderwysdiploma - H.O.D.: Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat met Afrikaans en Engels as geslaagde vakke. Benewens die eerste taal op die Hoër Graad moet 'n kandidaat in minstens een verdere vak, uitgesonderd die amptelike tale, op die Hoër Graad slaag. Hierdie Diploma kan in die volgende rigtigs verwerf word: Tale en Geesteswetenskappe; Handelsrigting (akademiese vakke); Handelsrigting (vaardigheidsvakke); Biblioteekkunde.

Vir elke rigting bestaan daar ook addisionele toelatingsvereistes, hoofsaaklik wat slaagsyfers in bepaalde vakke vir die matrikulasie- of seniorsertifikaateksamens betref.

Eenjarige Hoër Onderwysdiploma (Tegnies) - H.O.D. - Tegnies: Een jaar voltydse studie na 'n Senior Sertifikaat of 'n kwalifikasie wat daaraan gelykgestel is (bv. 'n viervak NTS III plus die twee amptelike tale waarvan minstens een op die Hoër Graad geslaag is) en 'n driejarige diploma wat minstens twee skoolvakke (tegniese vakke) op 'n tweedejaarspeil insluit, byvoorbeeld motorwerktuigkunde, elektrisiteit, radiowerktuigkunde, houtbewerking, loodgieterswerk, en sweis- en metaalwerk.

(b) Primêre en Pre-Primêre onderwyserskursusse

B.Prim.Ed.(Senior Primêr): Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). 'n Goeie prestasie in Afrikaans en Engels; en Wiskunde as 'n skoolvak is 'n sterk aanbeveling.

B.Prim.Ed.(Pre- en Junior Primêr): Soos vir bogenoemde graad.

Die leergange van hierdie twee grade is elk 'n vierjarige samegestelde akademiese en professionele graadleergang. Die kursusse word aangebied in samewerking met die Onderwyskollege Goudstad.

(c) Ander onderwyserskursusse

Baccalaureus in Verpleegkundige Onderrig en Administrasie - B.Cur.(Ed. et Adm.) en die

Diploma in Verpleegkundige Onderrig - D.V.O.: Kyk VERPLEEGKUNDE.

RHODES-UNIVERSITEIT

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads): Een jaar na 'n goedgekeurde graad met sekere bepaalde kursusse in die leergang van dié graad ingesluit.

Hoër Onderwysdiploma - H.O.D.: Vier jaar na 'n Senior Sertifikaat met 'n slaagsyfer in die eerste amptelike taal op die Hoër Graad; slaagsyfers in minstens vier goedgekeurde vakke; waarvan een, uitgesonderd die tweede amptelike taal, op die Hoër Graad moet wees; en minstens 'n E-simbool in elk van die eersgenoemde vakke. Die leergang van die Diploma sal kragtens sekere bepalings gereël word met inagneming van die kursusse wat gevolg moet word.

Rhodes-universiteit Lisensiaatdiploma in Musiek - R.U.L.M.: Kyk MUSIEK.

(b) Primêre onderwyserskursusse

Onderwysdiploma: Drie jaar na 'n Senior Sertifikaat met 'n slaagsyfer in die amptelike tale op die Hoër Graad. Daar is twee leergange, naamlik vir Senior Primêre onderwys en Junior Primêre onderwys.

Hoër Onderwysdiploma (Senior Primêr en Junior Primêr): Een jaar voltydse studie na 'n Onderwysdiploma. Daar is drie leergange, naamlik Akademiese Spesialisering, Liggaamlike Opvoeding-spesialisering, en Musiekspesialisering.

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) (Vir senior primêre onderwysers/esse): Een jaar na 'n Baccalaureus- of hoër graad wat sekere voorgeskrewe skoolvakke insluit.

Baccalaureus in Primêre Onderwys - B.Prim.Ed.: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

(c) Ander kursusse

Die Universiteit bied die volgende kursusse vir studente aan wat nie aan die toelatingsvereistes van die Hoër Onderwysdiplomas en Onderwysdiplomas voldoen nie omdat hulle net in een van die amptelike tale op die seniorsertifikaatvlak geslaag het. Hierdie kursusse word dus nie as goedgekeurde onderwyskwalifikasies in die Republiek van Suid-Afrika erken nie:

Universiteitsonderwysdiploma (Nagraads) (Sekondêr): Die leergang is dieselfde as vir die Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) (Sekondêr).

Universiteitsonderwysdiploma (Sekondêr): Die leergang is dieselfde as vir die Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr).

Universiteitsonderwysdiploma (nagraads) (Senior Primêr): Die leergang is dieselfde as vir die Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) (Senior Primêr) behalwe dat Afrikaans deur 'n ander kursus of Engels II vervang kan word.

Hoër Primêre Onderwysersertifikaat: Die leergang is dieselfde as vir die Onderwysdiploma (Senior Primêr) behalwe dat Afrikaans deur 'n eerstejaarsvak vervang kan word wat toepaslik vir primêre onderwys is.

Laer Primêre Onderwysersertifikaat: Die leergang is dieselfde as vir die Onderwysdiploma (Junior Primêr) behalwe dat Afrikaans deur 'n eerstejaarsvak vervang kan word wat toepaslik vir primêre onderwys is.

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus in die Biblioteekkunde (Educationis) - B.Bibl.(Ed.): Vier jaar voltydse studie. Kyk BIBLIOTEEKKUNDE.

Baccalaureus in die Huishoudkunde (Educationis) - B.Huishoudkunde(Ed.): Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met slaagsyfers in Wiskunde SG of in Natuur- en Skeikunde SG.

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in die Huishoudkunde (Educationis) - B.Sc. in Huishoudkunde (Ed.): Vier jaar voltydse studie. Addisionele toelatingsvereistes is soos vir die B.Sc.-graad. Kyk ook HUISHOUDKUNDE.

Baccalaureus in Landbou-onderwys - B.Agric.(Ed.): Kyk LANDBOU.

Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte in Beeldende Kunste (Educationis (Sekondêr)) - B.A. in Beeldende Kunste (Ed. (Sekondêr)): Vier jaar voltydse studie. Kyk ook BEELDENDE KUNSTE.

Baccalaureus in die Musiek (Educationis) - B.Mus.(Ed.): Kyk MUSIEK.

Lisensiaat in Musiekonderwys - L.M.O.: Drie jaar na 'n Senior Sertifikaat met 'n gemiddelde van 50 %; en 'n slaagsyfer van minstens 50 % in Musiek HG of 60 % in Musiek SG; of

- die Graad VII-eksamen (Universiteit van Suid-Afrika) in die praktiese hoofonderwerp afgelê het, en in Harmonie 'n standaard gelykstaande aan graad VI (Universiteit van Suid-Afrika) bereik het, of

- 'n slaagsyfer in 'n toelatingseksamen, gelykstaande aan die eksamens hierbo vermeld, afgelê in die praktiese hoofonderwerp en in Harmonie.

Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr) (Nagraads) - H.O.D.: Een jaar na 'n B.-graad van 'n erkende universiteit wat die minimum aantal voorgeskrewe skoolvakke insluit.

Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr) (Handel)(K.T.): Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat met slaagsyfers in albei amptelike tale op die Hoër Graad; 'n slaagsyfer in een verdere vak, uitgesonderd die amptelike tale, op die Hoër Graad, en 'n groottotaal van minstens 900 punte in die eindeksamen.

Die kursus word in medewerking met die Kaapse Technikon aangebied. Die eerste drie jaar word aan die Technikon in Kaapstad gevolg, terwyl die vierde jaar in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit gevolg word.

Besonderhede oor die leerplanne van die eerste drie studiejare is verkrygbaar van die Hoof, Departement Onderwysersopleiding, Kaapse Technikon, Posbus 652, Kaapstad 8000.

Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr) (Houtwerk - Metaalwerk) - H.O.D.(Sek.) (Hout-en Metaalwerk): Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat met 'n slaagsyfer in 'n natuurwetenskap of Wiskunde op minstens die Standaardgraad; slaagsyfers in albei amptelike tale op die Hoër Graad; 'n slaagsyfer in een verdere vak, uitgesonderd die amptelike tale, op die Hoër Graad; en 'n groottotaal van minstens 900 punte in die eindeksamen.

Die kursus word in medewerking met die Onderwyserskollege Paarl aangebied. Al vier die studiejare word aan die Kollege gevolg.

Besonderhede oor die kursus is verkrygbaar van die Rektor, Die Onderwyserskollege, Hoofstraat, Paarl 7646.

Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr) (Landbou) - H.O.D.(Sek.) (Landbou): Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat met 'n slaagsyfer in 'n wetenskap op minstens die Standaardgraad; slaagsyfers in albei die amptelike tale op die Hoër Graad; 'n slaagsyfer in 'n verdere vak, uitgesonderd die amptelike tale, op die Hoër Graad; en 'n groottotaal van minstens 900 punte in die eindeksamen.

Die kursus word in medewerking met die Onderwyserskollege Oudtshoorn aangebied. Al vier die studiejare word aan die Kollege gevolg.

Besonderhede oor die kursus is verkrygbaar van die Rektor, Die Onderwyserskollege, Privaatsak X649, Oudtshoorn 6620.

Verdere Diploma in Onderwys (Handel): Een jaar voltyds of twee jaar deeltydse studie na die driejarige Nasionale Handelsonderwysdiploma of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Die kursus word in samewerking met die Kaapse Technikon aangebied.

(b) Primêre onderwyserskursusse

Baccalaureus in Primêre Onderwys - B.Prim.Ed.: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde SG en by die eindeksamen van st. 9 en by die Junie-eksamen van st. 10 'n bevredigende standaard in albei die amptelike landstale.

Studente wat die spesialiseringsrigtings Liggaamlike Opvoedkunde, Skoolmusiek en Skoolkuns volg, word vrygestel van die Wiskunde vereiste.

Die volgende spesialiseringsrigtings word aangebied:

A: Afrikaans en Engels of een van die amptelike tale en Wiskunde.

B: Liggaamlike Opvoedkunde (kyk ook LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE).

C: Skoolmusiek

D: Opvoedkundige Sielkunde

E: Skoolkuns.

'n Kandidaat wat tot die B.Prim.Ed.-graadkursus met spesialisering in Skoolmusiek toegelaat wil word moet

- met minstens 50 % in Musiek (HG of SG) geslaag het; of

- die Graad VI-eksamen (UNISA) in klavier geslaag het; of

- 'n toelatingseksamen gelykstaande aan bogenoemde, geslaag het.

Hoër Onderwysdiploma (Primêr) (Spraak en Drama) - H.O.D.(Prim.) (Spraak en Drama): Een jaar na 'n goedgekeurde driejarige Primêre Onderwysdiploma. Persone wat reeds Spraak en Drama as intensiewe spesialiseringsrigting vir die Primêre Onderwysdiploma gevolg het, word nie toegelaat nie.

Hoër Onderwysdiploma (Primêr) (Skoolmusiek) - H.O.D.(Prim.) (Skoolmusiek): Een jaar na

- 'n goedgekeurde driejarige Primêre Onderwysdiploma; of

- 'n B.Mus.(Ed.)-graad; of

- 'n B.-graad en 'n erkende onderwysdiploma.

Persone wat reeds Skoolmusiek as intensiewe spesialiseringsrigting gevolg het, word nie toegelaat nie.

Studente moet 'n toelatingseksamen in òf Klavier òf Sang òf Blokfluit aflê waarin die Standaard van Graad VII van UNISA vereis word. Kandidate wat in die twee jaar onmiddellik voor toelating die graad VII- of 'n hoër eksamen in die betrokke musiekstudie van UNISA of van 'n ander vergelykbare instansie geslaag het, word van hierdie toelatingseksamen vrygestel.

Studente moet ook in 'n stemtoets slaag.

Spesialiseringsdiploma in Skoolbiblioteekwese: Een jaar na

- 'n goedgekeurde drie- of vierjarige onderwysdiploma; of

- 'n goedgekeurde graad gevolg deur 'n goedgekeurde onderwysdiploma; of

- 'n goedgekeurde saamgestelde onderwysgraad.

Studente wat reeds in Skoolbiblioteekwese gespesialiseer het, word nie toegelaat nie.

(c) Ander onderwyserskursusse

Diploma in Spesialiseringsonderwys in Verstandelik-gestremdheid - D.S.V.G.: Een jaar na

- die Hoër Primêre Onderwysersdiploma (H.P.O.D.) van hierdie Universiteit of 'n ander driejarige onderwysdiploma of -sertifikaat wat daarmee gelyk gestel kan word; of

- 'n graad en die Hoër Onderwysdiploma (H.O.D.) van hierdie Universiteit of daarmee gelykstaande kwalifikasies.

Diploma in Spesialiseringsonderwys in Buitengewone Onderwys (Gehoorgestremdheid) - D.S.B.O. (Gehoorgestremdheid)

Diploma in Spesialiseringsonderwys in Buitengewone Onderwys (Outisme) - D.S.B.O. (Outisme)

Diploma in Spesialiseringsonderwys in Remediërende Onderwys - D.S.R.O.

Vir toelating tot een van die drie bogenoemde diplomakursusse wat elk oor een jaar voltydse studie strek, moet 'n kandidaat in besit wees van òf 'n goedgekeurde driejarige onderwysdiploma; òf 'n onderwysgraad (bv. B.Prim.Ed.); òf 'n goedgekeurde graad en 'n eenjarige onderwysdiploma (bv. B.A. plus H.O.D.). Voorkeur sal gegee word aan applikante met onderwyservaring.

Diploma in Arbeidsterapie-onderwys: Kyk ARBEIDSTERAPIE.

Diploma in Verplegingsonderwys: Kyk VERPLEEGKUNDE.

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) - H.O.D. (Nagraads): Minstens twee jaar na 'n Matrikulasie- of gelykwaardige sertifikaat met slaagsyfers in albei amptelike tale, minstens een waarvan as Eerste Taal Hoër Graad; en 'n verdere vak op die Hoër Graad (die amptelike tale uitgesonderd) en 'n goedgekeurde graad wat die vereiste aantal kursusse in die goedgekeurde skoolvakke insluit.

Behalwe met spesiale goedkeuring van die Senaat, is die voltooiing van die Diploma onderworpe aan die indiening van oorspronklike bewys van minstens tien weke bevredigende ervaring as onderwyser in 'n sekondêre skool.

Verdere Diploma in Onderwys - V.D.O.

Let wel: Hierdie Diploma kan slegs deur onderwysers wat in diens van en gekeur is deur die Transvaalse Onderwysdepartement geneem word.

Die kursus duur minstens twee jaar na 'n goedgekeurde onderwyskwalifikasie.

Hoër Onderwysdiploma (Tegnies) - H.O.D.(Tegnies): 'n Student moet

- in besit wees van 'n Senior Sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie;
- die twee amptelike tale op st. 10-vlak afgelê het en in minstens een op die Hoër Graad geslaag het. ('n Immigrant sal tydens sy opleiding vir die diploma aan die taalvereistes moet voldoen.)
- in besit wees van 'n kwalifikasie(s) wat deur die Komitee van Onderwyshoofde as M+3 (Kategorie C) geëvalueer is en wat twee erkende skoolvakke insluit.

Behalwe met spesiale goedkeuring van die Senaat, is die voltooiing van die Diploma onderworpe aan die indiening van oorspronklike bewys van minstens tien weke bevredigende ervaring as onderwyser in 'n sekondêre skool.

Die leergang duur minstens twee jaar.

Hoër Onderwysdiploma (Sekondêr) - H.O.D. (Sekondêr): Minstens vier jaar na 'n Senior Sertifikaat met slaagsyfers in Afrikaans en in Engels, en mistens 40 % in minstens een daarvan as Eerste Taal HG, en minstens 40 % in nog 'n vak op die Hoër Graad (Afrikaans en Engels uitgesluit).

Registrasie vir die H.O.D. (Sekondêr) word beperk tot studente wat aan die Akademie vir Tersiêre Onderwys (ATO) in Windhoek geregistreer is.

(b) Primêre onderwyserskursusse

Baccalaureus in Primêre Onderwys - B.Prim.Ed.: Minstens vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Registrasie vir hierdie graad word beperk tot studente wat aan die Pretoria College of Education (PCE) of die Akademie vir Tersiêre Onderwys (ATO) geregistreer is.

Onderwysdiploma (Primêr) - O.D. (Primêr): Minstens drie jaar na 'n Senior Sertifikaat met slaagsyfers in Afrikaans en Engels en minstens 40 % in een daarvan as Eerste Taal HG, en minstens 40 % in nog 'n vak (Afrikaans en Engels uitgesluit) op die Hoër Graad.

Registrasie is beperk tot studente wat aan die Akademie vir Tersiêre Onderwys (ATO) in Windhoek, Helderberg Kollege in Somerset-Wes, of die Rabbi J.L. Zlotnik-Avida Hebrew Teachers' Training College in Johannesburg geregistreer is.

Hoër Onderwysdiploma (Primêr) - H.O.D. (Primêr): Minstens een jaar na 'n erkende driejarige primêre onderwysdiploma waarvoor minstens 'n Senior Sertifikaat 'n voorvereiste vir toelating tot studie was.

(c) Sekondêre en/of primêre onderwyserskursusse

Diploma in Spesialiseringsonderwys (Skoolbiblioteekkunde): Minstens een akademiese jaar na

- 'n goedgekeurde drie- of vierjarige onderwysdiploma; of
- 'n goedgekeurde graad en 'n goedgekeurde onderwysdiploma; of
- 'n goedgekeurde saamgestelde onderwysgraad, maar nie B.Bibl.(Ed.) nie.

(d) Pre-primêre onderwyserskursusse

Hoër Onderwysdiploma (Pre-Primêr) - H.O.D. (Pre-Primêr) en

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads Pre-Primêr) - H.O.D. (Nagraadse Pre-Primêr): Minstens twee jaar na

- 'n erkende onderwysdiploma wat na 'n driejarige onderwysersopleidingskursus uitgereik is; of

- 'n graad wat die vereiste aantal kursusse in die goedgekeurde skoolvakke insluit, asook minstens een kursus in elk van die amptelike tale en minstens een kursus in Opvoedkunde of minstens een kursus in elk van twee van die volgende vakke: Sosiologie, Sielkunde, Logopedika, Maatskaplike Werk.

Diploma in Kleuteropvoeding - D.K.O.

(Let wel: Hierdie Diploma voldoen nie aan die kriteria vir die waardebepaling van Suid-Afrikaanse kwalifikasies vir indiensneming in die Provinsiale Onderwysdepartemente nie.)

Die leergang duur minstens twee jaar na

- 'n erkende tweejarige onderwysdiploma waarvoor 'n Senior Sertifikaat 'n toelatingsvereiste was; of

- 'n graad met drie kursusse in een en minstens een kursus in 'n ander van die volgende vakke: Sielkunde, Sosiologie, Maatskaplike Werk, Opvoedkunde, Filosofie; of

- 'n graad, of 'n diploma waarvoor 'n Senior Sertifikaat 'n toelatingsvereiste was, in verpleging, spraakterapie, fisioterapie, arbeidsterapie, radiografie of maatskaplike werk; of 'n ander aanvaarbare kwalifikasie.

(e) Tersiêre onderwyserskursus

Diploma in Tersiêre Onderwys - D.T.O.: Minstens een jaar na 'n Baccalaureusgraad. Die Diploma sal egter nie uitgereik word alvorens die kandidaat minstens twee jaar toepaslike ervaring voltooi het in 'n inrigting wat opleiding op tersiêre vlak verskaf nie.

Let wel: Die D.T.O. is nie 'n algemene onderwysdiploma nie. Dit behels gevorderde studie in tersiêre onderwys en kan toelating tot M.Ed.-studie in Andragogiek verleen.

(f) Ander onderwyserskursusse

Diploma in Spesialiseringsonderwys - D.S.O.

A. Buitengewone Onderwys

Buitengewone onderwys vir gehoorgestremdes, of gesiggestremdes of neuraalgestremdes of verstandelik erggestremdes.

Let wel: 'n Student moet een van hierdie rigtings kies.

Die leergang duur minstens twee jaar na

- 'n goedgekeurde onderwysdiploma wat na 'n driejarige onderwysersopleidingskursus uitgereik is; of

- 'n goedgekeurde graad en 'n goedgekeurde onderwysdiploma; of

- 'n goedgekeurde vierjarige onderwysdiploma; of

- 'n goedgekeurde saamgestelde onderwysgraad.

B. Remediërende Onderwys

Die leergang duur minstens twee jaar na

- 'n goedgekeurde onderwysdiploma wat na 'n driejarige onderwysersopleidingskursus uitgereik is; of

- 'n goedgekeurde graad en 'n goedgekeurde onderwysdiploma; of

- 'n goedgekeurde vierjarige onderwysdiploma; of

- 'n goedgekeurde saamgestelde onderwysgraad,

en

- mintens drie jaar onderwyservaring.

Sertifikaat in Buitengewone Onderwys - S.B.O.

(Let wel: Voornemende kandidate moet eers by die verskillende onderwysdepartemente navraag doen oor moontlike erkenning vir die S.B.O.)

Buitengewone onderwys vir gehoorgestremdes, of gesiggestremdes of neuraalgestremdes.

Die leergang duur minstens twee jaar na 'n erkende onderwysersdiploma wat na 'n tweejarige onderwysersopleidingskursus uitgereik is, waarvoor 'n Senior Sertifikaat 'n toelatingsvereiste was.

Hoër Onderwysdiploma (Tegnies) (Endossement Radiografie, Arbeidsterapie, Fisioterapie, ens.) - H.O.D. (Tegnies)(AGD): Minstens twee studiejare. 'n Student moet 'n lid van 'n aanvullende gesondheidsdienspersoneel wees, oor 'n toepaslike graad of diploma beskik en by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad geregistreer wees.

Diploma in Ortopedagogiek vir Terapeute - D.O.T.: Minstens twee jaar na 'n toepaslike graad of 'n toepaslike driejarige diploma in fisioterapie, of arbeidsterapie, of spraakterapie en/of oudiologie op grond waarvan die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad sy registrasie as fisioterapeut, of arbeidsterapeut, of spraakterapeut by die Raad goedgekeur het.

Baccalaureus Artium in Verpleegkunde - B.A.(Cur.): Kyk VERPLEEGKUNDE.

VISTA-UNIVERSITEIT

Sekondêre onderwyserskursusse

Sekondêre Onderwyssertifikaat: Minstens twee jaar en nie meer as vier studiejare nie. 'n Kandidaat moet in besit wees van die volgende:

- 'n Tweejarige onderwyssertifikaat; en

- minstens 'n Senior Sertifikaat met slaagsyfers in die Eerste Taal op die Hoër Graad asook in Afrikaans en in Engels as tweede tale, een waarvan op die Hoër Graad geslaag moet wees.

Kandidate wat die twee vakke waarin hulle wil spesialiseer, op seniorsertifikaatvlak geslaag het, sal voorkeur geniet.

Sekondêre Onderwysdiploma (Huishoudkunde): Minstens drie jaar en hoogstens vyf jaar studie na die volgende:

- Minstens 'n Senior Sertifikaat; en

- die Homecraft Teachers' Certificate; of 'n Junior Sekondêre Onderwysersertifikaat.

Applikante moet verkieslik onderwys gee vir standerds 9 en 10.

Let wel: Bogenoemde twee kursusse word deur middel van korrespondensie-onderrig deur Vista-universiteit se Kampus vir Verdere Opleiding aangebied.

Die volgende diplomakursus word op 'n voltydse basis deur die verskillende kampusse van Vista-universiteit aangebied.

Sekondêre Onderwysdiploma - S.O.D.: Minstens drie jaar en nie meer as vyf studiejare na 'n Senior Sertifikaat of 'n gelykwaardige kwalifikasie nie.

UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Economicae (Educationis) - B.Econ.(Ed.): Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met 'n slaagsyfer in Wiskunde HG of SG.

Baccalaureus Scientiae (Educationis) - B.Sc.(Ed.): Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met slaagsyfers van minstens 40 % in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG of in Biologie HG, of minstens 50 % SG in die voorgemelde vakke.

Baccalaureus Artium in Menslike Ekologie (Opvoedkundige rigting) - B.A.(M.E.): Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met slaagsyfers van minstens 40 % HG of 50 % SG in een van die volgende vakke: Biologie, Natuur- en Skeikunde of Wiskunde.

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) - H.O.D. (Nagraads): Een jaar na 'n erkende graad met sekere spesifieke kursusse in skoolvakke.

Sekondêre Onderwysersdiploma (Nie-gegradueerd) - S.O.D.(N/G): 'n Student wat twee volle studiejare van 'n Baccalaureusgraad op so 'n wyse voltooi het dat deur een verdere studiejaar aan alle vereistes vir 'n graad voldoen kan word, kan tot die finale jaar van professionele opleiding vir die S.O.D.(N/G) toegelaat word.

Enige besitter van die S.O.D.(N/G) kan dit tot 'n volle H.O.D. (Nagraads) laat verander onmiddellik na voltooiing van die akademiese vereistes vir die B.-graad.

Hoër Onderwysdiploma (Nie-graads) - H.O.D. (Nie-graads): Vier jaar voltydse studie na 'n Senior Sertifikaat met minstens 40 % in een van die amptelike tale as Eerste Taal HG of 50 % in die Eerste Taal SG; minstens 33 1/3 % in die ander amptelike taal as Tweede Taal HG; en 'n slaagsyfer in nog een vak (amptelike tale uitgesluit) op die Hoër Graad.

Die Diploma word in die volgende rigtings aangebied: B.Sc.-vakke; B.A.-vakke; Menslike Ekologie-vakke; Liggaamlike Opvoedkunde.

'n Student wat Wiskunde IA in sy/haar leergang wil insluit, moet minstens 40 % in Wiskunde HG of 50 % in Wiskunde SG behaal het. Minstens 40 % in Wiskunde SG word vir die ander wetenskapkursusse vereis.

'n Student wat die rigting met Menslike Ekologie-vakke wil volg, moet minstens 40 % in Biologie SG behaal het en in Huishoudkunde of Kleding en Naaldwerk vir die Senior Sertifikaat.

'n Student wat die rigting Liggamlike Opvoedkunde wil volg, moet 'n mediese sertifikaat voorlê en moet nie ouer as 30 jaar wees nie.

(b) Sekondêre en of primêre onderwyserskursusse

Diploma in Skoolbiblioteekkunde: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie. Die volgende kan toegelaat word:

- Gekwalifiseerde onderwysers/esse wat in besit is van 'n skooleindsertifikaat en oor minstens twee jaar voorgraadse of een jaar nagraadse onderwysersopleiding beskik

- Kandidate wat 'n enkele kursus nodig het ter voltooiing van die S.O.D. of die L.S.O.D.

Persone wat reeds omvattende biblioteekkundige opleiding ontvang het, sal nie toegelaat word nie.

Diploma in Musiekonderwys - D.M.O.: Drie jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) en 'n Graad VI-sertifikaat (prakties en teoreties) van die Universiteit van Suid-Afrika of enige gelykstaande kwalifikasie.

(c) Ander onderwyserskursusse

Spesialiseringsdiploma: Verstandelike Gestremdheid - S.D.V.G.: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie na 'n tweejarige onderwyskwalifikasie wat ná die Senior Sertifikaat verwerf is; en verkieslik onderwyservaring. 'n Student moet deur die betrokke onderwysowerheid as 'n geskikte kandidaat aanbeveel word.

Spesialiseringsdiploma: Kinder- en Jeugleiding - S.D.K.J.: Een jaar voltydse studie na een van die volgende:

- 'n Goedgekeurde drie- of vierjarige onderwysdiploma wat ná die Senior Sertifikaat verwerf is; of

- 'n goedgekeurde graad en 'n goedgekeurde onderwysdiploma; of

- 'n goedgekeurde geïntegreerde onderwysgraad; of

- enige graad of diploma en ondervinding soos deur die Senaat bepaal.

Let wel: Studentegetalle word beperk en studente word gekeur.

Spesialiseringsdiploma: Remediërende Onderwys - S.D.R.O.: Soos vir die S.D.K.J.

Diploma in Verplegingsonderwys en Gemeenskapsverpleegkunde - D.V.O. en G.V.: Kyk VERPLEEGKUNDE.

UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Artium in Opvoedkunde - B.A.(Opvoedkunde)

Baccalaureus Scientiae in Opvoedkunde - B.Sc.(Opvoedkunde)

Die leergange vir bogenoemde grade is elk 'n vierjarige samegestelde akademiese en professionele graadleergang wat voldoen aan al die vereistes vir die betrokke graad sowel as aan die vereistes gestel deur die Komitee van Onderwyshoofde vir die opleiding van onderwysers.

Die toelatingsvereistes is dieselfde soos vir die betrokke gewone graad.

Baccalaureus Artium in Beeldende Kunste (Opvoedkunde) - B.A.(Beeldende Kunste) (Opvoedkunde): Vier jaar voltydse studie. Kyk BEELDENDE KUNSTE.

Baccalaureus in Musiek (Opvoedkunde) - B.Mus.(Opvoedkunde): Kyk MUSIEK.

Hoër Onderwysdiploma (Nagraads): Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie na 'n goedgekeurde graad wat 'n geskikte samestelling van skoolvakke insluit.

Universiteitsonderwysdiploma - U.O.D.(Nagraads): 'n Persoon wat nie in Afrikaans op die matrikulasiestandaard geslaag het nie, soos gestel deur die toelatingsvereistes vir die H.O.D. (Nagraads), maar wat aan al die ander vereistes voldoen, kan as 'n kandidaat vir die U.O.D. (Nagraads) toegelaat word. Die reëls wat op die H.O.D. (Nagraads) van toepassing is, geld ook vir die U.O.D. (Nagraads).

Hoër Onderwysdiploma: Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling): Met dien verstande dat die Senaat, tot verdere kennisgewing, toelating kan verleen aan 'n persoon wat nie so gekwalifiseerd is nie, maar wat in besit is van 'n goedgekeurde Senior Sertifikaat.

Elke leergang behels

(i) Vier kursusse in een van die volgende praktiese vakke, een kursus gedurende elke jaar van die leergang: Huishoudkunde; Bedryfskennis; Liggaamlike Opvoeding; Tikskrif; Praktiese Musiekstudie; Praktiese Musiekstudie (Opvoedkunde); òf

(ii) vier kursusse in elk van die volgende akademiese vakke: Rekeningkunde (Opvoedkunde), Bedryfsekonomie (Opvoedkunde); òf

(iii) sekere voorgeskrewe kursusse in die volgende vakke: Biologie, Chemie, Fisika, Wiskunde.

Kandidate wat vier kursusse in Praktiese Musiekstudie kies, moet in Praktiese Instrument Graad V en Teorie Graad V van UNISA of die Royal Schools of Music geslaag het.

Kandidate wat Leergang (iii) kies, moet beide Wiskunde en Natuur- en Skeikunde met minstens 'n D-simbool op òf die Standaard- òf die Hoër Graad slaag.

<u>Universiteitsonderwysdiploma - U.O.D.:</u> 'n Persoon wat nie in Afrikaans op die matrikulasiestandaard geslaag het nie, maar wat aan al die ander toelatingsvereistes vir die H.O.D. voldoen, kan as 'n kandidaat vir die U.O.D. toegelaat word. Die reëls wat op die H.O.D. van toepassing is, geld ook vir die U.O.D.

'n Persoon wat òf die U.O.D. (Nagraads) òf die U.O.D. verwerf het en wat daarna in Afrikaans op die matrikulasiestandaard slaag, sal geregtig wees op die toekenning van òf die H.O.D. (Nagraads) òf die H.O.D. onderskeidelik.

(b) <u>Primêre onderwyserskursus</u>

<u>Baccalaureus in Primêre Onderwys - B.Prim.Ed.:</u> Vier jaar voltydse studie na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) met 'n slaagsyfer op die Hoër Graad in drie van die volgende vakke: Aardrykskunde, Afrikaans Eerste Taal, Bantoetaal, Biologie, Bybelkunde, Duits, Engels Eerste Taal, Frans, Geskiedenis, Hebreeus, Kuns, Latyn, Musiek, Natuur- en Skeikunde, Wiskunde.

(c) <u>Sekondêre en/of primêre onderwyserskursusse</u>

<u>Lisensiaat in Musiek - L.M.:</u> Kyk MUSIEK.

(d) <u>Ander onderwyserskursusse</u>

<u>Diploma in Remediërende Onderwys:</u> Twee jaar deeltydse studie na 'n graad en minstens drie jaar onderwyservaring.

<u>Diploma in Spesialiseringsonderwys:</u> Twee jaar deeltydse studie na

- 'n graad en 'n erkende onderwysersdiploma en minstens twee jaar onderwyservaring; of

- 'n erkende onderwysersdiploma en 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) en minstens drie jaar onderwyservaring.

<u>Diploma in Verplegingsonderwys:</u> Kyk VERPLEEGKUNDE.

<u>Diploma in Fisioterapie-onderwys:</u> Kyk FISIOTERAPIE.

<u>Hoër Diploma vir Opvoeders van Volwassenes:</u> Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie na 'n Baccalaureusgraad, <u>of</u> 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) plus 'n professionele kwalifikasie <u>en</u> minstens drie jaar verwante ervaring in die opvoeding van volwassenes.

UNIVERSITEIT VAN ZULULAND

(a) Sekondêre onderwyserskursusse

Baccalaureus Paedanomiae - B.Paed.: Vier jaar na 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). 'n Student moet voldoen aan die vereistes van een van die volgende rigtings: Lettere en Wysbegeerte, Handel, Natuurwetenskappe of Huishoudkunde.

Senior Sekondêre Onderwysersdiploma - S.S.O.D.: Nadat 'n student al die vereistes van die eerste, tweede en derde jaar in enigeen van die rigtings van die B.Paed.-graad nagekom het, sal hy die S.S.O.D. verwerf.

Sekondêre Onderwysersdiploma - S.O.D.: Een jaar nadat 'n student die vereistes van enigeen van die rigtings vir die eerste jaar B.Paed. nagekom het.

Universiteitsonderwysdiploma - U.O.D.: Een jaar na 'n Baccalaureusgraad wat al die voorgeskrewe kursusse in skoolvakke insluit.

Universiteitsonderwysdiploma (Nie-gegradueerd) - U.O.D. (Nie-gegradueerd): Een jaar. 'n Student wat twee jaar studie vir 'n B.-graad op so 'n wyse voltooi het dat al die vereistes vir die graad na een jaar verdere studie nagekom kan word, word toegelaat.

Enige houer van die U.O.D. (Nie-gegradueerd) kan dit laat omskep in 'n volwaardige U.O.D. nadat die betrokke B.-graadkursus voltooi is.

(b) Ander onderwyserskursusse

Baccalaureus in Verpleegkunde Onderwys en Administrasie - B.Cur.(E.et A.) en die

Diploma in Verplegingsonderwys: Kyk VERPLEEGKUNDE.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus Educationis: B.ed. (UDW, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UNISA, UWK, UZ)

Baccalaureus in Opvoedkunde: B.Ed. (UFH, UK, UN, UP, RU, US, UW)

Baccalaureus in die Opvoedkunde: B.Ed. (RAU)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad, 'n onderwysdiploma en minstens twee jaar onderwyservaring. Sommige universiteite vereis meer onderwyservaring, ander weer gladnie.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

Baccalaureus Educationis (Skoolvoorligting) (UDW)
Baccalaureus Educationis in Tersiêre Onderwys: B.Ed. (Tersiêre Onderwys) (UPE)

Honoris Baccalaureus Paedagogiae (Huishoudkunde) (UDW)

Magister Educationis: M.Ed. (UDW, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UNISA, UWK, UZ)

Magister in Opvoedkunde: M.Ed. (UFH, UK, UN, UP, RU, US, UW)
Magister in die Opvoedkunde: M.Ed. (RAU)
Magister Philosophiae: M.Phil. (UK, RAU)

Philosophiae Doctor: Ph.D. (UK, UN, RU, US, UW)
Doktor in die Letterkunde: D.Litt. (UN, RU)
Doctor Philosophiae: D.Phil. (RAU)
Doctor Educationis: D.Ed. (UDW, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UNISA, UWK, UZ)
Doktor in Opvoedkunde: D.Ed. (UFH, UK, UP, US, UW)
Doktor in die Opvoedkunde: D.Ed. (RAU)

BEROEPSDIENS: Onderwysers begin gewoonlik as assistente. Dié wat bekwaam en pligsgetrou is, wat oor inisiatief, organisasievermoë en leierskaphoedanighede beskik, kan mettertyd vorder na betrekkings soos dié van departementshoof adjunk-hoof en hoof. Uit die geledere van die onderwyserskorps word ook ander professionele poste gevul wat in die onderskeie onderwysdepartemente bestaan, soos dié van vakinspekteurs, inspekteurs, beplanners, navorsers, personeel verbonde aan die sielkundige en voorligtingsdienste en so meer.

Die konsensieuse en suksesvolle onderwyser bly altyd 'n student wat homself verdiep in sy werk, op die hoogte bly met veranderings en vernuwings, veral op sy eie vakgebied, en steeds probeer om die kind te laat deel in sy eie rykdom van kennis en lewenswysheid. Daarom word verdere studie besonder sterk beklemtoon. Nie alleen is verdieping van vakkennis wenslik nie, maar ook die verwerwing van gevorderde opvoedkundige kwalifikasies soos die B.Ed.-graad en verdere grade en diplomas.

Ook die onderwys en die opvoeding staan in hierdie eeu van wetenskaplike en tegnologiese ontploffing in die teken van vernuwing, groei en verandering wat betref leerinhoud, metodes, prosedures en benadering. Die uitdagings vir knap en dinamiese jongmense binne die professie is opwindend en talryk.

Raadpleeg ook <u>Tersiêre Opleiding</u> vir die opleiding van onderwysers(esse) buite die universiteite.

## <u>ONTWIKKELINGSTUDIES/BANTOEÏSTIEK</u>

<u>Universiteite:</u> UFH, PU vir CHO, RAU, UNISA, UWK, UZ

Ontwikkelingstudies is 'n hoofvak vir die B.A.-graad by UFH, RAU en UZ en een van die keuserigtings vir die B.Com.-graad van RAU.

### EERSTE GRAAD

<u>Honneurs-Baccalaureus Artium in Ontwikkelingstudies: Hons.-B.A. (Ontwikkelingstudies)</u> (UWK)

<u>Toelatingsvereistes:</u> 'n Baccalaureusgraad.

<u>Duur:</u> Een jaar voltydse studie.

### DIPLOMAS

<u>Universiteitsdiploma in Bantoeïstiek: U.D. Bant.</u> (PU vir CHO)

Toelatingsvereiste: 'n Goedgekeurde Baccalaureusgraad.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

Diploma in Ontwikkelingskunde (UNISA)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Minstens twee jaar.

BEROEPSDIENS: Die studie behels 'n interdissiplinêre studie van die Swart bevolkingsgroep van Suidelike Afrika. Dit beoog om die student tot die lewenswêreld en -omstandighede van die Swart bevolkingsgroep in te lei.

Die diploma is van besondere waarde vir sendelinge, amptenare van staatsdepartemente, landboubeamptes, joernaliste, ens. Kyk ook Beroepsdiens van LETTERE EN WYSBEGEERTE: Ontwikkelingsadministrasie.

OPERASIONELE NAVORSING

Universiteite: UK, UNOORDE, PU vir CHO, RU, US, UNISA, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus Scientiae met Operasionele Navorsing: B.Sc. (PU vir CHO).

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse studie of vier jaar na-uurse studie. Die kursus word slegs by die Vaaldriehoekkampus aangebied.

Baccalaureus Scientiae met Operasionele Navorsing as 'n hoofvak: B.Sc. (UNISA)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Sc.-graad.

Duur: Minstens drie jaar. Die graad moet binne tien jaar na die student se eerste registrasie vir die graad behaal word.

Baccalaureus Scientiae (Honneurs): B.Sc.(Hons.) (UK)

Baccalaureus Commercii cum Honoribus: B.Com.Hons. (UNOORDE)

Baccalaureus Scientiae met Honneurs (Operasionele Navorsing): B.Sc.(Hons.) (RU, UW)

Hons.-B.Sc. met Operasionele Analise as hoofstudierigting (US)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad met minstens een van die volgende vakke as hoofvak: Wiskunde, Rekenaarwetenskap, Toegepaste Wiskunde, Wiskundige Statistiek, Statistiek. US sal ook 'n kandidaat met 'n Baccalaureusgraad in Ingenieurswese toelaat.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

M.Sc. (Operasionele Analise) (US). Kyk ook SUIWER WETENSKAPPE.

RU bied ook die B.Com.Hons.-graad aan in Operasionele Navorsing.

BEROEPSDIENS: Operasionele Navorsing is die wetenskap wat daarna streef om probleme op te los deur eerstens 'n model vir die probleem te formuleer wat so goed moontlik op die werklike situasie pas, tweedens die model te ontleed en optimale vlakke van beslissingsveranderlikes te identifiseer en derdens hierdie oplossings te probeer toepas op die oorspronklike probleem. Die modelle wat hier ter sprake is, is gewoonlik wiskundige modelle en/of statistiese modelle en/of rekenaarmodelle.

'n Operasionele Navorser is onder andere

- verantwoordelik vir beplanningsfunksies vir ondersteuning van die bestuur in die bedryf, veral ten opsigte van finansiële beplanning en koste-analise;
- in die rekenaarbedryf, veral in verband met bestuursinligtingstelsels;
- in die fabriekswese in samewerking met bedryfsingenieurs, veral om produksie op sy beste te laat verloop;
- in onderrig aan universiteite;
- in die verdedigingsmag veral met betrekking tot besluitneming;
- in navorsingsinrigtings veral met betrekking tot basiese navorsing of nuwe metodes in die vak self.

Kyk ook Beroepsdiens van SUIWER NATUURWETENSKAPPE: <u>Statistiek.</u>

<u>OPTOMETRIE</u>

<u>Universiteite:</u> UDW, UNOORDE, RAU

EERSTE GRADE

<u>Baccalaureus in Optometrie: B.Optom.</u> (UDW)

<u>Baccalaureus Optometriae: B.Optom.</u> (UNOORDE, RAU)

<u>Addisionele toelatingsvereistes:</u>

UDW: Slaagsyfers in Wiskunde HG en Biologie HG of Natuur- en Skeikunde HG, of minstens 50 % SG in genoemde vakke.

UNOORDE, RAU: Soos vir die B.Sc.-graad. Kyk SUIWER WETENSKAPPE.

<u>Duur:</u> Vier jaar voltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Magister in Optometrie: M.Optom. (UDW)
Magister Optometriae: M.Optom. (UNOORDE)

Doktor in Optometrie: D.Optom. (UDW)

BEROEPSDIENS: Optometrie (Oog- of gesigkunde) behels wetenskappe soos oogkunde, chemie, fisika, anatomie, fisiologie en sielkunde. Die optometris gebruik vandag gespesialiseerde tegnieke en instrumente om gesigsdefekte op te spoor en, indien nodig, skryf hy brille of kontaklense asook moontlike korrektiewe oogoefeninge voor. Hy is die hele gesin behulpsaam met die behoud en die versorging van gesonde oë en dit is een van die professies waarsonder 'n gemeenskap nie kan klaarkom nie. Hierby is dit een van die lonendste professies, veral wanneer werkure en -omstandighede ook in aanmerking geneem word. Dit is beslis 'n uitdagende beroep wat ook ruim geleentheid vir navorsing aan die belangstellende bied.

'n Oogkundige kan 'n eie praktyk begin of in vennootskap met 'n gevestigde oogkundige tree. Sy werk mag alle aspekte van optometrie insluit of hy kan besluit om slegs in 'n bepaalde rigting te spesialiseer. In dié geval tree hy gewoonlik toe tot 'n groepspraktyk waaraan 'n paar oogkundiges verbonde is. Andere vind weer meer bevrediging daarin om in die een of ander kliniek of hospitaal, soos 'n militêre hospitaal, werksaam te wees.

Die oogkundige wat hier beskryf is, is nie dieselfde as die oogarts of oogspesialis nie. Laasgenoemde is 'n medikus wat na sy gewone mediese opleiding 'n paar jaar gespesialiseerde universiteitsopleiding kry om as oogdoktor en oogchirurg te kan praktiseer.

<u>PARKE- EN ONTSPANNINGSADMINISTRASIE</u>

<u>Universiteit:</u> US

EERSTE GRAAD

<u>B. in Parke- en Ontspanningsadministrasie</u>

<u>Addisionele toelatingsvereistes:</u> Slaagsyfers in Wiskunde SG en 'n natuurwetenskapvak SG. Voornemende studente word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde en Biologie vir die st. 10-eksamen aan te bied.

<u>Duur</u>: Vier jaar voltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Honneurs-B. in Parke- en Ontspanningsadministrasie

Magister in Parke- en Ontspanningsadministrasie

BEROEPSDIENS: Aangesien daar in die jongste aantal jare 'n toenemende belangstelling in die daarstelling van ontspanningsfasiliteite te bespeur is, het die opleiding van professionele deskundiges op dié gebied 'n dringende noodsaaklikheid geword. Die hoofvakke in die kursus gee 'n aanduiding van die beroepsdiens:

- Openbare Administrasie: Die direkteur van 'n departement van parke en ontspanning is verantwoordelik vir 'n groot personeel en die administrasie van fondse.

- Tuinbou behels alle aspekte van die kweek en verbouing van plante, asook onderrig in landskapsargitektuur.

- Ontspanningsbestuur en -beplanning handel oor die beplanning, ontwikkeling en bestuur van ontspanningsfasiliteite en -dienste sowel as die sosiale en ekonomiese aspekte van ontspanning.

Die plaaslike besture van groter dorpe en stede is die belangrikste werkgewers. Die studierigting bied 'n uitstekende toekoms aan die persone wat van die buiteluglewe hou en wat aangename werksomstandighede na aan die natuur verkies.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Natuurbewaring en die Nasionale Diploma in Parke- en Rekreasiebestuur.

PERSONEELBESTUUR/PERSONEELLEIDING

UK bied Personeelbestuur aan as een van die spesiale rigtings vir die B.Bus.Sc.-graad. Kyk BEDRYFSWETENSKAP. UDW, UN en UP bied Personeelbestuur aan as een van die keuserigtings vir die B.Com-graad. Kyk HANDEL.

Universiteite: UFH, UK, UOVS, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus Artium in Personeelbestuur: B.A. (Personeelbestuur) (UFH)

Baccalaureus in Personeelleiding: B.P.L. (UOVS)

Addisionele toelatingsvereistes:

UFH: Minstens 'n E-simbool in Wiskunde SG.

UOVS: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG. Studente word gekeur.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Van studente by UOVS word verwag om in elk van die tweede en derde jare minstens een maand vakansiewerk by 'n goedgekeurde onderneming te doen.

UFH bied Personeelbestuur aan as 'n keuserigting vir die B.Admin.-graad asook vir die Diploma in Publieke Administrasie. Kyk ADMINISTRASIE.

Magister in Personeelbestuur: M.P.M. (UW)

Toelatingsvereistes: 'n Graad plus die Hoër Diploma in Personeelbestuur of gelykwaardige nagraadse kwalifikasie of 'n Honneursgraad in 'n vak wat volgens die Senaat aan die vak Personeelbestuur verwant is.

Duur: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie en navorsing oor 'n goedgekeurde onderwerp plus 'n verhandeling.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus Artium in Personeelbestuur (Honneurs): B.A. (Personeelbestuur) (Hons.) (UFH)
Honneursbaccalaureus in Personeelleiding: B.P.L.Hons. (UOVS)

Magister Artium in Personeelbestuur: M.A. (Personeelbestuur) (UFH)
Magister in Personeelleiding: M.P.L. (UOVS)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UW)
Doktor in Personeelleiding: D.P.L. (UOVS)

NAGRAADSE DIPLOMAS

Nagraadse Diploma in Mannekragbestuur (UK)

Toelatingsvereistes: 'n Gegradueerde wie se leergang van sy Baccalaureusgraad voldoende voorbereiding vir die kursus is; of 'n persoon wat die Senaat deur middel van 'n voorgeskrewe toets oortuig het dat sy kwalifikasies van 'n gelykwaardige standaard is.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

Hoër Diploma in Personeelbestuur (UW)

Toelatingsvereistes: 'n Gegradueerde in enige fakulteit of 'n nie-gegradueerde wat oor 'n professionele kwalifikasie beskik, of in 'n uitsonderlike geval kan die Senaat 'n persoon tot die kursus op grond van sy ervaring, kwalifikasies en bekwaamhede toelaat.

Duur: Een akademiese jaar wat 32 weke voltydse studie opgedeel in twee termyne van ten minste 16 weke elk behels.

BEROEPSDIENS: Personeelbestuur is 'n toepassingsveld van die Sielkunde en het as studieterrein die menslike faktor in die funksionering van organisasies. Personeelbestuur betrek onder andere die Bedryfsielkunde, Personeelsielkunde en Organisasiesielkunde.

Alle organisasies, hetsy in die privaatsektor, diensleweringsektor of openbare sektor, wat groot genoeg is om oor 'n personeelafdeling te beskik, het persone met 'n kwalifikasie in Personeelbestuur nodig.

Kyk ook Beroepsdiens van HANDEL: Bedryfsielkunde.

POLISIEKUNDE

Universiteit: UNISA

EERSTE GRAAD

Baccalaureus Artium (Polisiekunde): B.A. (Pol.)

Toelatingsvereiste: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Duur: Drie jaar.

Hierdie graad is bedoel vir die S.A.P., Spoorwegpolisie, Verkeerspolisie en persone verbonde aan sekuriteits- en beveiligingsdienste.

BEROEPSDIENS: Die uniform-, speur- en veiligheidstakke waarin die SA Polisie georganiseer is, bied feitlik onbeperkte bevorderingsmoontlikhede aan ambisieuse mans en dames. Bevordering tot hoër range geskied hoofsaaklik na suksesvolle aflegging van interne eksamens, maar dit kan bespoedig word indien 'n persoon reeds in besit van 'n toepaslike graad of diploma is.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor opleiding in die polisiediens.

RADIOGRAFIE

Universiteite: MEDUNSA, UOVS, UP

EERSTE GRADE

Baccalaureus in Diagnostiese Radiografie: B.Rad.(Diagn.) (MEDUNSA)

Baccalaureus Radiografie (Diagnosties): B.Rad. (Diagnosties) (UOVS)

Baccalaureus in Radiografie (endossement Radiodiagnostiek): B.Rad. (UP)

Addisionele toelatingsvereistes:

MEDUNSA: 'n Slaagsyfer in Wiskunde en in Natuur- en Skeikunde en/of Biologie. Aansoekers moet minstens 18 jaar oud en liggaamlik geskik wees.

UOVS: 'n Minimum slaagsyfer in Wiskunde SG. Voornemende studente word aangeraai om Natuur- en Skeikunde (en moontlik ook Biologie) vir die st. 10-eksamen aan te bied.

UP: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in òf Natuur- en Skeikunde HG òf Biologie HG, of 50 % SG in genoemde vakke. Dit is verkieslik dat in beide hierdie vakke geslaag is. 'n Slaagsyfer in Wiskunde word ook vereis.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Honneursbaccalaureus in Radiografie: B.Rad.Hons. (UOVS)
Baccalaureus Honores in Radiografie: B.Rad.(Hons.) (UP)

Magister in Radiografie: M.Rad. (UOVS, UP)

DIPLOMAS

Diploma in Terapeutiese Radiografie (UOVS)

Toelatingsvereistes: Die Diploma in Diagnostiese Radiografie.

Duur: Drie semesters. Die kursus word in samewerking met die opleidingshospitale aangebied.

Diploma in Kerngeneeskunde (Rigting: Radiografiese Kerngeneeskunde) (UP)

Toelatingsvereistes: Die B.Rad.-graad; of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) en die driejarige Diploma in Radiografiese Diagnostiek.

Duur: Drie semesters voltydse studie.

Diploma in Radiobeskerming vir Susters (UP)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat en die status van 'n Suster in 'n algemene hospitaal.

Duur: Een jaar voltydse studie. Gedurende hierdie tyd moet elke kandidaat aan die departemente Radiodiagnostiek en Radioterapie van die H.F. Verwoerdhospitaal verbonde wees as suster-studentradiograaf.

Onderwysdiploma in Radiografie (UK)

Toelatingsvereistes: 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling); 'n kwalifikasie in die betrokke rigting van Radiografie wat registreerbaar is by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad; en minstens vier jaar goedgekeurde ondervinding in die betrokke rigting van Radiografie.

Duur: Een jaar voltydse studie.

BEROEPSDIENS: Radiografie omsluit twee vertakkinge, naamlik

- Diagnostiese Radiografie behels die aanwending van Röntgenfoto's (X-strale), ultraklank en radio-aktiewe isotope om beelde van 'n pasiënt se inwendige weefsel en organe op fotografiese film vas te lê sodat die radioloog inwendige siektetoestande kan diagnoseer.

- Terapeutiese Radiografie is hoofsaaklik gemoeid met die behandeling van gewasse en ander siektetoestande deur middel van bestraling wat die radioloog voorskryf.

(Die radioloog is 'n gekwalifiseerde geneesheer wat ook in radioterapie en/of radiografiese diagnostiek gespesialiseer het.)

Normaalweg word die beroep deur dames beoefen. Daar bestaan egter ook geleentheid vir gekwalifiseerde manlike persone om dit met sukses te beoefen. Wanopvattings oor X-strale, die gebruik daarvan en die gevare daaraan verbonde, het in die verlede baie belangstellendes aan hierdie beroep laat twyfel. Vandag word daar egter voldoende voorsorgmaatreëls getref om die radiografis teen moontlike bestraling te beskerm en die beroep is dus absoluut veilig.

Radiografiste word in diens geneem deur al die hospitale in die land en veral persone wat oor die dubbele kwalifikasie (in radiografiese diagnostiek sowel as radioterapie) beskik, behoort geen probleme te ondervind om 'n geskikte pos te bekom nie. Baie radiografiste word ook aangestel in die private praktyke van radioloë.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Radiografie.

REGSGELEERDHEID

Universiteite: Al die universiteite behalwe MEDUNSA en VISTA

EERSTE GRADE

Baccalaureus Procurationis: B.Proc. (Al die universiteite behalwe UK en US)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad. Meeste universiteite vereis 'n slaagsyfer in Latyn of 'n slaagsyfer in 'n spesiale kursus in Latyn aan die betrokke universiteit.

UNOORDE: 'n Slaagsyfer in albei amptelike tale.

UW: Slaagsyfers op die Hoër Graad in drie van die volgende vakke: Aardrykskunde, Afrikaans Eerste Taal, 'n Bantoetaal, Biologie, Duits, Engels Eerste Taal, Fisiologie, Frans, Geskiedenis, Hebreeus, Kuns, Latyn, Musiek, Natuur- en Skeikunde, Wiskunde.

Duur: Vier jaar voltydse studie of vier of vyf jaar deeltydse studie.

Hierdie graad voorsien opleiding aan studente wat as prokureurs wil kwalifiseer.

Geen student word toegelaat om Romeinse Reg I te volg nie tensy hy standerd 10-Latyn geslaag het of op grond van 'n ander eksamen van hierdie vereiste vrygestel is.

Baccalaureus Iuris: B.Iuris (UDW)
of B.Iur. (UNOORDE, UOVS, UP, UNISA)

Baccalaureus Juris: B.Juris (UFH, UPE)
of B.Jur. (PU vir CHO, UZ)

Baccalaureus Iurisprudentiae: B.Iuris (UWK)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Proc.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse studie of vier jaar deeltydse studie. Die kursus duur vier jaar voltydse studie aan UNOORDE.

Baccalaureus Artium in die Regsgeleerdheid: B.A. (Regsgeleerdheid) (UDW)

Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte (Regte): B.A.(Regte) (RAU)

Baccalaureus Artium in Regte: B.A. (Regte) (UWK)

Addisionele toelatingsvereistes:

UDW: 'n Groottotaal van minstens 45 % in die matrikulasie-eksamen en 'n slaagsyfer van minstens 40 % in Latyn HG. Persone wat nie Latyn geslaag het nie moet Spesiale Latyn aan die Universiteit slaag.

RAU: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % in Latyn HG of 'n slaagsyfer in 'n spesiale kursus aan die Universiteit.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Meeste van die ander universiteite bied ook Regsvakke in hul B.A.-leergange aan. US bied B.Comm. (met regsvakke) aan.

Baccalaureus Legum Civilium: B.L.C. (UP)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse of buitemuurse studie.

Baccalaureus Legum: LL.B. (UP)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling). Addisionele vereistes soos vir die B.A.-graad.

Leergang: Vyf jaar. Kan met 'n maksimum periode van drie jaar verkort word indien 'n kandidaat in besit is van 'n Baccalaureusgraad wat die voorgeskrewe LL.B-kursusse insluit.

Die leergang vir die eerste drie studiejare van die LL.B.-graad is dieselfde as vir die B.L.C.-graad.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus Legum: LL.B. (UDW, UFH, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, RAU, RU, UNISA, UWK, UW, UZ)

Legum Baccalaureus: LL.B. (US)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad of 'n B.Proc.- of B.Iur.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse studie of twee jaar voltydse studie na 'n B.Proc.- of B.Iuris-graad of 'n Baccalaureusgraad wat die vereiste Regsvakke in die leergang ingesluit het. Aan die Universiteit van die Noorde duur die kursus vier jaar en aan die Universiteit van Zululand vyf jaar. Aan UNISA duur die graadkursus minstens vier jaar; twee jaar na 'n B.Iuris- of B.Proc.-graad.

Magister Legum: LL.M. (UDW, UFH, UK, UN, UNOORDE, UPE, PU vir CHO, UP, RU, UNISA, UWK, UZ)
Magister in die Regsgeleerdheid: LL.M. (RAU, UW)
Legum Magister: LL.M. (US)
Magister Philosophiae: M.Phil. (RAU)

Doctor Legum: LL.D. (UDW, UFH, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RU, UNISA, UWK, UZ)
Doktor in die Regsgeleerdheid: LL.D. (RAU, UW)
Legum Doctor: LL.D. (US)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, RU, UW)
Doctor Philosophiae: D.Phil. (RAU)

DIPLOMAS

Diploma Juris (UFH, UPE)

Diploma Iuris (UN, UP, UNISA)

Diploma Iuris: Dipl. Iur. (UNOORDE, UOVS)

Diploma Juris: Dip. Jur. (PU vir CHO, UZ)

Diploma Iurisprudentiae: Dipl.Iuris (UWK)

Toelatingsvereistes: Minstens 'n Senior Sertifikaat. UP vereis 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Duur: Drie jaar voltyds of vier jaar deeltydse studie. Die Diploma kan deur lede van die Staatsdiens gevolg word en word deur die Kommissie vir Administrasie erken as gelyk aan die Staatsdienseksamen in die Regte.

Diploma Legum (UPE, UNISA)

Diploma Legum: Dip. Legum (PU vir CHO)

Toelatingsvereistes: 'n Diploma Iuris of 'n B.Juris-graad of 'n graad of diploma wat deur die Raad vir die Erkenning van Regseksamens as gelykwaardig gesertifiseer word.

Duur: Twee jaar.

Die Diploma word deur die Raad vir die Erkenning van Regseksamens erken as gelyk aan of hoër as die Senior Staatsdienseksamen in die Regte.

Diploma Legum: Dip. Leg. (UZ)

Toelatingsvereistes: 'n Sertifikaat in die Staatsdienseksamen in die Regte of enige gelykwaardige kwalifikasie.

Duur: Twee jaar.

Hierdie Diploma en die Diploma Juris word deur die Instituut vir Staatsdiens en Beroepsleiding van die Universiteit van Zululand aangebied.

Gegradueerde Diplomas in Belastingsreg en in Boedelbeplanning (UK)

Toelatingsvereistes: 'n B.Com.- of LL.B.-graad; of 'n advokaat of prokureur van die Hooggeregshof van Suid-Afrika; of 'n geoktrooieerde rekenmeester; of 'n persoon wie se kwalifikasies gelykstaande is aan enige van die voorgenoemde.

Duur: Twee jaar deeltydse studie. Die Gegradueerde Diploma in Belastingsreg word toegeken aan die suksesvolle kandidaat wie se leergang die vak Gevorderde Belastingsreg ingesluit het; en die Gegradueerde Diploma in Boedelbeplanning aan die suksesvolle kandidaat wie se leergang Boedelbeplanning ingesluit het.

Gevorderde Diploma in Belasting (UN)

Toelatingsvereistes: Die B.Proc.- of LL.B.-graad; of 'n prokureur wat tot die Hooggeregshof toegelaat is; of 'n geoktrooieerde rekenmeester; of 'n persoon wat oor toepaslike praktiese ervaring in die toepassing van belastingwetgewing beskik.

Duur: Twee jaar deeltydse studie.

Diploma in Seereg (UN)

Toelatingsvereistes: Die B.Proc.- of LL.B.-graad; of 'n Baccalaureusgraad en 'n professionele kwalifikasie en praktiese ervaring.

Duur: Een jaar.

Hoër Diploma in Belastingreg (UW)

Toelatingsvereistes: Die LL.B.-, B.Proc.-, B.Com.- of B.Acc.-graad; of 'n prokureur; of 'n rekenmeester en ouditeur; of enige ander goedgekeurde akademiese of professionele kwalifikasie.

Duur: Twee jaar deeltydse studie.

Hoër Diploma in Maatskappyereg (UW)

Toelatingsvereistes: Soos vir die Hoër Diploma in Belastingreg.

Duur: Een-en-'n-halfjaar deeltydse studie.

BEROEPSDIENS: Die regsprofessie in die RSA behels breedweg gesien die beroepe van advokate, prokureurs, regsadviseurs en verskeie rigtings in die Staatsdiens. Dit sal egter van nut vir 'n kandidaat wees om vas te stel welke aanwendingsmoontlikhede deur 'n bepaalde regskwalifikasie gebied word.

- Advokate vervul twee hooffunksies: die lei van kriminele en siviele sake in die Hooggeregshof en ander howe en die verskaffing van advies ten opsigte van wetlike probleme. Aangesien die publiek nie regstreeks met hulle kan onderhandel nie, verkry die advokate hul professionele werk deur bemiddeling van prokureurs. Uit die geledere van senior advokate word die regters gewoonlik aangestel. Advokate moet minstens oor 'n LL.B.-graad beskik. Vir die LL.B.-graad is ten minste een kursus in Afrikaans, Engels en Latyn 'n vereiste.

- Prokureurs onderhandel met lede van die publiek, verteenwoordig en tree op namens kliënte, verskyn in landdroshowe, maar nie in die Hooggeregshof nie. Alhoewel hulle met velerlei aangeleenthede te doen kan kry, bestaan daar die neiging by prokureurs om ook in die een of ander rigting te spesialiseer. Die meeste van hulle praktiseer op hul eie of in vennootskap met ander. Hulle kan ook, deur verdere eksamens af te lê, kwalifiseer as notarisse en akteververvaardigers. 'n Persoon hoef dus nie noodwendig 'n goeie openbare spreker te wees of daarvan te hou om in die hof op te tree om 'n suksesvolle prokureur te wees nie. Baie prokureurs wat aan die toppunt van die beroep staan, verskyn selde in die hof. 'n Voornemende prokureur moet benewens die regskwalifikasie (B.Proc. of LL.B.), ook 'n periode van 2 jaar as leerklerk by 'n praktiserende prokureur uitdien en daarna in 'n professionele praktiese eksamen slaag. Die genoemde twee grade is die enigste grade wat vir die toelating as prokureurs erken word. (Vir B.Proc. is st. 10-Latyn of 'n spesiale kursus in Latyn aan 'n universiteit 'n vereiste.)

Niemand kan gelyktydig as advokaat en prokureur praktiseer nie. Dit is egter moontlik vir 'n persoon wat oor die regte kwalifikasies beskik, om van die een na die ander rigting oor te skakel.

- Regsadviseurs: 'n Persoon wat nie as 'n advokaat of 'n prokureur wil praktiseer of in die hof wil verskyn nie, kan moontlik een van 'n groot aantal regsadviseursposte beklee. Afgesien van dié in die Staatsdiens, is regsadviseurs gewoonlik verbonde aan groot ondernemings. Al hierdie instansies sal egter op die beste moontlike kwalifikasies aandring en belangstellendes in die rigting moet aanvaar dat 'n LL.B.-graad 'n minimum vereiste sal wees. 'n Dubbele kwalifikasie waarvan een komponent 'n graad in die regte is, sal van besondere waarde wees.

- In die Staatsdiens: In Suid-Afrika is die prokureur-generaal die gesag wat ten behoewe van die Staat vervolg. Die Staatspresident stel 'n prokureur-generaal vir elk van die ses provinsiale afdelings en vir die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof aan. In die Hooggeregshof verskyn staatsadvokate en in die landdroshof staatsaanklaers om ten behoewe van die Staat vervolgings in strafregterlike verrigtinge waar te neem.

. Staatsaanklaer: Sy taak is om die Staat se saak teen die aangeklaagde te behartig en om die beweerde misdryf in al sy elemente bo redelike twyfel te bewys. Dit doen hy deur getuies te ondervra, bewysstukke aan die hof voor te lê, en deur getuies vir die verdediging te kruisvra. Dit word van aanklaers verwag om heelwat navorsingswerk te doen ten einde hulself vir 'n gegewe saak deeglik voor te berei.

Die minimum kwalifikasie vir aanstelling as staatsaanklaer is die Diploma Iuris. 'n Persoon kan direk na standerd 10 by 'n landdroskantoor in 'n klerklike hoedanigheid werk terwyl hy vir die Diploma Iuris of B.Iuris studeer, of so nie kan hy eers sy studies voltooi. Na voltooiing van die B.Iuris-graad kan hy ook vir die LL.B.-graad studeer wat 'n vereiste vir bevordering na sekere senior poste is.

. Staatsadvokaat: Hy is verbonde aan die Afdeling Prokureurs-generaal van die Departement van Justisie en tree namens die Staat in die Hooggeregshof in strafverhore op. Staatsadvokate se pligte en verantwoordelikhede is basies dieselfde as dié van staatsaanklaers in die landdros- en streekhowe (laerhowe). Die kamerwerk vir staatsadvokate sluit in die voorbereiding van strafhofsake, die verskaffing op versoek van regters van regsmenings oor sake wat van die landdroshowe aan die Hooggeregshof vir hersiening voorgelê word, die verskaffing van regsmenings oor strafregterlike aangeleenthede aan die Departement van Justisie, leidinggewing aan staatsaanklaers in die laerhowe en die neem van beslissings rakende die instellings van vervolgings. Dit vereis onder andere die bestudering van die reg, hofnotules en polisiedossiere.

Die vereistes vir aanstelling as Staatsadvokaat is 'n LL.B.-graad en toelating as advokaat van die Hooggeregshof van Suid-Afrika. Voordat 'n persoon as Staatsadvokaat aangestel word, moet hy opleiding ondergaan wat die bywoning van 'n aanklaerskursus by die Afdeling Regsopleiding van die Departement van Justisie insluit. Die staatsadvokaat wat verdienstelike werk lewer, kan vorder tot senior staatsadvokaat, adjunk-prokureur-generaal en prokureur-generaal.

. Staatsprokureur: Die Staatsprokureursafdeling van die Departement van Justisie funksioneer soos 'n gewone prokureursfirma behalwe dat sy kliënte uit staatsinstansies bestaan en nie private individue is nie. Die belangrikste funksie van die staatsprokureur is om die belange van die Staat te beskerm deur namens alle staatsdepartemente en administrasies in siviele sake en namens beamptes wat in hul amptelike hoedanigheid aangespreek word, op te tree.

Vir aanstelling as staatsprokureur moet 'n kandidaat oor minstens 'n B.Proc.-graad en toelating deur die Hooggeregshof om as prokureur te praktiseer, beskik. In die praktyk word egter voorkeur gegee aan kandidate wat oor 'n LL.B.-graad beskik. Kandidate se leerkontrak duur minstens twee jaar waarna 'n praktiese prokureurstoelatingeksamen afgelê word voordat hulle as volwaardige staatsprokureurs kan praktiseer. Die vorderingsrange is assistentstaatsprokureur, senior assistent-staatsprokureur, adjunk-staatsprokureur en staatsprokureur.

. <u>Staatsregsadviseur:</u> Regsadviseurs word aangestel uit die geledere van staatsadvokate wat aan die personeel van die prokureurs-generaal verbonde is, met pligte soos die opstel van wette vir die parlement, regsadvies aan alle staatsdepartemente, nasien van regulasies, ordonnansies, ens. Sommige is weer verbonde aan die verskillende provinsiale administrasies. Die houer van 'n Baccalaureusgraad plus 'n LL.B.-graad kom in aanmerking vir aanstelling en kan vorder tot hoofstaatsregsadviseur.

. <u>Landdros:</u> Die RSA is in meer as 300 landdrosdistrikte verdeel om die regsprekende gesag behoorlik uit te oefen. Elke distrik beskik oor 'n eie landdroskantoor en landdros met die nodige regs- en administratiewe personeel. 'n Landdros het twee hooffunksies om te vervul, naamlik sy regsprekende funksie wat in die hof verrig word, en dié van distriksadministrasie wat in 'n kantoor behartig word. Die minimum regskwalifikasie vir aanstelling as landdros is die Diploma Iuris. Hoër kwalifikasies is egter nodig vir vordering na senior range. Die grade B.A., LL.B.; B.Com., LL.B.; B.Iuris, LL.B. en die Diploma Legum is erkende hoër kwalifikasies wat behaal kan word.

Die Kommissie vir Administrasie stel jaarliks beurse beskikbaar vir sowel voltyds of deeltydse studie. Kandidate kan eerstens na skool 'n toepaslike kwalifikasie in die regte behaal en daarna tot die Staatsdiens toetree waar hulle dadelik as regsassistente aangestel word. Tweedens kan hulle direk na skool in 'n landdroskantoor aangestel word in welke geval hulle dan algemene klerklike werk doen terwyl hulle hul studie deeltyds voortsit. Vorderingsrange is landdros, senior landdros, hooflanddros, streekslanddros, streekhofpresident.

. <u>Meester van die Hooggeregshof:</u> Die taak van die Meestersafdeling van die Departement van Justisie, of te wel die Meester van die Hooggeregshof, is om te waak teen wanpraktyke wat ten doel het om legatarisse, erfgename en skuldeisers hul regmatige deel te ontneem. Die werk is hoogs gespesialiseerd, verantwoordelik en vertroulik van aard. Spesiale opleidingskursusse word deur die Departement vir beamptes aangebied. 'n Kandidaat begin sy loopbaan in die Meestersafdeling as boedelkontroleur. Die minimum vereiste is 'n Senior Sertifikaat. Regskwalifikasies is 'n vereiste vir bevordering. Die B.Iurisgraad of die Diploma Iuris is die minimum kwalifikasies vir bevordering tot die range van Assistent-meester, Adjunk-meester en Meester van die Hooggeregshof.

Meer besonderhede is verkrygbaar van die Departement van Justisie.

<u>REKENINGKUNDE</u> (Kyk ook HANDEL)

<u>Universiteite:</u> Al die universiteite behalwe UFH, MEDUNSA en VISTA

Let wel: Om te kwalifiseer as 'n geoktrooieerde rekenmeester moet 'n student die finale kwalifiserende eksamens van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad slaag en 'n dienstermyn as ingeskrewe klerk voltooi. Die voorgeskrewe dienstermyn is vyf jaar, maar gegradueerdes se dienstermyn word met twee jaar verkort.

'n Kandidaat kan een van die volgende graadkursusse of die kursus vir die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde volg.

EERSTE GRADE

Baccalaureus in Rekeningkunde: B.Rek. (UDW, UN: Pietermaritzburg)

Addisionele toelatingsvereistes:

UDW: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 'n D.-simbool (50 % - 59 %) in Wiskunde SG, behalwe in die geval van studente wat met 'n groottotaal van 60 % of hoër geslaag het.

UN: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG of 60 % in Wiskunde SG.

Duur:

UDW: Drie jaar voltydse studie of vier jaar deeltydse studie. Kyk Diploma in Rekeningkunde van UDW.

UN: Vier jaar voltydse studie of vyf jaar deeltydse studie. Kyk ook Diploma in Rekeningkunde van UN.

Baccalaureus Commercii en Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde: B.Com., S.T.R. (UK)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG. Kyk ook HANDEL.

Duur: Drie jaar voltydse studie vir die B.Com.-graad en een addisionele jaar se voltydse studie vir die S.T.R. Daarna moet 'n kandidaat 'n leertyd as ingeskrewe klerk by 'n rekenmeester uitdien. Die S.T.R. kan ook op 'n deeltydse basis voltooi word terwyl die kandidaat sy leertyd uitdien.

'n Kandidaat kan ook die B.Com.(Hons.)-graad in Rekeningkunde gelyktydig met die S.T.R.-leergang oor 'n tydperk van vier jaar voltydse studie volg en sy dienstermyn as ingeskrewe klerk daarna voltooi.

Baccalaureus Rationis: B.R. (UNOORDE)

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Baccalaureus Computationis: B.Compt. (UOVS)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Minimum slaagsyfer van 'n E-simbool in Wiskunde HG of 'n D-simbool in Wiskunde SG.

Duur: Drie jaar voltydse studie of vier jaar buitemuurse studie. Om te kwalifiseer as 'n geoktrooieerde rekenmeester moet 'n kandidaat die B.Compt. Hons.-graad verwerf. Kyk ook die S.T.R.

Baccalaureus Rekeningkunde: B.Rek. (PU vir CHO)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Om te kwalifiseer as 'n geoktrooieerde rekenmeester moet 'n kandidaat die Honns.B.Rek.-graad verwerf wat toelating tot die kwalifiserende eksamens van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad verleen.

Baccalaureus in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Rekeningkunde): B.Com. (Rek.) (RAU)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG of 50 % in Wiskunde SG.

Duur: Vier jaar deeltydse studie. Die leergang verleen toelating tot Hons. B.Com. (Rek.)-graadstudie vir studente wat van voorneme is om die kwalifiserende eksamens van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad af te lê.

Baccalaureus in Rekeningkunde: B.Rekeningkunde (US)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Student moet in die Matrikulasie- of gelykstaande eksamen gemiddeld minstens 'n D-simbool behaal het; en 'n slaagsyfer van minstens 40 % in Wiskunde SG.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Nadat die student die graad verwerf het, kan hy vir die Hons.B.Rekeningkunde-graad inskryf. Die graadkursus wat oor een jaar voltyds of twee jaar deeltydse studie strek, verleen toelating tot die kwalifiserende eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad.

Baccalaureus Computationis: B.Compt. (UNISA)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG.

Duur: Minstens drie jaar.

Honneurs-Baccalaureus Computationis: Hons.B.Compt. (UNISA)

Toelatingsvereistes: Die B.Compt.-graad of 'n ander goedgekeurde graad in die rekeningwetenskappe, of 'n ander graad met Rekeningkunde III, Ouditkunde II en Inkomstebelasting (insluitend Boedelbereddering).

Duur: Die leergang bestaan uit vyf vieruurvraestelle wat by een en dieselfde eksamen geslaag moet word indien die student aan die vereistes van die S.T.R. wil voldoen.

Baccalaureus Commercii (Rekeningkunde) en

Baccalaureus Commercii - S.T.R. (Gekombineerd): B.Com. (Rekeningkunde) en B.Com.-S.T.R. (Gekombineerd) (UWK)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of SG.

Duur: Ses jaar buitemuurse studie.

Baccalaureus in Rekeningkunde: B.Acc. (UW)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Com.-graad. Kyk HANDEL.

Duur: Minstens vyf jaar deeltydse studie.

Hierdie graad voldoen aan die vereistes van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad.

Let wel: Rekeningkunde word deur meeste van die universiteite as 'n keuserigting vir die B.Com.-graad aangebied. Kyk HANDEL.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus Commercii (Honneurs): B.Com.(Hons.) (UK)
Baccalaureus Commercii cum Honoribus: B.Com.Hons. (UNOORDE)
Honneursbaccalaureus Computationis: B.Compt.Hons. (UOVS)
Honneurs Baccalaureus Rekeningkunde: Honns.B.Rek. (PU vir CHO)
Honneurs-Baccalaureus in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: B.Com.Hons. (RAU)
Honneurs-Baccalaureus in Rekeningkunde: Hons.-B.Rekeningkunde (US)
Honneurs-Baccalaureus Computationis: Hons.-B.Compt. (UNISA)
Honneurs-Baccalaureus Commercii: Hons.-B.Com. (UWK)

Magister Commercii: M.Com. (UK, UWK)
Magister in Rekeningkunde: M.Rekeningkunde (UN, US)
Magister Computationis: M.Compt. (UOVS, UNISA)
Magister in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: M.Com. (RAU)

Doktor in die Ekonomiese Wetenskappe: D.Econ.Sc. (UK)
Philosophiae Doctor: Ph.D. (UK, UN, UW)
Doctor Computationis: D.Compt. (UOVS, UNISA)
Doktor in Rekeningkunde: D.Rekeningkunde (US)
Doktor in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: D.Com. (RAU)
Doctor Commercii: D.Com. (UWK)

SERTIFIKAAT EN DIPLOMAS

Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde: S.T.R.

Kaapstad

Toelatingsvereistes: Geen persoon behalwe 'n gegradueerde, kan as 'n kandidaat vir die Sertifikaat registreer nie tensy hy bewys kan lewer dat hy òf 'n leertyd uitgedien het òf tans uitdien òf op die punt staan om 'n leertyd wat by die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad geregistreer is, uit te dien.

'n Student moet Rekeningkunde B, Ouditkunde A, Finansiële Bestuur en Belasting en Boedelbelasting I of erkende gelykstaande kursusse in een eksamensessie (hereksamens ingesluit) in die jaar wat die finale jaar voorafgaan, voltooi.

Duur: Een jaar voltydse studie of deeltyds terwyl die kandidaat sy leertyd uitdien.

Oranje-Vrystaat

Na die geslaagde aflegging van die vereiste eksamens vir die B.Compt.Hons.-graad, kan studente aansoek doen om die toekenning van die S.T.R. ten einde hulle in staat te stel om vir die professionele eksamens te registreer.

Port Elizabeth

Toelatingsvereistes: Die graad B.Com.. (Rekeningkunde) of enige ander goedgekeurde Baccalaureusgraad, met dien verstande dat die Senaat dan 'n spesiale leergang kan voorskryf.

Duur: Ten minste twee jaar voltydse of deeltydse studie.

'n Kandidaat wat die B.Com.Hons.-graad in rekeningkundige vakke slaag, behaal die S.T.R. mits hy aan al die vereistes vir die verkryging van die Sertifikaat voldoen.

Pretoria

Die S.T.R. word slegs uitgereik aan reeds gegradueerde kandidate wat in die voorgeskrewe kursusse geslaag het. Kursusse wat vir die B.Com(Hons.)(Rek.)-graad gevolg word, sal vir die S.T.R. erken word waar toepaslik.

Rhodes

Toelatingsvereistes: Die B.Com.(Rekeningkunde)-graad met krediet vir Boedels.

Duur: Een jaar.

Wes-Kaapland

Toelatingsvereistes: Hierdie Sertifikaat kan slegs deur ingeskrewe klerke of persone wat hul klerkskap voltooi het, gevolg word.

Duur: Vyf jaar. 'n Student kan erkenning ontvang vir al die vakke wat vir die S.T.R. voorgeskryf is, en wat reeds vir die B.Com.-graad aan hierdie Universiteit voltooi is.

Diploma in Rekeningkunde (Nagraads) (UDW)

Hierdie Diploma is bedoel vir studente wat geregistreer is, of wat van voorneme is om by die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad as ingeskrewe klerke te registreer.

Toelatingsvereistes: 'n Gegradueerde in besit van die B.Rek.-graad of wat al die voorgeskrewe kursusse vir die B.Rek.-graad geslaag het; en wat die volgende kursusse of gelykwaardige kursusse by een eksamensessie (hereksamens ingesluit) in die akademiese jaar wat die Diplomajaar onmiddellik voorafgaan, geslaag het: Rekeningkunde III, Ouditkunde II, Belasting en Boedelbelasting, Bestuursrekeningkunde.

Duur: Een jaar.

Diploma in Rekeningkunde (UN)

Toelatingsvereistes: 'n Gegradueerde wat kwalifiseer vir erkenning in tien (Durban) of dertien (Pietermaritzburg) voorgeskrewe kursusse van die B.Com.- of B.Rek.-graad onderskeidelik.

Duur: Een jaar deeltydse studie terwyl die student sy leertyd uitdien.

Hoër Diploma in Rekeningkunde (UW)

Toelatingsvereistes: 'n Gegradueerde wat vrygestel is van tien of meer kursusse wat vir die B.Acc.-graad voorgeskryf is.

Duur: Een jaar voltydse studie of twee jaar deeltydse studie.

Diploma in die Teorie van Rekeningkunde: D.T.R. (UZ)

Die D.T.R. kan aan 'n student toegeken word wat die graad Hons.B.Com. (Rekeningkunde en Ouditkunde) verwerf het en wat as 'n ingeskrewe klerk by die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad geregistreer is, of wat reeds sy dienstermyn as ingeskrewe klerk voltooi het.

Diploma in Openbare Finansies en Ouditkunde (UZ)

(a) Algemeen of (b) Plaaslike owerheid

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Drie jaar. Hierdie Diploma word deur die Instituut vir Staatsdiens en Beroepsopleiding van die Universiteit aangebied.

BEROEPSDIENS: Die rekeningkundige professie speel 'n onmisbare rol in alle soorte sakeondernemings. Met verloop van tyd het die gekwalifiseerdes in dié rigting beweeg van die posisie van gewone boekhouer af na dié van die gespesialiseerde leier en finansiële adviseur. Vir diegene wat nie professioneel opgelei is nie maar wat wel oor 'n graad soos B.Com. of B.Admin. met Rekeningkunde as hoofvak in kombinasie met vakke soos Bedryfsrekeningkunde, Ouditkunde, Handelsreg, Inkomstebelasting, Bedryfsekonomie en Ekonomie beskik, is daar 'n besonder wye beroepsveld. Hulle kan onderwysers in handelsvakke word of toetree tot die sakewêreld as onder andere rekenmeesters, ouditeurs, kredietbestuurders, sekretaris-rekenmeesters en kosterekenmeesters, in diens van byvoorbeeld handels- en nywerheidsondernemings, munisipaliteite, finansiële instellings, myne, maatskappye, banke, bougenootskappe, versekeringsmaatskappye en talle ander. Hulle word ook deur verskeie staatsdepartemente in diens geneem. As gevolg van die uiteenlopende werksaamhede in hul finansiële afdelings, bestaan daar ook by ondernemings 'n groot vraag na persone wat minstens oor 'n B.Com.-graad beskik. Met besondere inisiatief, dryfkrag en werkvermoë kan daar mettertyd tot bestuursposte en poste in uitvoerende hoedanigheid gevorder word. Nagraadse studie is soms vir die rekeningkundige noodsaaklik om tot die hoogste sporte te kan vorder.

Meer gevorderde studie in Rekeningkunde kan lei tot die toelating tot die kwalifiserende eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad. Suksesvolle aflegging van hierdie eksamen, tesame met die voltooiing van 'n dienstermyn as ingeskrewe klerk in die kantoor van 'n openbare rekenmeester en ou-

diteur, is 'n voorvereiste vir registrasie as geoktrooieerde rekenmeester (G.R.). Die titel G.R. ("C.A.") word wêreldwyd erken as 'n besondere professionele kwalifikasie. Hierdie kwalifikasie open die weg tot hoog besoldigde betrekkings. Die geoktrooieerde rekenmeester kan in 'n private praktyk alleen praktiseer of in vennootskap tree met ander geregistreerde rekenmeesters. In die Republiek moet byvoorbeeld alle publieke maatskappye, banke en bougenootskappe van die dienste van 'n openbare rekenmeester en ouditeur gebruik maak. Andersins kan hy vorder tot 'n prestigebetrekking in 'n groot maatskappy soos dié van direkteur, algemene bestuurder, rekenmeester, interne ouditeur, sekretaris of kosterekenmeester. Diegene wat ook oor die ander eienskappe vir topleiding beskik, kan uitstyg tot die posisie van bestuderende direkteur of voorsitter. Meer inligting oor die G.R.-kwalifikasie kan regstreeks verkry word van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad, Posbus 10119, Johannesburg 2000 of van enige openbare rekenmeesters- en ouditeursfirma.

Namate die sakewêreld meer ingewikkeld en veelsydig word, groei ook die behoefte aan opgeleide mannekrag wat 'n behoorlike begrip van die bedryfslewe het. Daar bestaan feitlik onbeperkte moontlikhede vir persone met analitiese vermoë, logiese denke en heldere oordeel. Hulle geniet ook allerweë hoë agting.

Afgesien van die geleentheid om 'n vakkundige beampte in 'n staatsdepartement te word (soos hierbo vermeld), geniet gegradueerdes ook voorkeur om in die Staatsdiens vir die volgende poste in aanmerking te kom:

- Administrasiebeampte (Algemene Administrasie): Graduandi wat oor 'n toepaslike B.A.-, B.-Admin.- of B.Com-graad beskik, word in die toetreerang aangestel. Kyk ook Beroepsdienste van HANDEL en ADMINISTRASIE.

- Departementele Rekenmeester (Finansiële Administrasie): Hoewel die Tesourie moet toesien dat finansiële verpligtinge volgens voorskrif nagekom word, het elke staatsdepartement egter ook sy eie finansiële afdeling wat verantwoordellik is vir uitbetalings en invorderings. Die Staatsdiens beveel aan dat die rekenmeester oor 'n toepaslike graad met die volgende vakke sal beskik: Rekeningkunde as een hoofvak en een of meer van die volgende as die ander hoofvak(ke): Bedryfsekonomie, Ekonomie, Handelsreg, Bedryfsielkunde, Bedryfsrekeningkunde, Romeins-Hollandse Reg, Staatsadministrasie, Statistiek, Wiskundige Statistiek. Die oorblywende vakke kan met vrug as byvakke ingesluit word. Die eenvormige basis waarop staatsfinansies in die Staatsdiens geadministreer word, maak dit vir die rekenmeester moontlik om ook mee te ding om senior betrekkings in ander staatsdepartemente.

- Ouditeur: Die hoofdoelstelling van 'n staatsouditeur is om te verseker dat openbare fondse met versigtigheid, noukeurigheid en doeltreffendheid aangewend word. Ouditering word behartig deur die Ouditeur-generaal, die verskillende provinsiale ouditeurs en hul personeel. Die Staatsdiens beveel aan dat persone wat in hierdie rigting belangstel, dieselfde leergang sal volg soos voorgestel vir die rekenmeester. Nà sy aanstelling word die nuweling nie aan homself oorgelaat nie, maar word hy deeglik onderrig in die pligte van 'n ouditeur.

Met die steeds uitbreidende werksaamhede van die Staatsdiens en die daarmee gepaardgaande besteding van staatsgelde, is daar goeie vorderingsgeleenthede vir die knap ouditeur.

- Voorrade-administrateur (Voorrade-administrasie): Die pligte van die voorrade-administrateur in die Staatsdiens spruit hoofsaaklik uit die aankoop van, beheer oor en verantwoording van voorrade en toerusting. Na diensaanvaarding word die nuwe amptenaar opgelei in die werk wat hy moet verrig. Die volgende vakke kan in die graadleergang ingesluit word: Ekonomie, Rekeningkunde, Bedryfsrekeningkunde, Statistiek en Ouditkunde.

Voorrade-afdelings bestaan in verskeie departemente, met die gevolg dat 'n beampte se geleenthede nie slegs tot een departement beperk is nie. Soos in alle ander afdelings van die Staatsdiens word verdienstelike werk goed beloon.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma (Staatsrekeninge en -finansies) en die Nasionale Diploma (Staatsadministrasie).

SEKRETARIëLE PRAKTYK

Universiteit: RU

SERTIFIKAAT

Sertifikaat in Sekretariële Praktyk

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Twee jaar voltydse studie of vier jaar indien dit saam met 'n Baccalaureusgraad gevolg word.

BEROEPSDIENS: Die doel van hierdie kursus is om sekretaresses op te lei wat nie net oor sekretariële vaardighede beskik wat in die handelswêreld vereis word nie, maar wat ook bekwaam en goed ingelig is. Daar is 'n dringende behoefte aan bekwame private sekretaresses of persoonlike assistentes wat bevoeg is om aan die verskeidenheid van klerklike en sekretariële aspekte in die handel aandag te gee. Beroepsgeleenthede is feitlik onbeperk. Kyk ook Tersiêre Opleiding vir verskeie sekretariële kursusse.

SOSIALE WETENSKAPPE

Universiteite: UK, UN, UOVS, RU

EERSTE GRADE

Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe: B.Soc.Sc. (UK, UN, RU)

Baccalaureus Societatis Scientiae: B.Soc.Sc. (UOVS)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Honneurs-Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe: B.Soc.Sc.(Hons.) (UK, RU)
Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe (Honneurs): B.Soc.Sc.Hons. (UN)
Honneursbaccalaureus Societatis Scientiae: B.Soc.Sc.(Hons.) (UOVS)

Magister in Sosiale Wetenskappe: M.Soc.Sc. (UK, UN, RU)
Magister Societatis Scientiae: M.Soc.Sc. (UOVS)
Magister Philosophiae: M.Phil. (UK)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, RU)
Doktor in Sosiale Wetenskappe: D.Soc.Sc. (UK, UN, RU)
Doctor Societatis Scientiae: D.Soc.Sc. (UOVS)

DIPLOMA

Nagraadse Diploma in Toegepaste Sosiale Wetenskappe (UN)

Toelatingsvereistes: 'n Gegradueerde met een of meer van die volgende vakke as hoofvakke: Bedryfsadministrasie, Bedryfsielkunde, Bedryfsosiologie, Ekonomie, Ekonomiese Geskiedenis, Geografie, Geskiedenis, Maatskaplike Werk, Sielkunde, Sosiale Antropologie, Sosiologie, Staatsleer, Stads- en Streekbeplanning, Vergelykende Afrika-regering, Wysbegeerte.

Duur: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse studie.

BEROEPSDIENS: Met die term Sosiale Wetenskappe word soms losweg verwys na enige studie wat met die mens en die samelewing verband hou, maar streng gesproke verwys dit na die toepassing van wetenskaplike metodes by die studie van die ingewikkelde en samegestelde netwerk van menslike verhoudinge en die vorme van organisasie wat daarop gemik is om mense in staat te stel om in gemeenskappe saam te leef.

Daar bestaan 'n aantal sosiale wetenskappe wat elkeen spesialiseer in die wetenskaplike studie van bepaalde aspekte van mense se bestaan in groepe. Vakgebiede wat hierby ingesluit is, is onder meer Kriminologie, Sosiologie, Volkekunde, Maatskaplike Werk, Ekonomie, Staatsleer, Aardrykskunde en Sielkunde. Hierdie spesialiteitsgebiede kan nooit heeltemal van mekaar geskei word nie en dra by tot groter hanteerbaarheid en doeltreffendheid in die studie van komplekse sosiale groepe. Tesame, of in bepaalde kombinasies, berei dié wetenskappe studente voor vir sekere soorte loopbane. Loopbaangeleenthede bestaan in personeelbestuur, openbare betrekkinge en joernalistiek asook as onderwyser-sielkundige, bedryfsielkundige en arbeidsverhoudingbeampte afhangende van die hoofvakke.

Kyk ook LETTERE EN WYSBEGEERTE vir die beroepsdiens van bogenoemde vakke.

SPRAAKHEELKUNDE EN OUDIOLOGIE/LOGOPEDIE

Universiteite: UDW, UK, UP, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus in Spraak- en Gehoorterapie (UDW)

Baccalaureus Scientiae (Logopedie): B.Sc.(Log.) (UK)

Baccalaureus in Spraakheelkunde en Oudiologie: B.Log. (UP)

Baccalaureus Artium in Spraak- en Gehoorterapie: B.A. (Spraak- en Gehoorterapie) (UW)

Addisionele toelatingsvereistes:

UDW: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of 'n wetenskapvak HG, of minstens 50 % SG in genoemde vakke.

UK: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG. Studente moet goeie gesondheid geniet, emosioneel stabiel en met normale gehoor.

UP: Soos vir die gewone B.A.-graad verkieslik met slaagsyfers van bo 40 % in Wiskunde asook in Biologie en/of Natuur- en Skeikunde.

UW: Soos vir die gewone B.A.-graad met 'n slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

NAGRAADSE GRADE

Magister in Oudiologie (UDW)
Magister in Spraakpatologie (UDW)
Magister in Spraakheelkunde en Oudiologie: M.Log. (UP)
Magister Artium in Spraakpatologie: M.A. (Spraakpatologie) (UW)
Magister Artium in Oudiologie: M.A. (Oudiologie) (UW)

Philosophiae Doctor: Ph.D. (UK, UW)
Doktor in Wysbegeerte: D.Phil. (UP)
Doctor Litterarum: D.Litt. (UW)

DIPLOMA

Diploma in Spraak- en Gehoorterapie (Gemeenskapswerk) (UW)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Duur: Twee jaar voltydse studie.

BEROEPSDIENS: Ten einde normale verhoudings aan te gaan en in stand te hou, moet elke mens met sy medemens kan kommunikeer. Spraakheelkunde en Oudiologie is dié vakgebiede waarin die probleme en afwykings van menslike kommunikasie bestudeer word. Dit omsluit die diagnosering en behandeling van kinders en volwassenes met spraak-, stem-, taal- en gehoorafwykings. Dit is die taak van die spraakterapeut en oudioloog om hierdie persone in die rehabilitasieproses by te staan. Kommunikasie-probleme waarmee die spraakterapeut gemoeid is, is byvoorbeeld spraakgebreke wat ontstaan as gevolg van gehoorgebreke, moeilikhede met bepaalde klanke, hakkel, leesmoeilikhede, die gesplete verhemelte en breinbeserings wat die spraak nadelig beïnvloed, stemafwykings (byvoorbeeld heesheid), afwykings wat ontstaan as gevolg van sielkundige probleme, ensovoorts.

Spraakterapeute en oudioloë word onder andere in diens geneem deur die verskillende onderwysdepartemente, spraak- en gehoorklinieke verbonde aan universiteite, hospitale, spesiale skole (byvoorbeeld vir serebraalgestremdes, dowes, leergestremdes, ens.), en medici soos oor-, neus- en keel-artse. Die spraakterapeut en oudioloog kan ook 'n eie praktyk begin. Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Spraak- en Gehoorheelkunde is die professionele liggaam wat hom ten doel stel om die belange van spraakterapie en oudiologie te bevorder.

STADS- EN STREEKBEPLANNING

Universiteite: UK, UN, UOVS, PU vir CHO, UP, US, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus Artium et Scientiae (Beplanning): B.Art. et Scien. (Bepl.) (PU vir CHO)

Baccalaureus Scientiae in Stads- en Streekbeplanning: B.Sc.(S.S.) (UW)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 'n C-simbool (60 %) in Wiskunde SG.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Baccalaureus in Stads- en Streekbeplanning: B.S. en S. (UP)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Studente in besit van 'n ander Baccalaureusgraad, kan tot die buitemuurse graadkursus wat drie jaar duur, toegelaat word.

MAGISTERGRADE

Magister in Stedelike en Streekbeplanning: M.S.S.B. (UK)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad.

Duur: Twee jaar voltydse studie.

Magister in Stadsbeplanning en Stedelike Ontwerp: M.S.S.O. (UK)

Toelatingsvereistes: 'n Graad in Argitektuur.

Duur: Twee jaar voltydse studie.

Magister in Stads- en Streekbeplanning: M.S.S. (UN)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad in 'n goedgekeurde rigting.

Duur: Twee jaar voltydse studie.

Magister Scientiae in Stads- en Streekbeplanning: M.Sc. SS. (UN)

Toelatingsvereistes: 'n Graad in Argitektuur, Boukunde, Ingenieurswese, Landmeetkunde, Stadsbeplanning of Bourekenkunde of 'n goedgekeurde Baccalaureusgraad in 'n ander rigting.

Duur: Een jaar voltydse of twee jaar deeltydse navorsing.

Magister in Stads- en Streekbeplanning: M.S.S. (UOVS)

Toelatingsvereistes: (i) Persone in besit van 'n graad in Stads- en Streekbeplanning of 'n ander gelykwaardige kwalifikasie. (ii) Persone met geen of min opleiding in beplanning en verwante gebiede maar met 'n vierjaarof honneursgraad in een van 'n aantal toepaslike rigtings of met geskikte professionele kwalifikasies.

Duur: (i) Twee jaar vir persone wat onder (i) toegelaat is.
(ii) Twee jaar voltydse studie of drie jaar deeltydse studie vir die persone wat onder (ii) tot die kursus toegelaat is.

M. in Stads- en Streekbeplanning (US)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van een van die volgende kwalifikasies:

- 'n B.A.-graad met minstens een van die volgende as hoofvak: Geografie, Ekonomie, Sosiologie, Sielkunde, Publieke Administrasie, Ontwikkelingsadministrasie
- 'n B.Sc.-graad met minstens een van die volgende as hoofvak: Geografie, Geologie, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Wiskundige Statistiek of Sielkunde
- 'n B.Sc.-graad in Landbou (Landbou-ekonomie) of B.Sc. in Bosbou
- B.Com. of B.Admin. of B.Econ.
- 'n Baccalaureusgraad in Argitektuur of Siviele Ingenieurswese of Landmeetkunde.

Duur: Twee jaar voltydse studie.

M. in Stads- en Streekbeplanning (Stedelike Ontwerp) (US)

Toelatingsvereistes: 'n Magistergraad in Stads- en Streekbeplanning of 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Stads- en Streekbeplanning of 'n Baccalaureusgraad in Argitektuur.

Duur: Twee jaar.

Magister Artium et Scientiae (Beplanning): M.Art. et Scien.(Bepl.) (PU vir CHO)
Magister in Stads- en Streekbeplanning: M.S. en S. (UP)
Magister Scientiae in Stads- en Streekbeplanning: M.Sc.(S.S.) (UW)
Magister in Omgewingsbeplanning: M. in Omgewingsbeplanning (UW) (met spesialisasie in òf Stads- en Streekbeplanning òf in Stedelike Ontwerp)

DOKTORSGRADE

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UK, UN, UW)
Philosophiae Doctor: Ph.D. (UOVS)
Doctor Philosophiae: D.Phil. (PU vir CHO, US)
Doktor in Stads- en Streekbeplanning: D.S. en S. (UP)
Doktor in Stads- en Streekbeplanning: D.(T.R.P.) (UW)
Doktor in die Natuurwetenskappe in Stads- en Streekbeplanning: D.Sc.(T.R.P.) (UW)

DIPLOMA

Hoër Diploma in Beplanning van Ontwikkelende Gebiede (UW)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad in Argitektuur, Stads- en Streekbeplanning, Boukunde, Siviele Ingenieurswese of Landmeetkunde of 'n B.A.- of B.Sc.-graad met drie kursusse in Ekonomie of Geografie of Sosiologie of ten minste twee kursusse in elk van twee van dié vakke of ander verwante vakke of 'n ander goedgekeurde graad.

Duur: Een jaar voltydse studie.

BEROEPSDIENS: As gevolg van die groeiende bevolking en stedelike ontwikkeling, toenemende industrialisasie en desentralisasie, bestaan daar tans 'n dringende behoefte aan deeglike beplanning van stedelike en ander gebiede. Die stads- en streekbeplanner ondersoek en beplan die voordeligste wyse waarop dorps-, stads- en streekbeplanning gedoen kan word. In die proses word oorweging geskenk aan ekonomiese, sosiologiese, geologiese, argitektoniese, industriële en geografiese aspekte wat saam noodsaaklik is vir die doeltreffende funksionering van 'n stad of streek tot optimale voordeel van die inwoners. Die beplanner dien in hoë mate as skakel tussen argitek en ingenieur, tussen ekonoom en sosioloog, tussen publieke belange en die nywerheid.

Stads- en Streekbeplanners word onder andere deur die Departemente van Ontwikkelingshulp, Openbare Werke en Grondsake, Binnelandse Sake en van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning asook deur die provinsiale administrasies in diens geneem. Sommige het hul eie privaat praktyk. Vir die siviele ingenieur, argitek of landmeter is bykomende opleiding in beplanning van besonder groot waarde, en dit kan lei tot senior poste, veral in die Staatsdiens. Ook vir 'n pos as dosent aan 'n universiteit sal nagraadse studie vereis word. Akademiese poste bestaan ook aan sommige technikons.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma vir Tegnici (Stads- en Streekbeplanning).

SUIWER NATUURWETENSKAPPE

Universiteite: Al die universiteite behalwe MEDUNSA en VISTA

EERSTE GRADE

Baccalaureus Scientiae: B.Sc. (UDW, UFH, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, RAU, RU, UNISA, UWK, UW, UZ)

Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde: B.Sc. (UP)

Baccalaureus in die Natuurwetenskappe: B.Sc. (US)

Addisionele toelatingsvereistes:

UDW: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of ten minste 50 % in Wiskunde SG en 'n slaagsyfer in Biologie HG of in Natuur- en Skeikunde HG of ten minste 50 % in Biologie SG of in Natuur- en Skeikunde SG.

UFH: Studente word vir toelating volgens 'n graderingstelsel gekeur wat op die uitslae van die matrikulasie-eksamen gebaseer is. Die matrieksimbole het die volgende puntwaardes:

Vakke wat op die Hoër Graad geslaag is:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| A = 9 | B = 8 | C = 7 | D = 6 | E = 5 | F = 4 |

Vakke wat op die Standaardgraad geslaag is:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| A = 7 | B = 6 | C = 5 | D = 4 | E = 3 | F = 2 |

Pre-gedifferensieerde vakke:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| A = 8 | B = 7 | C = 6 | D = 5 | E = 4 | F = 3 |

Die punte wat vir Wiskunde ('n verpligte vak vir toelating tot enige B.Sc.-graadkursus) toegeken word, word altyd verdubbel, terwyl die hoogste punte wat in een van die wetenskapvakke behaal is, naamlik Natuur- en Skeikunde of Biologie, ook verdubbel word. 'n Student moet altesame ten minste 45 punte behaal. 48 punte word vir die B.Sc. Pre-Geneeskundekursus vereis.

'n Student moet ook minstens 'n E-simbool in Wiskunde HG of 'n D-simbool in Wiskunde SG verwerf om tot Wiskunde I toegelaat te word.

UK: Minstens 'n C-simbool in Wiskunde HG of 'n A-simbool in Wiskunde SG, en minstens 'n C-simbool HG of 'n Aof B-simbool SG in een van die volgende vakke: Biologie, Natuur- en Skeikunde, Fisiologie. Natuur- en Skeikunde word egter verkies.

Die Fakulteit van Natuurwetenskappe maak gebruik van 'n graderingstelsel om as leidraad te dien by die beoordeling van geskikte applikante vir toelating tot die kursus. Kyk LETTERE EN WYSBEGEERTE vir die graderingstelsel vir toelating.

- Tellings word baseer op die simbole van die ses beste matriekvakke.
- Nie-akademiese kursusse soos Huishoudkunde, Houtwerk, tegniese kursusse en Naaldwerk, tel nie.
- Die punte vir Wiskunde en die beste punte uit Natuur- en Skeikunde, Biologie of Fisiologie word verdubbel.
- Maksimum moontlike punte wat behaal kan word: 64.
- 'n Student wat 'n totaal van 45 punte in 1984 behaal het, was outomaties toegelaat, maar dit sal nie noodwendig geld vir 1986 nie aangesien die puntevlak jaarliks aangepas word.

UN: Slaagsyfers van minstens 40 % in Wiskunde HG en in 'n natuurwetenskapvak HG of minstens 60 % SG in hierdie vakke. Van 1986 sal die minimum toelatingsvereiste 70 % op die Standaardgraad wees.

UNOORDE: Studente word slegs toegelaat as hulle 30 punte of meer behaal op die Keuringskaal* wat op die resultate van die matrikulasie-eksamen gebaseer is, en minstens 'n F-simbool in Wiskunde HG of 'n E-simbool in Wiskunde SG verwerf het.

*Keuringskaal

Die totale punte van 'n kandidaat word soos volg bereken:

Som van die punte vir die ses beste matriekvakke.

Die matrieksimbole van vakke op die Standaardgraad het die volgende puntwaardes:

| | | | |
|---|---|---|---|
| A = 8 | C = 6 | E = 4 | G = 2 |
| B = 7 | D = 5 | F = 3 | H = 1 |

Vir simbole van vakke op die Hoër Graad word een ekstra punt bygetel.

UOVS: Indien Wiskunde in die leergang ingesluit word, word 'n slaagsyfer van minstens 50 % (D-simbool) in Wiskunde HG of minstens 60 % (C-simbool) in Wiskunde SG, sowel as 'n slaagsyfer in Natuur- en Skeikunde SG en/of Biologie SG vereis.

Ander leergange: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 60 % (C-simbool) in Wiskunde SG, sowel as Natuur- en Skeikunde SG en/of Biologie SG

OF

'n slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 40 % (E-simbool) in Wiskunde SG en 'n slaagsyfer van minstens 60 % (C-simbool) in Natuur- en Skeikunde HG en/of Biologie HG.

UPE: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG.

Vir toelating tot die volgende kursusse, moes 'n kandidaat die standaard in elke geval aangedui, bereik het:

- Wiskunde I, Statistiek I, Toegepaste Wiskunde I: 'n Slaagsyfer van minstens 40 % in Wiskunde SG.

- Rekenaarwetenskap: 'n Slaagsyfer in Wiskunde SG.

PU vir CHO: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of slaagsyfers in 'n natuurwetenskaplike vak, verkieslik Natuur- en Skeikunde HG en in Wiskunde SG. Studente wat enige kursus in Wiskunde wil volg, moet minstens 50 % in Wiskunde HG of minstens 60 % in Wiskunde SG behaal het. Studente wat 'n laer persentasie behaal het, word toegelaat tot 'n Opknappingskursus wat tydens die Somerskool in Januarie aangebied word. Indien sodanige studente voldoende presteer in die toetse wat tydens hierdie kursus afgeneem word, kan hulle in aanmerking kom vir toelating tot studie in Wiskunde-kursusse.

UP: Vir toelating tot die volgende kursusse, moes 'n kandidaat die standaard in elke geval aangedui, bereik het:

- Biologie, Chemie, Dierkunde, Entomologie, Fisika, Genetika, Geologie, Metallurgie, Plantkunde: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG of minstens 50 % SG in dié vakke.

- Rekenaarwetenskap, Toegepaste Wiskunde, Wiskunde of Wiskundige Statistiek: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 50 % in Wiskunde SG.

werkgewers is die volgende: al die onderwysdepartemente; die mediese navorsingsinstitute; die WNNR; die SABS; Onderstepoort; museums; afdelings vir natuurbewaring, wildtuine, dieretuine en visserye; oseanografiese institute; nywerhede soos die vervaardigers van kunsmisstowwe, insektegifstowwe en veemiddels; die Nasionale Parkeraad en talle groter en kleiner privaat firmas met belange in dierkundige produkte. In die Staatsdiens het gegradueerdes ewe eens die geleentheid om uit verskillende vakkundige rigtings te kies.

Entomologie/Insektekunde: Waar Insektekunde eers 'n onderafdeling van Dierkunde was, het dit vandag ontwikkel tot 'n gespesialiseerde wetenskap met verskeie onderafdelings. Dit bied gevolglik die geleentheid tot spesialisasie in rigtings soos die uitkenning en klassifikasie van insekte of 'n studie van die anatomie, fisiologie of gedrag van insekte. Op talle terreine, maar veral op die gebied van die landbou, is die gespesialiseerde kennis van die entomoloog van onskatbare waarde.

Dierkunde, Plantkunde en Mikrobiologie is vakke wat baie goed met Entomologie kombineer. Entomologie is ook een van die hoofstudierigtings vir die B.Sc.Agric.-graad. Kyk LANDBOU.

Entomoloë werk gewoonlik as navorsers in byvoorbeeld museums, die Staatsdepartemente van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling en Landbou en Watervoorsiening (verskeie navorsingsinstitute en streekorganisasies), die SABS, die WNNR (etlike navorsingsinstitute), die Mediese Navorsingsinstituut, Onderstepoort en die private sektor; as tegniese adviseurs by spuitstoffirmas, koöperasies, verskeie groot produsente van vrugte, suiker, hout en so meer; as bemarkingsverteenwoordigers by firmas wat insektemiddels en spuittoerusting vervaardig en versprei. Poste kan ook beklee word as dosente aan universiteite of kollegas en as onderwysers in landbou en biologie. Die moontlikheid bestaan ook om as konsult-entomoloog in 'n private praktyk op te tree.

Fisika: In die vak word die stoflike natuur, van hemelligame tot deeltjies wat onsigbaar klein is, bestudeer. Fisika kan gedefinieer word as 'n studie van materie en energie, en die verskynsels wat hiermee geassosieer word, soos meganika, elektrisiteit en magnetisme, optika, geluid, warmte, atoom- en kernfisika en die vaste stof. In Fisika kry mens te doen met die basiese beginsels en wette van die natuur. Kennis uit navorsingswerk in 'n fisikalaboratorium het gelei tot die ontwikkeling van elektrisiteit, atoomkernenergie, die laser, ruimtevaart, radiokommunikasie ensomeer.

Fisika is een van die sleutelvakke vir studie in die natuurwetenskappe. 'n Eenjaarkursus word vereis vir Chemie as hoofvak, vir graadstudie in Farmasie, Geneeskunde, Landbou en Ingenieurswese. Fisika kan as hoofvak saam met Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Statistiek, Chemie en Rekenaarwetenskap geneem word.

Die besonder wye terreine wat deur Fisika gedek word, tesame met 'n oordeelkundige hoof en byvakkomibinasie, sal nie slegs die grondslag lê vir die keuse van 'n interessante loopbaan nie, maar sal ook dien as aansporing tot nagraadse studie en navorsing wat in hierdie wetenskap uiters noodsaaklik is. Daar bestaan 'n groot vraag na fisika-onderwysers by al die onderwysdepartemente; na atoom- en kernfisici of ander navorsingsbeamptes in diens van die WNNR, KERNKOR en sommige universiteite; na navorsers in diens van byvoorbeeld Yskor, Sasol, AECI, die myne en ander nywerhede soos tekstiel- en wolbewerking, oliemaatskappye, oseanografiese institute en maatskappye wat wetenskaplike

instrumente verkoop. Die ontwikkelende elektroniese nywerheid skep besondere geleentheid vir navorsing, ontwikkeling en produksie in byvoorbeeld televisie, radar, outomatisasie, asook die ontwerp en hantering van hoë-spoedrekenaars. Daar bestaan ook 'n groeiende vraag na fisici en biofisici in hospitale en verwante inrigtings.

Fisiologie: Fisiologie is 'n biologiese wetenskap wat die studie van die normale funksies van lewende wesens, veral van die mens, omvat. Dit maak 'n besondere bydrae tot die kennis van die normale funksies van die menslike liggaam en gevolglik ook indirek tot afwykings en siektes van die mens. In wese is dit 'n toegepaste lewenswetenskap wat die grondslag lê vir verdere opleiding in geneeskunde, veeartsenykunde, farmakologie, farmasie en ander spesialiteitsrigtings in die geneeskunde en paramediese dienste soos fisioterapie, arbeidsterapie, verpleging en hospitaaldieetkunde. In natuurwetenskaplike verband is Fisiologie van belang vir opleiding in dieetkunde, huishoudkunde en liggaamlike opvoeding en dien dit ook as 'n voorbereidende kursus vir gevorderde navorsing op die gebied van vele toegepaste rigtings.

'n Loopbaan met hierdie biologiese wetenskap as hoofvak, in kombinasie met vakke soos Chemie, Fisika, Wiskunde, Dierkunde, Mikrobiologie, Psigologie, Biochemie, Plantkunde, Liggaamlike Opvoedkunde en Dieetkunde, kan hoofsaaklik in twee rigtings gevind word, naamlik onderwys en navorsing. Vir die onderrig van Biologie het dit groot waarde terwyl sommige sekondêre skole Fisiologie as 'n afsonderlike vak aanbied. Aan hoër onderwysinrigtings bestaan daar ook 'n behoefte aan dosente met gevorderde opleiding in Fisiologie.

Verskillende laboratoria waar biologiese navorsing onderneem word, neem fisioloë in diens, soos onder meer die Kamer van Mynwese se Laboratorium vir Bedryfshigiëne, die Mediese Navorsingsraad, Departement van Gesondheid en Welsyn, Onderstepoort, en die WNNR.

Genetika kan omskryf word as die leer van erflikheid, met ander woorde die studie van die wyse waarop eienskappe van een geslag na 'n volgende oorgedra word, die totstandkoming van hierdie eienskappe en hulle verwesenliking tydens ontwikkeling. In die lig van die diepgaande insig wat dit bied in die aard van die lewende wêreld, is genetika hoogs relevant vir vertakkinge van die biologie soos morfologie (die studie van vorm), fisiologie (die studie van funksie), biochemie, ontwikkeling en evolusie.

Genetika kan as hoofvak geneem word deur studente in sowel die wetenskap- as die landboufakulteit. Kyk LANDBOU.

Genetici word in diens geneem deur biologiese, mediese en landbounavorsingsinstitute, asook deur sekere handelsfirmas wat dier- of planteelprogramme volg. Werkgeleenthede bestaan ook vir dosente aan universiteite en kolleges.

Geografie: Kyk onder Beroepsdiens van LETTERE EN WYSBEGEERTE.

Geologie (met inbegrip van Geofisika en Paleontologie): Die Geowetenskap is as wetenskap vandag wyd vertak en behels gevorderde navorsing en die praktiese toepassing daarvan in baie fasette van die moderne samelewing. Binne hierdie diverse navorsings- en toepassingsgebiede lewer die geoloog, geofisikus en paleontoloog, elk in sy gespesialiseerde rigting, 'n bydrae tot welsyn van die mens. Die geoloog, wat in verskeie rigtings kan spesialiseer, benut sy opleiding in Geologie, Chemie, Geochemie, Geografie, Fisika, Statistiek en Wiskunde

in die verskillende tegnieke wat gebruik word in die geologiese kartering en ondersoek van die land, asook vir die opsporing en evaluering van delfstofafsettings, en navorsing ten opsigte van ingenieursprojekte en fisiese beplanning. Die geofisikus benut sy kennis van Fisika, Geologie, Wiskunde en Geofisika in die soektog na mineraalafsettings en ondergrondse water, asook in geskiktheidsbepalings van terreine vir beoogde konstruksieprojekte. Die paleontoloog met sy kennis van Dierkunde, Plantkunde, Paleontologie en Geologie, ontrafel die historiese ontwikkeling van lewe en wend hierdie kennis aan om gesteenteformasies en afsettingstoestande met mekaar te korreleer.

In 'n land soos Suid-Afrika waar die ekonomie in 'n hoë mate op mineraalproduksie berus, is dit vanselfsprekend dat 'n vak soos Geologie 'n belangrike rol sal speel. Dit bied geleentheid vir studie en werk in die natuur aan diegene wat lief is vir die buitelug. Dit bied egter ook voldoende geleentheid vir navorsing in die laboratorium met moderne toerusting.

Die Departement van Mineraal- en Energiesake neem gegradueerdes wat reeds honneursvlak bereik het, in diens vir aanstelling as geoloë, geofisici of paleontoloë in een van die ses afdelings van die Tak Geologiese Opname. Ander staatsdepartemente wat gegradueerdes in diens neem, is dié van Landbou en Watervoorsiening, Omgewingsake, en die provinsiale administrasies.

Die meeste geoloë tree egter by myngroepe in diens in die rigtings veldeksplorasie of myngeologie. Die res is verbonde aan universiteite as lektore, aan wetenskaplike liggame of institute soos die WNNR, museums en die Bernard Price Instituut vir Geofisiese Navorsing aan die Universiteit van die Witwatersrand. Sommige word vir geologiese werk in diens geneem deur ondernemings soos Sasol, Yskor, Soekor, ander groot nywerhede en siviele ingenieursfirmas. Enkeles tree as private konsultante op.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Geologie.

Mikrobiologie, wat ook die studierigting Virologie insluit, behels die studie van mikroskopiese klein, lewende organismes, soos swamme, alge, protosoë en bakterieë wat met behulp van ligmikroskope waargeneem kan word, en virusse wat eers onder 'n elektronmikroskoop sigbaar is. Die belangrikheid van hierdie studierigting word beklemtoon deur die ingrypende rol wat hierdie mikroörganismes in die lewe van die mens, dier en plant speel. Hulle is byvoorbeeld die oorsaak van dodelike siektes, voedselbederf, beskadiging van waardevolle materiale en grondstowwe, maar hulle verrig ook aktiwiteite waaruit die mens reeds voordeel haal of met verdere ondersoek, kan haal, soos by watersuiwering.

Instansies wat mikrobioloë in diens neem, is onder andere die WNNR, MNR, Onderstepoort, praktiserende pataloë en verskillende nywerhede (byvoorbeeld farmaseutiese en voedsel- en die fermentasie-industrie).

Ornitologie: In Suid-Afrika word tans geen spesifieke opleiding vir die studie van voëls aangebied nie. Ornitoloë word gevolglik uit die geledere van gekwalifiseerde dierkundiges aangestel. Die vereiste vir aanstelling is normaalweg 'n B.Sc.-graad met Dierkunde as hoofvak in kombinasie met vakke soos Plantkunde, Entomologie, Aardrykskunde, Geologie ens. 'n Honneurs- of Magistergraad sal egter 'n sterk aanbeveling wees.

Werkgeleenthede vir ornitoloë is beperk en slegs werklik toegewyde persone met besondere aanleg en belangstelling in dié rigting, het hoop om 'n betrekking te bekom en sukses in so 'n loopbaan te behaal. Hulle word byvoorbeeld in diens geneem deur die Nasionale Parkeraad, die Departement van Landbou-ekonomie en Watervoorsiening, Percy FitzPatrick - instituut vir Afrika-voëlkunde aan die Universiteit van Kaapstad en sommige museums.

Oseanografie en Marinebiologie: Oseanografie is die studie van die see - met inbegrip van die lewe daarin, die bodem daarvan en die lug daarbo. Dit is 'n samestelling van verskeie vakgebiede wat die gekoördineerde dienste vereis van uiteenlopende soorte wetenskaplikes wat as gevolg van hul besondere belangstelling in die see en sy omgewing by mekaar aansluiting vind. Hier word byvoorbeeld gedink aan die seegeoloë, chemici, fisici, bioloë en meteoroloë (weerkundiges) wat op hul beurt weer afhanklik is van die wiskundiges, ingenieurs, tegnoloë en tegnici om op verskillende terreine te help met die versameling en verwerking van gegewens.

Marinebiologie en Oseanografie is nie sinonieme terme nie. Marinebiologie is 'n gespesialiseerde vertakking van Oseanografie en behels 'n studie van plant- en dierelewe in die see. Samevattend kan gesê word dat hierdie navorsingsgebied alle aspekte van moderne biologiese wetenskappe behels soos taksonomie, biochemie, fisiologie, ekologie, lewensgeskiedenisse, gedrags- en omgewingstudies.

Vanweë hierdie groot bestek van basiese vakgebiede wat betrek word, begin die gespesialiseerde opleiding van 'n oseanograaf eintlik eers nadat hy 'n B.Sc.-graad of, verkieslik, 'n B.Sc.(Hons)-graad in gewone wetenskapvakke behaal het. Hierdie vakke behoort, benewens Plantkunde, Dierkunde, Chemie, Geologie, Fisika of Mikrobiologie as een of meer van die hoofvakke, ook Wiskunde in te sluit en daarby 'n sorgvuldig gekose kombinasie van byvakke. Die Universiteit van Port Elizabeth bied Marinebiologie (of Biologiese Oseanografie) aan as 'n spesialiseringsrigting in Dierkunde in die derde jaar van die B.Sc.-graad asook op nagraadse vlak. Die Universiteit van Kaapstad bied 'n B.Sc.Hons.-graad aan in Marinebiologie of in Fisiese Oseanografie. Die toelatingsvereiste vir laasgenoemde is 'n B.Sc.-graad met Dierkunde as hoofvak.

Instansies wat seedeskundiges in diens neem is onder andere die volgende: Die Suid-Afrikaanse Museum, Kaapstad; Visserye-ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Beperk, Kaapstad; Nasionale Navorsingsinstituut vir Oseanologie, WNNR, Stellenbosch; Port Elizabethse Museum, Port Elizabeth; Oseanografiese Navorsingsinstituut, Durban; Die J.L.B. Smith-Instituut vir Igtiologie, Grahamstad; Nasionale Instituut vir Waternavorsing, WNNR, Pretoria; Navorsingsinstituut in die Visnywerheid, Universiteit van Kaapstad, Kaapstad.

Oseanograwe en marinebioloë word deur die Departement van Omgewingsake in diens geneem. Die meeste van hulle tyd word by die Tak Marine-ontwikkeling se hoofkwartier te Kaapstad in moderne laboratoria deurgebring. Die geleentheid bestaan om te spesialiseer in rigtings soos chemiese oseanografie, fisiese oseanografie, visseryebiologie en biologiese oseanografie, statistiek, en marinesoogdiere.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Oseanografie.

Plantkunde/Botanie: Is 'n onderafdeling van die Biologie met 'n omvattende studieterrein wat hoofsaaklik die volgende dek: Plantmorfologie (vorm en bou van plante); planttaksonomie (klassifikasie van plante); plantfisiologie (lewensprosesse en lewensbedrywighede van plante); plantgenetika (oorerwing by plante); plantekologie (verband tussen plante en hul omgewing); plantpatologie (plantsiektes en hul bestryding); ekonomiese plantkunde (nut en ekonomiese belangrikheid van plante); sitologie (die studie van plantselle) en so meer. Vir die B.Sc.-graad kan Plantkunde met 'n verskeidenheid vakke gekombineer word soos Dierkunde, Chemie, Biochemie, Mikrobiologie, Geografie, Geologie, Fisiologie, Fisika en Wiskunde.

Werkgeleenthede bestaan onder andere by die volgende instansies: Onderwysdepartemente, navorsingsinstitute van die Departement Landbou en Watervoorsiening, Nasionale Botaniese Tuine, die WNNR, museums, as 'n beampte in diens van die Nasionale Parkeraad, die Afdelings Natuurbewaring van die verskillende provinsies en private ondernemings soos kunsmismaatskappye, vervaardigers van plantsiektebestrydingsmiddels en kwekerye. Betrekkings is geredelik beskikbaar vir persone met 'n B.Sc.-graad, maar kandidate met nagraadse opleiding kry steeds voorkeur.

Rekenaarwetenskap: Hierdie vak kan reeds op skool geneem word. Op universiteit maak die student kennis met die rekenaar en al sy fasette met betrekking tot sy samestelling, toepassing en gebruike. Die gebruik van die rekenaar het die afgelope paar jaar geweldig toegeneem. Rekenaars word op groot skaal deur onder andere banke en bougenootskappe gebruik. Lugvaartmaatskappye, treindienste, teaters en hotelle gebruik die rekenaar om besprekings te maak. Dit word ook gebruik vir ingewikkelde wiskundige berekenings ten opsigte van ruimtereise, kernkragontwikkeling en die beheer van groot fabrieke.

Gespesialiseerde kennis van die werksaamhede van die rekenaar kan prakties ervaar of deur middel van intensiewe onderrigkursusse by verskaffingsmaatskappye of elders opgedoen word. Die rekenaarwetenskaplike is egter 'n persoon wat by uitstek die wyere implikasies van outomatisering kan evalueer en wat die rekenaar se potensiaal ten volle kan benut. Die universiteitsopleiding rus die student toe met daardie noodsaaklike agtergrondkennis op 'n baie breë terrein en die kursus behels gevolglik veel meer as blote programmering.

Werkgewers wat loopbane in elektroniese dataverwerking in Suid-Afrika aanbied, kan in die volgende vier hoofgroepe verdeel word:

- Die maatskappye wat rekenaars vervaardig of bemark;
- ondernemings in die handel en nywerheid wat rekenaars gebruik;
- die openbare sektor wat rekenaars op groot skaal gebruik ('n hele aantal staatsdepartemente, SA Vervoerdienste, die WNNR, die RGN, SABS, ens.)
- ondernemings wat rekenaardienste en -tyd verskaf aan ondernemings wat nie 'n eie rekenaar kan regverdig nie.

Elk van hierdie groepe bied loopbane in elektroniese dataverwerking in 'n aantal moontlike rigtings soos dié van operateurs, programmeerders, stelselontleders, tegnici, dataverwerkingsbestuurders en bemarkingsverteenwoordigers. Daar is gevolglik geleentheid vir handelstudente, die wiskundig georiënteerdes, dié met 'n natuurwetenskaplike agtergrond en diegene met 'n primêre be-

langstelling in die rekenaar self. Die keuse van 'n besondere rigting sal hoofsaaklik bepaal word deur die kandidaat se opleiding, belangstelling en aanleg. Die aflê van een of meer aanlegtoetse word ook as 'n voorvereiste gestel.

Statistiek (Wiskundige Statistiek) is die wetenskap waarin metodes vir die ontleding van syferdata bestudeer word. In laboratoriums, die handel en die nywerheid word data voortdurend ingesamel en hierdie data moet so verwerk word dat die verlangde inligting daaruit verkry word. Statistiek is dus vir baie studierigtings belangrik. Omdat die benadering wiskundig van aard is, word Statistiek gewoonlik gekombineer met Wiskunde en ander wiskundige vakke soos Toegepaste Wiskunde en Rekenaarwetenskap.

Vir persone met 'n aanleg vir syfers bied Statistiek uitstekende loopbaangeleenthede, byvoorbeeld by instansies soos die Sentrale Statistiekdiens, die Weerburo, universiteite, die WNNR en die RGN, asook versekeringsmaatskappye en marknavorsingsmaatskappye.

Sterrekunde: Die student in die Sterrekunde bevind hom vandag in 'n era waar die sonnestelsel verken word deur ruimtetuie en betekenisvolle ontdekkings gemaak word deur die waarneming van die res van die heelal met behulp van X-strale en radiogolwe. Die sterrekundige strewe daarna om vas te stel hoe die dele van die heelal met mekaar verband hou en om die wette wat die meganika van die heelal beheers, te verstaan.

Hoewel die belangstelling in die Sterrekunde gedurende die jonste tyd vanweë ruimtenavorsing baie toegeneem het, word voornemende studente tog aangeraai om soveel as moontlik van die vakke Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Fisika, Statistiek en Rekenaarwetenskap by die leergang in te sluit met die oog op 'n moontlike verandering van loopbaan. Vooruitsigte vir die astronoom het egter die afgelope tyd baie verbeter en ontwikkelings kan die vraag na sterrekundiges van hoogstaande gehalte aansienlik laat toeneem.

Geleenthede bestaan om by die volgende observatoria as navorsings- of tegniese beamptes in diens geneem te word: Die SA Astronomiese Observatorium, Sutherland KP en die Magnetiese Observatorium, Hermanus KP, wat albei deur die WNNR geadministreer word, en die Nasionale Instituut vir Telekommunikasienavorsing (WNNR) in Johannesburg.

Toegepaste Wiskunde is die vak waarin die brug gebou word tussen Wiskunde en die praktyk. Dit is in wese 'n studie van die ontwerp en gebruik van wiskundige modelle. 'n Wiskundige model is 'n voorstelling van situasies wat in die werklikheid voorkom. Dit kan op verskillende terreine wees, maar in die vak word in hoofsaak gekonsentreer op terreine wat van nut is in die studievelde van Ingenieurswese, Fisika en Rekenaarwetenskap. Toegepaste Wiskunde is dan ook 'n vereiste vir alle studente in Ingenieurswese.

Daar bestaan werkgeleenthede vir mense met nagraadse opleiding by instansies soos universiteite, die WNNR, KERNKOR, SABS, UKOR, KRYGKOR en verskeie nywerhede.

Wiskunde: Daar is 'n groot verskeidenheid studie-objekte in die Wiskunde, waarvan getalle, versamelings, funksies en meetkundige entiteite enkele voorbeelde is. By die ondersoek van die eienskappe van hierdie objekte word streng by die presiese gegewens en moontlik sekere addisionele veronderstel-

lings gehou terwyl logiese afleidings gemaak word. So kom nuwe kennis aan die lig wat onontwykbaar deur die uitgangspunte geïmpliseer word. Die totale volume wiskundige resultate groei gevolglik voortdurend.

Wiskunde as universiteitsvak skakel nou met vakke soos Fisika, Wiskundige Statistiek, Rekenaarwetenskap, Chemie, maar vorm ook sinvolle kombinasies met Dierkunde, Ekonomie en Sielkunde.

Die wiskundige wetenskappe soos Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Statistiek of Wiskundige Statistiek, vervul 'n onmisbare rol as hulpwetenskappe vir die meeste natuur-, ingenieurs-, handels-, en etlike ander wetenskappe. Die tyd toe 'n kandidaat met wiskundige kwalifikasies feitlik uitsluitlik op die onderwys aangewese was, is gevolglik lank reeds verby. As gevolg van ontwikkelings en 'n groeiende arbeidsveld neem die vraag na wiskundig opgeleides steeds groter afmetings aan.

Behalwe die werkgeleenthede in die onderwys- en universiteite is daar ook werkgeleenthede onder andere by die WNNR, KERNKOR, UKOR, YSKOR, en met toepaslike verdere studie, in die aktuarisberoep.

## TANDHEELKUNDE

Universiteite: MEDUNSA, UP, US, UWK, UW

### EERSTE GRADE

Baccalaureus in Tandheelkunde: B.Ch.D. (MEDUNSA, UP)

of B.D.S. (UW)

Baccalaureus Chirurgiae Dentium: B.Ch.D. (UWK)

Baccalaureus in die Tandheelkunde: B.Ch.D. (US)

Addisionele toelatingsvereistes:

MEDUNSA: Slaagsyfers in Wiskunde, Biologie en Natuur- en Skeikunde.

UP: Soos vir die B.Sc.-graad.

US: Minstens 16 jaar oud; en 'n slaagsyfer in Wiskunde HG of SG. Voornemende studente word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde en/of Biologie en/of Fisiologie vir die st. 10-eksamen te neem.

UWK: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG of 50 % in Wiskunde SG. Natuur- en Skeikunde sal 'n sterk aanbeveling wees.

UW: 'n Slaagsyfer in Wiskunde HG of minstens 60 % in Wiskunde SG en 'n slaagsyfer in een van die volgende vakke indien Wiskunde op die Hoër Graad geslaag is, of twee van die volgende vakke indien Wiskunde op die Standaardgraad geslaag is: Aardrykskunde, 'n Bantoetaal, Biologie, Duits, Fisiologie, Frans, Geskiedenis, Hebreeus, Latyn, Natuur- en Skeikunde.

Duur: 5½ jaar voltydse studie. Aan MEDUNSA duur die kursus 5 jaar plus 1 jaar internskap na graduering voordat studente kan registreer as tandartse by

die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad. Studente doen praktiese en kliniese werk in die tandheelkundige hospitaal verbonde aan die betrokke universiteit.

Baccalaureus Scientiae in Mondbiologie: B.Sc.(Mondbiologie) (UW)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.D.S.-graad.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Hierdie graad is ontwerp vir studente wat 'n beroep in biologiese navorsing en onderwys wil beoefen, veral in die tandheelkundige rigting.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus Scientiae in Tandheelkunde (Honneurs): B.Sc.Dent.(Hons.) (MEDUNSA)
Baccalaureus Honores in Tandheelkundige Wetenskappe: B.Ch.D.(Hons.) (UP)
Honneurs-Baccalaureus in Natuurwetenskappe in Tandheelkundige Wetenskappe: Hons.B.Sc.(Tand.Wet.) (US)
Honneurs-Baccalaureus in die Tandheelkunde: Hons.-B.Ch.D. (US)

Magister in Tandheelkunde: M.Dent. (MEDUNSA, UW)

Magister in Tandheelkunde: M.Ch.D. (UP, US)

Magister Chirurgiae Dentium: M.Ch.D. (UWK)

Toelatingsvereistes: 'n B.Ch.D.- of B.D.S.-graad en registrasie by die SA Geneeskundige en Tandheelkundige Raad as 'n tandarts.

Duur: Drie of vier jaar voltydse studie na gelang van die studierigting en die universiteit.

Die graad word in die volgende rigtings deur die verskillende universiteite aangebied:

Gemeenskapstandheelkunde: MEDUNSA, UP, US, UWK, UW
Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie: MEDUNSA, UP, US, UWK, UW
Kaak-, Gesigs- en Mondradiologie: UW
Mondpatologie: UP, US, UW
Ortodonsie: UP, US, UWK, UW
Periodonsie: UP
Periodonsie en Mondgeneeskunde: US, UWK, UW
Prostodonsie: UP, US, UWK, UW

Magister in Tandheelkundige Wetenskappe: M.Sc.Dent. (MEDUNSA) of M.Dent. (UP)
Magister in Natuurwetenskappe in Tandheelkundige Wetenskappe: M.Sc.(Tand. Wet.) (US)
Magister in Natuurwetenskappe (Odontologie): M.Sc.(Odont.) (US)
Magister Scientiae Dentium: M.Sc.(Dent.) (UWK)
Magister Scientiae in Tandheelkunde: M.Sc.(Dent.) (UW)

Doktor in Tandheelkunde: D.Dent. (MEDUNSA)
Doktor in Tandheelkundige Wetenskappe: Ph.D. (MEDUNSA)

Doktor in Tandheelkunde: D.Ch.D. (UP)
Doktor in die Wysbegeerte (Odontologie): Ph.D.(Odont.) (US)
Doktor in Natuurwetenskappe (Odontologie): D.Sc.(Odont.) (US)
Doctor Philosophiae: Ph.D. (UWK)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UW)
Doctor Scientiae in Tandheelkunde: D.Sc.(Dent.) (UW)

DIPLOMAS

Diploma in Gemeenskapsgesondheid (Dent.): D.G.G.(Dent.) (UP)

Toelatingsvereistes: Elke kandidaat moet minstens twee jaar lank in besit wees van die B.Ch.D.-graad en moet by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad as tandarts geregistreer wees.

Duur: Twee jaar deeltydse studie.

Diploma in Gesondheidsadministrasie (Dent.): D.G.A.(Dent.) (UP)

Toelatingsvereistes: Soos vir die D.G.G.(Dent.)

Duur: Twee jaar deeltydse studie. Studente in besit van die D.G.G.(Dent.) word direk tot Deel II van die kursus toegelaat.

BEROEPSDIENS: Die meeste tandartse in die land bevind hulleself in private praktyke. Dit is sekerlik die ideale werksomstandighede, hoewel die hoë koste verbonde aan toerusting en lopende uitgawes steeds in gedagte gehou moet word. Geleenthede bestaan om in vennootskap te tree en die inkomste sal ooreenkomstig die omvang van die praktyk varieer. Tandartse kan ook teen vasgestelde vergoeding by die Departement van Gesondheid en Welsyn of ander organisasies in diens tree, byvoorbeeld die onderwysdepartemente van die vier provinsies wat van tandheelkundige beamptes gebruik maak om skole te besoek; of by hospitale, groot munisipaliteite, sekere groot nywerhede soos Yskor en die myne, en so meer. Aan sekere universiteite is 'n klein aantal tandartse werksaam as tandheelkundige professore en lektore. Verskeie van hulle onderneem ook navorsing. Tandartse kan ook spesialiseer byvoorbeeld in ortodonsie (onreëlmatige groeiende tande regbuig en ander gebreke van die gebit behandel), prostodonsie (passing van kunsgebitte, ens.), en kaak- en mondchirurgie.

TANDHEELKUNDIGE TERAPIE

Universiteite: UDW, MEDUNSA

EERSTE GRADE

Baccalaureus in Tandheelkundige Terapie (UDW)

Addisionele toelatingsvereistes: Slaagsyfers in Wiskunde HG en Biologie HG of Natuur- en Skeikunde HG of 50 % SG in genoemde vakke.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Studente doen vakansiewerk in goedgekeurde klinieke.

Baccalaureus in Tandheelkundige Terapie: B.Tand.Ter. (MEDUNSA)

Addisionele toelatingsvereistes: Slaagsyfers in Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Biologie.

Duur: Drie jaar.

NAGRAADSE GRAAD

Baccalaureus in Tandheelkundige Terapie (Honneurs): B.Tand.Ter.(Hons.) (MEDUNSA)

BEROEPSDIENS: Die tandheelkundige terapeut werk onder die toesig van die tandarts in goedgekeurde Staatstandheelkundige klinieke en hospitale.

TEKSTIELWETENSKAP

Universiteit: UPE

EERSTE GRAAD

Magister Scientiae in Tekstielwetenskap: M.Sc. in Tekstielwetenskap

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet oor een van die volgende minimum kwalifikasies beskik:

- 'n B.Sc. (Tekstiel)-graad
- 'n Diploma in Tekstielingenieurswese, by 'n erkende oorsese tegniese hoërskool of universiteit behaal en wat erken word as gelykstaande aan 'n B.Sc.Hons.-graad
- 'n B.Sc.Hons.-graad in Chemie, Fisika, Wiskunde of Wiskundige Statistiek.

Alle kandidate, behalwe dié in besit van eersgenoemde graad, moet 'n toelatingstoets in een of meer studievelde in Tekstielwese en/of Tekstieltegnologie slaag.

Duur: Een van die volgende studievelde mag vir navorsing gekies word: Tekstielchemie, Tekstielfisika, Meganiese prosessering, Tekstielingenieurswese.

Alle kandidate moet by 'n gevestigde tekstiellaboratorium wat oor die nodige navorsingsfasiliteite beskik, in diens wees.

DOKTORSGRAAD

Philosophiae Doctor in Tekstielwetenskap: Ph.D. in Tekstielwetenskap.

BEROEPSDIENS: Die Tekstielbedryf in Suid-Afrika is 'n belangrike toekomstige bron van groei en werkgeleenthede. Vanweë sy fenomenale uitbreiding bied hierdie kragtige bedryf wonderlike geleenthede aan mans en dames wat as tekstieltegnoloë opgelei is.

Die vooruitsigte is voor-die-hand-liggend. Tekstielwetenskaplikes word gretiglik in diens geneem, hoofsaaklik deur die tekstielvervaardigers in byvoorbeeld die volgende afdelings: was, verkoling, kaard en kam, afduiming en spin, brei, weef, kleuring en afwerking en kwaliteitsbeheer. Gegradueerdes word ook in diens geneem deur byvoorbeeld die Wol en Tekstiel-navorsingsinstituut van die WNNR en die toetsingslaboratoria van die SABS.

TEOLOGIE

Universiteite: UDW, UFH, UN (Pietermaritzburg), UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, UP, RU, US, UNISA, UWK, UZ

UPE en RAU bied ook B.A.-Admissie leergange aan.

EERSTE GRADE

Baccalaureus Theologiae: B.Theol. (UDW)

Baccalaureus in die Teologie: B.Theol. (UFH, UZ)

Baccalaureus Theologiae: B.Th. (UN, UNOORDE, RU)

Baccalaureus Theologiae: B.Th. en die Diploma in Teologie (Geïntegreerde kursus) (UWK)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Duur: Drie jaar voltydse studie aan UNOORDE; drie of vier jaar aan UFH, en vier jaar aan UDW, UN, RU, UWK en UZ.

Baccalaureus Artium: B.A.

UN bied beide Bybelkunde en Godsdiensstudies aan as hoofvakke waarin twee kwalifiserende kursusse geneem kan word. 'n Honneurskursus word in elk van die vakke aangebied.

UK bied Godsdiensstudies en UW Bybel- en Godsdiensstudies aan as hoofvakke vir die B.A.-graad.

Baccalaureus Theologiae: B.Th. (UNISA)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Duur: Minstens drie jaar en nie meer as tien jaar nie.

Baccalaureus Artium met endossement Teologie: B.A. (UP)

Die driejarige kursus word aan studente aangebied met die oog op toelating tot B.D.-studie.

Baccalaureus in die Teologie (Lettere): B.Th.(Lettere) (UZ)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.Th.-graad.

Duur: Drie jaar.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus Divinitatis: B.D. (UDW, UNISA)

Baccalaureus Theologiae: B.Th. (UOVS)

Baccalaureus in die Teologie: B.Th. (US)

Toelatingsvereistes:

UDW: 'n B.A.-graad met Grieks (Oud) II of Hellenistiese Grieks II en Klassieke Hebreeus II en Latyn I of Duits I.

UOVS: 'n B.A.-graad met Grieks II; Hebreeus II, Bybelkunde I of Teologie I, Latyn Spesiaal of Duits Spesiaal of 'n leeskennis van Duits (indien die kandidaat nie Latyn of Duits in die st. 10-eksamen geslaag het nie).

US: 'n Baccalaureusgraad met Hebreeus II en Grieks II of 'n goedgekeurde tweejarige kursus in Hebreeus en Grieks. Studente word sterk aangeraai om 'n leeskennis van Duits te verwerf, desnoods deur Duits I of Duits Spesiaal te volg.

UNISA: 'n B.A.-graad met Klassieke Hebreeus II, Grieks II of Hellenistiese Grieks II, Latyn I of Latyn Spesiaal.

Duur: Drie jaar voltydse studie. Minstens drie jaar aan UNISA.

Theologiae Baccalaureus: Th.B. (PU vir CHO)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad met Semitiese Tale II, Grieks II, Filosofie I en Latyn Spesiaal, of 'n slaagsyfer in Latyn in die st. 10-eksamen; en 'n leeskennis van Duits.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Baccalaureus Divinitatis: B.D. (UP)

Toelatingsvereistes:

Afdeling A - Ned. Hervormde Kerk van Afrika: 'n Baccalaureusgraad en suksesvolle aflegging van: Grieks II, Hebreeus II, Wysbegeerte I, Bybelkunde I; een van die volgende: Latyn, 'n moderne taal, Sielkunde I, Volkekunde I. Grieks en/of Hebreeus moet 'n hoofvak wees. 'n Student moes st. 10-Latyn of Latyn Spesiaal geslaag het. Hy moet 'n leeskennis van Duits hê en verkieslik ook van Frans.

Afdeling B - Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n B.A.-graad met endossement Teologie, of 'n Baccalaureusgraad met Bybelkunde III, Grieks (insluitende Nuwe Testamentiese Grieks) II of Hellenistiese Greeks II, Klassieke Hebreeus II, en 'n leeskennis van Duits.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Baccalaureus Divinitatis: B.D. (RU)

Toelatingsvereistes: 'n B.Th.-graad of 'n ander Baccalaureusgraad.

Duur: Drie jaar. Kandidate wat in besit is van die B.Th.-graad of 'n B.A.-graad met krediete in sekere vakke kan van sommige kursusse vrygestel word.

Lisensiaat in die Teologie (US)

Studente wat die B.Th.-graad verwerf het, word tot die vierdejaarskursus in die Teologie toegelaat ter verkryging van die Lisensiaat in die Teologie.

Die kursus bestaan uit 'n skripsie asook voortgesette studie in die ses vakke wat vir die B.Th.-graad geneem is.

Honneurs Baccalaureus Theologiae: Honns.-B.Th.

en die Lisensiaat in Teologie (UWK)

Toelatingsvereistes: 'n Student wat 'n gemiddelde van minstens 60 % in dieselfde eksamen in die vyf vakke wat vir die B.Th.-graad in die finale jaar vereis word, bereik het, word tot die Honns.-B.Th.-graadkursus toegelaat.

'n Student wat die Diploma in Teologie verwerf het, of wie se gemiddelde slaagpunt vir die B.Th.-graad onder 60 % is, word tot die kursus vir die Lisensiaat in Teologie toegelaat.

Duur: Twee jaar.

Honoris Baccalaureus Artium (Theologiae): B.A.(Theol.)(Hons.) (UDW)
Honneurs Baccalaureus in die Teologie: B.Theol.(Hons.) (UFH)
Honneurs Baccalaureus Artium: B.A.Hons. (UN)
Baccalaureus Theologiae cum Honoribus: B.Th.Hons. (UNOORDE)
Baccalaureus Theologiae met Honneurs: B.Th.(Hons.) (RU)
Honneurs-Baccalaureus Theologiae: Hons.B.Th. (UNISA) of
B.Th.(Hons.) (UZ)

Magister Divinitatis: M.Div. (UDW)
Magister Theologiae: M.Theol. (UDW) of M.Th. (UNOORDE, UOVS, RU, UNISA, UWK)
Magister in die Teologie: M.Th. (UFH, US)
Magister Artium: M.A. (UN)
Theologiae Magister: Th.M. (PU vir CHO)

Doctor Divinitatis: D.D. (UDW, UP, RU)
Doktor in die Teologie: D.Theol. (UFH)
Doctor Theologiae: D.Th. (UNOORDE, UOVS, UNISA, UWK) of D.Theol. (UDW)
Theologiae Doctor. Th.D. (PU vir CHO)
Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D. (UN, RU)
Doktor in die Teologie: D.Th. (US)

DIPLOMAS EN SERTIFIKATE

Sertifikaat in Teologie (UDW)

Toelatingsvereistes: Soos deur die Senaat vasgestel na oorlegpleging met die betrokke denominasies.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Sertifikaat in Teologie (UZ)

Toelatingsvereistes: 'n Student wat in besit is van die B.Th.-graad, maar wat nie kwalifiseer vir die B.Th.(Hons.)-graad nie, en wie se kerk vereis dat hy 'n vyfjarige kursus in teologie vir professionele doeleindes moet voltooi, registreer vir die Sertifikaat in sy vyfde studiejaar.

Duur: Een jaar.

Diploma in Teologie (UFH)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat of volwasse nie-matrikulante.

Duur: Drie of vier jaar voltydse studie.

Diploma in Teologie (RU)

Toelatingsvereistes: Volwasse nie-matrikulante.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Diploma in Teologie: (UNOORDE)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Hoër Diploma in Teologie (UNOORDE)

Toelatingsvereistes: Die Diploma in Teologie of die B.Th.-graad.

Duur: Die leergang is soos vir die B.Th.(Hons.)-graad.

Diploma in Teologie (UNISA)

Toelatingsvereiste: 'n Senior Sertifikaat of 'n gelykstaande sertifikaat.

Duur: Minstens twee jaar.

Diploma in Teologie (UZ)

Toelatingsvereistes: 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling).

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Nagraadse Diploma in Teologie (UOVS)

Toelatingsvereistes: 'n B.Th.-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Duur: Minstens een jaar.

Nagraadse Diploma in Teologie (UP)

Toelatingsvereistes: 'n B.D.-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Duur: Een jaar voltydse studie. 'n Kandidaat wat hom as predikant van die Ned. Geref. Kerk wil laat oplei, moet ook dié Diploma verwerf.

BEROEPSDIENS: Meer as in die geval van die meeste ander studierigtings, behoort voornemende studente vooraf duidelikheid te verkry op die vrae wat rondom 'n studie in die Teologie sentreer. Aangesien Suid-Afrika 'n godsdiensvrye land is en die talle kerkgenootskappe feitllik sonder enige beperking toegelaat word om hul werksaamhede voort te sit en uit te brei, en kerkgenootskappe baie van mekaar verskil wat betref organisasie, opleiding en diensvoorwaardes van predikers, en so meer, is dit nie moontlik om samevattende besonderhede oor almal te gee nie. Daar word dus aanbeveel dat belangstellendes self die nodige inligting van gesaghebbendes in hul besondere kerkorganisasies sal inwin.

Beroepsgeleenthede vir studente in die teologie is nie net beperk tot die beroep van predikant in die verskillende kerkgenootskappe nie. Bybelvertaling, Christelike publikasies, radio- en televisiewese, jeugwerk en onderwys is ander moontlikhede vir die opgeleide teoloog.

<u>TOEGEPASTE LINGUISTIEK/TAALWETENSKAP</u>

<u>Universiteit:</u> UFH

DIPLOMA

<u>Diploma in Toegepaste Linguistiek</u>

<u>Toelatingsvereistes:</u> 'n B.A.-graad met (a) drie kursusse in minstens een van die volgende vakke: Afrikaans-Nederlands, Sotho, Xhosa, Engels; of (b) twee kursusse in minstens twee van die genoemde vakke; of (c) twee kursusse in Linguistiek; of (d) minstens drie jaar bevredigende hoërskool-onderwyservaring in een van die genoemde tale <u>en</u> twee kursusse in een van die genoemde tale vir die B.A.-graad.

<u>Duur</u>: Een jaar. Die leergang behels 'n kursus in Toegepaste Linguistiek en <u>die</u> aanleer van 'n taal waarvan die student geen kennis het nie.

BEROEPSDIENS: Kyk Algemene Taalwetenskap by Beroepsdiens van LETTERE EN WYSBEGEERTE.

<u>VEEARTSENYKUNDE</u>

<u>Universiteite:</u> MEDUNSA, UP.

EERSTE GRADE

<u>Baccalaureus in Veterinêre Medisyne en Chirugie: B.V.M., Ch.</u> (MEDUNSA)

<u>Baccalaureus in Veeartsenykunde: B.V.Sc.</u> (UP)

<u>Addisionele toelatingsvereistes:</u>

MEDUNSA: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % in Wiskunde HG of 50 % in Wiskunde SG <u>en</u> 'n slaagsyfer in Natuur- en Skeikunde SG en in Biologie SG. Aangesien slegs 'n beperkte aantal kandidate toegelaat kan word, word hulle volgens meriete gekeur.

UP: Soos vir die B.Sc.-graad. Aangesien slegs 'n beperkte aantal kandidate toegelaat kan word, word hulle volgens meriete gekeur. Daar die sluitingsda-

tum vir toelating 31 Augustus is, is die basis van keuring vir matrikulante die gemiddelde persentasie behaal in die standerd nege eksamen.

Duur: Ses jaar voltydse studie aan MEDUNSA en vyf en 'n half jaar voltydse studie aan UP.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus Honores in Veeartsenykunde: B.V.Sc.(Hons.) (UP)

Magister in Veeartsenykunde: M.Med.(Vet.) (MEDUNSA)
Magister in Veterinêre Medisyne: M.Med.Vet. (UP)

Doktor in Veeartsenykunde: D.V.Sc. (MEDUNSA, UP)

DIPLOMA

Diploma in Gemeenskapsgesondheid (Vet.): D.G.G.(Vet.)(Nagraads) (UP)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van die B.V.Sc.- of gelykstaande graad, en moet by die Suid-Afrikaanse Veterinêre Raad as veearts geregistreer wees.

Duur: Twee jaar deeltydse studie.

BEROEPSDIENS: Die Fakulteit Veeartsenykunde lei mans en dames op om praktisyns, dosente en navorsers in die wetenskap en kuns van veeartsenykunde te word. Veeartse beywer hulle om die gesondheid van plaasdiere, pluimvee en geselskapsdiere te beskerm en om openbare gesondheid te bevorder. As biomediese loopbaan is dit 'n leefwyse wat sterk beroepsgerigte motivering en toewyding vereis. Die volgende vertakkinge van die veeartsenykunde bied almal uitdagende werksgeleenthede:

- Privaat praktyk, soms in vennootskap met ander veeartse. Sommige spesialiseer en behandel slegs beeste en kleinvee; geselskapdiere; resiesperde; pluimvee of varke.

- Farmaseutiese nywerheid, proefdierkunde, wildbewaring, dieretuine, dierebeskermingsverenigings, munisipaliteite, slagplaasbedryf neem veeartse in diens.

- Staatsdepartemente soos die Polisiemag en die SA Weermag asook die Departement van Landbou en Watervoorsiening waar hulle gemoeid is met:

    - Navorsing op groot en intensiewe skaal by die Navorsingsinstituut te Onderstepoort. Hier is geleentheid om in een of meer van twaalf afdelings te spesialiseer. Werksaamhede sluit ook in die vervaardiging en verspreiding van entstof.

    - Velddienste en voorligting, wat insluit besoeke aan boere, hulpverlening aan staatsdepartemente, roetine-laboratoriumpligte en so meer. 'n Staatsveearts word bygestaan deur 'n aantal vee-inspekteurs op buiteposte in sy gebied.

- Daar bestaan ook die moontlikheid van 'n pos as dosent aan die Universiteit van Pretoria en MEDUNSA.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhde oor die Nasionale Diploma in Veeartsenykundige Tegnologie.

VERPLEEGKUNDE

Universiteite: Al die universiteite behalwe UDW, RU en VISTA

EERSTE GRADE

Baccalaureus Scientiae (Verpleegkunde): B.Sc.(Verpl.) (UK)

Addisionele toelatingsvereistes: Slaagsyfers in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG of minstens 50 % in dié vakke. Elke kandidaat moet 'n mediese sertifikaat indien en minstens 17 jaar oud wees.

Suksesvolle applikante moet voltydse diens as studentverpleegsters by die Groote Schuur-hospitaal aanvaar vir 'n proeftyd van twee maande met ingang van Januarie. Aan die einde van die proeftyd vind die finale keuring vir toelating plaas.

Duur: Vier jaar. Praktiese verplegingsondervinding word in samewerking met die verpleegkundiges en ander personeel van die Groote Schuur-hospitaal uitgevoer.

Baccalaureus Curationis: B.Cur. (UFH, UPE, UWK)

Baccalaureus in Verpleegkunde: B.Cur. (MEDUNSA, UP, RAU, UZ)

Addisionele toelatingsvereistes: Bewys van inskrywing as 'n studentverpleegkundige by 'n opleidingshospitaal wat deur die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging goedgekeur is.

UFH: Opleiding van verpleegkundiges word in samewerking met die Ciskeise Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene by die Cecilia Makiwane-hospitaal uitgevoer.

MEDUNSA: 'n Slaagsyfer in Wiskunde. Addisionele wetenskapvakke sal 'n aanbeveling wees. 'n Student sal 'n opleidingspos as studentverpleegkundige aan die Ga-Rankuwa-hospitaal vir die duur van die kursus beklee.

UP, RAU: Wiskunde of Natuur- en Skeikunde op matrikulasiepeil sal 'n sterk aanbeveling wees.

UWK: Slegs 'n beperkte aantal kandidate sal tot die kursus toegelaat word. Aansoeke moet die Hoofverpleegdiensbestuurder, Tygerberg-hospitaal, Parowvallei 7503, nie later as 31 Oktober van die voorafgaande jaar bereik nie. Gedurende die studiejare bly die studentverpleegkundige op die diensstaat van die Tygerberg-hospitaal.

Duur: Vier en 'n halfjaar.

Baccalaureus Artium (Curationis): B.A.Cur. (UFH)

Addisionele toelatingsvereistes: Soos vir die B.Cur.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse studie of vier jaar deeltydse studie.

Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe (gekwalifiseer as 'n verpleegster): B.Soc.Sc. (UN)

Baccalaureus Artium et Scientiae (Verpleegkunde): B.Art. et Scien. (Verpl.) (PU vir CHO)

Baccalaureus Scientiae in Verpleegkunde: B.Sc.(Verpleegkunde) (UW)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet 'n ingeskrewe studentverpleegkundige wees aan 'n hospitaal wat deur die SA Raad op Verpleging as 'n opleidingshospitaal goedgekeur is, en waar alle praktiese opleiding vir die volle duur van die kursus sal plaasvind.

PU vir CHO: Voorkeur aan kandidate wat Wiskunde en/of Natuur- en Skeikunde en/of Biologie as standerd tien vakke geslaag het. Studente word gekeur.

UW: Soos vir die M.B., B.Ch.-graad. Kyk GENEESKUNDE.

Duur: Vier jaar.

Na voltooiing van die graadkursus kan studente aan PU vir CHO vir 'n verdere semester in Psigiatriese Verpleegkunde en Praktiese Werk opgelei word.

Na voltooiing van die graadkursus moet studente aan UW 'n addisionele sesmaande kursus in Psigiatriese Verpleegkunde volg.

Baccalaureus Societatis Scientiae in Verpleegkunde: B.Soc.Sc.(Verpl.) (UOVS)

Addisionele toelatingsvereistes: Bewys van inskrywing as 'n studentverpleegkundige aan 'n goedgekeurde opleidingshospitaal.

Duur: Drie jaar. Studente in besit van dié graad kan alleenlik by die SA Raad op Verpleging as 'n verpleegkundige registreer na suksesvolle aflegging van die graad B.Soc.Sc.Hons.(Verpl.). Die Honneurskursus strek oor drie semesters voltydse studie.

Baccalaureus in Verpleegkunde: B.Verpleegkunde (US)

Addisionele toelatingsvereistes: Slegs 'n beperkte getal studente word jaarliks tot die kursus toegelaat. Studente word gedurende September van die voorafgaande jaar gekeur. Aansoeke moet die Registrateur voor 30 Junie bereik.

Duur: Gedurende die vyf jaar van die graadkursus bly studente op die diensstaat van die Tygerberg-hospitaal as studentverpleegkundiges. Aansoek moet ook by die Superintendent, Tygerberg-hospitaal gedoen word.

NA-REGISTRASIE GRADE

Baccalaureus Artium in Verpleegkunde: B.A.(Cur.) (UNISA)

Toelatingsvereistes: 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) en bewys van registrasie by die SA Raad op Verpleging:

(i) as algemene verpleegkundige en as vroedvrou in die geval van 'n dame student wat vir Leergang A,B,D of F wil registreer; of

(ii) as algemene verpleegkundige, as vroedvrou en as gemeenskapsgesondheidsverpleegkundige in die geval van 'n student wat vir Leergang C wil registreer; of

(iii) as algemene verpleegkundige in die geval van 'n damestudent wat vir Leergang E wil registreer; of

(iv) as verpleegkundige of psigiatriese verpleegkundige in die geval van 'n manstudent, ongeag die leergang waarvoor hy wil registreer.

Duur: Minstens drie jaar. 'n Student kies een van die volgende ses leergange. Die hoofvakke is by elkeen genoem.

A. Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde en Verpleegadministrasie
B. Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde en Verpleegonderwys
C. Verpleegadministrasie en Verpleegonderwys
D. Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde en Etos van Verpleging en Professionele Praktyk
E. Verpleegadministrasie en Etos van Verpleging en Professionele Praktyk
F. Verpleegonderwys en Etos van Verpleging en Professionele Praktyk.

Baccalaureus in Verpleegkundige Onderwys en Verpleegkundige Administrasie: B.Cur. I. et A. (MEDUNSA)

Baccalaureus Curationis (Instructionis et Administrationis): B.Cur. (I.et A.) (UNOORDE)

Baccalaureus Curationis (Institutionis et Administrationis): B.Cur. (I. et A) (UPE)

Baccalaureus in Verpleegkunde (Onderrig en Administrasie): B.Cur. (I. et A.) (UP)

Baccalaureus in Verpleegkundige Onderwys en Administrasie: B.Cur. (Ed. et Adm.) (RAU) of

B.Cur. (E. et A.) (UZ)

Toelatingsvereistes: Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) en 'n bewys van registrasie as verpleegkundige by die SA Raad op Verpleging.

Addisionele vereistes:

UNOORDE: Bewys van registrasie as algemene verpleegster en vroedvrou of algemene verpleegster/verpleër en psigiatriese verpleegster/verpleër; en minstens twee jaar ondervinding as geregistreerde verpleegster/verpleër in die hospitaal of buite-inrigting- gesondheidsdienste. Applikante word op meriete gekeur. Wiskunde en/of Natuur- en Skeikunde/Algemene Wetenskap op st. 10-peil sal 'n aanbeveling wees.

UPE: 'n Damestudent wat vir kursusse in Gemeenskapsverpleegkunde wil inskryf, moet ook as vroedvrou geregistreer wees, of in die geval van 'n manstudent, as algemene verpleegkundige; en minstens twee jaar ondervinding van kliniese verpleging in 'n voltydse hoedanigheid.

UP, RAU: 'n Kandidaat wat Gemeenskapsverpleegkunde wil volg, moet ook as vroedvrou geregistreer wees, of as algemene verpleegkundige en psigiatriese verpleegkundige.

Duur: Drie jaar voltydse studie of vier jaar deeltydse studie. UNOORDE en UZ bied die kursus slegs op 'n voltydse basis aan.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe (Honneurs): B.Soc.Sc.Hons. (UN)
Honneursbaccalaureus Societatis Scientiae in Verpleegkunde: B.Soc.Sc.Hons. (Verpl.) (UOVS)
Baccalaureus Curationis Honores: B.Cur.Hons. (UPE)
Baccalaureus Honores in Verpleegkunde: B.Cur.(Hons.) (UP)
Honneurs-Baccalaureus in Verpleegkunde: Hons.-B.Verpleegkunde (US)
Honneurs-Baccalaureus Artium in Verpleegkunde: Hons.-B.A.(Cur.) (UNISA)
Honneurs-Baccalaureus Curationis: Hons.-B.Cur. (UWK)

Magister Scientiae (Verpleegkunde): M.Sc. (Verpleegkunde) (UK)
Magister in Sosiale Wetenskappe: M.Soc.Sc. (UN)
Magister Societatis Scientiae in Verpleegkunde: M.Soc.Sc.(Verpl.) (UOVS)
Magister Curationis: M.Cur. (UFH, UPE, UWK)
Magister Artium et Scientiae (Verpleegkunde): M.Art. et Scien. (Verpl.) (PU vir CHO)
Magister in Verpleegkunde: M.Cur. (UP, RAU) of M.Verpleegkunde (US)
Magister Artium in Verpleegkunde: M.A.(Cur.) (UNISA)
Magister Scientiae in Verpleegkunde: M.Sc. (Verpleegkunde) (UW)
Magister Philosophiae: M.Phil. (RAU)

Doktor in die Wysbegeerte: Ph.D.
Doktor in Sosiale Wetenskappe: D.Soc.Sc. (UN)
Doctor Societatis Scientiae in Verpleegkunde: D.Soc.Sc.(Verpl.) (UOVS)
Doctor Curationis: D.Cur. (UPE, UWK)
Doctor Philosophiae: D.Phil. (PU vir CHO)
Doktor in Verpleegkunde: D.Cur. (UP, RAU) of D.Verpleegkunde (US)
Doctor Litterarum et Philosophiae: D.Litt. et Phil. (UNISA)

DIPLOMAS

Diploma in Bedryfsverpleegkunde: Dipl. Bedr. (Verpl.) (PU vir CHO)

Toelatingsvereistes: Minstens 'n Senior Sertifikaat en 'n Diploma òf 'n graad in Verpleegkunde en bewys van registrasie by die SA Raad op Verpleging as algemene en verloskundige verpleegkundige of algemene en psigiatriese verpleegkundige of algemene verpleegkundige en enige diploma wat by die Raad geregistreer is.

Duur: Een jaar. Die kursus word oor agt voltydse weke, vir 14 dae gedurende Februarie, Mei, Augustus en Oktober onderskeidelik, aangebied.

Diploma in Gemeenskapsverpleegkunde (UPE)

Diploma in Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde (UZ)

Toelatingsvereistes:

UPE: 'n Senior Sertifikaat; bewys van registrasie as algemene verpleegkundige en as vroedvrou, of in die geval van 'n manlike kandidaat, as algemene verpleegkundige; en 'n prestasiepunt van 60 in die toelatingseksamen.

UZ: 'n Matrikulasie Sertfifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling); bewys van registrasie by die SA Raad op Verpleging as 'n algemene verpleegkundige en as vroedvrou.

Duur: Een jaar voltydse studie.

Diploma in Gevorderde Algemene Verpleegkunde: Dip.G.A.V. (UPE)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat; bewys van registrasie by die SA Raad op Verpleging as algemene verpleegkundige en as vroedvrou, of in die geval van mans as algemene verpleegkundiges met een ander na-basiese registrasie; en ten minste twee jaar ondervinding van algemene verpleging.

Duur: Minstens twee jaar.

Diploma in Gevorderde Kliniese Verpleegkunde (US)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat; 'n sertifikaat van registrasie as algemene verpleegkundige en as vroedvrou of as psigiatriese verpleegkundige by die SA Raad op Verpleging; twee jaar ondervinding as 'n geregistreerde verpleegkundige; en geslaag het in 'n toelatingseksamen wat gedurende September vóór die aanvang van die kursus afgelê moet word.

Duur: 18 maande studie en praktiese opleiding in hospitaalafdelings.

Diploma in Gevorderde Verpleegkunde (UNISA)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat en bewys van registrasie as 'n verpleegster/verpleër. 'n Damestudent wat Gemeenskapsgesondheidsverpleegkunde II en/of Verpleegonderwys II wil neem, moet ook as vroedvrou geregistreer wees.

Duur: Minstens twee jaar.

Na-basiese Diplomas in Verpleegkunde (UOVS)

Die volgende diplomas kan verwerf word:

- Na-basiese Diploma in Verplegingsadministrasie
- Na-basiese Diploma in Verplegingsonderwys
- Na-basiese Diploma in Gemeenskapsgesondheidsorg
- Na-basiese Diploma in Onkologiese Verpleegkunde

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat en 'n bewys van registrasie as 'n algemene verpleegster/verpleër of 'n psigiatriese verpleegster/verpleër en twee jaar toepaslike ervaring.

Duur: Een jaar voltydse studie.

Diploma in Onkoterapieverpleegkunde (UP)

Toelatingsvereistes: 'n Bewys van registrasie as algemene verpleegster/verpleër en 'n goedgekeurde graad in Verpleegkunde of die Diploma in Algemene Verpleegkunde.

Duur: Een akademiese jaar.

Diploma in Operasiesaaltegniek (UWK)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat; 'n sertifikaat van lopende registrasie by die SA Raad op Verpleging as 'n algemene verpleegkundige; bewys van lopende lidmaatskap van die SA Verpleegstersvereniging; en ten minste ses maande kliniese ondervinding in 'n goedgekeurde operasiesaal.

Duur: 18 maande voltydse studie. Die kursus begin op 1 Januarie.

Diploma in Verpleegadministrasie (MEDUNSA, UNOORDE, UPE, UP, US, UW, UZ)

Toelatingsvereistes: 'n Senior Sertifikaat en bewys van registrasie by die SA Raad op Verpleging as 'n algemene verpleegkundige of 'n psigiatriese verpleegkundige. Sommige universiteite vereis registrasie as 'n vroedvrou en minstens twee jaar ondervinding as 'n geregistreerde verpleegkundige in 'n hospitaal.

Duur: Een of twee jaar voltydse studie.

Diploma in Verpleegadministrasie en Gemeenskapsgesondheid (UFH)

Diploma in Verpleegadministrasie en Gemeenskapsverpleegkunde (UPE, UWK)

Diploma in Verplegingsadministrasie en Gemeenskapsverpleegkunde: D.V.A. en G. (RAU)

Toelatingsvereistes:

UFH: 'n Matrikulasiesertifikaat of 'n Senior Sertifikaat (Matrikulasievrystelling) en bewys van registrasie by die SA Raad op Verpleging as algemene verpleegkundige.

UPE: 'n Senior Sertifikaat en bewys van registrasie as algemene verpleegkundige en as vroedvrou, of in die geval van mans as verpleegkundige plus enige ander na-basiese registrasie; en minstens twee jaar ondervinding in kliniese verpleging na registrasie.

RAU: 'n Senior Sertifikaat en bewys van registrasie as 'n algemene verpleegkundige.

UWK: 'n Senior Sertifikaat; 'n sertifikaat van lopende registrasie as algemene verpleegkundige of psigiatriese verpleegkundige by die SA Raad op Verpleging; bewys van lopende lidmaatskap van die SA Verpleegstersvereniging; en vyf jaar goedgekeurde ondervinding as 'n geregistreerde verpleegkundige.

Duur: Drie jaar voltydse studie aan UFH; twee jaar aan UPE; drie semesters aan RAU en 18 maande aan UWK.

Diploma in Verpleegonderwys (MEDUNSA, UN, UNOORDE, UPE, PU vir CHO, UP, UW, UZ)

Diploma in Verpleegkundige Onderrig: D.V.O. (RAU)

Diploma in Verplegingsonderwys (US)

Toelatingsvereistes: Soos vir die Diploma in Verpleegadministrasie. Sommige universiteite vereis registrasie by die SA Raad op Verpleging in die vakdidaktiek.

Duur: Een en 'n halfjaar of twee jaar voltydse studie. Een jaar voltydse studie na 'n graad in Verpleegkunde aan PU vir CHO, UP, RAU en UW.

Diploma in Verpleegonderwys en Gemeenskapsverpleegkunde (UPE)

Diploma in Verplegingsonderwys en Gemeenskapsverpleegkunde: D.V.O. en G.V. (UWK)

Toelatingsvereistes:

UPE: Soos vir die Diploma in Verpleegadministrasie en Gemeenskapsverpleegkunde.

UWK: 'n Senior Sertifikaat; 'n geldige sertifikaat van registrasie as algemene of psigiatriese verpleegkundige by die SA Raad op Verpleging; en twee jaar ondervinding as 'n geregistreerde verpleegkundige in die betrokke vertakking.

Duur: Twee jaar voltydse studie.

BEROEPSDIENS: Verpleegkunde is gemoeid met die behandeling en versorging van persone wat ly aan of herstel van 'n fisiese of geestesongesteldheid. Hierdie sorg geskied tydens die hele lewensloop van die mens en moet daarom ook voorkomend, bevorderend, genesend en rehabiliterend van aard wees. Dit moet individue, gesinne, groepe en gemeenskappe insluit.

Vir die jong aspirant-verpleegkundige is daar die geleentheid om met alle aspekte van die beroep kennis te maak en as geregistreerde verpleegkundige word die verworwe kennis ten volle benut en uitgebrei om 'n naastediens te lewer.

Hoewel die basiese behoeftes van pasiënte onveranderd gebly het, het verpleging, as gevolg van die geweldige wetenskaplike vooruitgang van die geneeskunde, vandag 'n hoogs gespesialiseerde beroep geword en vereis die pligte en verantwoordelikhede van die verpleegkundige 'n baie hoë peil van opleiding en vaardigheid. Die verpleegkundige moet ook na die pasiënt kan luister en die gekwelde gemoed probeer verstaan; die pasiënt inspireer wanneer sy eie hoop verflou het en hom lei tot aanvaarding en berusting indien daar nie hoop op genesing is nie. Die verpleegkundige moet dus werklik begerig wees om sy medemens te help en te dien. Die werk vereis intelligensie, geduld, takt, onselfsugtigheid en simpatieke optrede, maar tog moet hy emosioneel gebalanseerd wees en ferm kan optree indien nodig.

Geregistreerde verpleegkundiges is oor die hele land in aanvraag. Die mees algemene werkplek van 'n verpleegkundige is 'n hospitaal, maar daar is ook heelwat ander terreine van indiensneming. Provinsiale en ander hospitale, onderwysdepartemente, Staatsdepartemente soos die Suid-Afrikaanse Weermag; munisipaliteite, geneeshere en spesialiste, nywerheidsorganisasies en so meer, neem almal verpleegkundiges in diens.

Verdere inligting oor opleiding en aspekte soos salarisse, diensvoorwaardes, bevordering, ens. kan op aanvraag verkry word van: Die Uitvoerende Direkteur, SA Verpleegstersvereniging, Privaatsak X105, Pretoria 0001.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die opleiding van verpleegsters buite die universiteite.

VERTALING

Universiteite: RU, US, UNISA, UW

EERSTE GRADE

Baccalaureus Artium (Vertaling): B.A. (Vertaling) (RU)

Toelatingsvereistes: Soos vir die B.A.-graad.

Duur: Drie jaar voltydse studie.

Magister Artium in Vertaling: M.A. (Vertaling) (UW)

Toelatingsvereistes: 'n Gegradueerde in enige fakulteit. Hierby moet die applikant die Senaat in 'n toelatingseksamen oortuig dat hy in minstens drie tale, met insluiting van minstens een amptelike taal, bedrewe is. 'n Kandidaat wat die keuserigting Hofvertolking wil neem, moet in albei amptelike tale bedrewe wees.

Duur: Twee jaar voltydse studie. Die leergang behels Dele I en II wat elk een jaar duur. Deel II sluit twee keuserigtings in, naamlik Vertaling en Hofvertolking.

DIPLOMAS

Nagraadse Diploma in Vertaling (RU)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n graad wat vir die doel goedgekeur is, of tot die status van sodanige graad toegelaat wees, en voldoen het aan die vereistes van die Aanlegtoets in Vertaling.

Duur: Minstens een jaar.

Nagraadse Diploma in Vertaling (US)

Toelatingsvereistes: 'n Baccalaureusgraad wat vir die doel goedgekeur is. Kandidate moet in 'n taalvaardigheidstoets slaag.

Leergang: Een jaar voltydse studie. Daar word van elke student verwag om in die wintervakansie 'n maand lank by 'n erkende vertaalkantoor te werk.

Diploma in Vertaling (UNISA)

Toelatingsvereistes: 'n Kandidaat moet

- in besit wees van 'n erkende Baccalaureusgraad;

- binne die raamwerk van die kursus twee tale kies: met dien verstande dat minstens een van die tale 'n amptelike taal moet wees; en

- 'n hoë mate van vaardigheid in dié twee tale besit.

Duur: Minstens een akademiese jaar.

BEROEPSDIENS: Suid-Afrika met sy veeltalige bevolking, twee amptelike tale en vinnig ontwikkelende internasionale kontakte op die gebied van die handel, wetenskap en tegnologie het 'n groeiende behoefte aan hoog gekwalifiseerde vertalers en tolke.

'n Vertaler is basies 'n taalbemiddelaar wat kommunikasiekanale daarstel op gebiede wat wissel van wetgewing en die verslae van regeringskommissies tot werkswinkelhandleidings, resepboeke en wetenskaplike navorsingsverslae. 'n Opgeleide vertaler word allerweë as 'n taalkenner beskou en moet derhalwe gevoelige insig in talle aspekte van taalgedrag ontwikkel.

Vertalers moet soms as tolke (mondelinge vertalers) optree. Ofskoon dit aan vertaling verwant is en die basiese opleiding dieselfde is, is tolkwerk 'n heeltemal ander beroep.

Afgesien van uitstekende vaardigheid in ten minste twee tale, moet die vertaler oor 'n veelsydige intellek beskik ten einde die verskillende gebiede van sy besondere kennisveld met gemak te hanteer. Hy moet ook in staat wees om ingewikkelde en subtiele begrippe in die brontaal te begryp en doeltreffend in die doeltaal oor te dra. Hy moet 'n wye belangstellingsveld hê en goed ingelig wees oor aktuele sake op die gebied van die politiek, ekonomie, onderwys, maatskaplike lewe, wetenskap en tegnologie.

Werkgeleenthede vir vertalers bestaan onder meer in die Staatstaaldiens van die Departement van Nasionale Opvoeding wat 'n groot vertaalpersoneel in diens het, asook die taaldiensafdelings van die SA Weermag, die provinsiale administrasies, die groter munisipaliteite, SA Vervoerdienste, die WNNR, RGN, SAUK en SATV. Meeste van die Swart nasionale state beskik oor die dienste van vertalers en terminoloë in hulle administrasies. Werkverskaffers in die privaatsektor is onder meer mynmaatskappye, banke, reklame-agentskappe, koerante en versekeringsmaatskappye.

VISSERY-WETENSKAP

Universiteit: RU

DIPLOMA

Diploma in Visserye-wetenskap (Nagraads)

Toelatingsvereistes: 'n B.Sc.-graad met Dierkunde of 'n gelykwaardige vak as 'n hoofvak, of 'n Baccalaureusgraad in Landbou of Veeartsenykunde of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Duur: Een jaar voltydse studie.

BEROEPSDIENS: Igtiologie is die studie van die ordening, evolusie, biologie, ekologie en fisiologie van visse, terwyl Vissery-wetenskap die studie en bestuur van vislewe in 'n beheerde (gevange) of wilde staat is. Dit sluit derhalwe aspekte van igtiologie, limnologie, oseanografie, akwakultuur, ekonomie, bemarking, voedselverwerking, asook omgewingsleer in.

Visse is die vorm van resente vertebrate wat die oorvloedigste voorkom, met meer as 20 000 beskryfde spesies. Die vislewe verteenwoordig derhalwe 'n belangrike graad van evolusie, en toon 'n merkwaardige reeks anatomiese, fisiologiese en gedragsaanpassings by hulle omgewing. Vis maak ook in baie wêrelddele 'n uiters belangrike bron van voedsel uit.

Die Departement van Igtiologie en Vissery-wetenskap van Rhodes-universiteit, die enigste in sy soort in Suidelike Afrika, is ingestel ten einde te voldoen aan die toenemende behoefte aan die behoorlike opleiding van vissery-personeel in die subkontinent. Benewens die Diploma in Vissery-wetenskap bied die departement 'n B.Sc. Honneursgraad in Igtiologie en Vissery-wetenskap aan. Voornemende studente moet in besit wees van 'n B.Sc.-graad met Dierkunde of Biologie as hoofvak of 'n gelykwaardige kwalifikasie.

Igtioloë word deur onder meer natuurreservate, museums en navorsingsinstitute in diens geneem as omgewingskonsultante; deur skole en universiteite in onderrigposte, asook deur die vissery- en akwakultuurbedryf. Die uitbreidende gebied van die vissery-wetenskap bied ook loopbaangeleenthede in voedselverwerking, toerustingtegnologie, die vissery-ekonomie, die integrering van die akwakultuur in die landbou, asook in vissery-bestuur.

## VOEDING

Universiteite: UNOORDE, US

EERSTE GRADE

Baccalaureus in Voeding: B.Voeding (UNOORDE, US)

Addisionele toelatingsvereistes: Slegs 'n beperkte aantal studente word toegelaat.

UNOORDE: Soos vir die B.Sc.-graad.

US: 'n Slaagsyfer in Wiskunde. Studente word sterk aangeraai om Natuur- en Skeikunde en/of Biologie en/of Fisiologie vir die st. 10-eksamen te neem.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Magister in Voeding: M. in Voeding (US)

Toelatingsvereistes: Hons.-B.Sc. (Dieetkunde) òf B.Sc. (met Dieetkunde) plus die Diploma in Hospitaaldieetkunde òf M.B., Ch.B. of 'n ander toereikende standaard van bekwaamheid.

Duur: Een jaar na 'n Honneursgraad, anders twee jaar.

BEROEPSDIENS: Suid-Afrika stel 'n unieke uitdaging aan voedingkundiges in die lig van die hoë voorkoms van voedingverwante siektes by al die bevolkings-

groepe. By die laer inkomstegroepe gee dieetkundig ontoereikende voedselinname aanleiding tot siektes soos kwasjiorkor en marasme of vermaering. Ongeag die verwestersing van die bevolking en die gepaardgaande verbetering in finansiële en sosiale status, word bevind dat daar 'n groot toename in siektetoestande soos vetsug, koronêre hartsiektes en suikersiekte by Suid-Afrikaners te bespeur is.

Voedingkundiges, dokters en geneeskundiges deel die verantwoordelikheid vir die voorkoming van wanvoeding in Suid-Afrika. Daar is 'n dringende behoefte aan voedingkundiges as lede van die mediese span wat betrokke is by sowel die terapeutiese behandeling van die pasiënt as die ondersoek na die oorsake, metabolisme en progressie van voedingsverwante siektes, asook by die opvoeding en opleiding van die publiek ten einde 'n afname in die voorkoms van hierdie siektes te bevorder.

Voedingswetenskap kan gedefinieer word as die studie van voedsel en die voedingswaarde daarvan, en van die rol wat die werking van en interaksie en balans tussen hierdie voedingstowwe by die bevordering van gesondheid asook by die prosesse van voedselinname, spysvertering, absorpsie, voedselbenutting en uitskeiding speel. 'n Diepte-studie van voedingkunde word moontlik gemaak deur 'n omvattende en diepgaande kennis van onder meer Fisiologie, Biochemie en Mikrobiolgie.

Daar bestaan 'n wye reeks loopbaanmoontlikhede vir voedingkundiges:

* Terapeutiese spesialisering in 'n hospitaal vir die versorging van pasiënte met probleme soos suikersiekte, koronêre hartsiekte, chirurgiese en nierdialise.

* Uitbreidingsprogramme by hospitaalklinieke, daghospitale en afdelingsraadklinieke vir die voorkoming van voedingverwante siektes.

* Navorsing in sowel die privaatbedryf as staatsinstansies.

* Voedselbedrywe wat gemoeid is met die ontwikkeling van nuwe produkte soos babakos en spesiale dieetvoedsels.

* Privaatpraktyke waar 'n gespesialiseerde diens aan pasiënte en aan die mediese professie gelewer word.

<u>VOEDSELWETENSKAP</u>

<u>Universiteit:</u> US

Aan die Universiteit van Pretoria is Voedselwetenskap een van die hoofvakke vir die B.Sc.(Agric.)-graad. Kyk LANDBOU.

EERSTE GRAAD

<u>Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Voedselwetenskap: B.Sc. in Voedselwetenskap</u>

<u>Addisionele toelatingsvereistes:</u> Soos vir die B.Sc. Agric.-graad. Kyk LANDBOU.

Duur: Vier jaar voltydse studie.

Studente moet vir minstens twee maande van hul somer- en/of wintervakansies praktiese werk in goedgekeurde voedselfabrieke of voedselnavorsingsinrigtings doen.

NAGRAADSE GRADE

Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Voedselwetenskap: Hons.-B.Sc. in Voedselwetenskap

Magister in die Natuurwetenskappe in Voedselwetenskap: M.Sc. in Voedselwetenskap

Doktor in die Natuurwetenskappe in Voedselwetenskap: D.Sc. in Voedselwetenskap
Doktor in die Wysbegeerte (Voedselwetenskap): Ph.D. (Voedselwetenskap)

BEROEPSDIENS: Alhoewel die voedselbedryf die grootste en stabielste bedryf in die wêreld is, moet dit steeds tred hou met die snelle aanwas van die wêreldbevolking. Dit is ook een van die bedrywe met die grootste behoefte aan wetenskaplikes en tegnoloë, aangesien die voorsiening van geskikte en gesonde voedsel 'n lewensnoodsaaklikheid is. Ook Suid-Afrika het voedselwetenskaplikes en -tegnoloë dringend nodig. Hulle speel 'n sleutelrol in die moderne voedselnywerheid en is onontbeerlik vir die bedryf van die toekoms, dus ook vir die ontwikkeling en welsyn van die hele land. Die groot verskeidenheid van vervaardigde voedselprodukte wat vandag te koop aangebied word en wat die verbruiker soveel moeite en tyd aan voorbereiding bespaar, is die prestasie van die voedselwetenskap.

In Voedselwetenskap word 'n deeglike studie gemaak van die chemie, biochemie, fisiologie, mikrobiologie en fisika van alle soorte eetbare dierlike en plantaardige materiaal. Hierdie kennis word in die tegnologie toegepas om 'n groot verskeidenheid produkte op verskillende maniere te preserveer en te verwerk. Die gevolg is dat smaaklike, voedsame en heilsame voedsel, wat nie sommer sal bederf nie, ekonomies deur die nywerheid geproduseer word. Voedselwetenskap is dus die toepassing van die basiese wetenskappe op voedsel.

Voedselwetenskaplikes aanvaar poste onder andere by navorsingsinstitute van die Departement van Landbou en Watervoorsiening en die WNNR. By die SABS onderneem hulle kwaliteitskontrole asook by voedselfabrieke en landboubeheerrade. Die vervaardiging van voedselprodukte geskied in fabrieke onder beheer en toesig van voedselwetenskaplikes. Doseerposte bestaan ook by universiteite, landboukolleges en technikons.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Voedseltegnologie.

VOORLIGTINGSIELKUNDE

Universiteite: UDW, UFH, UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US, UNISA, UWK

GRADE

Hons.B.A. (Voorligtingsielkunde) of

Hons.B.Sc. (Voorligtingsielkunde) (US)

Toelatingsvereistes: Alle gegradueerde persone met Voorligtingsielkunde III wat reeds in 'n betrekking staan waar hulle sielkundige voorligtingswerk verrig, soos diensdoende skoolsielkundiges, sielkundiges in die Departement van Mannekrag, en in Maatskaplike Dienste.

Duur: Drie jaar deeltydse studie.

M.A. (Voorligtingsielkunde) of

M.Sc. (Voorligtingsielkunde) (US)

Toelatingsvereistes: Studente wat in besit is van die Honneursgraad in Voorligtingsielkunde, en wat reeds in 'n betrekking staan waar hulle sielkundige voorligtingswerk verrig.

Duur: Een akademiese jaar.

Magister Artium in Voorligtingsielkunde: M.A. (Voorligtingsielkunde) (UDW, UNISA)
Magister Scientiae in Voorligtingsielkunde: M.Sc. (Voorligtingsielkunde) (UDW)
Magister Artium: M.A. (UFH, UN, PU vir CHO, RU)
Magister Scientiae: M.Sc. (UFH, RU)
Magister Artium (Voorligtingsielkunde): M.A. (Voorligtingsielkunde) (UOVS)
Magister Scientiae (Voorligtingsielkunde): M.Sc. (Voorligtingsielkude) (UOVS)
Magister Societatis Scientiae (Voorligtingsielkunde): M.Soc.Sc. (Voorligtingsielkunde) (UOVS)
Magister Artium in Voorligtingpsigologie: M.A. Voorlig.Psig. (UPE)
Magister in Lettere en Wysbegeerte (Voorligtingsielkunde): M.A. (Voorligtingsielkunde) (UP)
Magister in die Lettere en Wysbegeerte: M.A. (RAU)
Magister Psychologiae: M.Psych. (UWK)

Toelatingsvereistes: 'n Honneursgraad in Sielkunde.

Duur: Twee jaar. Een jaar teorie en praktiese werk en een jaar voltydse internskap by 'n inrigting wat deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad vir die doel goedgekeur is. 'n Verhandeling moet ook ingedien word.

Doktorsgrade: Kyk LETTERE EN WYSBEGEERTE, SUIWER NATUURWETENSKAPPE en SOSIALE WETENSKAPPE.

BEROEPSDIENS: Kyk beroepsdiens van Sielkunde onder LETTERE EN WYSBEGEERTE.

WEERKUNDE

Universiteit: UP

EERSTE GRAAD

Baccalaureus in Wis- en Natuurkunde in Weerkunde: B.Sc. (Weerkunde)

Addisionele toelatingsvereistes: 'n Minimum slaagsyfer van 40 % (E-simbool) in Wiskunde HG en in Natuur- en Skeikunde HG of 50 % (D-simbool) SG in hierdie vakke.

Duur: Vier jaar voltydse studie. Na die tweede en derde studiejare moet kandidate verpligte vakansiewerk vir tydperke van drie weke by die Weerburo in Pretoria verrig.

NAGRAADSE GRADE

Baccalaureus Honores in Wis- en Natuurkunde: B.Sc. (Hons.)

Magister in Wis- en Natuurkunde: M.Sc.

Doktor in Wis- en Natuurkunde: D.Sc.

BEROEPSDIENS: Kandidate wat hierdie loopbaan met sukses wil volg, moet in die weer en atmosferiese verskynsels en die oorsaaklike verband van grootskaalse natuurverskynsels belangstel. Hulle word in diens geneem deur onder andere die Departement van Omgewingsake vir aanstelling in die Weerburo. 'n Beperkte hoeveelheid navorsing word in die laboratoriums gedoen, terwyl daar ook interessante praktiese werk in verband met weervoorspellings gedoen word. Weerkundiges het die geleentheid om 'n keuse uit agt spesialiseringsrigtings te maak.

Vir aanstelling as assistent-weerkundige is 'n toepaslike baccalaureusgraad 'n vereiste, terwyl 'n vierjarige B.Sc.-graad in Weerkunde of 'n B.Sc. (Hons.)-graad in Weerkunde vir weerkundiges vereis word. Indiensopleiding in weerwaarneming, die hantering van weerkundige instrumente en weervoorspelling word onder leiding van senior beamptes in die Weerburo behartig.

Kyk ook Landbouweerkunde.

Raadpleeg ook Tersiêre Opleiding vir besonderhede oor die Nasionale Diploma in Weerkunde.

INDEKS VAN BEROEPE EN/OF STUDIERIGTINGS


Aankopebestuur: 79,82
Aardrykskunde: Kyk Geografie
Administrasie: 31-36,79
Administrasiebeampte: 127,201
Administratiewe Bestuurder: 83
Advertensie-agent/-beampte: 46
Advokaat: 193
Afdrukkuns: 44
Afrikaans en Nederlands: 116
Afrika-filosofie en -letterkunde: 120
Afrikastudie: 120,126
Afrikatale: 118
Agrariese Voorligting: 103
Agronomie: 101,105
Akkerboukundige: 101,105
Akteur: 65
Aktevervaardiger: 193
Aktuariële Wetenskap: 43,211,212
Aktuaris: 211
Algemene Praktisyn: 75
Algemene Taalwetenskap: 120
Antropoloog: 127
Aptekerswese/Apteekwese: 67-68
Arabies: 119
Arbeidsterapie: 36-38
Arbeidsterapie-onderwys: 37
Argeologie: 121
Argitektuur: 38-40
Argivaris: 122,128
Astronoom: 219
Baccalaureus Philosophiae: 115
Ballet: 146
Bankbedryfsleer: 43
Bantoeïstiek: 182,183
Bedryfsadministrasie: 40-42, 79
Bedryfsbestuurder: 42
Bedryfsdataverwerking: 79
Bedryfsekonomie: 79,82
Bedryfs- en Organisasiesielkunde: 79
Bedryfs- en Personeelsielkunde: 79
Bedryfsfinansiering: 43,79
Bedryfsgeneeskunde: 75
Bedryfsielkunde: 79,83,125,203
Bedryfsingenieurswese: 90,92
Bedryfsleiding: 42,83
Bedryfsosiologie: 79,126
Bedryfsrekeningkunde (Kosterekeningkunde): 79,84
Bedryfsverpleegkunde: 233
Bedryfswetenskap: 43
Beeldende Kunste: 43-46
Beeldhoukuns: 44
Beeldradiospeler: 65
Belastingreg: 192,193
Beleggingsbestuur: 79
Bemarking: 43,47,79
Bemarkingsbeampte: 218
Bemarkingsbestuur: 47,79,83
Bemarkingsbestuurder: 47
Beplanning: 205-207
Beplanning van Ontwikkelende Gebiede:207
Beroepsgeneeskunde: 75
Beroepsgesondheid: 75
Besigheidsadministrasie 40-42
Besigheidsbestuur en -administrasie: 40-42
Besproeiingsleer: 101,105
Biblioteek- en Inligtingkunde: 47-50, 143
Biblioteekkunde: 47-50
Binnenshuisversiering: 88
Biochemie: 102,212

Biofisika: 50,51
Bioloog: 212
Biomediese Ingenieurswese: 51,52,90
Biomediese Wetenskappe: 51,52
Biometrie: 102,105
Bodemkunde: 52
Boedelbeplanning: 192
Bosbou: 52,53
Bosboubeampte: 53
Boskunde: 53
Boskunde - Natuurbewaring: 53
Bosontginning: 53,85
Botanie: Kyk Plantkunde
Boubestuur: 53-55
Bou-ekonomie: 57
Boukunde: 53-55
Bourekenkunde: 56-57
Buitelandse Sake-beampte: 128
Bybelkunde: 121
Chemiese Ingenieurswese: 90,93
Chemiese Tegnologie: 58
Chemie: 213
Chirurgie: 73,74
Datametrie: 58
Dataverwerking: 58,218
Dataverwerking en Stelselontleding:59
Demografie: 121
Departementele Rekenmeester: 201
Diagnostiese Laboratorium-assistent: 137
Diagnostiese Radiografie: 188
Diakoniologie: 136
Dieetkunde: 59-61
Diere-anatomie en -fisiologie:102,106
Dierefisioloog: 102
Diereproduksie: 102,106
Diereverpleegkunde: 61,62
Dierkundige: 213
Diplomaat: 128
Distriksgeneesheer: 76
Drama: 62-65
Dramakunde en Toneelkunde: 62-65
Duits: 117
Ekonometrie: 79
Ekonomie: 43,65-67,79
Ekonomiese Adviseur: 67
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: 77-85
Ekonomiese Statistiek: Kyk Ekonometrie
Ekonomiese Wetenskappe: 66
Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese: 90,93
Elektriese Ingenieurswese: 90,93
Elektroniese Ingenieurswese: 90,93
Elektrotegniese Ingenieurswese: 90,93
Engels: 116
Entomologie: 102,214
Erflikheidsleer: Kyk Genetika
Farmakologie: 68
Farmasie/Apteekwese: 67-69
Filosofie: 122
Finansiële Bestuurder: 42,82
Finansiële Konsultant: 67
Fisiese Metallurgie: 90
Fisika: 214
Fisiologie: 215
Fisioterapie: 69-71
Fisioterapie-onderwys: 70
Fotografie: 44
Frans: 117
Geestesgesondheid: 134
Geesteswetenskappe: Kyk Lettere en Wysbegeerte
Gehalteversekering en Betroubaarheid: 92
Gehoorterapie: 203,204
Geld- en Bankwese: 79
Gemeenskapsgeneeskunde: 75

Gemeenskapsgesondheid: 74, 75, 222
Gemeenskapsgesondheid (Vet.): 229
Gemeenskapsgesondheidsverpleeg-
kunde: 232
Gemeenskapsorganisasie: 135
Geneeskunde: 71-76
Geneeskundige Administrasie: 75
Geneeskundige Maatskaplike Werk: 134
Geneeskundige Wetenskappe: 138,139
Genetika: 102,215
Geodetiese Opmeetkunde: 110
Geofisikus: 216
Geografie: 122
Geohidrologie: 76
Geoktrooieerde Rekenmeester: 201
Geologie: 215,216
Geotegnologie: 76,77
Geskiedenis: 122
Gesondheidsadministrasie: 75
Gesondheidsadministrasie (Dent.): 222
Grafiese Kuns: 44,46
Grasveldkunde: 102,108
Grieks: 119
Grondkunde: 102,106
Grootveekunde: 102, 106
Handel: 77-85
Handelsrekenaarwetenskap: 80
Hartchirurgie: 75
Hebreeus: 120
Hortologie: 102,108
Hospitaaldieetkunde: 60,61
Houtkunde: 85,86
Huisartskunde: 74
Huishoudkunde: 86-88
Igtiologie: 239
Illustrasie: 44
Industriële Administrasie: 91
Ingenieurswese: 88-95
Inheemse Reg: 122
Inligtingkunde: 47-50
Inligtingsbeampte: 50
Inligtingsontwerp: 44
Insektekundige: 102,214
Intensiewesorg-fisioterapie: 70
Internasionale Verhoudings: 126
Italiaans: 117
Jazz-studies: 143
Joernalistiek: 96-98,100,129,203
Juweliersware-ontwerp: 44
Juweliersware- en Metaalnywerheids-
ontwerp: 44
Kadastrale Opmeting: 110
Keramiekkuns: 44
Kerkmusiek: 143,146-148
Kernfisikus: 214
Kerngeneeskunde: 73,189
Kindersielkunde: 125
Klassieke Tale: 119
Kleinveekunde: 102
Kliniese Sielkunde: 95-96,125
Kliniese Verpleegkunde: 234
Komiteeklerk: 129
Kommunikasiekunde: 80,96-100
Komposisie (Musiek): 143
Konsultant-dieetkundige: 61
Koöperatiewe Bestuur en Admini-
strasie: 35
Koorleier: 148
Koste- en Bestuursrekeningkunde: 80
Kosterekenmeester: 83,84,200,201
Kredietbestuurder: 42, 200
Kriminologie: 123
Krygskunde: 100,101
Kulturele attaché: 123
Kultuurgeskiedenis: 123
Kuns: Kyk Beeldende Kunste

Kunsgeskiedenis: 123
Kunshistorikus: 123
Kunskritikus: 123
Kunstenaar: 46
Kurator: 141
Laboratoriumgeneeskunde: 137
Landbou: 101-109
Landboubestuur: 103,107
Landbou-ekonomie: 80,102,107
Landbou-ingenieurswese: 90,93
Landbou-onderwys: 103,104,107
Landbouproduksie: 102
Landbouvoorligting: 103
Landbouvoorligting en Plattelandse Ontwikkeling: 104
Landbouweerkunde: 102,107
Landdros: 195
Landmeetkunde: 90,109,110
Landskapargitektuur: 110
Latyn: 119
Leerwetenskap: 111
Leierskap in Publieke Administrasie: 35
Lettere en Wysbegeerte: 111-130
Liggaamlike Opvoedkunde: 130-132
Linguistiek: 120,228
Logopedie: 203,204
Lugopmeetkunde: 109,110
Lugvaartkundige Ingenieurswese: 90,95
Maatskaplike Werk: 132-136
Maatskaplike Werk-praktyk: 135
Maatskaplike Werk (Supervisie): 134
Maatskappyereg: 193
Magister Philosophiae: 29
Mannekragbestuur: 187
Mannekragstrategie en Arbeidsverhoudinge: 80,152
Marinebioloog: 217
Marknavorsing: 83
Materiaalingenieurswese: 90
Mediabeampte (Staatsdiens): 99
Mediese diereverpleegster: 62
Mediese Farmakologie: 74
Mediese Fisika: 50,51,75
Mediese Fisikus: 50,51
Mediese Laboratorium-wetenskappe: 137
Mediese Verteenwoordiger: 69
Mediese Wetenskappe: 137-139
Meester van die Hooggeregshof: 195
Meganiese Ingenieurswese: 90,93
Menslike Ekologie: 86
Metaalnywerheidsontwerp: 44
Metallurgie: 90,94
Metallurgiese Ingenieurswese: 90,94
Meteorologie: Kyk Weerkunde
Mikrobiologie: 102,216
Militêre Geneeskunde: 74
Militêre Wetenskap: Kyk Krygskunde
Mineraalekonomie: 66,139
Mineraalverwerkingsingenieurswese: 90
Mode-ontwerp: 88
Moeder- en Kindgesondheid: 75
Mondbiologie: 221
Mondgesondheid: 139,140
Mondhigiëne: 139,140
Munisipale Administrasie: 33
Museumkunde: 140,141
Museumkunstenaar: 141
Musiek: 141-150
Musiekbiblioteekkunde: 143
Musiekgeskiedenis: 143
Musiekonderwys: 143,144,147
Musiekteorie: 143
Musiekvoordrag: 143,145-149
Musiekwetenskap: 143,145
Mynbou: 91

Mynbou geologie: 150
Mynbou ingenieurswese: 90,94
Natuurbewaring: 53,150,151
Natuurkundige: Kyk Fisikus
Natuurlewebestuur: 151
Natuurwetenskappe: Kyk Suiwer Natuurwetenskappe
Notaris: 193
Nywerheidsverhoudinge: 80,126,152, 153, 203
Odontologie: 221
Omgewingsbeplanning: 206
Omroeper en Programopsteller: 65,129
Onderwys: 44,57,80,88,118,129,153-182
Onkoterapieverpleegkunde: 234
Onkruidwetenskap: 101
Ontspanningsbeampte: 124,132
Ontwerpkuns: 44
Ontwikkelingsadministrasie: 80,123
Ontwikkelingsbeampte: 123,183
Ontwikkelingsielkunde: 125
Ontwikkelingstudies: 80,182,183
Oogkundige: 185
Openbare Administrasie: 33
Openbare Finansies en Ouditkude: 200
Openbare Rekenmeester: 201
Openbare Skakelbeampte: 129,203
Opera: 146
Operasiesaaltegniek: 235
Operasionele Navorsing/Analise: 43, 183,184
Opmeetkunde: 110
Optometrie: 184,185
Organisasie- en Metodestudie: 34
Orkesspel: 143,147
Ornitologie: 216,217
Ortodontis: 221,222
Ortopediese Chirurgie: 74
Oseanograaf: 217
Oudioloog: 204
Ouditeur: 200,201
Paleontoloog: 215,216
Parke- en Ontspanningsadministrasie: 185,186
Pastorale Sielkunde: 125
Personeelbeampte: 129,130
Personeelbestuur: 43,80,83,186,187,203
Personeelbestuur/-leiding: 186,187
Personeelbestuurder: 42,187
Personeelleiding: 186,187
Personeelsielkundige: 125
Plaaslike Owerheid en Administrasie: 34
Planteteelt: 102
Plantkunde: 218
Plantpatologie (Plantsiektekunde): 102, 107
Plantproduksie: 102
Plantvoeding: 102
Polisiekunde: 187,188
Politieke Studies: 126
Politikus: 126,127,130
Predikant: 228
Privaatsekretaresse: 130,202
Produksiebestuurder: 42,82
Produksie-ingenieurswese: 90,92
Programorganiseerder (Radio): 65,118, 129
Prokureur: 190,193
Psigiater: 125
Psigometris: 125
Psigologie: Kyk Sielkunde
Publieke Administrasie: 31-36,43,80
Raadgewende Ingenieurs: 95
Radiobeskerming vir Susters: 189
Radiografie: 188,189
Radiografie (Diagnosties): 188
Radiografie-onderwys: 189
Radiografiese Kerngeneeskunde: 189

Radioloog: 189
Redakteur: 98
Regsadviseur: 194
Regsgeleerdheid: 43,82,190-195
Regter: 193
Rekenaar- en Dataverwerking: 43
Rekenaarwetenskap: 59,80,218
Rekeningkunde: 80,195-202
Rekenmeester: 200
Reklamebeampte/-agent: 99
Reklamewese: 99
Rekreasiekunde: 124,132
Remediërende Musiek: 145
Respiratoriese Fisioterapie: 70
Restourateur: 141
Russies: 117
Seereg: 193
Sekretariële Praktyk: 202
Sekretaris: 84,85,201
Semitiese Tale: 119
Sendeling: 228
Sielkunde: 43,80,124,125
Siviele Ingenieurswese: 90,95
Skakelbeampte: 99,141
Skakelwese: 83,99
Skilderkuns: 44
Skone Kunste: 44,46
Skoolbiblioteekkunde: 160,164,165, 167,170,172,174,178
Soölogie: Kyk Dierkunde
Sosiale Wetenskappe: 133,202,203
Sosiologie: 43,125,126
Spaans: 117
Spesialis (Medies): 75
Sportafrigting en Ontspanning: 132
Sportjoernalis: 132
Spraak- en Gehoorterapie: 203
Spraak- en Gehoorterapie (Gemeenskapswerk): 204
Spraak- en Vertolkingskunde: 62-65
Spraakheelkunde en Oudiologie: 203,204
Spraakleer en Drama: 62-65
Spraakterapeut: 204
Staatsaanklaer: 194
Staatsadvokaat: 194
Staats- en Munisipale Administrasie: 34
Staatsfinansies: 33
Staatsfinansies en Ouditkunde: 35
Staatsleer: 126,127
Staatsouditeur: 201
Staatsprokureur: 194
Staatsregsadviseur: 195
Stads- en Streekbeplanning: 205-207
Stadsbeplanning en Stedelike Ontwerp: 205
Statistiek: 43,80,219
Stedelike en Streekbeplanning: 205
Stedelike Ontwep: 206
Stelselontleding: 59,218
Sterrekundige: 219
Streeksontwikkeling: 80
Suiwelkunde: 102,108
Suiwer Natuurwetenskappe: 207-220
Taalbeampte: 130
Taalwetenskap: 120,228
Tale: 116-120
Tandarts: 222
Tandheelkunde: 220-222
Tandheelkundige Terapie: 222
Teater Suster: 235
Tegniese Opleidingsdosent: 58
Tegniese Vakke: 57
Tekenkuns: 44
Tekstielwetenskap: 223
Teologie: 224-228
Teorie van Rekeningkunde: 198-200
Terapeutiese Radiografie: 188

Toegepaste Grafiek: 45
Toegepaste Linguistiek: 228
Toegepaste Sosiale Wetenskappe: 203
Toegepaste Wetenskappe: 91
Toegepaste Wiskunde: 219
Tolk: 238
Toneelkunde: 63
Toneelkuns: 64
Toneelopvoering: 64
Tropiese Gesondheid: 75
Tuinboukunde: 102,108
Uitvoerende Kuns (Musiek): 143
Veearts: 229
Veeartsenykunde: 228,229
Veekunde: 102,106
Verhoogbestuurder: 64
Verhoogkunstenaar: 65
Verkoopsbestuurder: 42
Verpleegadministrasie: 232-236
Verpleegkunde: 230-237
Verpleegonderwys: 232-236
Versekeringswese: 43
Vertaler: 116,117,130,238
Vertaling: 237,238
Vervoer: 80,85
Vervoerekonomie: 80,85
Vissery-wetenskap: 238,239
Vleiskunde: 102
Voeding: 239,240
Voedingsvoorligter: 61
Voedselwetenskap: 102,240,241
Voëlkundige: 217
Volkekunde: 127
Volksgesondheid: 75
Volksmusiekwetenskap: 143
Voordrag (Musiek): 143
Voorligtingsielkunde: 124,241,242
Voorrade-administrateur: 202
Weerkunde: 242,243
Weidingsleer: 102,108
Werktuigkundige Ingenieurswese: Kyk Meganiese Ingenieurswese
Wingerd- en Wynkunde: 103,109
Wiskunde: 80,219
Wiskundige Ekonomie: 43
Wiskundige Statistiek: 219
Wysbegeerte: Kyk Filosofie

BYLAE A

*Vakke wat nie in die GMR se lys van vakke vir die matrikulasie-eksamen verskyn nie, maar wat vir vrystellingsdoeleindes erken word wanneer hulle by departementele eksamens met goeie gevolg afgelê word (H = Hoër Graad; S = Standaardgraad):*

GROEP C

Fisiologie H en S (word nie tesame met Biologie H of S aangebied nie)

GROEP D

Arabies S; Gujerati S; Hindi S; Tamil S; Telegu S;

GROEP F

Aanlegbedieningteorie S
Aanlegmasjienvakteorie S
Akkerboukunde S
Aluminiumvervaardiging S
Anatomie en Musiek S
Ankerwikkelteorie S
Bakkersteorie S
Ballet S (Prakties)
Bantoe-Administrasie S
Bantoereg S
Beeldhoukuns S
Besigheidspraktyk (Slagters) S
Bootbouteorie S
Boukonstruksie S
Boukonstruksieteorie S
Boutekene S
Diamantvakteorie S
Diepdrukmasjienbedieningteorie S
Dieselektroteorie S
Dieselvakteorie S
Drukkersberekeninge S
Drukkerswetenskap S
Elektrisiëns S
Elektrisiënwerk S
Elektromeganikateorie S
Elektronika S
Elektroplateerteorie S
Elektrotegnologie S
Elektrovakteorie S
Ferrometaalwals- en Fatsoeneerprosesteorie S
Fotografievakteorie S
Fotomeganikateorie S
Fotoset- en Filmopmaakteorie S
Fyn Optikateorie S
Gereedskapmakerteorie S
Geskiedenis van Ballet, Kostuum en Teater S
Gieteryteorie S
Grafiese Kuns S
Haarkaplaboratoriumwerk S
Haarkapperyteorie S
Handelsreg S
Handsetteorie S
Hoogdruk en Gravure Masjienbedieningsteorie S
Hoogdrukpersbedieningsteorie S
Horlosiemakery S
Hotelhouding en Spyseniering S
Houtbewerking S
Houtmasjineerteorie S
Houtwerk S
Huisvlyt S
Hyservakteorie S
Ingenieurstekene S
Ingenieurswetenskap S
Inleiding tot Kriminologie en Volkekunde S
Inrigtingsbestuur S
Instrumentvakteorie S
Juweelkunde S
Juweliersteorie S
Kantoortoerustingteorie S
Kartonvervaardigingsteorie S
Kleremakersteorie S
Klipwerkteorie S
Koelervakteorie S
Kooks- en Neweprodukteprosesteorie S
Koringmaaltegniek S
Kunsteorie S
Kunswetenskap S
Landbou-ekonomie S
Leervervaardiging S
Letterkunde (Afr.) S

Letterkunde (Eng.) S
Letterskilderteorie S
Litografieteorie S
Logikastelsels S
Loodgieters- en Plaatmetaalbewerking S
Loodgietersteorie S
Loodgietery en Plaatmetaalwerk S
Masjiensetteorie (Lynsetwerk) S
Masjiensetteorie (Monotiep) S
Meganotegnologie S
Messel- en Pleisterteorie S
Metaalmynbou S
Metaalwerk S
Metallurgiese Prosesteorie (Ferrolegeringsrigting) S
Meubelmakersteorie S
Meubelontwerp S
Meubelpolysteorie S
Mieliemaaltegniek S
Missiele S
Modelmakersteorie S
Monotipeteorie S
Motorbakherstelwerk S
Motorbedryfwetgewing S
Motorelektroteorie S
Motormasjineerteorie S
Motorvakteorie S
Motorvoertuigkonstruksie S
Motorvoertuigtegnologie S
Motorwerkswinkelorganisasie en Bestuur S
Motorwerktuigkunde S
Musiekkomposisie S
Mynbou (Geologie) S
Mynboumasjinerie S
Mynopmetings S
Naaldwerk en Kleding S
Nasionale en Griekse Danse S
Nywerheidsorganisasie en Beplanning S
Nywerheidswetenskap S
Ontvangsstudies S
Ontwerpkuns S
Oorlewingsuitrustingteorie S
Pakgoedvervaardigingsteorie S
Pakhuis- en Binderyteorie S
Pas- en Draaiwerk S
Pas- en Masjineerteorie S
Plaaswerktuigkunde S
Plaat- en Boustaalwerkersteorie S
Plaatmaakteorie S
Plaatmetaalwerkersteorie S
Plantkunde (Tuinbou) S
Praktiese Ballet S
Praktiese Landboukunde S (Mag nie tesame met Akkerboukunde S, Plaaswerktuigkunde S of Veekunde S aangebied word nie)
Praktiese Landbouwetenskap S
Praktiese Musiek S
Radarvakteorie S
Radio- en Televisieteorie S
Radioteorie S
Radiotrisiënswerk S
Rekenaarstudie S of H
Rekenaarswese S
Rekeningkunde vir Slagters S
Restaurant Studies S
Rotasiehoogdrukpersbedieningsteorie S
Rubber- en Plastiekmonteerteorie S
Salonbestuur S
Salonwetenskap S
SA Strafreg S
Skaalpasserteorie S
Skeepsbouteorie S
Skilder- en Versierteorie S
Skilderkuns S
Skoeiselteorie S
Slagtersteorie S
Spoorvoertuigbouteorie S
Spoorwegsinjaleringsteorie S
Staalvervaardiging- en Gietwerkteorie S
Steenmessel- en Pleisterwerk S
Stoffeer- en Bekleedteorie S
Strafproses- en Bewysreg S
Sweiserteorie S
Sweis- en Metaalwerk S
Sweiswerk en Metaalbewerking S
Syferelektronika S
Takelteorie S
Technika (Elektries) H of S
Technika (Meganies) H of S
Technika (Siviel) H of S
Tekene, Ontwerp en Modellering S
Telekomvakteorie S
Terreinbeplanning S
Timmer- en Skrynwerkteorie S
Toesighouding in die Nywerheid S
Trekkerwerktuigkunde S
Tuinbou (Prakties) S
Tuinbouteorie S
Veekunde S
Vliegtuigelektronikateorie S
Vliegtuigelektroteorie S
Vliegtuiginstrumentvakteorie S
Vliegtuigmetaalwerkteorie S
Vliegtuigonderhoudteorie S
Voertuigbouteorie S
Vormgietersteorie S

Wapenmonteerteorie S
Wettereg S
Ystervervaardiging- en Gietwerkteorie S

BYLAE B

HOOFVAKKE VIR B.A. (ALGEMEEN) IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE AANGEBIED

Aardrykskunde: Kyk Geografie
Afrikaans: UDW, UNOORDE, UP, VISTA, UWK, UZ
Afrikaans en Nederlands: UFH, UK, UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, RAU, RU, US, UNISA, UW
Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis: UP
Afrikaanse Kultuurgeskiedenis: US
Afrika-filosofie en -letterkunde: UFH
Afrika-geskiedenis: UK, RU, UW
Afrika-letterkunde: UW
Afrika-politiek: UNISA
Afrika-politieke Studies: UK, RU, UW
Afrika-studie: US
Afrika-tale: UK, RU, UNISA
Algemene Literatuurwetenskap: UNOORDE, UOVS, UNISA
Algemene Taal- en Literatuurwetenskap: PU vir CHO
Algemene Taalwetenskap: UNOORDE, UOVS, UP, US, UZ
Antieke Geskiedenis: UK, UNISA
Arabies: UDW, UP, RAU, UNISA, UWK
Argeologie: UFH, UK, UP, US, UW
Bedryfs- en Organisasiesielkunde: UPE
Bedryfs- en Personeelsielkunde: PU vir CHO
Bedryfsielkunde: RAU, US, UWK, UW
Bedryfsosiologie: UDW, UK, UN, PU vir CHO, RU, UW
Beeldende Kunste: UN
Beeldende Kunste Studies: RU
Bybel- en Godsdiensstudies: UW
Bybelkunde: Al die universiteite behalwe UK, VISTA en UW
Drama/Dramakunde: UK, PU vir CHO, UP, US
Drama en Film: UW
Duits: Al die universiteite behalwe UFH en VISTA
Ekonomie: Al die universiteite
Ekonomiese Geskiedenis: UK, UN, RU, UW
Engels: Al die universiteite
Etiek: PU vir CHO
Filosofie/Wysbegeerte: Al die universiteite behalwe VISTA
Frans: UDW, UK, UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US, UNISA, UWK, UW
Geld- en Bankwese: PU vir CHO
Geografie: Al die universiteite behalwe UK. Kyk Omgewings- en Geografiese Wetenskappe
Geskiedenis: Al die universiteite
Geskiedenis (Afrika): UK, RU, UW
Geskiedenis van die Filosofie: UZ
Gesondheidsontwikkelingsadministrasie: UNISA
Godsdiensstudies: UK, UN
Godsdienswetenskap: UDW, UNISA
Grieks: Al die universiteite behalwe VISTA en UWK
Griekse en Romeinse Letterkunde en Filosofie: UK
Gujarati: UDW
Hebreeus: UFH, UK, UN, UOVS, UP, RAU, RU, US, UWK, UW
Hebreeuse Kultuur: UK
Hellenistiese Grieks: UWK
Hindi: UDW
Hindu-studies: UDW
Indiese Filosofie: UDW
Inheemse Reg: UP
Internasionale Politiek: UNOORDE, PU vir CHO, UP, UNISA
Internasionale Verhoudings: UW
Islamitiese Studies: UDW
Italiaans: UK, UOVS, RAU, US, UNISA, UW
Joodse Godsdiens: UK
Joodse Studies: UN
Judaica: UNISA
Kerkgeskiedenis: RU, UNISA
Kerkgeskiedenis en Sendingwetenskap: UFH
Klassieke Beskawing: UN, RU, UW
Klassieke Hebreeus: UDW, UNOORDE, UNISA, UZ
Klassieke Kultuur: US
Klassieke Studies: UDW, UZ

Kommunikasiekunde: RAU, UNISA, UZ
Kriminologie: UDW, UFH, UNOORDE
 UOVS, PU vir CHO, UP, UNISA, UZ
Krygsgeskiedenis: UOVS
Kultuurgeskiedenis van Wes-
 Europa: UK
Kuns: UDW
Kunsgeskiedenis: UDW, UFH, UK,
 UN, UOVS, PU vir CHO, UP, RAU,
 UNISA, UW
Landbou-ekonomie: UNOORDE
Latyn: Al die universiteite be-
 halwe VISTA
Liggaamlike Opvoedkunde: UNOORDE,
 UPE, PU vir CHO, RAU, US
Linguistiek/Taalwetenskap: UK,
 RAU, UNISA, UWK, UW
Linguistiek en Engelse Taal: RU
Linguistiek en Kommunikasie-
 kunde: UN
Logika: UNISA
Moderne Grieks: RAU, UW
Moderne Hebreeus: UNISA
Munisipale Regering en Admini-
 strasie: UNISA
Musiek: UDW, UN, RU, US
Musiekgeskiedenis: UDW, PU vir
 CHO, UP, UNISA, UW
Musiekteorie: UZ
Nederlands: UDW
Noord-Sotho: UNOORDE, PU vir CHO
 UP, RAU, UNISA, VISTA
Omgewings- en Geografiese We-
 tenskappe: UK
Ontwikkelingsadministrasie:
 UNOORDE, PU vir CHO, US,
 UNISA
Ontwikkelingstudies: UFH, RAU,
 UZ
Oosterse Studies: UDW
Opvoedkunde/Pedagogiek: UFH,
 UNOORDE, UPE, RAU, UNISA,
 VISTA
Penologie: UNISA
Persies: UDW
Politiek: RU
Politieke Filosofie: US
Politieke Ontwikkeling: UNOORDE
Politieke Studies: UK, UW
Politieke Studies (Afrika): UK,
 RU, UW
Portugees: UNISA, UW
Praktiese Musiek: UZ
Privaatreg: UFH, UNOORDE,
 UOVS, UPE, PU vir CHO,
 RAU, US, UNISA, UWK

Publieke Administrasie: UDW, UFH,
 UNOORDE, UPE, UP, US, UNISA, UWK, UZ
Regeringsvorme van Afrika: UNOORDE
Regswetenskap: RU
Regswetenskap en Instellinge: UW
Rekenaarwetenskap: UN, UPE, PU vir CHO,
 RAU
Rekreasiekunde: PU vir CHO
Romeinse Reg: PU vir CHO, UNISA
Romeinse Reg en Regsgeskiedenis: UOVS
Romeinse Reg en Regsleer: UWK
Romeins-Hollands en Privaatreg: UK
Romeins-Hollandse Reg: UP
Russies: UNISA, UW
Sanskrit: UDW
Semitistiek/Semitiese Tale: UPE, PU vir
 CHO
Shona: UK, UNOORDE, UNISA
Sielkunde: Al die universiteite
Sistematiese Filosofie: UZ
Sistematiese Teologie: UFH, RU, UNISA
Sosiale Antropologie: UK, UN, UW
Sosiologie: Al die universiteite
Spaans: UN, UNISA
Spraak- en Vertolkingskunde: PU vir CHO
Spraakleer en Drama: UDW, UN, RU, UZ
Staatsleer: UDW, UFH, UN, UNOORDE, UOVS,
 UPE, PU vir CHO, UP, RAU, UNISA, US,
 UWK, UZ
Statistiek: UDW, UK, UN, PU vir CHO, US,
 UNISA
Suid-Sotho: UFH, UK, UNOORDE, UOVS,
 UPE, US, UNISA, VISTA, UW, UZ
Taalwetenskap/Linguistiek: UK, RAU,
 UNISA, UWK, UW
Tamil: UDW
Telugu: UDW
Teologie: RAU
Toegepaste Sielkunde: UW
Toegepaste Volkekunde: UOVS
Toegepaste Volkekunde (Ontwikkelings-
 kunde): UP
Toneelkunde: PU vir CHO
Tsonga: UNOORDE, UNISA
Tswana: UNOORDE, PU vir CHO, UP, UNISA,
 US, VISTA
Urdu: UDW
Venda: UNOORDE, UNISA
Vergelykende Afrika-regering: UN
Volkekunde: UDW, UFH, UNOORDE, UOVS,
 UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US,
 UNISA, UWK, UZ
Wetenskapsgeskiedenis en -filosofie: UK
Wiskunde: Al die universiteite behalwe
 US
Wiskundige Statistiek: UN, UPE, UP, RAU,
 RU, UW

Wysbegeerte/Filosofie: Al die universiteite behalwe VISTA
Xhosa: UFH, UK, UPE, US, UNISA, VISTA, UWK
Zulu: UDW, UN, UOVS, PU vir CHO, UP, RAU, UNISA, VISTA, UW, UZ

BYLAE C

VOORGRAADSE VAKKE VIR B.COM. IN DIE FAKULTEITE VAN HANDEL EN EKONOMIESE WETENSKAPPE AANGEBIED

Kyk HANDEL vir die hoofstudierigtings.

Aankopebestuur: UN
Aardrykskunde/Geografie: UN, UPE, UP, US, UW
Administratiefreg: UP
Afrikaans: UDW, UN, UOVS, UP, RAU, RU, US, UW, UZ
Afrikaans en Nederlands: UN, RU, US, UW
Aktuariële Wetenskap: US
Algemene Ekonomie: RU
Algemene Regskunde: UPE
Algemene Rekeningkunde: UPE
Algemene Sielkunde: UW
Analitiese Tegnieke: RAU
Arbeidsreg: UN, PU vir CHO, UP, UNISA
Arbeidswetgewing: UN
Bankbedryfsleer: UNISA
Bedryfsadministrasie: UN, RU
Bedryfsbeleid en -ooreenkomste: UN
Bedryfsdataverwerking: UDW, UK, UN, UOVS, RU
Bedryfsekonomie: Al die universiteite behalwe UK, UN, RU
Bedryfsekonomie (Bedryfsbestuur): UPE
Bedryfsekonomie (Bemarkingsbestuur): UPE
Bedryfsekonomie (Finansiële Bestuur): UPE
Bedryfsekonomie (Produksiebestuur): UPE
Bedryfs- en Organisasiesielkunde: UPE
Bedryfs- en Personeelsielkunde: PU vir CHO
Bedryfsfinansiering: UN, UW
Bedryfsielkunde/Bedryfspsigologie: UDW, UFH, UNOORDE, UOVS, RAU, US, UNISA, UWK, UW, UZ
Bedryfsinligtingstelsels: UW
Bedryfskommunikasiekunde: UFH, UW
Bedryfsosiologie: UN, PU vir CHO, UW
Bedryfsreg/Industriële Reg: UNOORDE, UPE, UZ
Bedryfsrekenaarstelsels: UW
Bedryfsrekeningkunde: PU vir CHO
Bedryfstatistiek: UWK
Bedryfswiskunde en Statistiek: RU
Beginsels van Finansies: UK
Belasting: UN, UOVS, US
Belasting en Boedelbelasting: UDW, UFH, UK
Belasting en Boedelbeplanning: UN
Beleggingsbesluite: UDW
Beleggingsbestuur: RAU
Bemarking: UN, UW
Bemarking en Fisiese Distribusie: UNOORDE
Bemarkingsbeginsels: UK
Bemarkingsbestuur: UP
Bemarkings- en Aankopenavorsing: UN
Bemarkingsnavorsing: UDW
Beplannings- en Omgewingsreg: UP
Besigheidsreg: UNOORDE, UP
Bestuursinligtingstelsels: UZ
Bestuursinligtingstelsels en Dataverwerking: UNOORDE
Bestuursrekeningkunde: UDW, UFH, UK, UNOORDE, UP, RAU, VISTA
Bestuursrekeningkunde en Finansies: UN
Boedeladministrasie/Boedelbereddering: UNOORDE, UP, UNISA
Boedel- en Insolvensierekeninge: UPE
Boerderybestuur: UNISA
Dataverwerking: US
Distribusiehandel: US
Duits: UN, UP, UW
Eiendomsbelegging en -finansiering: US
Eiendomsekonomie: UW
Eiendomsreg: UPE

Ekonometrie/Ekonomiese Statistiek: UPE, PU vir CHO
Ekonometriese Metodes: UP
Ekonomie: Al die universiteite
Ekonomiese Analise: UNOORDE
Ekonomiese Geografie: RU
Ekonomiese Geskiedenis: UDW, UN, UPE, PU vir CHO, RU, UNISA, UW
Ekonomiese Ontwikkeling en die Ekonomie van Onderontwikkelde Gebiede: UZ
Ekonomiese Statistiek: UPE
Elementêre Renterekening en Statistiek: RU
Engels: UDW, UN, UNOORDE, UP, RAU, RU, US, UW
Engels Prakties/Spesiaal: UDW, UOVS, UPE
Finansiële Bestuur: UK
Finansiële Rekeningkunde: UNOORDE, US
Frans: UN, UP, UW
Gebruikersdataverwerking: UPE
Geld- en Bankwese: UOVS, PU vir CHO
Geografie/Aardrykskunde: UN UPE, UP, US, UW
Geskiedenis: UN, UP
Gewoontereg: RU
Handelsreg: UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US, UNISA, UWK
Handelsrekenaarwetenskap: UPE, UP
Hebreeus: UN, UW
Industriële Reg/Bedryfsreg: UNOORDE, UPE, UZ
Informatika: UP, RAU
Inkomstebelasting: UNOORDE, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, UNISA, UW, UZ
Inkomstebelasting en Boedeladministrasie: VISTA
Inleiding tot Ekonometrie: UP
Inleiding tot Publiekreg: US
Inleiding tot die Regswetenskap: PU vir CHO
Inleiding tot Rekenaarwetenskap en Dataverwerking: UPE
Inleiding tot Sielkunde: UPE
Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Reg: UW
Inligtingstelsels: UNISA
Internasionale Ekonomiese Betrekkinge en Organisasies: UN
Internasionale Politiek: UP
Internasionale Verhoudings: UW
Italiaans: UW
Kleinhandel: UNOORDE
Kleinhandelbestuur: UDW, UFH
Kommersiële Reg: UDW, UFH, UK, UN, UNOORDE, UP, RAU, UNISA, VISTA, UW, UZ
Kommersiële Rekenaarstelsels: RAU
Kommunikasieleer: RAU
Koöperasiewese: UNOORDE, UNISA
Korttermynversekering: US
Kosteberekening: UNOORDE, US, UNISA
Koste- en Bestuursrekeningkunde: UPE, RU, UWK, UW, UZ
Kriminologie: UW
Kwantitatiewe Bestuur: UNISA
Kwantitatiewe Tegnieke: UNOORDE
Landbou-ekonomie: UFH, UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, US
Latyn: UN, UNOORDE, UOVS, UPE, UP, RAU, RU, US, UW
Logika en Metodologie: UDW
Lugvaartekonomie: US
Maatskaplike en Ekonomiese Wetgewing: UFH
Maatskaplike Werk Spesiaal: UPE
Maatskappyereg: UK, UPE
Maatskappyereg en Belasting: UNOORDE
Makro-ekonomie: UPE
Mannekragstrategie en Arbeidsverhoudinge: RAU
Mikro-ekonomie: UPE
Munisipale Administrasie: UDW
Omgewing en Bedryfstruktuur: UK
Ontwikkelingsadministrasie: PU vir CHO, US, UNISA
Ontwikkelingsekonomie: UDW, UFH
Ontwikkelingstudies: RAU, UZ
Operasionele Navorsing: PU vir CHO
Opvoedkunde: RAU
Organisatoriese Gedrag: UW
Ouditkunde: Al die universiteite behalwe UWK en UW
Owerheidsrekeningkunde: UN
Personeelbestuur: UK, UP
Privaatreg: UDW, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, RAU, US, UNISA, UWK
Professionele Afrikaans: UPE, UNOORDE
Psigopatologie: UPE
Publieke Administrasie: UDW, UPE, UP, US
Regionale Sosiologie: UPE
Regsgeskiedenis: UOVS, PU vir CHO
Regswetenskap: UN, RU
Rekenaarmetodes: RAU

Rekenaarwetenskap: UDW, UN, UNOORDE
PU vir CHO, RAU, RU, US, UWK, UW
Rekeningkunde: Al die universiteite
Rekeningkunde (Plaaslike Owerhede): UNISA
Reklame: UN
Renterekening: US
Romeinse Reg: UDW, UNOORDE, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, UW
Romeinse Reg en Regsgeskiedenis: UOVS
Romeins-Hollandse Reg: UP
Sakerekenaarwetenskap: UNOORDE
Sielkunde: UN, UPE, RU, VISTA, UW
Sistematiese Filosofie: UZ
Snel- en Tikskrif: US
Sosiale Antropologie: UN
Sosiale Sielkunde: UPE
Sosiologie: UDW, UN, UPE, RAU, US, VISTA, UW, UZ
Sotho: UP
Spaans: UN
Staatkundige Studies: UW
Staatsadministrasie: UOVS
Staatsekonomie van Suidelike Afrika: UN
Staatsleer: UN, UP, RAU, US
Staatsreg: UDW, UW
Statistiek: UDW, UFH, UK, UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, US, UNISA, UZ
Statistiek en Aktuariële Wetenskap: UW
Statistiese en Bedryfsrekenaarwetenskap: UK
Statistiese Metodes: UNOORDE, US
Taal en Kommunikasie: UN
Tikskrif: UOVS
Toegepaste Ekonomie: UNISA
Toegepaste Rekenaarwetenskap: UFH
Toegepaste Sielkunde: UW
Verenigings- en Insolvensiereg: UW
Vergelykende Afrika-regering: UN
Vergelykende Regsgeskiedenis: UW
Versekeringswese: PU vir CHO
Vervoeraangeleenthede in Ekonomiese Ontwikkeling: UZ
Vervoeradministrasie en -bestuur: RAU
Vervoerekonomie: UN, UOVS, RAU, US, UNISA
Volkekunde: RAU
Volkereg: UW
Wiskunde: UDW, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, RAU, RU, US UNISA, VISTA, UW
Wiskunde en Statistiek: RU, UW
Wiskunde vir Ekonome: UPE
Wiskundige Metodes vir Ekonome: UDW
Wiskundige Statistiek: UN, UNOORDE, UOVS, RAU, RU, US, UW
Wysbegeerte: UN, UW
Xhosa: UPE
Zulu: UN, UP

BYLAE D

HOOFVAKKE VIR B.Sc. IN DIE FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE AANGEBIED

Aardrykskunde/Geografie: Al die universiteite behalwe UK en UPE
Aktuariële Wetenskap: UW
Algemene Sielkunde: UW
Argeologie: UK, UW
Bedryfs- en Personeelsielkunde: PU vir CHO
Bedryfsielkunde: UW
Biochemie: Al die universiteite behalwe UNISA
Biologie: UFH
Bodemkunde: PU vir CHO
Botanie/Plantkunde: Al die universiteite
Chemie: Al die universiteite
Dieetkunde: US
Dierkunde/Soölogie: Al die universiteite
Ekologie: UZ
Ekonomie: UN, UPE, PU vir CHO, RU
Eksplorasiegeofisika: UP
Entomologie/Insektekunde: UN, UOVS, UP, RU, US
Fisiese Geografie: UPE
Fisika: Al die universiteite
Fisika met Elektronika: RU
Fisiologie: UDW, UK, UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, US, UNISA, UWK, UW

Genetika: UN, UOVS, UP, US, UW
Geochemie: UOVS, US
Geofisika: UW
Geografie/Aardrykskunde: Al die universiteite behalwe UK en UPE
Geohidrologie: UOVS
Geologie: Al die universiteite
Gevorderde Aardwetenskap: UW
Gevorderde Chemie: UW
Grondkunde: UFH, UN, UNOORDE
Hidrologie: UN, UZ
Informatika: RAU
Inligtingstelsels: UNISA
Insektekunde: Kyk Entomologie
Liggaamlike Opvoedkunde: UNOORDE, PU vir CHO, US
Mensfisiologie: UP
Metallurgie: UP
Mikrobiologie: UDW, UFH, UK, UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, UP, RU, US, UNISA, UW
Mikrobiologie - Plantpatalogie: UN
Musiek (saam met Fisika): RU
Omgewingsbiologie: UN
Omgewings- en Geografiese Wetenskap: UK
Operasionele Navorsing: UNISA
Plantbeskerming: UWK
Plantkunde/Botanie: Al die universiteite
Plantpatologie: US, UWK
Rekenaarwetenskap: UDW, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US, UNISA, UWK, UW
Selbiologie: UN
Sielkunde: UDW, UFH, UN, UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, RAU, RU, US, UNISA
Soölogie/Dierkunde: Al die universiteite
Statistiek: UDW, UFH, UK, UN, UOVS, PU vir CHO, UNISA
Sterrekunde: UNISA
Teoretiese Chemie: UN
Teoretiese Fisika: UK, RAU
Toegepaste Chemie: UN, UW
Toegepaste Geologie: UN
Toegepaste Rekenaarwetenskap: UFH
Toegepaste Sielkunde: UW
Toegepaste Wiskunde: Al die universiteite behalwe RAU
Wiskunde: Al die universiteite
Wiskunde (Onderwys): UW
Wiskundige Statistiek: UFH, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, UP, RAU, RU, US, UWK, UW, UZ

BYLAE E

VAKKE WAARIN DIE B.A.(HONS.)-GRAAD TOEGEKEN KAN WORD

Aardrykskunde/Geografie: Al die universiteite behalwe UK
Afrikaans: UDW, UNOORDE, UP, UWK, UZ
Afrikaans en Nederlands: UFH, UK, UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, RAU, RU, US, UNISA, UWK, UW
Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis: UP
Afrikaanse Kultuurgeskiedenis: US
Afrikanistiek: PU vir CHO
Afrika-politieke Studies: RU, UW
Afrika-studie: UK, US
Afrika-tale/Bantoetale: UK, UOVS, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US, UNISA, UW, UZ
Algemene Literatuurwetenskap: UNOORDE, UOVS, UNISA
Algemene Sielkunde: UW
Algemene Sosiologie: UP
Algemene Taal- en Literatuurwetenskap: PU vir CHO
Algemene Taalwetenskap: UNOORDE, UOVS, UP, US
Antieke Geskiedenis: UK, UW
Antropologie: Kyk Volkekunde
Arabies: UDW, UNISA
Argeologie: UFH, UK, UP, US, UW
Bantoetale: Kyk Afrikatale
Bedryfsekonomie: RAU
Bedryfs- en Organisasiesielkunde: UPE
Bedryfs- en Organisasiesosiologie: UP
Bedryfs- en Personeelsielkunde: PU vir CHO
Bedryfsielkunde: RAU, UWK, UW
Bedryfsosiologie: PU vir CHO, RU, UW
Beeldende Kunste: UN
Biblioteek- en Inligtingkunde: UFH, UW

Bybel- en Godsdiensstudies (Bybel): UW
Bybel- en Godsdiensstudies (Geskiedenis en Filosofie van Godsdienste): UW
Bybelkunde: UFH, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US, UNISA, UWK, UZ
Bybeltale: US
Demografie: RAU
Drama/Dramakunde: UK, PU vir CHO, UP
Drama en Film: UW
Duits: UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US, UNISA, UWK, UW
Ekonomie: UFH, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, UNISA, UWK, UW, UZ
Ekonomiese Geskiedenis: UK, UN, RU, UW
Engels: Al die universiteite
Filosofie/Wysbegeerte: Al die universiteite
Filosofie van die Wetenskap en Geskiedenis van die Tegnologie: UW
Frans: UDW, UK, UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US, UNISA, UW
Geografie/Aardrykskunde: Al die universiteite behalwe UK
Geskiedenis: Al die universiteite
Geskiedenis en Ekonomiese Geskiedenis: UN
Geskiedenis en Filosofie van die Wetenskap: UW
Geskiedenis en Staatsleer: UN
Godsdiensstudies: UN
Godsdienswetenskap: UDW, UNISA
Grieks: UFH, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US, UNISA, UW
Hebreeus: UK, UN, UW
Hindi: UDW
Indiese Filosofie: UDW
Internasionale Politiek: UNOORDE, PU vir CHO, UP, UNISA
Internasionale Verhoudings: UW
Islamkunde: UDW, RAU
Italiaans: US, UNISA, UW
Joernalistiek: RU
Joodse Studies: UN
Judaica: UNISA
Kerkgeskiedenis: UFH, RU
Klassieke Beskawing: UN, RU
Klassieke Hebreeus: UDW
Klassieke Kultuur: US
Klassieke Kultuurgeskiedenis: UOVS
Klassieke Studies: UDW
Klassieke Tale: UK, UN, UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, RAU, RU, US, UNISA, UW, UZ
Kliniese Sielkunde: US
Kommunikasiekunde: UFH, PU vir CHO, RAU, UNISA
Kriminologie: UDW, UFH, UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, UP, UNISA
Kultuurgeskiedenis van Wes-Europa: UK
Kunsgeskiedenis: UDW, UFH, UN, UOVS, PU vir CHO, UP, RAU, UNISA, UW
Landbou-ekonomie: UNOORDE
Latyn: Al die universiteite
Liggaamlike Opvoedkunde: UPE, PU vir CHO, RU, UWK
Linguistiek: UK, RAU, UNISA, UWK, UW
Linguistiek en Engelse Taal: RU
Maatskaplike Werk: UPE, PU vir CHO
Menslike Ekologie: UWK
Mineraalekonomie: RAU
Moderne Hebreeus: UNISA
Musiek: UN, UZ
Musiek en Sosiale Antropologie: UN
Musiek en Spraakleer en Drama: UN
Musiekgeskiedenis: PU vir CHO, UW
Nasionale Strategie: RAU
Ndonga (SWA): UNISA
Nederlands: UDW
Noord-Sotho: UNOORDE, PU vir CHO, RAU, UNISA
Nywerheidsverhoudinge: UPE
Omgewings- en Geografiese Wetenskappe: UK
Ontwikkelingsadministrasie: UNOORDE, PU vir CHO, US
Ontwikkelingsadministrasie en -politiek: UNISA
Ontwikkelingstudies: UFH, RAU, UWK
Oosterse Studies: UDW
Pastorale Sielkunde: RAU, US
Penologie: UNISA
Persies: UDW
Polisiekunde: UNISA
Politiek: RU
Politiek en Ekonomie: RU
Politieke Filosofie: US
Politieke Studies: UW
Politieke Wetenskappe: PU vir CHO

Portugees: UW
Publieke Administrasie: UFH, UNOORDE, UPE, UP, US, UNISA, UWK
Rekenaarwetenskap: UPE, RAU
Russies: UNISA, UW
Sanskrit: UDW
Semitistiek/Semitiese Tale: UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, UNISA
Shona: UK, UNOORDE, UNISA
Sielkunde: UDW, UFH, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US, UNISA, UWK, UW, UZ
Sielkunde (Pastoraal): RAU, US
Sistematiese Teologie: UFH, RU
Sosiale Antropologie: UK, UN, UW
Sosiale Studies: RU
Sosiale Teorie: UW
Sosiologie: Al die universiteite behalwe UK
Spaans: UNISA
Spraak- en Vertolkingskunde: PU vir CHO
Spraakleer en Drama: UDW, UN, RU
Staatsleer: UDW, UFH, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, UNISA
Staatsleer en Publieke Administrasie: UZ
Stad- en Ontwikkelingsosiologie: UP
Statistiek: UN
Strategiese Studies: UN, UNISA
Suid-Sotho: UFH, UK, UNOORDE, UPE, UNISA, UZ
Toegepaste Linguistiek: UN, PU vir CHO, RAU, UW
Toegepaste Sielkunde: UW
Toegepaste Volkekunde (Ontwikkelingskunde): UP
Toneelkunde: PU vir CHO
Tsonga: UNOORDE, UNISA
Tswana: UNOORDE, PU vir CHO, UNISA
Urdu: UDW
Venda: UNOORDE, UNISA
Vergelykende Afrika-regering: UN
Vergelykende Letterkunde: UW
Vergelykende Literatuurwetenskap: UW
Vergelykende Taalwetenskap: UW
Volkekunde/Antropologie: UDW, UFH, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US, UNISA, UWK
Volkekunde en Ontwikkelingstudies: UZ
Voorligtingsielkunde: US
Wiskunde: UFH, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, UNISA, UWK, UW, UZ
Wiskunde (Onderwys): UW
Wiskundige Statistiek: UN, UPE, UP, RAU, RU, UW
Wysbegeerte/Filosofie: Al die universiteite
Xhosa: UFH, UK, UPE, UNISA, UWK
Zulu: UDW, UN, PU vir CHO, RAU, UNISA, UZ

Aan UK kan die graad B.A.(Hons.) ook in een paar taalvakke toegeken word (Afrikatale uitgesluit):

| | | | |
|---|---|---|---|
| bv. | Afrikaans en Nederlands | - | Engels |
| | Afrikaans en Nederlands | - | Duits |
| | Engels | - | Frans |
| | Frans | - | Latyn |

'n Kandidaat aan UN wat Honneurs in Tale aanbied, moet enige twee vakke uit die volgende kies: Afrikaans en Nederlands, Duits, Engels, Frans, Grieks, Hebreeus, Latyn, Zulu.

BYLAE F

VAKKE WAARIN DIE B.COM.(HONS.)-GRAAD TOEGEKEN KAN WORD

Algemene Rekeningkundige Vakke: UPE
Bedryfsadministrasie: UN, RU
Bedryfsdataverwerking: UK, UOVS
Bedryfsekonomie: UDW, UFH, UNOORDE, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, UNISA, UWK, UW, UZ
Bedryfs- en Organisasiesielkunde: UPE
Bedryfs- en Personeelsielkunde: PU vir CHO
Bedryfsielkunde: UDW, UFH, UNOORDE, UOVS, RAU, US, UNISA, UWK, UZ
Bedryfsinligtingstelsels: UW
Bedryfsosiologie: PU vir CHO
Bedryfsrekeningkunde: PU vir CHO
Bedryfstatistiek: UWK
Belasting: UK
Beleggingsbestuur: RAU
Bemarkingsbestuur: UP
Ekonometrie: UP, RAU
Ekonomie: Al die universiteite
Ekonomiese Aardrykskunde: UPE
Ekonomiese Geskiedenis: RU, UW
Finansiële Bestuur: UK
Geld- en Bankwese: UOVS
Informatika: RAU
Kommunikasieleer: RAU
Koste- en Bestuursrekeningkunde: UNOORDE, UW
Landbou-ekonomie: UNOORDE, UOVS, US
Mineraalekonomie: RAU
Nywerheidsverhoudinge: UPE
Ontwikkelingstudies: RAU
Operasionele Navorsing: UNOORDE, RU
Opleidingsbestuur: RAU
Ouditkunde: UK, UNOORDE, UNISA
Personeelbestuur: UP
Publieke Administrasie: UPE
Rekenaarwetenskap: UPE, RAU, US, UW
Rekeningkunde: UDW, UFH, UK, UN, UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, UP, RAU, RU, UNISA, UW
Rekeningkunde en Ouditkunde: UN, UZ
Rekeningkundige Vakke: UPE*
Sosiologie: RAU, US
Statistiek: UDW, UFH, UK, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RU, US, UNISA
Toegepaste Rekenaarwetenskap: UFH
Vervoerekonomie: UOVS, RAU, US, UNISA
Wiskunde: UOVS, UPE, US
Wiskunde en Statistiek: UN
Wiskundige Statistiek: UOVS, UPE, RAU, US

*'n Kandidaat wat die ooreenstemmende kursusse vir die Honneursgraad in rekeningkundige vakke slaag, behaal die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde (S.T.R.) mits hy aan al die vereistes vir die verkryging van die Sertifikaat voldoen. Kyk ook REKENINGKUNDE.

BYLAE G

VAKKE WAARIN DIE B.Sc.(HONS.)-GRAAD TOEGEKEN KAN WORD

Aardrykskunde/Geografie: Al die universiteite behalwe UK en UPE
Aktuariële Wetenskap: UW
Algemene Anatomie: UW
Algemene Fisiologie: UW
Algemene Sielkunde: UW
Analitiese Wetenskap: UK
Anatomie: UW
Argeologie: UK, UW
Astrofisika: UK
Atmosferiese Wetenskap: UK
Bedryfs- en Personeelsielkunde: PU vir CHO
Bedryfsielkunde: UW
Biochemie: UDW, UFH, UK, UN, UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, RU, US, UWK, UW
Biologiese Wetenskap: UN
Biometrie: UN
Bodemkunde: PU vir CHO
Botanie/Plantkunde: Al die universiteite behalwe UNISA
Botanie (Plantfisiologie): US
Chemie: Al die universiteite
Dieetkunde: PU vir CHO, US
Dierkunde/Soölogie: Al die universiteite behalwe UNISA
Dierkunde - Entomologie: UOVS
Dierkunde - Paleontologie: US
Ekonomie: UN
Eksperimentele Fisiologie: UW
Eksplorasie- en Mynbougeologie: UW
Eksplorasiegeofisika: UP
Elektronika: RU
Energiestudies: RAU
Entomologie: UN, UOVS, PU vir CHO, UP, RU, US
Entomologie (Nematologie): US
Farmakologie: UW
Fisiese Oseanografie: UK
Fisika: Al die universiteite
Fisika (Eksperimenteel en Teoreties): UW
Fisika (rigting Kernstralingsfisika): US
Fisika (rigting Spektrofisika): US
Fisika (rigting Teoretiese Fisika): US
Fisiologie: UDW, UK, UNOORDE, PU vir CHO, US, UWK, UW
Genetika: UN, UOVS, UP, US, UW
Geochemie: UK, UOVS, US
Geofisika: UW
Geografie: Al die universiteite behalwe UPE en UK
Geohidrologie: UOVS
Geologie: Al die universiteite behalwe UNISA
Geologie/Ekonomie: UN
Grondkunde: UNOORDE, UOVS
Hidrologie: UN, UOVS
Histologie: UW
Huishoudkunde: UOVS
Igtiologie: RU
Informatika: RAU
Ingenieursgeologie: UN, UP, UW
Inligtingstelsels: UNISA
Kleding: PU vir CHO
Kliniese Sielkunde: US
Liggaamlike Opvoedkunde: PU vir CHO
Limnologie: UOVS
Marine-biologie: UK
Materiaalingenieurswese: UK
Mediese Biochemie: UW
Mensgenetika: UW
Metallurgie: UP
Mikro-anatomie: UW
Mikrobiologie: UDW, UK, UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, UP, RU, US, UW
Mikrobiologie - Plantpatologie: UN
Mineraalekonomie: RAU
Molekulêre Biologie: UK
Nematologie: RAU
Omgewings- en Geografiese Wetenskap: UK
Operasionele Navorsing: UK, RU, UNISA, UW
Paleontologie: UW
Plantfisiologie: UP
Plantkunde/Botanie: Al die universiteite behalwe UNISA
Plantpatologie: US, UWK, UW
Polimeerwetenskap: US
Rekenaarwetenskap: Al die universiteite behalwe UFH en UZ
Sielkunde: UDW, UFH, UK, UN, UNOORDE, UOVS, PU vir CHO, RAU, RU, US, UNISA, UW

Sielkunde (Klinies): US
Sielkunde (Voorligtingsielkunde): UOVS, US
Soölogie/Dierkunde: Al die universiteite behalwe UNISA
Soölogie - Paleontologie: US
Statistiek: UDW, UN, UOVS, UNISA
Statistiek en Operasionele Navorsing: PU vir CHO
Sterrekunde: UOVS
Teoretiese Fisika: UFH, UK, RAU, UW
Toegepaste Chemie: UFH, UW
Toegepaste Plantkunde: PU vir CHO
Toegepaste Rekenaarwetenskap: UFH
Toegepaste Sielkunde: UW
Toegepaste Wiskunde: Al die universiteite behalwe RAU
Virologie: UK, US
Voedselkunde: PU vir CHO
Voëlbiologie: UK
Voorligtingsielkunde: US
Wateromgewingsleer: UP
Weerkunde: UP
Wiskunde: Al die universiteite
Wiskunde (Onderwys): UW
Wiskundige Statistiek: UFH, UK, UN, UNOORDE, UOVS, UPE, UP, RAU, RU, US, UWK, UW
Wiskundige Studies: UDW

BYLAE H

NUTTIGE ADRESSE

1. UNIVERSITEITE

Die Registrateur
Universiteit van Durban-Westville
Privaatsak X54001
DURBAN
4000

Die Registrateur Akademies
Universiteit van Fort Hare
Privaatsak X1314
ALICE
Republiek van Ciskei

Die Registrateur
Universiteit van Kaapstad
Privaatsak
RONDEBOSCH
7700

Die Registrateur: Akademies
Mediese Universiteit van Suider-Afrika
Pk. MEDUNSA
0204

Die Registrateur
Universiteit van Natal
King George V-laan
DURBAN
4001

OF

Die Registrateur
Universiteit van Natal
Posbus 375
PIETERMARITZBURG
3200

Die Registrateur
Universiteit van die Noorde
Privaatsak X1106
SOVENGA
0727

Die Registrateur Akademies
Universiteit van die Oranje-Vrystaat
Posbus 339
BLOEMFONTEIN
9300

Die Registrateur
Universiteit van Port Elizabeth
Posbus 1600
PORT ELIZABETH
6000

Die Registrateur
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
POTCHEFSTROOM
2520

Die Registrateur
Universiteit van Pretoria
PRETORIA
0002

Die Registrateur
Randse Afrikaanse Universiteit
Posbus 524
JOHANNESBURG
2000

Die Registrateur
Rhodes-universiteit
Posbus 94
GRAHAMSTOWN
6140

Die Registrateur (Akademies)
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600

Die Registrateur (Akademies)
Universiteit van Suid-Afrika
Posbus 392
PRETORIA
0001

Die Registrateur
VISTA-Universiteit
Privaatsak X634
PRETORIA
0001

Die Registrateur
Universiteit van Wes-Kaapland
Privaatsak X17
BELLVILLE
7530

Die Registrateur
Universiteit van die Witwatersrand
Jan Smuts-laan
JOHANNESBURG
2001

Die Registrateur
Universiteit van Zululand
Privaatsak X1001
KWADLANGEZWA
3886

2. TECHNIKONS

Die Registrateur
Kaapse Technikon
Posbus 652
KAAPSTAD
8000

Die Registrateur
Technikon Mangosuthu
Posbus 12363
JACOBS
4026

Die Registrateur
M.L. Sultan Technikon
Posbus 1334
DURBAN
4000

Die Registrateur
Technikon Natal
Posbus 953
DURBAN
4000

Die Registrateur
Technikon Noord-Transvaal
Privaatsak X24
SOSHANGUVE
0152

Die Direkteur
Technikon OVS
Privaatsak X20539
BLOEMFONTEIN
9300

Die Direkteur
Technikon Port Elizabeth
Privaatsak X6011
PORT ELIZABETH
6000

Die Registrateur
Technikon Pretoria
Kerkstraat 420
PRETORIA
0002

Die Registrateur
Technikon RSA
Privaatsak X7
BRAAMFONTEIN
2017

Die Rektor
Vaaldriehoekse Technikon
Privaatsak X021
VANDERBIJLPARK
1900

Die Registrateur
Technikon Skiereiland
Privaatsak X3
KASSELSVLEI
7533

Die Registrateur
Technikon Witwatersrand
Posbus 3293
JOHANNESBURG
2000

3. STAATSDEPARTEMENTE (Soos op Februarie 1986)

Tensy anders gemeld moet navrae aan die Direkteur-generaal gerig word.

Departement van Binnelandse Sake
Privaatsak X114
PRETORIA
0001

Departement van Buitelandse Sake
Privaatsak X152
PRETORIA
0001

Departement van Finansies
Privaatsak X115
PRETORIA
0001

Departement van Handel en Nywerheid
Privaatsak X84
PRETORIA
0001

Departement van Justisie
Privaatsak X81
PRETORIA
0001

Die Sekretaris
Kantoor van die Kommissie vir Administrasie
Privaatsak X121
PRETORIA
0001

Departement Landbou-ekonomie en -bemarking
Privaatsak X250
PRETORIA
0001

Departement van Mannekrag
Privaatsak X117
PRETORIA
0001

Departement van Mineraal- en Energiesake
Privaatsak X59
PRETORIA
0001

Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling
Privaatsak X63
PRETORIA
0001

Nasionale Intelligensiediens
Privaatsak X87
PRETORIA
0001

Departement van Nasionale Opvoeding
Privaatsak X122
PRETORIA
0001

Departement van Omgewingsake
Privaatsak X447
PRETORIA
0001

Departement van Onderwys en Opleiding
Privaatsak X212
PRETORIA
0001

Departement van Ontwikkelingshulp
Posbus 384
PRETORIA
0001

Departement van Openbare Werke en Grondsake
Privaatsak X65
PRETORIA
0001

Die Ouditeur-generaal
Kantoor van die Ouditeur-generaal
Posbus 446
PRETORIA
0001

Die Posmeester-generaal
Departement van Pos- en Telekommunikasiewese
Privaatsak X425
PRETORIA
0001

Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie
Suid-Afrikaanse Polisie
Privaatsak X94
PRETORIA
0001

Die Hoofbestuurder
SA Vervoerdienste
Privaatsak X637
PRETORIA
0001

Die Hoof van die SA Weermag
Suid-Afrikaanse Weermag
Privaatsak X161
PRETORIA
0001

Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning
Privaatsak X644
PRETORIA
0001

Die Sekretaris-Generaal
Kantoor van die Staatspresident
Privaatsak X1000
PRETORIA
0001

Departement van Vervoer
Privaatsak X193
PRETORIA
0001

Departement van Waterwese
Privaatsak X313
PRETORIA
0001

EIE SAKE

Administrasie: Volksraad

Onderafdelings:

Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn
Departement van Landbou en Watervoorsiening
Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke
Departement van Begrotings en Ondersteuningsdienste
Departement van Onderwys en Kultuur

(Alle korrespondensie vir hierdie departemente moet aan die Direkteur-generaal gerig word.)

Privaatsak X723
PRETORIA
0001

Administrasie: Raad van Verteenwoordigers

Onderafdelings:

Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Landbou
Departement van Begrotings- en Ondersteuningsdienste
Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn
Departement van Onderwys en Kultuur

(Alle korrespondensie vir hierdie departemente moet aan die Direkteur-generaal gerig word.)

Privaatsak X9058
KAAPSTAD
8000

Administrasie: Raad van Afgevaardigdes

Onderafdelings:

Departement van Onderwys en Kultuur
Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn
Departement van Begrotings- en Ondersteuningsdienste
Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Landbou

(Alle korrespondensie vir hierdie departemente moet aan die Direkteur-generaal gerig word.)

Privaatsak X54330
DURBAN
4000

4. STREEKKANTORE VAN DIE KOMMISSIE VIR ADMINISTRASIE

PRETORIA

Transvaalhuis
h/v Vermeulen en Van der Waltstrate
Privaatsak X121
PRETORIA
0001

JOHANNESBURG

Kelhof 1203
Pritchardstraat 112
Posbus 6371
JOHANNESBURG
2000

BLOEMFONTEIN

H.F. Verwoerd-gebou 831
St Andrewstraat
Posbus 517
BLOEMFONTEIN
9300

KIMBERLEY

Saambougebou 310
Du Toitspanweg
KIMBERLEY
8301

KAAPSTAD

Negende Vloer
Die Goue Akker
Adderleystraat
KAAPSTAD
8000

PORT ELIZABETH

Eben Dönges-gebou 59
Hancockstraat
Noordeinde
Posbus 3192
PORT ELIZABETH
6000

DURBAN

Escovalhuis 507
Smithstraat 437
DURBAN
4001

5. VOORLIGTING- EN INDIENSPLASINGSENTRA VIR BEROEPSVOORLIGTING

Departement van Mannekrag

Central House
Ampthill-laan 81
Privaatsak X1007
BENONI
1500

Conlynhuis
Presidentstraat 156
Posbus 4560
JOHANNESBURG
2000

Civiliagebou
Elizabethstraat 14
Posbus 522
BLOEMFONTEIN
9300

Thomas Boydellgebou
Paradestraat
Posbus 872
KAAPSTAD
8000

Staatskantore
Masoniclaning
Esplanade
Posbus 940
DURBAN
4000

Marksteadgebou
h/v Mark- en Steadstraat
Privaatsak X5012
KIMBERLEY
8300

Publieke Kantore
Yorkstraat 54
Privaatsak X6545
GEORGE
6530

P.C. Pelsergebou
Voortrekkerstraat
Posbus 461
KLERKSDORP
2570

Vicmeygebou
Meyerstraat 125
Privaatsak X1041
GERMISTON
1400

Fairweather Heights-gebou
1e Verdieping
Brandstraat
Posbus 437
KROONSTAD
9500

Nuwe Staatsgebou
h/v Commissioner- en Biccardstraat
Privaatsak X2022
KRUGERSDORP
1740

Bester Brown-gebou
Kamer 311
Paul Krugerstraat
Posbus 346
NELSPRUIT
1200

Hillstraat 3
Posbus 312
OOS-LONDEN
5200

Sanlamgebou
5de Verdieping
Kerkstraat 200
Privaatsak X9048
PIETERMARITZBURG
3200

Kommissarisgebou
h/v Landdros Maré- en Bodensteinstraat
Privaatsak X9368
PIETERSBURG
0700

Eben Döngesgebou
Hancockstraat
Noordeinde
Privaatsak X3908
PORT ELIZABETH
6000

Rotensuagebou
Kerkstraat 83
Posbus 1001
POTCHEFSTROOM
2520
(Slegs Maandae 09h00-12h00)

2de Vloer
Mannekraggebou
Schoemanstraat 215
Posbus 393
PRETORIA
0001

Elizabethgebou
Lesliestraat 21
Privaatsak X04
VEREENIGING
1930

Homes Trustgebou
Mooistraat
Posbus 463
WELKOM
9460

Burgersake en Mannekrag
Cohen-gebou
h/v Kaiser- en Kasinostraat
Privaatsak X13200
WINDHOEK
9000

6. ONDERWYSDEPARTEMENTE (Kyk ook Staatdepartemente)

Die Direkteur van Onderwys
Departement van Onderwys Kaap die Goeie Hoop
Posbus 13
KAAPSTAD
8000

Die Direkteur van Onderwys
Natalse Onderwysdepartement
Privaatsak X9044
PIETERMARITZBURG
3200

Die Direkteur van Onderwys
OVS Onderwysdepartement
Posbus 521
BLOEMFONTEIN
9300

Die Direkteur van Onderwys
Transvaalse Onderwysdepartement
Privaatsak X76
PRETORIA
0001

7. PROVINSIALE ADMINISTRASIES

Die Provinsiale Sekretaris
Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop
Posbus 659
KAAPSTAD
8000

Die Provinsiale Sekretaris
Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat
Posbus 517
BLOEMFONTEIN
9300

Die Provinsiale Sekretaris
Provinsiale Administrasie van Natal
Privaatsak X9037
PIETERMARITZBURG
3200

Die Provinsiale Sekretaris
Provinsiale Administrasie van die Transvaal
Privaatsak X64
PRETORIA
0001

8. ANDER LIGGAME EN ORGANISASIES

Die President
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN)
Privaatsak X41
PRETORIA
0001

Die Personeelbestuurder
Afrikaanse Springstowwe en Chemiese Nywerhede Beperk (AECI)
Posbus 1122
JOHANNESBURG
2000

Die Sekretaris
Afrikaanse Handelsinstituut
Posbus 1741
PRETORIA
0001

Die Direkteur
Bou-industrieë Federasie (Suid-Afrika)(BIFSA)
Posbus 11359
JOHANNESBURG
2000

Die Personeelbestuurder
Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (Evkom)
Posbus 1091
JOHANNESBURG
2000

Die Personeelsuperintendent
Foskor
Posbus 1
PHALABORWA
1390

Die Sekretaris
Gemeenskaplike Matrikulasieraad
Posbus 3854
PRETORIA
0001

Die Direkteur van Hospitaaldienste
Hospitaaldepartement van Kaapland
Posbus 2060
KAAPSTAD
8000

Die Direkteur van Hospitaaldienste
Natalse Departement van Hospitaaldienste
Privaatsak X9051
PIETERMARITZBURG
3200

Die Direkteur van Hospitaaldienste
OVS Afdeling Hospitaaldienste
Posbus 517
BLOEMFONTEIN
9300

Die Direkteur van Hospitaaldienste
Transvaalse Departement van Hospitaaldienste
Privaatsak X221
PRETORIA
0001

Die Algemene Bestuurder
Kamer van Mynwese van Suid-Afrika
Posbus 809
JOHANNESBURG
2000

Die Personeelbeampte
KERNKOR
Privaatsak X256
PRETORIA
0001

Die Personeelbestuurder
Krygstuigkorporasie (Krygkor)
Privaatsak X337
PRETORIA
0001

Die Uitvoerende Direkteur
Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing (NIPN)
Posbus 32410
BRAAMFONTEIN
2017

Die Direkteur
Nasionale Parkeraad
Posbus 787
PRETORIA
0001

Die Assistent-bestuurder: Administrasie
Raad vir Mineraaltegnologie (MINTEK)
Privaatsak X3015
RANDBURG
2125

Die Direkteur
Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS)
Privaatsak X191
PRETORIA
0001

Die President
Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad (MNR)
Posbus 70
TYGERBERG
7505

Die Registrateur
Die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging
Posbus 1123
PRETORIA
0001

Die Personeelbestuurder
Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie Beperk (SASOL)
Posbus 1
SASOLBURG
9750

Die Direkteur: Personeel
Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK)
Posbus 8606
JOHANNESBURG
2000

Die Uitvoerende Direkteur
Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging
Privaatsak X105
PRETORIA
0001

Die Hoofbestuurder
Suid-Afrikaanse Vervoerdienste
Paul Krugergebou
Wolmaransstraat
Privaatsak X47
JOHANNESBURG
2000

Die Korporatiewe Bestuurder (Personeel)
Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (Yskor)
Posbus 450
PRETORIA
0001

Die Adjunk-Posmeester-Generaal
Telekommunikasie
Privaatsak X74
PRETORIA
0001

Die Bestuurder: Personeelsake
Uraanverrykingskorporasie van SA Bpk. (UKOR)
Posbus 4587
PRETORIA
0001

Die Sekretaris
Departement Administratiewe Dienste
WNNR
Posbus 395
PRETORIA
0001

## LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| AECI | African Explosives and Chemical Industries Ltd |
| Evkom | Elektrisiteitsvoorsieningskommissie |
| FOSKOR | Fosfaat Ontginningskorporasie Bpk. |
| KERNKOR | Kernontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika (Edms) Bpk |
| KRYGKOR | Krygstuigkorporasie |
| MINTEK | Raad vir Mineraaltegnologie |
| MNR | Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad |
| NIPN | Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing (RGN) |
| RGN | Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing |
| SABS | Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde |
| SASOL | Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie Beperk |
| SAUK | Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie |
| SOEKOR | Suidelike Olie Eksplorasiekorporasie (Edms) Beperk |
| UKOR | Uraanverrykingskorporasie van Suid-Afrika Bpk |
| WNNR | Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad |
| YSKOR | Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk |
| Tersiêre Opleiding | Tersiêre opleiding buite die universiteit en beroepsgeleenthede (Kyk Bronnelys.) |
| SG | Standaardgraad |
| HG | Hoër Graad |

## BRONNELYS


JAARBOEKE van die universiteite, 1985.

INLIGTINGSBROSJURES EN PAMFLETTE deur die universiteite en die Kommissie vir Administrasie beskikbaar gestel.

MATRIKULASIE-EKSAMEN-HANDBOEK Pretoria: Gemeenskaplike Matrikulasieraad, 1985.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Mannekrag. *My Loopbaan/My Career.* (Kwartaalblad oor beroepsinligting.)

RGN-PUBLIKASIES

IN-37: COETZEE, C.J.S. *en* FOURIE, EWIE C. *Tersiêre opleiding buite die universiteit en beroepsgeleenthede,* 1982.

MM-93: EBERSOHN, D. *red. Beroepsinligting 1982,* 1983.

Arbeidsterapeut, argitek, dietician, engineer, fisioterapeut, land surveyor, maatskaplike werker, radiographer, spraakterapeut en oudioloog.

MM-103: EBERSOHN, D. *red. Beroepsinligting 1983,* 1984.

Attorney, advocate, geneesheer, geoktrooieerde rekenmeester/ouditeur, medical specialist, quantity surveyor, stads- en streekbeplanner, tandarts en veterinarian.

134460
134464

## RGN-PUBLIKASIELYS

'n Volledige lys van RGN-publikasies of 'n lys van publikasies van 'n besondere Instituut van die RGN kan van die Hoof: Tegniese Dienste verkry word.

# RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
# HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

| | | |
|---|---|---|
| President | Dr. J.G. Garbers | President |
| Adjunk-presidente | Dr. H.C. Marais, Dr. J.D. Venter | Deputy Presidents |
| Vise-presidente | Dr. K.F. Mauer, Prof. D.J. Stoker | Vice-Presidents |
| Uitvoerende Direkteur: Administrasie | J.G.G. Gräbe | Executive Director: Administration |
| Skakelhoof | Dr. M.J. Bekker | Chief PRO |

### Funksies van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder, ondersteun en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, bepaal navorsingsprioriteite, versprei die resultate van geesteswetenskaplike navorsing, vergemaklik en evalueer die implementering van die resultate van navorsing, stimuleer die opleiding van navorsers, stel die volle spektrum van dissiplines in die geesteswetenskappe ten diens van die inwoners van die RSA en bevorder die wetenskap in die breë.

## Institute

Instituut vir Geskiedenisnavorsing (IGN)

Instituut vir Kommunikasienavorsing (IKOMM)

Instituut vir Mannekragnavorsing (IMAN)

Instituut vir Navorsingsontwikkeling (INO)

Instituut vir Opvoedkundige Navorsing (ION)

Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing (NIPN)

Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing (IPEN)

Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing (ISODEM)

Instituut vir Statistiese Navorsing (ISN)

Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing (INTAK)

Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste (BOND)

Administrasie

### Hoofkantoor

Privaatsak X41, Pretoria 0001
Republiek van Suid-Afrika
Telegramme RAGEN
Tel. (012) 28-3944
Teleks 3-20893 SA

### NIPN

Posbus 32410, Braamfontein 2017
Republiek van Suid-Afrika
Telegramme NAVORSPERS
Tel. (011) 339-4451
Teleks 4-25459 SA

### Streekkantore

Wes-Kaap, Privaatsak X5, Roggebaai 8012
Tel. (021) 419-2572/3/4/5 Teleks 5-22260 SA

Natal, Posbus 508, Durban 4000
Tel. (031) 31-6926 Teleks 6-28567 SA

NIPN Natal, Posbus 17001, Congella 4013
Tel. (031) 815851 Teleks 6-22431 SA

NIPN Oos-Kaap, Posbus 1124, Port Elizabeth 6000
Tel. (041) 53-2131 Teleks 2-43203 SA

### Functions of the HSRC

The HSRC undertakes, promotes, supports and co-ordinates research in the field of the human sciences. It also determines research priorities, disseminates the findings of human sciences research, facilitates and evaluates the implementation of research findings, stimulates the training of researchers, places the full spectrum of human sciences disciplines at the service of the inhabitants of the RSA and promotes science in general.

## Institutes

Institute for Communication Research (ICOMM)

Institute for Educational Research (IER)

Institute for Historical Research (IHR)

Institute for Manpower Research (IMAN)

National Institute for Personnel Research (NIPR)

Institute for Psychological and Edumetric Research (IPER)

Institute for Research Development (IRD)

Institute for Research into Language and the Arts (IRLA)

Institute for Sociological and Demographic Research (ISODEM)

Institute for Statistical Research (ISR)

Bureau for Research Support Services (BRSS)

Administration

### Head office

Private Bag X41, Pretoria 0001
Republic of South Africa
Telegrams RAGEN
Tel. (012) 28-3944
Telex 3-20893 SA

### NIPR

P.O. Box 32410, Braamfontein 2017
Republic of South Africa
Telegrams NAVORSPERS
Tel. (011) 339-4451
Telex 4-25459 SA

### Regional offices

Western Cape, Private Bag X5, Roggebaai 8012
Tel. (021) 419-2572/3/4/5 Telex 5-22260 SA

Natal, P.O. Box 508, Durban 4000
Tel. (031) 31-6926 Telex 6-28567 SA

NIPR Natal, P.O. Box 17001, Congella 4013
Tel. (031) 815851 Telex 6-22431 SA

NIPR Eastern Cape, P.O. Box 1124, Port Elizabeth 6000
Tel. (041) 53-2131 Telex 2-43203 SA

ISBN 0 7969 0402 2

1476*8611